

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Dwaling en Waarheid

oor sektes en godsdienstige strominge

deur

Prof. Dr. S.P. van der Walt

Inhoud

Hoofstuk I.....	4
SEKTARIESE VERSKYNSELS.....	4
1. Voorkoms van sektes.	4
2. Wat is 'n sekte?	5
3. Oorsake van sektevorming.	6
Hoofstuk II.....	10
SEKTES WAT DIE OUTORITEIT VAN DIE APOSTELAMP OORSKAT.....	10
1. Inleiding.....	10
2. DIE APOSTELSEKTE.	12
a. Die Geskiedenis.	12
b. "Die leer.	13
I. Die leer aangaande God.	13
II. Die leer omtrent die Skrif.	14
III. Die Sakramenteleer.	15
3. DIE MORMONE.	17
a. Die Geskiedenis.	17
b. Die leer.	18
I. Die Heilige Skrif en ander openbaringe.	18
II. Die Kerk en ampsdraers.	19
III. Die mens en die huwelik.....	19
Hoofstuk III.....	21
SEKTES WAT DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS OORBENADRUK.....	21
1. Inleiding.....	21
2. DIE SEWEDAAGSE ADVENTISTE, OOK BEKEND AS SABBATARIËRS	22
a. Die Geskiedenis.	22
b. Die leer.	24
3. DIE JEHOWA-GETUIES, OOK BEKEND AS RUSSELIETE OF OOK BYBELSTUDENTE.....	25
a. Die Geskiedenis.	25
b. Die leer.	26
I. Die leer oor die Goddelike Drie-eenheid.	27
II. Die Opvatting oor Gods Woord.	29
III. Die opvatting van die heilsweg.	30
Hoofstuk IV.	33
PERFEKSIONISTIESE SEKTES.	33
1. Inleiding.....	33
2. DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING.....	35
a. Die Geskiedenis.	35
b. Die organisasie.....	37
c. Die leer.	37
I. Die vroomheid en sy uitvloeisels.	40
II. Die Verbondsleer en sy uitvloeisels.....	44
III. Die leer oor die "Heilige Gees en die Geestesdoop.	53
IV. Geloofs- en Gebedsgenesing.	60
3. DIE SPADE REËN GEMEENTES VAN SUID-AFR1KA.....	68
a. Die geskiedenis.	68
b. Die leer.	70
1. Die opvatting van die Heilige Skrif.....	70
2. Die opvatting oor God en die heilsweg.	71
4. DIE AFRIKA EVANGELIESE BOND OF A.E.B.....	72
a. Die geskiedenis.	72
b. Die leer.	73
I. Die A.E.B. en sy evangelie.	74
II. Die A.E.B. en sy verhouding tot die kerke.	77

5. DIE KERK VAN DIE NASARENER.....	79
a. Die Geskiedenis.....	79
b. Die Leer.....	80
I. Die leerstuk oor die sonde.....	81
II. Die leerstuk oor die versoening.....	82
III. Die heilsweg en die heiligmaking.....	83
Hoofstuk V.....	86
GODSDIENSTIGE STROMINGE.....	86
1. Inleiding.....	86
2. MORELE HERBEWAPENING.....	86
a. Die Geskiedenis.....	86
b. Die leer: Wat is Morele Herbewapening?.....	88
I. Godsbestuur.....	89
II. Verandering.....	91
III. Leiding.....	95
3. DIE SPIRITISME.....	100
a. Die Geskiedenis.....	100
b. Die leer.....	101
4. CHRISTIAN SCIENCE.....	104
a. Die Geskiedenis.....	104
b. Die leer.....	106
5. DIE ROSEKRUISERS (Rosicrucianism).....	110
a. Die geskiedenis.....	110
b. Die leer.....	111
I. Die Rosekruis as embleem.....	111
II. Die opvatting oor God.....	112
III. Die wêreldbeeld.....	112
6. DIE VRYMESSELARY.....	113
a. Inleiding.....	113
b. Die geskiedenis.....	114
c. Die leer.....	115
(i) Geheimhouding en eedswering.....	115
(ii) Hulle Godsbegrip.....	116
(iii) Die Bybel.....	118
(iv) Godsdienste?.....	120
GERAADPLEEGDE WERKE.....	122

Hoofstuk I.

SEKTARIESE VERSKYNSELS.

1. Voorkoms van sektes.

Sektes is so oud soos die kerk, of liever: in al die periodes van die kerk se geskiedenis lees ons van sektes of afsplitsinge om een of ander rede.

In die Heilige Skrif word daar telkens melding gemaak van "skeuringe" (1 Kor. 1:10), afdwalinge (1 Tim. 1:6 en 4:1), ander leer (1 Tim. 6:3), dwaalleraars (Jud.:10-16), verderflike ketterye (2 Petr. 2:1). Nie alleen het Paulus in sy optrede by die gemeentes orals Judaïste ontmoet nie, maar ook Gamaliël het by die verhoor van die apostels, volgens Hand. 5, vertel van sekere skeurgroepe wat vir 'n tydlank die aandag getrek het. Hy het Theudas genoem wat gedink het dat hy iets besonders was, Judas die Galileër wat mense afvallig gemaak het, en het gedink dat ook hierdie apostels van Jesus Christus 'n sekte was wat 'n tydlank mense aan hulle leer sou verbind, maar geen duur sal hê nie.

Ook die eerste Christelike kerk aan die begin van ons jaartelling het al dadelik met sektes en dwaalleer te doen gehad. Ons gaan nie hier spreek oor dogmatiese verskille, waarvan daar veel was nie, maar oor duidelike afsplinteringe van die kerk. So vroeg as in die jaar 200 lees ons al van die jode-hater Marcion wat juis vanweë sy anti-Semitisme 'n nuwe evangelie wou saamstel met die evangelie van Lukas as basis. In dieselfde tyd het ons ook die optrede van Montanus wat homself aangedien het as die profeet van die Nuwe bedeling. In Noord-Afrika ontbrand in die vierde eeu die hewige stryd teen die Donatiste wat eintlik in verzet gekom het teen die vermenging van kerk en staat, wat verwêreldliking ten gevolge sou hê.

Hoewel dit nie beweer kan word dat sektes net ontstaan het in tye van kerklike vervlakking en afwyking van sy eintlike taak nie, is daar tog 'n element van waarheid in so 'n bewering. As die Roomse kerk in verval kom, kom talle sektes na vore, nieteenstaande die strenge optrede teen andersdenkendes. Die kerk het in die Middeleeue die sterk arm van die staat gehad om met verbanning en dood afwykinge van sy leer te straf en nieteenstaande die feit dat dit gevaarlik was om aan 'n sekte te behoort, is sektarisme nie uitgewis nie. Dit dien ook as bewys dat die geloofsverbintenis die diepste van die mens beheers. Daar is seker geen verbintenis wat só doodsveragterend is nie. Die kerk, waarteen die sektes hulle ook altyd rig, mag geen magsgeweld ooit ter hand neem nie, maar moet met die Skrif in die hand sy teenstander oortuig, of so nie, hom van hulle afskei en waarskuwend aansluiting by so 'n sekte probeer verhinder.

Ons wil nie die indruk probeer gee dat slegs ten tyde van die Roomse kerk daar sektes ontstaan het nie. Inteendeel, die reformasie het van die begin af te doen gekry met sektes soos die Apostoliese en ander doperse rigtinge en die protestantisme word genoem die mees vrugbare voedingsbodem vir die ontstaan van sektariese beweginge. Die kerk word maar telkens verantwoordelik gehou vir rampe, plaë, oorloë. Dit is dan 'n straf van die HERE omdat die kerk veruitwendig het, geestelik-ondiep geword het, sy roeping versaak het en so meer. Daarom ontstaan sektes hoofsaaklik in sodanige tydsgewrigte soos gedurende of na oorloë en geweldige volksrampe.

Sommige wêrelddele en lande skyn ook 'n beter geboorte grond te wees vir sektes en godsdienstige strominge. Verskeie kan teruggevoer word tot Duitsland en Engeland. Tog kan geen land in die verste nabyheid by die Verenigde State van Noord-Amerika kom nie. Mead noem en beskryf nie minder nie as 291 kerke en sektes in sy boek "Handbook of Denominations". Suid-Afrika kan onder die blanke deel van die bevolking slegs spreek van

verdere afsplinteringe van bestaande sektes wat hulle oorsprong gehad het in die buiteland. Van hierdie splinter-sektes is daar 'n hele paar, wat getuig dat sektes neigings bly vertoon tot sektevorming. Onder nie-blankes bestaan daar benewens die bekendes onder die blankes 'n paar honderd tipiese nie-blanke-sektes. Hulle oorsprong is nie net altyd uit onbesproke geestelike voorgeslag nie, maar bymotiewe het dikwels daartoe gelei. Hierdie bymotiewe is van so verskillende slag en soort dat mistisisme, politieke faktore, dranksug en begeerte tot leierskap daarin onmiskenbare rolle speel.

Die geskiedenis bring aan ons die feit van sektevorming, maar kan aan ons niks meer as die plek van oorsprong, die tyd daarvan en sy mikpunt teen die kerk openbaar nie. Resumerend kan ons sê dat daar in alle tye sektes was en dat die aard van hulle optrede beskryf kan word as protesterend teen die bestaande kerk. Die skriftuurlike grondslag is dikwels maar dunnetjies. Al te dikwels het die skok van oorloë en volksrampe die gemoedelike gevoelsneerslag gevorm en word emosionele belevinge beskou as 'n verdieping van die geloofslewe. Onder verskillende rasse neem sektes ook weer ander vorme "aan.

2. Wat is 'n sekte?

Die vraag is juis of ons nie 'n ander woord of begrip moet neem om die begrip "sekte" mee te vervang nie. Vir die Rooms-Katolieke kerk wat homself beskou as die enigste saligmakende kerk op aarde, is alle ander kerke niks anders nie as afsplinteringe en word dus onder die benaming "sekte" aangedui. Wanneer het ons nou met 'n kerk te doen en wanneer met 'n sekte? Die opvatting hieroor is glad nie eenders nie. In sommige kringe en lande word bv. die Baptiste as 'n kerk beskou. Ook by ons is dit die geval. Dieselfde gemeenskap word elders weer as 'n sekte beskou. Dit is duidelik dat getalle hier nie 'n woord meesprek nie. Kerke kan nie maar as 'n groot sekte beskou word en kerke met kleiner getalle weer as 'n sekte nie.

Ons het reeds hierbo uit die Heilige Skrif aangedui dat daar verskillende woorde en benaminge is wat gebruik word. 'n Nadere verklaring bring ons voor die feit dat dieselfde woorde dikwels anders vertaal word, afhangende of die woord in 'n gunstige of ongunstige betekenis gebruik word. Ons laat die woorde soos dwaalleraars, valse leermeesters en dergelike daar. Ons wil ook nie spreek oor woorde wat aangedui word met skeuringe of afdwalinge nie. Daar is egter een Griekse woord in die Nuwe Testament wat op 'n paar plekke vertaal word met "sekte" en dan weer met "party" en op een plek met "kettery". Ons tref dit hoofsaaklik in die boek Handelingte aan waar die woord *haireisis* voorkom in Hand. 5:17 (party), Hand. 15:5 (party), Hand. 24:5 (sekte), Hand. 26:5 (party), Hand. 24:14 (sekte) en Hand. 28:22 (sekte). Dieselfde woord word in 2 Petrus 2:1 met ketterye vertaal.

Dit is duidelik dat die woord sekte wel 'n ongunstige betekenis het in die plekke waar aan die vertaling voorkeur gegee is. As Paulus voor goewerneur Felix teregstaan en Tertullus hom beskuldig, lees ons alles behalwe vriendelike woorde: "Want ons het gevind dat hierdie man 'n pes is ... en 'n voorman van die sekte van die Nasareners". As Paulus hierop antwoord, refereer hy na hierdie onsimpatieke gebruik en sê: ". . . dat ek volgens die Weg wat hulle sekte noem, so die God van my vaders dien". Wanneer Paulus in Rome gedaag word om hom te verantwoord, het sy teëstanders slegs iets van hom geweet nl. "wat hierdie sekte betref, is dit ons bekend dat oral daarteen gesprek word". Die venyn kan in hierdie woorde ook gelees word.

Wanneer die vertalers die woord "party" gebruik, dui dit gewoonlik een van die bestaande partye so welbekend in die Joodse lewe aan nl. die twee partye van die Sadduseërs en Fariseërs. Die vertaling "ketterye" in 2 Petrus 2:1 kon maar ook "sektes" gewees het, as hulle georganiseerd raak. Hier is die saak dat valse profete en leraars eers hulle leer (ketterye) bring en daarna bring die valse leer tot georganiseerde sektes as die volgelinge hulle rondom 'n

leier organiseer. Ook hier het ons duidelik 'n ongunstige betekenis.

Die vraag is egter of sodanige vertaling willekeurig toegelaat mag word. Moet ons nie liever altyd met dieselfde woord vertaal nie. Oombliklik sien ons dat die Griekse woord eintlik net aandui dat dit mense is van 'n sekere oortuiging en dat hulle geken word as 'n beweging wat aanhang verwerf het en nog verwerf. Vandaar dat die Skrif geen uitspraak gee oor die vraag: wat is eintlik 'n sekte nie.

3. Oorsake van sektevorming.

As 'n mens uit die Skrif nie kan bepaal wat 'n sekte in der waarheid is nie, moet tog maar uitgegaan word van die werklikheid dat daar sektes is en dan poog om vas te stel hoe hulle ontstaan het. Sektes kan alleen verklaar word as 'n mens hulle verband sien tot die kerke. Nou is dit waar dat 'n mens dan weer duidelik moet bepaal wat 'n kerk eintlik is. Die beste is dat ons hierin gelei word deur ons Geloofsbelydenis wat in Arts. XXVII tot XXXII daaroor spreek. Kort saamgevat staan daar: 'n Kerk is 'n heilige vergadering van alle Christusgelowiges, wat van die begin van die wêreld af tot die einde van die geskiedenis daar sal wees, soms baie klein en onder die kruis, maar altyd strydend met verenigde hart en wil deur die krag van die geloof. Hierdie kerk het duidelike merktekens, nl. die suiwere prediking van die evangelie, suiwere bediening van die sakramente en handhawing van die kerklike tug. Hierdie kerk word regeer deur die kerklike ampte, elke amp volgens sy bepaalde funksie.

Laat ons al dadelik sê dat in 'n sondige wêreld die kerk ook sy verskeurdheid vertoon en dat dit uiters moeilik is om op grond van die geloofsbelydenis 'n oordeel te vel oor die reg van afskeiding en of sodanige afskeiding nou bestempel moet word as kerk of sekte.

Vandaar dat die oorsake van sektevorming opgesom moet word in sover as wat hulle kenbaar en bepaalbaar is. Ons wil probeer die oorsake orden onder 'n paar hoofde: die wat gegroepeer kan word

- I. Rondom die mens.
- II. Rondom die belydenis.
- III. Rondom die kerk as instituut.

I. Miskien beskou ons hierdie oorsake as die geringste omdat die mens as dienskneg eintlik as vriend van die Bruidegom moet verdwyn, sodat Christus groter kan word. By die sektewese is dit egter seker van die heel belangrikste onder die faktore. So baie van hierdie beweginge sentreer om 'n stigters-persoonlikheid, iemand wat 'n besondere openbaring ontvang het, iemand wat heel skielik bewus geword het dat die kerk nie die sewende dag as rusdag vier nie en aan hom is dan die oordele van die HERE bekendgemaak. Hierdie sogenaamde profetegestaltes wat volgens Hand. 5:36 ook die kenmerke van Theudas vertoon deur te beweer dat hulle iets besonders was, dwing 'n mens om die menslike faktor hoog aan te slaan.

(a) 'n Mens tref leiers-persoonlikhede aan wat in die maatskappy die geleentheid tot ontwikkeling en bevrediging nie verkry nie. In die kerke het die geleentheid tot studie ontbreek en alleen die verkondigingswerk van 'n predikant sou hierdie begeerte kon stil. Nou is die sekte die aangewese gemeenskap om binne te arbeid. Vanuit hierdie kring word alle studie dan veroordeel, sogenaamde Geestes-spraak hulle toegeëien, alle onderhoud van die predikant deur die gemeente, sodat hy van die evangelie moet leef, veroordeel en die daelikse verdienste op ander terrein aangeprys. Inderdaad 'n mens in volkome protes teen die lewe. Hierdie dinge word nou beginsels van gemaak, wat inderdaad niks anders as 'n bedekking vir eie onbevredigde sielebegeertes is nie.

(b) As ons die Sielkunde te hulp neem, val dit op dat sielsversteuringe en senuweemoelikhede nogal veelvuldig by sektariese volgelinge gevind word. Geneeshere betoog dat dit in hierdie kringe in aanmerklik hoër persentasie voorkom as in ander gemeenskappe. Definitiewe geesteskrankheid kan nou nie vasgestel word nie, maar tog abnormale uitinge. Duidelik merkbaar is dit weer by die stigters-persoonlikhede wat al te dikwels bekrompe en selfs fanatieke persone is. Byna altyd word die onvoorwaardelike pretensie gehoor: slegs een weg tot saligheid is daar en dit is deur middel van hierdie sekte en sy vorm van Godsverering. Hoe kan dit anders as dat die eis nie is: bekeer jou tot God nie, maar: bekeer jou tot 'n bepaalde sekte. Op fanatieke wyse word eintlik eksklusiewe reg geëis op die hemelpoort om oop te maak en toe te sluit. Goddelike reg word aan die sekte toegeëien en die genade deur Christus vermenslik tot 'n sektariese alleenreg.

Hierby moet gevoeg word dat ook lede van die sektes sielkundige abnormaliteite vertoon. Dit is nie die minste van die redes waarom van die kerke afgeskei word nie: die kerke kan nie aan die behoeftes van hierdie senuweewrakke voor sien nie.

Die wonderlike is juis dat elke mens sou meen dat godsdiens rus bring en dat rus 'n medisyne is vir hierdie spanninge. Dit is egter nie die geval nie. Die senuweemens soek 'n senuweegodsdiens; opgewonde sang, luidrugtige prediking, handegeklap, sensasionele gebeurtenisse in sogenaamde gebedsgenesing, vreemde talespraak en sogenaamde Geestesontvangenis.

Miskien die vernaamste rede waarom die sektes so toeneem in getal en volgelinge moet hierin gevind word dat die drukte in die daelikse lewe, die spanninge in die wêreldtoestande, die afmatting van die spoedarbeid, gejaagdheid, oorwerktheid, al hoe meer die senugestel tot breekpunt voer. Die abnormale lewe word gevoer deur 'n abnormale mens wat begeertes het tot abnormale godsdiens.

(c) Die mens is sielkundig daartoe geneig om die tengere kind te beskerm en die onderdrukte te hulp te snel. Wat getalle betref was die meeste sektes nog altyd klein. Natuurlik kan die kleinste aantal juis die waarheid aanhang. Gewoonlik egter word die sektes, wie se aanhangers altyd besonder aktief is (publikasies verkoop en bereid om opofferende werk te doen), as lastig beskou. Dikwels vind daar selfs geloofsvervolging plaas omdat hierdie persone liefs uitgeskuif word uit gemeenskappe, dikwels selfs met geestelike geweld deur 'n aansoek by hulle meerderes om verplasing.

II. Die vraag is altyd: waarom het die sektes ontstaan, hulle afgesonder uit die liggaam van die kerk of hulleself afgeskeur om op hulleself te bestaan? Daar moet tog sekere definitiewe onoorkomelike verskilpunte gewees het, wat dikwels oor gesprek is, jarelank oor gekonfereer is en desnieteenstaande kon die verskille nie besleg word nie. Dan het 'n mens ten minste te doen met beginsels, met die tevredenheid dat jy hier 'n duidelike standpunt sal kry. Vandaar dat een van die oorsake sekerlik moet wees dit wat ten grondslag moet lê aan elke waardige kerklike of godsdienstige liggaam: sy geloofsbelydenis. Ons gaan dit nie hier noem dogmatiese verskille nie, omdat dogmatiek 'n wetenskap is, en geen mens sal sy kerk verlaat op grond van 'n dogmatiese verskil nie. Sodra as die dogmatiese verskil die wese van die kerk raak in die bestryding van die geloofsbelydenis, sy konfessie, dan natuurlik kom daar stryd.

(a) 'n Kerk moet 'n geloofsbelydenis hê. Vanaf heel vroeg het die kerke die Twaalf Artikels gehad as belydenis. Daarby was daar duidelikheid oor Christus as Verlosser, oor die kanonieke Bybelboeke, oor die nature van Christus, oor die Drie-eenheid. Die Geloofsbelydenis van die Kerke het geleidelik tot vasstelling gekom.

Nou word beweer dat die eie kenmerk van sektes juis is dat hulle geen geloofsbelydenis het nie en ook nie een wil hê nie. Sodra daar 'n Geloofsbelydenis aanvaar word, kom daar stryd om suiwerstelling. Dit is wel waar dat sektes solank as immer moontlik sonder so 'n geskrewe belydenis wil wees om proseliete te kan maak sonder enige verbintenis. Hulle kan ook nie as sekte tot verantwoording of disputasie uitgelok word nie, omdat elkeen sy eie interpretasie het van dit wat geglo word. Oortuigend is die stelling egter nie nl. alle sektes het geen geloofsbelydenis nie.

(b) Sektes het tot 'n mate 'n eie geloofsstandpunt, soms oorbeklemtoon, soms verkeerdelik uit die Skrif geneem. In albei gevalle het ons dan te doen met 'n vorm van dwaalleer. Die vraag is of ons op grond van dwaalleer die sektes almal kan verklaar?

Ons is seker hier op die mees onvrugbare bodem om die sektes mee te beoordeel. By hulleself is daar 'n spraakverwarring oor hulle presiese standpunt. Die merendeel van hulle neem die Heilige Skrif as uitgangspunt en wil graag by 'n duidelike verklaring van die Skrif hou. Dit is wel waar dat hulle Skrifverklaring aan baie dinge mank gaan, dat daar meer 'n beroep op tekste as op die Skrif as geheel gemaak word, dat Skrifgedeeltes dikwels totaal uit verband geruk word, dat letterlike verklaring gegee word aan visioene, profetiese gedeeltes en Boeke wat eintlik as vanself vra om figuurlike vertolking. Op grond van 'n verkeerde Skrifverklaring verkry ons 'n verkeerde geloofsbelydenis. Al te dikwels is dit duidelik dat dit nie genoeg is om maar net by die Skrif te hou nie, maar dat hierdie Skrifgebondenheid aangevul moet word deur suiwere Skrifverklaring. Nie ons moet oor die Skrif heers nie maar die Skrif oor ons.

Dit kan nie genoeg benadruk word nie. Enigiets kan uit die Skrif bewys word, selfs die grootste ongeregtheid, selfs broedermoord kan aangeprys word met 'n beroep op die Skrif, as ons onself moedswillig aan teksplundering wil skuldig maak. "Kain het sy broer Abel doodgeslaan — Salig is julle as julle dit doen". Op min of meer dusdanige wyse kan sektes kom tot verwerping van die uitverkiesingsgedagte, van die kinderdoop, van die verbond, van die vleeswording van Jesus Christus ens.

Op hierdie weg kan ons niks verder kom nie. Sektariërs het juis van die kerk af weggebreek omdat hulle van die kerk verskil. Dit sal onmoontlik vir die kerk wees om sy Skrifverklaring aan die sekte voor te hou met enige moontlikheid dat dit aanvaar kan word.

(c) Heel tereg het Hutten 'n nogal kenmerkende onderskeid tussen die kerk en sektes aangetoon in die woorde: terwyl die kerk nadruk lê op die "alleen" (bv. Christus alleen, die Skrif alleen, die geloof alleen) sal vir die sekte die "en" kenmerkend wees. Ons tref dan aan: Christus *en* nog 'n ander menslike outoriteit, die Skrif en nog ander openbaringe of insigte, geloof *en* vervulling deur die H. Gees, of: en goeie werke.

III. Ons het telkens aangevoel dat sektes tog eintlik maar in hul verband tot die kerk gesien kan word. As daar geen kerk was nie, sou daar ook nie sektes kon gewees het nie. Eintlik word die kerk dus as die liggaam gesien en die sektes het dus weggebreek van die liggaam af.

(a) In die loop van die geskiedenis het die kerk dikwels aan die lyfband van die staat geloop en volkskerk gewees. Dit beteken dan dat almal wat in daardie volk gebore word tot daardie kerk behoort het. Dit was grond vir sekere sektes om hulle af te skei as protes teen die gebondenheid aan 'n kerk kragtens geboorte. Hulle het gesoek en ook beklemtoon die vryheid van jouself te voeg by die gemeenskap waar jy tuishoort. Vanuit Doperse kring word eintlik beweer dat dit ook 'n rede is waarom uit daardie gemeenskap beswaar kom teen kinderdoop. Hul bewering is dat die kerke kinders kan doop, omdat die kinders binne die staatskerk gebore word. By die doperse sekte moet die kinders binnekom deur vrywillige aansluiting

wat alleen deur belydenisaflegging by volwassenheid kan geskied.

(b) Wanneer die sektes bestudeer word vind ons by hulle eintlik 'n reaksie teen die kerk waarteen hulle hul rig. In dit wat hulle as waarheid aanvaar, vind ons 'n verwysing na dieselfde waarheid wat in die bestaande kerk erken en gehandhaaf word. Natuurlik is dit nie 'n bepaalde kerk nie, maar 'n sekere gemeenskap van kerke soos bv. die Rooms-Katolieke kerkgroep, die protestants-Gereformeerde gemeenskap. Elkeen van hierdie konfessionele rigtings het 'n spesifieke geloofsbelydenis en dit is juis hierteen wat die sektes hulle rig. Hulle is nie gebore uit 'n omvattende konfessionele rigting nie, het nie vertak uit 'n kerkgroep nie, maar eie aan die sekte is dat hy begin as negatiewe verset teen 'n klein deel van die totale belydenis, 'n aanhang verwerf en dan poog om tot selfstandigheid te kom en as kerk aanvaar te word. Sy aksent op die fragmentariese deel van die konfessie dra eintlik met hom mee 'n protes teen die kerk se opvatting. Dit is dus nie dat die kerk nie iets bely nie, maar dat hy dit nie met genoegsame erns bely nie. So word bv. die nadruk gelê op Geesteswerkinge en sektes noem hulleself met die mooi naam: pinkstergelowiges. Die kerk word nie verwytdat hy nie in die H. Gees glo nie, maar dat die H. Gees nie die een en al van sy geloofsbelydenis uitmaak nie.

Ons tref dus hier aan wat Hutten noem 'n beperktheid van die geestelik-godsdienstige horison. Uit 'n fragmentariese geloofsinhoud kan slegs 'n fragmentariese geloofsgemeenskap ontstaan. Die patetiese is dat soveel krag verspil moet word aan so min. Inderdaad is dit indroewig om die geestelike ondervoeding te moet konstateer waaraan hierdie gemeenskappe ly. Ontspruit uit negasie, vertoon dit darem enige verwantskap met 'n godsdienstige beweging, maar dit moet 'n swaar verantwoordelikheid wees vir sekteleiers voor God in die dag van rekenskap, dat 'n groot getal mense eintlik die volle raad van God nie kon hoor nie, nie kon bely nie, hulself nie kon verryk by die milde bron van Gods ewigvloeiende fontein, Sy Woord nie.

Ons kan dus samevattend twee kenmerke, wesenstrekke van alle sektes, vasstel:

(i) Hulle herkoms is die liggaam van die Christelike kerk waaruit hulle negatief weggebreek het, om iets wat die kerk wel in sy belydenis het, slegs te aksentueer, buite verhouding met ander waarhede alleen te stel, die kerk te bekritiseer as oppervlakkig en dan in geesdrywery te verval.

(ii) Geen sekte het nog ooit daarin geslaag om as kerk met eie terrein, eie omvattende belydenis, weer standpunt in te neem nie. Eintlik is die sekte slegs 'n vorm van erediens, 'n wyse van Godsverering, wat aanpas by sy uit-verband-gerukte protes teen die belydenis van die kerk waaruit hy homself afgeskei het.

Hoofstuk II.

SEKTES WAT DIE OUTORITEIT VAN DIE APOSTELAMP OORSKAT.

1. Inleiding.

Die apostelamp het in die kerk van Jesus Christus 'n besondere plek gehad. Christus het apostels verkies om die oorspronklike draers van die evangelieboodskap en getuies van sy koninkryk te wees. Wie sou anders by die begin van die kerkgeskiedenis die predikers wees?

By die begin van Jesus Christus se optrede roep Hy twaalf dissipels om saam 'n kring te vorm wat saam met Hom sou wandel, wat aan Sy voete sou sit om te leer en wat daarna 'n spesiale opdrag ontvang. Toe hierdie dissipels uitgestuur is om siekes te genees, die evangelie te preek, (Mark. 3:14, Matth. 10:5, Luk. 6:13 en 22:14) is hulle apostels genoem, wat eintlik beteken gestuurdes. Dit geld hier 'n spesiale opdrag wat hulle in diens aan hulle Meester moes verrig.

Tog mag ons nie vergeet nie dat die twaalf na die verraad van Judas deur lots-keuse van Matthias weer aangevul is. Vanuit die Ou Testament hoor ons ook van die twaalf stamme van Israel wat die hele ou verbondsvolk verteenwoordig. Die getal twaalf dui 'n bepaalde getal aan wat in die eerste plek ooreenkom met die getal in die Ou Testament en ten tweede deur Jesus self bepaal is. In die profetiese gedeeltes word die getal twaalf as simboliese getal genoem, vgl. Openb. 21:14 en Luk. 22:30.

Aan die anderkant moet nie vergeet word nie, dat Paulus ook 'n apostel genoem word en dat sy apostelskap deur hom met klem verdedig word. Hy behoort nie tot die oorspronklike twaalf nie en word tog met hulle volkome gelykgestel as geroepe apostel, geroepe deur Jesus Christus self.

Voorts lees ons nie dat na die vroeë marteldood van die apostel Jakobus, die broer van Johannes, sy plek weer opgevul is nie. Immers na die hemelvaart is die getal apostels nooit meer aangevul nie.

Ons lees dat daar ander persone is wat ook apostels genoem is, soos bv. Barnabas (Hand. 14 ; 4 en 14) en Jakobus, die broer van Jesus.

As ons dus die betekenis van die apostolaat vir die kerk moet bepaal, moet ons veral rekening hou met die opdrag wat Jesus aan hulle gee, sowel voor as ná sy opstand dit in Matth. 19:28 en 28:19. Wat blyk hieruit? Dat die apostolaat wesenlik aan die koms en werk van Jesus Christus verbonde is, dat hulle taak universeel is nl. om vissers van mense te wees, dat hulle 'n eie bestanddeel uitmaak van die kerk se roeping nl. om te bewaar en te vermeerder, om die uitverkorenes te versamel en die gelowiges te versterk deur verkondiging.

So moet uit alle tale, volke en nasies geroep word tot Gods koninkryk.

Nou moet ons wel onthou dat dit 'n nuwe verbond is wat hier begin. Dit gee aan die apostels hulle spesifieke en eenmalige karakter. Hulle fundamentele betekenis is daarin geleë dat hulle bevoorreg was om met die oog op hul spesiale roeping in die nuwe kerk, ooggetuies en oorgetuies van die optrede van Jesus Christus te wees. Jesus Christus as Verlosser is die fondament onder die kerk en die heilsaanbieding is nog nie opgeteken in 'n Boek nie, maar moet nog opgeteken word. Hierdie manne word dus nie net geroep om die evangelie te preek en selfs met wonders dit te bevestig nie, maar is ook die instrumente wat hoofsaaklik gebruik sal word vir die optekening.

Dit val 'n mens op hoe die getuie-karakter benadruk word. Matthias moet saam met die ander

elf getuie word van Jesus se opstanding, en die Heilige Gees sal saam en in hulle getuig, sodat hulle nooit in eie mag en met 'n selfbedenkte woord mag spreek nie. Op hierdie wyse is die evangelie ook opgeteken, elke evangelie volgens 'n eie beskrywing en met 'n eie adres. Geleidelik verkry die nuwe kerk, die kerk van die Nuwe Testament sy Boek, waaruit die gemeentes van die toekoms geleer en gestig kan word. Sodra die Boek afgesluit is, verdwyn die noodsaak van apostels.

Die Nuwe Testamentiese kerk verkry nou ander ampte wat deur die apostels ingestel word op grond van die spesifieke take wat elke amp moet uitvoer en soos die apostels dit gesien het vir die welwese van die kerk.

Op hierdie standpunt is dit duidelik dat die apostoliese amp nie iets blywends was nie en in die oudste geskryfte lees ons ook nie dat so 'n amp gekontinueer is nie. 'n Mens kan dit wel begryp: 'n apostel beteken gesondene en elke gesondene moet 'n sender hê. Op die wyse kon die apostels, synde self sendelinge, nie hulleself stuur of ook ander nie.

Bogaande stel ons as die skriftuurlike standpunt in verband met die apostolaat teenoor die Rooms Katolieke kerk met sy apostoliese suksessie en 'n paar sektes wat die apostelamp oorbeklemtoon. Ons wil hieronder na 'n paar van die sektes verwys. Ons wil egter hierby voeg dat die gedagtes vanuit die Roomse kerk en die paar sektes is dat die kerk wees gelaat word indien daar nie 'n apostoliese amp ingestel word nie. Hierteenoor wil ons die volgende beweer:

(a) Die Skrif ken wesenlik net drie ampte nl. die wat deel uitgemaak het van die beeld van God waarin die mens geskep is en wat Christus het as Gesalfde van die Heilige Gees. (Ef. 4:24; Heid. Kateg. vr. 6, 30 en 31). Elke gelowige is geroep tot profeet, priester en koning en hierdie selfde drie ampte kom tot openbaring in die kerk van Christus. Die ampsdraers in die kerk oefen dus geen bykomende amp uit wat die gelowiges nie het nie. Dit is juis daarom dat die gemeente die persone verkies wat oor hulle hierdie drieërlei ampte sal beklee. Elke ampsdraer weet ook dat sy gesag afgeleide gesag is en dat Christus in der waarheid self die Allenige Gesagsdraer is.

Vanuit hierdie drie ampte vloei nou voort dat pouslike apostoliese suksessie en enige ander vorm van apostolaat 'n gemeente onmondig moet maak, omdat sodanige ampte die kroon van die ingeskape ampte van die gemeente moet wegneem. Geen wonder dat die Roomse kerk praat van *leke* as hy van lidmate moet spreek nie. Die Roomse kerk se ampteleer het getiranniseer oor Christus se kerk. As die pous Christus se verteenwoordiger op aarde is, moet daaruit volg dat al die ander ampte voor hierdie magtige son moet verdof en dan sien ons die hiërgiesse sisteem: dit word al minder onder die pous totdat die lidmaat eintlik niks is nie. Apostoliese suksessie en kerklike onmondigheid moet hand in hand gaan.

Ons het hier slegs gespreek van die Roomse kerk met sy apostel. Dieselfde geld vir elke ander rigting wat die besondere outoriteit van 'n apostel beklemtoon.

In teëstelling hiermee is dit juis die protestantse erfenis dat die drie ampte in die kerk nie ondermyn word nie, maar tot volle ontplooiing moet kom. Daartoe geskied eintlik alle amptelike optrede en diens: katkisasie, prediking, huisbesoek en regering. Die protestantisme kom eis mondigheid en dit kan alleen verkry word deur kennis van Gods Woord en die belydenisskrifte van die kerk. Die uitgangspunt is juis dat 'n onmondige lidmaat nie getug kan word nie, nie vermaan kan word nie. Daarom moet elke lidmaat kom tot mondige belydenis.

(b) Waar 'n pouslike of sektariese apostel optree, is nie net die lidmaat onmondig nie, maar die hele gemeente. Eintlik het die gemeente as plaaslike kerk hier geen funksie nie. En tog: in Gods Woord word aan die gemeente self bevoegdheids toegewys bv. by die organisering van die gemeentelike lewe en aksie. Die gemeente het saam met die apostels gewerk ten tyde van

die Nuwe Testament. Ons verwys na Hand. 6:3-6 waar aan die gemeente die opdrag gegee word om manne te kies tot die diakonale amp. Die Apostelkonvent in Hand. 15:22 se beslissinge word ook deur die gemeente in Jerusalem geneem (vgl. vs. 30). Die gemeente word dus tot selfstandigheid gevoer deur die werk van die Heilige Gees (1 Kor. 12:5, 6). Daarom spreek ons tereg van 'n aristokratiese demokrasie, waarin die gemeente self verkies en die verkorenes in 'n besondere amp te staan kom om oor die gemeente te regeer. Ons het dus hier 'n liggaam wat die hoof ook skraag. Nie slegs die ampte kom tot volle bloei S (soos by Rome nie) maar die gemeente roep en stel hulleself gewillig onder die leiding en bediening van die ampte.

2. DIE APOSTELSEKTE.

a. Die Geskiedenis.

Onder die naam Katoliek-apostoliese gemeentes het hierdie sekte in Engeland ontstaan, hoewel hy minder bekend is onder hierdie naam.

Korteliks weergegee kom dit hierop neer: Sir Henry Drummond, 'n bankier, het op sy landgoed in Surrey, 'n studiekring begin, waarvan 'n Skotse predikant Edward Irving al gou leier geword het. Die vernaamste tema in die prediking was boete met die oog op die naderende wederkoms van Jesus Christus wat, gesien die droewe geestelike toestand, nie meer veraf kan wees nie. Die vernaamste skyf waarop gemik word, is die kerk, wat as Babilon aangedui is.

Dit het van kwaad tot erger gegaan, veral deur 'n beroep op besondere openbaringe en gebedsverhoringe. Irving is afgesit uit sy amp vanweë dwaalleer wat hy aangaande Christus verkondig het. Hy het beweer dat Christus, net soos ons, neiginge tot sonde het, maar dat Hy dit kon weerstaan deur die Heilige Gees wat in Hom woon. Nadat Irving afgesit is deur 'n presbiterium van die Skotse Kerk, is daar tot nuwe kerkstigting oorgegaan. Irving proklameer dat daar vier ampte in die kerk moet wees volgens Efes. 4:11 nl. apostels, profete, evangeliste en herders-leraars. Onder hierdie laasgenoemde amp vind ons saamgetrek die ampte van engele, ouderlinge, diakens, subdiakens, diakonesse, hulp-engele en hulpouderlinge.

Eienaardig dat Drummond 'n sekere advokaat Cardale aanwys as apostel van die nuwe gestigte kerk, terwyl Cardale later Irving en Drummond aanwys as engele.

In 1834 is Irving oorlede en eers in 1835 is al twaalf apostels benoem en aan elkeen is 'n deel van die volkere aangewys oor wie hy dan apostel moet wees. So word hulle uitgestuur om die 144,000 verseëlde te versamel, 12,000 uit elke stam. Cardale self moet die stam van Juda (Engeland) gaan bearbei.

By die instelling van die twaalf apostels was die gedagte dat hulle sou bly leef tot by die wederkoms van Christus, wat as aanstaande beskou is. Toe die dag toef en een na die ander te sterwe kom, was daar twee rigtings: die een wat die vakatures wou opvul en die ander wat met 'n beroep op Openb. 4:4 nie verdere apostels wou verkies nie, maar slegs apostoliese helpers. Op grond van hierdie skeur het daar versplinteringe voorgeval en nuwe name kom na vore, waarvan die bekendste 'n sekere Krebs was. Veral by Krebs vind ons 'n wrede geestelike tirannie. Krebs was nie net hoofapostel nie, maar is werklik deur sy aanhangers as 'n god aanbid. Hy het hom die reg toegeëien om (soos Rome) banvloeke uit te spreek. Krebs word opgevolg deur Niehaus, wat homself laat noem stam-apostel, terwyl die ander apostels rank-apostels genoem is. Hiermee is die tuiste van die Apostelsekte ook oorgeplaas vanaf Engeland na Duitsland en is veral gesentreer in Frankfurt.

In 1907 is die naam Nuwe Apostoliese Kerk aanvaar en die sekte het nogal vinnig uitgebrei.

Sinds 1903 is deur bemiddeling van Duitse immigrante ook groepe in Suid-Afrika gestig en alhier is vandag die tweede grootste ledetal in die wêreld.

b. "Die leer.

Ons wil die leer kort saamvat in drie hoofpunte:

- I. Die leer aangaande God.
- II. Die leer omtrent die Skrif.
- III. Die Sakramente-leer.

I. Die leer aangaande God.

Hier wil ons veral benadruk die ernstige dwaling in sover dit die verlossingsleer betref. Uit die heel weinig gegewens wat beskikbaar is, kan ons vraag 23 weergee uit hul katekisasieboekie met die titel "Konfirmasie": "Wie was beopdrag met die werk van verlossing?" "Die Apostels en Boodskappers van Jesus Christus".

Hierdie genoemde boekie is veel meer bekommerd om die sekte se dwalinge tuis te bring in die kindergemoed en om die saak van die apostelskap buite alle twyfel by hulle te stel, as om die kardinale christelike waarhede te bring. Ons het in die historiese deel melding gemaak van Irving se dwaling nl. dat Christus aan sondige begeertes onderhewig was, hoewel Hy dit kon weerstaan. Hierdie laaste toevoeging maak die dwaling egter nie minder ernstig nie. Ons sou tog hieruit moet konkludeer dat Christus onderhewig was aan erfsonde, juis omdat sy menslike natuur bedorwe is. As hier dus veral begeertes benadruk word by Jesus wat sondig sou wees, maar slegs die vervulling van die sondige begeerte oorwin kon word, moet ons besluit dat daaruit voortvloei dat Christus slegs aan die erflike las deel het (sondige begeertes), maar nie aan die daadwerklike sondes nie (weerstand teen begeertes). Maar daarmee is eintlik alles prysgegee: die skuldloosheid, die onbevlektheid van die Lam van God, in alles aan die mens gelyk, uitgenome die sonde. Daarmee het Christus kind uit Adam se geslag geword, die dood skuldig. Nou kan sy dood geen Middelaarsdood meer wees nie en sy Borgskap geen plekbekledende karakter meer dra nie. Die versoeningslyde is uitgeskakel en eintlik is afskeid geneem van die kruis. Die vraag kom op: het ons nog hier met 'n christelike sekte te doen? Ons meen dat ons hierop definitief nee moet antwoord.

Ons wil na nog 'n paar uitsprake verwys wat uit die oogpunt van 'n christelike kerk welseker as lasterlik betitel mag word. Op Krebs is die woorde van Jes. 53 toegepas nl. "Hy het sy siel tot 'n skuldoffer gestel" en in een van die Duitse kerkliedere waarin veelvuldige lofliedere tot apostelverheerliking voorkom, word o.a. gesing "In die vlees staan God hier nou voor ons". Heeltemal in die rigting van vraag en antwoord 23, hierbo aangehaal, kom so 'n uitspraak: "Golgota behoort tot die verlede. Hy wat steeds op Golgota sien, is soos die vrou van Lot wat; omgekyk het. Ons kan nie verlos word deur 'n onsigbare Christus nie. Ons moet Christus onderken in die vlees wat Hy nou aangeneem het, nl. in die teenwoordige apostels".

Dit is duidelik dat hiermee 'n Godsbegrip na vore kom wat heidens is, 'n verafgoding van die apostelamp. Ons het hier te doen nie slegs met 'n Roomse dwaling nie nl. dat die Pous ambassadeur van Christus op aarde is nie, maar met iets veel erger en ergerliker: dat die apostel self Christus is.

Vraag 100 van die Konfirmasieboek lui: "Welke amp het Jesus persoonlik ingestel in Sy kerk?" "Hy het die amp van die Heilige Gees, die apostelskap, ingestel". Op die wyse word die Heilige Gees aan die apostolaat verbind en wel op so 'n wyse: wanneer die apostel tot sy volgelinge spreek, is dit die uitstorting van die H. Gees. As daar dus gebid word om hernude

uitstorting van die Gees, was dit slegs om te kom tot die eintlike organisasie van die kerk nl. onder die apostel. Toe die apostel daar was, was die Heilige Gees ook daar. Nou kan daar onbeperkte wonders geskied, want waar die Gees is, daar is God en al Gods wondere.

Volkome logies moet verder volg dat die Gees ook Sy eie Woord meebring. Inspirasie is Geesteswerk en so het Gods Woord tot stand gekom. As die Gees nou die apostel Sy instrument maak, moet die apostel Geesteswoorde spreek en dit is openbaringe.

Die tydperk van die Vader het verbygegaan met die Ou Testament.

Die tydperk van die Seun is ewe-eens verby met die hemelvaart.

Dit is nou die bedeling van die Heilige Gees, wat sigbaar word in die apostels.

As dit dan die verloop is en die wêreld vandag slegs in die bedeling van die Gees is, het ons tog hier te doen met 'n gruwelike dwaling. As die H. Gees sonder die Vader en die Seun kan wees, dan het ons tog drie Gode en geen Drie-eenheid nie. En as hierdie sekte op hierdie kardinale punt sondig teen Gods heiligheid, moet ons dan nog verder gaan en op al die punte hulle leer ondersoek en aan die Skrif toets? Ons het hier duidelik dat hulle vir hulleself goddelike mag toe-eien wat ons ook hier tot die resultaat bring dat hulle 'n antichristelike sekte is wat nie langs God hulle verhef nie, maar in die plek van God wens te staan.

II. Die leer omtrent die Skrif.

Hy wat die Drie-eenheid van God loën; hy wat Christus en die Heilige Gees eintlik aan die apostolaat verbind, moet werklik iets besonders leer aangaande die Skrif.

Vraag 149 van die Konfirmasieboek lui: "Hoe beskou ons Nuwe Apostoliese die Bybel?" "Dit is vir ons 'n duidelike getuienis van die woorde en daede van God en Jesus, maar nie die woord en daad self nie. Dit is die beskrywing van die handeling van die H. Gees deur mense, maar nie die H. Gees self nie. Dit is die geskrewe belofte van troos, maar nie die vervulling van die belofte nie. Dit is die geskryf van die goddelike Testament, maar nie die erfenis nie".

Voorts word gesê dat die apostels die bekwaamste is om die Skrifte te verstaan, en op die vraag: "wat is die fondament van die kerk?" word kort en kragtig geantwoord: "die apostels".

As ons dit saamvat, kom die leer omtrent die Skrif hierop neer:

(i) Die Skrif is 'n oorkonde. Vir sy tyd was dit Gods Woord. Duidelik het die apostels dit uitgespreek dat die Bybel vir vandag dorre hooi is of vuil putwater, bedorwe manna, vol wurms. Die openbaring van God het ons vandag in die mond van die apostels. Die apostel se woord is Geesteswoord, want die letter maak dood, maar die Gees maak lewendig. Die stem van die HERE hoor ons by sy apostels.

(ii) Dit moet dus kom tot skrifverwerping en dit het wel daartoe gekom. Dit is tog immers logies: as daar dan vandag nog apostels is, dan is dit oorbodig om na die apostels van die verlede terug te kyk.

En so tref dit ook hier: vergoddeliking van die apostel. Hy wat Gods Woord spreek, kan tog nie anders as God wees nie.

'n Wonderlike dubbelslagtigheid tref ons hier aan: die Skrif word verwerp en tog aanvaar. Dit blyk duidelik uit vierderlei: eerstens word die gedagte van die apostolaat uit die Skrif geneem en daarop gegrond. Tog word die Skrif genoem verrotte manna. Tweedens slaan hierdie sekte die bodem onder homself uit. Die apostels van die Skrif is geroep deur Christus self en moes oor- en ooggetuies word van sy daede en woorde. Hulle Sender was Jesus Christus self. Maar

hierdie nuwe apostels is selfbenoem en selfgestuur. Hulle is oor- en ooggetuies van niemand nie. Derdens, wie na die apostels van die Skrif luister, luister na hulle Sender. Hulle, preek nie eie woorde nie. Petrus sê "Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit... En ons het die profetiese woord wat baie vas is" (2 Petr. 1:16 en 19). Ons lei hieruit af dat die apostel Petrus na die profetiese woord verwys wat objektief is, wat nie telkens weer in die mond van die apostel is nie. Vierdens, die Woord van God in die mond van die apostel bring ons tot volkome subjektiewe insigte. Nou is daar geen vastigheid buite die sondige mens nie en geen objektiewe Geskrif van God nie. Hier het ons nou die bekende leer van die inwendige lig wat elke apostel vir homself het. Nou kan niemand meer met hom spreek nie, omdat die apostel Gods woord spreek en hy dus nie aangespreek mag word nie. Nou het hy 'n magsgreep oor sy volgelinge en tiranniseer hy oor hulle gewetens. Aan niemand is hy verantwoording verskuldig nie, want hyself is die hoogste gesag en almal moet slegs maar onder hom buig. Waarlik, 'n sekte wat tot banaliteit oorgaan.

III. Die Sakramenteleer.

Telkens het dit na vore gekom dat ons hier te doen het met 'n sekte wat duidelike Roomse tendense vertoon. Ons tref dit aan by die aanvaarding van die sogenaamde stam-apostel, wat ooreenkoms met die Pous vertoon; die opvatting oor Gods Woord, juis omdat die Roomse kerk ook die tradisie as Gods Woord aanvaar en die pouslike uitspraak vanuit die kateder; ook by die sakramente het ons Roomse gedagtes, ook al omdat hier wel nie sewe nie, dan tog drie sakramente aanvaar word. Ook die plek wat aan die sakramente toebedeel word in die diens van die kerk, laat ons dink aan die katalisisme.

Die verlossingswerk waartoe die apostels geroep is, verrig hulle op tweërlei wyse: nie deur die Skrif uit te lê nie, maar om die Woord van God self te spreek; en verder bedien hulle sakramente, wat 'n belangrike aandeel het in die verlossings-werksaamheid.

Die wondermag van die apostel as Geesteswerktuig, bekwaam om sondes te kan vergewe, moet ook hier blyk. Die Konfirmasieboek verklaar dan ook dat die doop vergiffenis van sonde bewerkstellig; dat na die instellingswoorde gebesig is, die water genadevolle water word. Die water verander van natuur. Dieselfde geskied by die Nagmaal. Die tekens word die waaragtige liggaam en bloed van Jesus Christus nadat die instellingswoorde uitgespreek is. Op hierdie wyse is die twee sakramente nie slegs tekens en seëls nie, maar is dit die werklike saak en skenk dit sakramentele vergiffenis van sondes. Soveel dinge word op hierdie standpunt onmoontlik om te begryp. Die instellingsformule is tog waarlik geen toorformule wat iets wesensliks by water, wyn of brood toedoen nie. Die tekens bly waarlik slegs tekens.

En sodra as wat die tekens werklik die bloed en liggaam van Christus word, volg hier dat Christus nie werklik na die hemel gevaar is nie, tenminste nie met sy liggaam nie. Hoe kan Christus dan weer liggaamlik by doop en nagmaal teenwoordig wees?

Hierdie leer hef ook die karakter van enige sakrament heeltemal op. As deur die doop en nagmaal sekere weldade geskenk word, sondes vergeef word, is dit nie meer sakramente nie. 'n Sakrament is 'n teken en 'n seël en wys dus op iets anders waarvan dit teken en seël is. So wys die water heen op die bloed van Christus, waarvan dit 'n seël en teken is. Nou was Christus se bloed wel sondes af net soos water ons liggame afwas. Die water verseker ons dat die bloed van Christus werklik ons sondes afwas en dat dit sekerlik ons deel is. Maar as die water die weldaad nou self skenk, waarom moet 'n mens nog daarvan verseker word? Op die wyse verval die sakramente.

Sinds 1847 is 'n derde sakrament, die heilige, verseëling ingestel met 'n beroep op Matth.

3:11 "Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat na my kom, is sterker as ek, wie se skoen ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur". Die heilige verseëling is dus die Geestesdoop en die heilswelddad so verkry is die wedergeboorte.

Christus is self ook volgens bewering verseël kort na sy doop in die Jordaan, toe die H. Gees oor Hom gekom het. Die apostels is op Pinksterdag verseël. Vandag word die Gees deur die stam-apostel meedeel en die verseëlde behoort aan die salige 144,000 verseëlde.

Die vraag is of ons hier met 'n sakrament te doen het. Die antwoord hang af van wat onder 'n sakrament verstaan moet word. As 'n sakrament 'n teken en 'n seël is, is dit onlosmaaklik aan die Woord verbonde, kan dit geen genade hoegenaamd meedeel nie. Op hierdie standpunt het hierdie sekte geen sakrament nie. Veral is by die verseëling geen sigbare teken nie.

Gods Woord verorden dat God sakramente instel, omdat Hy en Hy alleen uitdeler van die genade is. Christus stel sakramente in, omdat Hy genade verwerf en uitdeel. So is daar twee sakramente ingestel: die doop en die nagmaal. Rome en hierdie sekte kom in die eenaardige moeilikheid te staan dat die kerk of die apostels sakramente kan instel. Ook hier merk ons dat die apostel maghebber word langs God en Christus.

Die Apostelsekte meen om die kerk te verryk met hierdie nuwe sakrament en die inwoning van die Gees. Dit is die eie werk en prerogatief van die apostel om die verseëling te doen deur handoplegging.

Ook Rome het 'n sakrament wat baie op hierdie een lyk nl. die konfirmasie. Rome sien die saak so: Elke mens moet die genade wat God hom skenk deur sy vrye wil bewaar, tot ontplooiing bring en die genade homself toeëien. Om hom daartoe krag te verleen, word die sakrament van konfirmasie hom gegee. Die gedoopte kinders word groter en die kerk verleen aan hulle die krag van die H. Gees om die genade wat hulle in die doop ontvang het te bewaar.

In dieselfde trant vind ons by die Apostelsekte treffende ooreenkoms met Rome, selfs in die Skrifgedeeltes waarop 'n beroep gedoen word. 'n Beroep op 2 Kor. 1:21, 22 is duidelik misplaas, omdat hier gespreek word van salwing en verseëling wat deur God gedoen word en geensins deur 'n apostel nie. En as ons dan vra wat die verskil is tussen salwing en verseëling, moet die antwoord wees: salwing spreek van die ontvangs, terwyl die verseëling van die blywende besit van die H. Gees spreek.

Die eintlike saak waar ons hier voor staan, is: is die H. Gees dan nie in die gemeente inwonend nie? Dit skyn asof die gedagte hier gevoed word dat die Gees nie 'n Persoon is nie, maar 'n krag. Alleen 'n krag kan telkens weer geskenk en uitgestort word. Die rykdom van die kerk is egter nie geleë in 'n voortdurende uitstorting van die H. Gees nie, maar juis die wete dat voortdurende uitstorting onnodig is. Die Heilige Gees is altyd daar. Dit is juis die krag in die apostel Paulus se prediking. Hy begin daarmee. 1 Kor. 2:12, Gal. 3:2, Rom. 8:15. 'n Kerk wat nie elke dag bewus is van Geestesinwoning nie, staan soos 'n weeskind eensaam in 'n onbarmhartige wêreld.

By hierdie sekte tref ons nog aan 'n sogenaamde doop vir die dode, ook genoem 'n dodeverseëling. Dit geskied met 'n beroep op 1 Kor. 15:29 "Anders, wat sal hulle doen wat hulle vir die dode laat doop, as die dode geheel en al nie opgewek word nie?" As die gedagte is dat ongedoopte ontslapenes nog deel mag hê aan die verlossing op hierdie wyse, moet daarop gewys word dat ons hier werklik dan met 'n towery te doen het. Die aangehaalde skriftuurplek gee daarvoor hoegenaamd geen grond nie. Paulus is hier besig met die opstanding uit die dode en wil alleen beweer dat so 'n praktyk (welbekend in sekere kringe) tog van die opstanding uit die dode moet uitgaan. Waarom sal iemand hom vir die dode laat

doop as die dode tog nie opstaan nie? Ons konkludeer dat dit 'n antichristelike sekte is wat alles omverwerp en net die almagtige apostolaat oorhou.

3. DIE MORMONE.

a. Die Geskiedenis.

Die wondergeskiedenis wat as agtergrond moet dien vir die Mormone, is die grootste aantrekkingskrag tot hierdie sekte. Hierbenewens is daar natuurlik sulke elemente soos hoogstaande sedelikheid en 'n magtige deursettingsvermoë wat ook deur die geskiedenis verhaal word en waarna ons later sal verwys.

Joseph Smith is in 1805 in Amerika gebore uit arm ouers wat aan die Presbiteriaanse kerk behoort het. Hy het bykans geen geleerdheid kon geniet nie en het ernstig gebid om wysheid volgens Jak. 5:1. In 1820 het hy in 'n bos neergekniel en gebid om wysheid en toe het daar skielik aan hom, nadat hy in duisternis gehul was en daardeur verskrik geword is, twee gestaltes in 'n heldere sonlig gehul, verskyn. Een gestalte het na die ander gewys en uitgeroep. Dit is my geliefde seun, luister na hom. Joseph het gevra: by welke kerk moet ek my voeg? Die antwoord was: by geeneen nie, want alle kerke is foutief.

In 1823 verskyn daar weer 'n boodskapper van God aan hom wat meedeel dat Joseph se naam by alle volke en tale bekend sal word. Die engel deel mee dat die volheid van die ewige evangelie op goue plate geskryf is en dat Joseph na die heuwel Cumora moet gaan waar die plate begrawe is. Hy het daarheen afgereis en in erdekruike alles gevind. Daar het hy ook 'n profetebril, die sogenaamde Urim en Thummim, gekry, wat hom in staat gestel het om die letters te lees. Hyself het die vertaling onderneem deur die wonderbril en na voltooiing hiervan moes hy weer die goue plate terugbring en aan die engel oorhandig. In die jaar 1830 was die boek van Mormon gereed.

Hierdie boek beslaan 600 bladsye en gee eintlik 'n geskiedkundige vertelling van hoe Amerika bevolk geword is sinds die Babelse toringbou. Die Boek van Mormon wil sogenaamd nie teen die Skrif ingaan en dit vervang nie, maar wil slegs die juiste verklaring daarvan gee en 'n noodsaaklike toevoeging om dit reg te verstaan.

Joseph Smith het verskillende openbaringe ontvang. So het, benewens verskyninge van God self en van Christus, ook aan hom verskyn Johannes die dooper, Petrus, Jakobus, die dissipel Johannes, Moses en Elia. Op die wyse is Smith aangestel tot priester na die ordening van Melgisedek. Smith het ook nog twee ander heilige boeke geskryf, wat 'n verdere versameling van openbaringe aan hom bevat nl. "Die Boek van Leerstellinge en Verbonde" en "Die Pêrel van groot waarde".

Op 6 April 1830 is die sekte gestig met ses lede in New York. Teenstand teen die sekte het hulle genoodsaak om na Ohio uit te wyk, waar hulle van voorneme was om 'n tempel te bou. Ook hier kom daar benewens onderlinge bitterheid ook botsings met ander inwoners. Ook Smith se privaat lewe was 'n bron van ergernis, sodat hy in die gevangenis opgesluit is en daar deur die gepeupel vermoor is.

Sy opvolger was 'n jongman met leierseienskappe, Brigham Young. Daar was sterk teenkanting teen sy verkiesing en sommige het afgeskeur om ander Mormoonse sektes te stig. Die mening was sterk dat die kerk aan die twaalf apostels toevertrou is deur Joseph Smith. Ook was 'n sterk beswaar teen Young dat hy veelwywery geleer en gepraktiseer het. Dit is bekend dat Young 28 vroue gehad het. Uitgedryf uit die staat Illinois het hulle met groot ontberinge getrek totdat hulle die groot soutsee-meer bereik het, later Utah genoem. Hier het hulle in 1847 aangekom met die alleenlike doel om hulle eie godsdiens te beoefen en 'n groot

stad gebou met die magtige tempel as kern: Salt Lake City. In hierdie Staat en stad is alles aan die kerk onderworpe en 'n hoë sedelike peil word daar aangetref. Die invloed van die kerk werk deur die volle lewe van elke lidmaat. Hospitale, skole, ontspanningsklubs en werkvoorsiening, word alles deur die kerk behartig. Die kerk self word in stand gehou deur offers van tiendes en 'n kenmerk van die sekte is dat 'n baie klein persentasie van sy werkers salaris ontvang. Jaarliks gaan daar jongmense uit om vir een of meer jare sonder enige vergoeding hulle voltyds te wy aan hulle kerk. Twee-twee doen hulle evangelisasiewerk.

Op hierdie wyse is die Mormone ook by ons meer bekend. Hulle word ook wel genoem "Two by Two" of ook "Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die laaste dae".

b. Die leer.

Die leer kan ons saamvat onder:

- I. Die Heilige Skrif en ander Openbaringe.
- II. Die Kerk en ampsdraers.
- III. Die mens en die huwelik.

I. Die Heilige Skrif en ander openbaringe.

Heelwat ooreenkoms val op te merk met die hierbo behandelde Apostelsekte en dit juis omdat die standpunt teenoor Skrifgesag soveel ooreenkoms vertoon. Ons het hier nie te doen met een Boek nie, met die Bybel as Gods Woord nie. Benewens hierdie Boek wat bekend is as Bybel en ook deur die Mormone aanvaar word insover as wat dit reg vertaal is, is daar ander middels van openbaring, waarvan die drietal boeke wat deur Joseph Smith geskryf is aanvaar word as Goddelike openbaringe. Ook voortgesette moontlikheid van ander openbaringe word nog erken.

Ons het hier dus al dadelik 'n erkenning dat die Bybel deur menslike onkunde vals vertaal is. Deur so 'n bewering is daar dus nou 'n pad gebaan vir Smith om sy eie denkbeeldige Bybel, waarvan ons hierbo in die historiese gedeelte gespreek het, na vore te skuif. Hierdie sogenaamde Boek van Mormon is 'n Bybelagtige geskrif wat probeer deur styl en woordkeuse die Bybeltaal naboots. Nou is die gedagte, nie om die Bybel te verwerp nie, maar om harmonie te bewerkstellig tussen die Bybel en die ander openbaringsboeke. Op die wyse is 'n Geloofsbelydenis saamgestel, bestaande uit dertien artikels. 'n Paar grepe hieruit kan dienstig wees om die dwalinge te onderstreep. Ons sal nie net die onskriftuurlike onderstreep nie, maar probeer om 'n objektiewe blik te gee in hierdie sogenaamde Geloofsbelydenis.

Hier word geglo in God, die Vader en in Jesus Christus, Sy Seun en in die H. Gees. Daar word nie gesê of hierdie belydenis een is wat die drie-eenheid van God bely nie. Voorts word persoonlike sonde bely, maar geen erfsonde nie. Van uitverkiesing is daar nie sprake nie, maar slegs universele skulddeging deur gehoorsaamheid. Al eise wat gestel word, is: geloof, bekering, onderdompelingsdoop tot sondevergifenis en die oplegging van hande om die Gees te ontvang. Die verdere gedeelte betref die organisasie van die kerk. Dit omvat die roeping deur God tot die ampte wat bestaan uit apostels, profete, herders, leraars, evangeliste en andere. Tale, profesieë, gesigte, gesondmaking, uitlê van tale, word bely. Wat openbaring van God betref, word die Bybel en die Boek van Mormon bely, maar benewens hulle dat God nog baie belangrike dinge oor Sy koninkryk sal openbaar. Verder word vryheid van godsdiens bely, gehoorsaamheid aan die landswette en onderdanigheid aan die landsregering en 'n opregte en kuise lewe.

Aangesien die doop vergewing van sondes skenk, is hierdie sakrament noodsaaklik, sowel vir

die ontslapenes as vir die lewendes. Nou word daar só geredeneer: daar is baie ontslapenes wat nooit die geleentheid geniet het om Gods Woord te hoor nie en wat dus sonder daardie lig dood is. Die evangelie moet dus in die doodstoestand aan hulle gepreek word en iemand wat nog lewe moet in die naam van die ontslapenes gedoop word. Ons het dus hier weer die doop vir die dode terug.

II. Die Kerk en ampsdraers.

Die Kerk is deur Christus self gegrondves en wel met verskillende ampte en hierdie ampte moes behou gebly het. Juis omdat die kerk nie by die bepaalde ampte van apostel, profete, evangeliste, herders, hoëpriesters, sewentigers, oudstes, biskoppe, priesters, leraars en bedienaars gebly het nie, het hy afgeval. Met die verlies van hierdie ampte het die kerk ook sy eintlike weldade verloor nl. profesie, genesing, spreek in tale, uitleg van tale. In plaas van hierdie noodsaaklike take het die kerk verkeerde gedagtes gebring soos predestinasie, ewige verdoemenis ens., dinge wat nie bestaan nie.

Vandaar die taak van Joseph Smith om die kerk te herstel. Hierdie herstelling kom in die laaste der dae tot stand, vandaar sy naam. Die Kerk van die heiliges van Jesus Christus in die laaste dae. In hierdie Mormoonse kerk is die belangrikste dat die ampte weer herstel is en aan elke amp is weer sy korrekte taak gegee. Hier is die priesterskap die belangrikste en word genoem die bemiddeling tussen God en die mense.

Dit is duidelik: ons het hier niks anders nie as 'n hiërargiese ordening van die ampte, waarin die ampte van hoër tot laer/ gegroep word en die laer ampte onder die gesag van die hoëres staan. Ons het ook 'n vergoddeliking van die ampte, I want goddelike openbaringe word nog deur die ampte aan die gemeente gegee.

Ook hier verkry ons drie sakramente: doop, nagmaal en handoplegging, waarvan die handoplegging, na die doop, die belangrikste is. Deur handoplegging word die Heilige Gees geskenk, nie net aan ampsdraers nie, maar ook aan lede by hul konfirmasie. Deur die gawe van die Gees, word ook die gawes van talespraak, duiweluitdrywing, profesie en gesondmaking meegedeel.

So kan ons voortgaan, maar dit is genoegsaam om 'n beeld te gee van die almagtige amp wat ook in hierdie sekte optree. Sy kerk bestaan uit die amp en vir die amp. Ons vind ampsoorheersing selfs oor Gods Woord. Die Hoëpriester het hier eintlik geen ander kontrolepunt, geen ander gesag oor hom nie, as nog twee ander hoëpriesters met wie hy kan ruggespraak hou. Hier heers God nie meer as Allerhoogste Koning nie en is Sy Woord nie meer enigste outoriteit nie. Die almagtige amp beheers alles in hierdie sekte.

III. Die mens en die huwelik.

Besonder weersinwekkend is die leer aangaande God, en ons sou dit liever kon noem die godeleer, omdat ons hier te doen het met 'n veelheid van gode. Elke planeet het sy eie God en daar is definitief meer gode as die een God wat ons op aarde ken. Lasterlik daarby word dit alles as die verhouding tussen God en die mens gegee word. Want, so lui dit: wat die mens is, dit was God eens op 'n tyd, en wat God is, kan die mens weer in die tyd word. God het mensvormige trekke. Die Vader en die Seun is albei liggaamlike wesens met vlees en been. In die hemel is daar vroulike en manlike gode en dáár word die siele voortgebring vir die liggame wat by die mense op aarde voortgebring word. Ons siele is dus van hoë afkoms, het bestaan voordat hulle in die liggame gebore is. Die mens is ook nie deur God geskep nie, maar die engel Migael het 'n gestalte aangeneem en is toe Adam genoem.

En so gaan hierdie spekulasie voort, sonder die minste grond en sonder om enige uitsig te

open. Nou is dit nie meer godsdiens nie, want hy het God heeltemal verloor. Die mens is self God gemaak en op die wyse word die sonde van Satan eintlik weer gepleeg. Hy tog het gesê: julle sal soos God wees! Dat hierdie Satansresepte nou werklik die grond moet wees waarop gehandel moet word!

Vanself te verstaan dat hierdie sekte besondere belangstelling moet hê vir die huwelik. Daar is twee soorte huwelike: tydelike en gewyde huwelike. Die gewyde huwelike is natuurlik die hoëre vorm, waar geesteseenheid beklemtoon word. By die Mormoonse vroue is dit ingeprent dat geen vrou die saligheid kan verkry as sy nie getroud is nie. Vandaar dat meervoudige huwelike soos dit genoem is, geleer word. Hier kan een man hom verbind aan talle vroue en hierdie wanpraktyk het selfs sover gegaan dat vroue getrou het met 'n ontslape man, net om sy naam oor hulle uit te roep.

Kindergeboortes uit hierdie huwelike is besonder talryk en vorm ook in hierdie sisteem 'n belangrike deel. Immers, dit is 'n kerk van heiliges van die laaste dae. Hierdie laaste dae breek dan aan wanneer daar genoegsaam liggaampies op aarde gebore is vir al die siele wat in die hemel verwek is.

Ook hier moet ons besluit: 'n antichristelike sekte waarin nie God vereer word nie, maar die mens; waarin die amp oorheers en nie God nie; waar niks meer van Gods Woord gemerk word nie, maar ander openbaringe van menslike oorsprong die reël en die gesag vorm.

Gelukkig is hierdie sekte in ons land nog van baie klein omvang. Maar in die laaste dae, waarin daar nie net hierdie sogenaamde heiliges sal wees nie, spreek Gods Woord ook van antichristelike werkinge. Hier is daar een van.

Hoofstuk III.

SEKTES WAT DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS OORBENADRUK

1. Inleiding.

Die nalating van studie oor die eskatologie of toekomsverwagting en die prediking daaroor, sal natuurlik die onbetaalde rekening van die kerk genoem mag word, indien dit wel die geval sou wees. Ons moet erken dat op een of ander wyse het die kerk tog daartoe gekom om die toekomsverwagting, miskien nie te verwaarloos nie, maar dan tog nie aan reg te laat geskied nie. Getuie daarvan is die voortdurende behoefte aan prediking en verduideliking uit Openbaring, Esegïel en Daniël en uit onvervulde profesieë. Ook vind ons dat Chiliastiese gedagtes nie tot bedaring kom nie.

Hoe moeilik dit ook al mag wees — en hoe spekulatief — dit is 'n behoefte van die gelowige hart. 'n Kerk wat die oog nie na bo gerig hou nie, versuim 'n belangrike element iu sy prediking. Die rede daarvoor is eenvoudig omdat die Skrif baie duidelik openbaar dat hierdie wêreld sal vergaan en hy die duidelike tekens en voortekens, uit die natuur rondom ons heen geneem, daarvoor aangee. Die Skrif noem dit nie maar net die dag van die toekoms nie, maar bepaal dit nader as die dag van die Seun van die mens. Alles sal dan ryp wees, want dit is 'n dag van voleinding. Die geskiedenis hou op. Op hierdie krisisdag hoor ons dan die finale woord van die Heilige Gees: *Dit is verby* (Openb. 21:6). Dan het al drie Persone in die heilige Drie-eenheid dieselfde woord gespreek. Die Vader het by die skepping aan sy slot gesê: Dit is voltooi. Die Seun het aan die kruis uitgeroep: Dit is volbring. Die Gees roep aan die einde uit: Dit is verby.

Vir die kerk is die advent van besondere belang, want wie die Skrif lees kom onder die indruk dat Christus se gelykenisse veel hieroor gee. Ons dink aan die gelykenisse — om net 'n paar te noem — van die wilde koring, die visnet, die onverwagte koms van die huisheer, die tien maagde. By dit alles hoor ons telkens dat die kerk bruidskerk is en dat die Bruidegom kom. Duidelik klink dit: Gaan uit haar uit, my volk. Gods volk is 'n volk van uitgeroepenes uit die duisternis en die koninkryk van die hemele is nie van hierdie aarde nie.

Dit gaan hier dus om ons christelike hoop en die hoop is 'n belangrike deel van ons leer, maar ook van ons christelike lewe. Miskien is dit die groot leemte: dat hierdie hoop nie ons lewe vul nie, nie ons lewens rig en verdiep nie, dat daar m.a.w. te weinig na geleef word. Dan is die kerk 'n maklike skyf vir sy vyande. Dan moet ons aan 'n vorm van ondervoeding Jy, as die christelike hoop nie aan ons bedien word nie.

Die vraag is: waarop rig die christelike hoop hom?

Dit is moontlik om hierop verskillende antwoorde te gee, al na mate ons Luthers (en daarom soteriologies) of Calvinisties (en daarom teologies) ingestel is. Eersgenoemde lê die nadruk op die saligheid van die mens en die tweede om Gode tot eer te lewe. Wie nou die laaste as standpunt neem, word heeltemal in beslag geneem deur die wederkoms van Christus wanneer hy dink oor die advent. Dit gaan tog om die heerlikheid van Christus.

Die soteriologiese verwagting verlam egter die mens in sy geloofsroeping. Die mens se saligheid is 'n sensuïspannende en 'n kragtige emosionele verwagting. Die gevolg is dat sodanige persone tipiese tekens toon van senuwee-geplaagdheid, emosionele eksesse, gewoonlik ook genoem geesdrywery. Dit is nie onbekend in hierdie kringe dat dag en datum vir die wederkoms van Christus bepaal word en dat die dag met vas en gebed tegemoet gegaan word; allerhande verklarings word gegee indien daar op genoemde dag niks gebeur

nie.

Telkens as die in die Skrif genoemde tekens des te duideliker na vore tree bv. vervolging, oorlog, aardbewings, kom daar ook emosionele deelname. Dan word die inhoud van die verwagtinge nog meer verwarrend. Dit werk só dodend op die alledaagse werklikheid dat dit alles eintlik op non-aktiwiteit plaas.

Al hierdie dinge merk ons by die apostel Paulus glad nie. Sy Christusverwagting inspireer hom daarenteë om dag en nag werksaam te wees. In geeneen van die Bybelboeke vind ons soveel geskryf oor die wederkoms van Christus nie, as juis in Paulus se sendbriewe. Sekerlik is daar by Paulus ook gespannenheid, maar daarmee saam ook heilige aktiwiteit. Die verskil is: gespannenheid in niksdoen of gespannenheid in volle kraginspanning tot Gods eer.

Maar dan kan ons ook sien hoe hierdie adventisme ook 'n lieftingsgebied van die sektes kon word. Christus se wederkoms is 'n terrein waarop nie net enkele sektes hulle beweeg nie. Een en almal is hier doenig om daarmee voor te gee dat hulle voorbereid is vir daardie dag, dat die lampe aan die brand is en die heupe opgeskort. Ons moet nie net dink dat die paar sektes wat ons nou gaan behandel hier paradeer nie. Ons kan 'n viertal redes aanvoer waarom sektes eintlik almal hierdie gebied kies:

(i) Dit is 'n uitgesoekte gebied om 100% senuweespanning te bewerkstellig. Dit word dan gedoen op heel sielkundige wyse, om te speel op die vrees vir Goddelike magte en op die onsekerheid van hierdie verborgenhede. Daarom word datums bepaal, juis om aan te toon dat daar iewers lig is in hierdie duisternis. Hierdie sektes wil ligdraers wees, want aan hulle is dit sogenaamd geopenbaar. Gepaard met hierdie dwase leer, het ons ook 'n senuweepraktyk: dramatiese sang wat opvoer tot histerie, middernagdienste by die wisseling van die jaar e.d.m.

(ii) Dis 'n gebied waarop die mens se verbeelding ongekende hoogtes kan bereik. Dit wat gewet kan word. laat: nog soveel oor vir nuuskierigheid.

(iii) Die spekulatiewe vermoëns van mense het 'n ruim geleentheid tot hoë vlugte. Elkeen wil aanvul by die sobere woorde wat die Skrif self gee.

(iv) Die hemel of vaderhuis het altyd sy aanloklikheid en die sekte wat daarin slaag om te laat glo dat hy daarop alleenreg het, verkry tog tot 'n mate ingang by liggelowiges. Die Roomse kerk hou dan al vir eeue die verbeelding van die mense gerig op 'n utopiese ideaal nl. dat hy segenskap het oor die hemel en dit uitdeel aan wie hy wil. Hierdie sektes veins ook alleenreg van toewysing en eis, nie bekering tot Christus as toegangsbewys nie, maar bekering tot die betrokke sekte. Wonderlik genoeg dat daar weinig gedink word aan oordeel en gerig op hierdie laaste dag, aan 'n ansgroep "berge val op ons en heuwels bedek ons", aan 'n dag van buitenste duisternis. Gewoonweg word dit uitgewis met die gedagte dat dit die grootste fout is van die kerke om so-iets te verkondig.

Wat die toekoms van hierdie sektes betref, moet ons verwag dat hulle getalle sal vermeerder. Vir die mens in sy oorlogs-ellende, wat hom tot wanhoop dryf, is daar slegs een troos: die wonderlike bekoring van 'n laaste dag wat sommer baie naby is.

2. DIE SEWEDAAGSE ADVENTISTE, OOK BEKEND AS SABBATARIËRS

a. Die Geskiedenis.

Hierdie sekte begin met die optrede van William Miller (1782-1849) op Amerikaanse bodem. Net so veelvuldig as sy werkkring was (eers boer, daarna soldaat en toe prediker), so veelvuldig was sy geestelike sienswyses. Hy was uit Baptistiese ouers gebore, kom onder

deïstiese invloed en na getroue Bybelstudie het Daniël en die Openbaringboek sy gedagtes gevange gehou. Die wederkoms van Christus is die hoogtepunt van sy gedagtes en op grond van die getalle in hierdie boeke, begin hy om berekeninge te maak om die datum te bepaal waarop Christus weer sou verskyn. Hy kom tot die oortuiging dat Christus binne enkele jare weer sou kom en wel op 21 Maart 1843.

Ons kan interessantheidshalwe korteliks die syfers gee. In Dan. 8:14 is sprake van 2,300 aande en môres. In Dan. 9:24 lees ons van sewentig sewetalle = 490 jaar. Hierdie jare moet geneem word vanaf die herbou van Jerusalem na die ballingskap d.w.s. 457 v.C. By hierdie 457 tel hy nou Christus se leeftyd nl. 33 jaar en kom dan presies by 490 jaar uit. As 'n mens nou 457 aftrek van die 2,300 aande en môres, wat ook as jare opgeneem word, is die antwoord 1843.

Miller stig nie 'n eie groep of sekte nie, aangesien die dag van wederkoms so gou op hande is. Die mense begin hulle goed verkoop en wit klere word aangeskaf vir die bruidsdag. Maar die dag het verbygegaan sonder dat daar iets gebeur het.

Elke mens sou dink dat daarmee is die proef op die som gelewer. Maar in sektariese kringe gaan dit nie so gou nie. Nuwe berekeninge word gemaak en uitgevind dat Miller se berekening in hoofsaak reg is, maar dat hy in sy uitgangspunt foutief was. Christus sal nou in Oktober 1844 kom. Ook daardie datum het verbygegaan en niks het gebeur nie.

Dit was toe dat mev. Ellen White, 'n begaafde vrou, na vore kom met 'n splinternuwe gedagte. Sy maak bekend dat verskillende openbaringe haar ten deel geval het. Twee engele het aan haar verskyn en meegedeel dat met die skepping van die aarde is die sabbatsgebod ook meegegee. Die rede waarom Christus nie op genoemde datum verskyn het nie, is omdat die kerk nog altyd ongehoorsaam was aan hierdie kerngebod van alle gebooe: die kerk het nie op die sewende dag nie, maar op die eerste dag van die week sabbat gehou.

Daarmee het ons nou 'n nuwe teologie, waarin nie God of die Christus die belangrikste is nie, maar die sabbat; waarin dit nie meer gaan om God te verheerlik en Sy Naam te loof nie, maar om 'n sekere dag te hou.

Hierdie sabbat-teologie wil niks weet van geestelike sabbat te hou nie en wil ook nie Nuwe Testamentiese lig oor die sabbat laat val nie. Daar word slegs aan die woorde vasgehou, omdat beweer word dat God in die Nuwe Testament nie die vierde gebod teruggetrek het nie. As ons nou die vierde gebod oortree, is ons skuldig aan al tien. Daarom is die Christendom voor God doemskuldig as oortreders van Gods hele gebod. As daar nie berou kom oor hierdie sware sondes nie, sal ons name uitgewis word uit die boek van die lewe.

Die Sondag wat vandag gevier word by die kerke, is 'n heidense feesdag ter ere van die Songod. Dit was Konstantyn gewees wat die Christendom met die heidendom wou laat verbaster, wat die Sondag ingevoer het en die Roomse kerk was hom behulpsaam om dit te laat geskied.

Die Adventiste het verskeie skeuringe in hul geledere ondervind. So verkry ons die Tweede-adventschistene. Dit het só gebeur: die adventiste het die kinderdoop en die doop deur besprenkeling verwerp. Dit bewys hulle verband met die Baptiste. Oor die onsterflikheid van die siel en oor die rusdag het die verskille skerper geword. Die christene van die Tweede koms het beweer dat die goddelose vernietig word en dat daar nie so-iets soos 'n verderf bestaan nie.

Nog 'n tweede skeur het gevolg, wat veral geëis het dat slegs die sewende dag as rusdag of sabbat moet geld. Vandaar dat hulle die naam van Sewendedagadventiste ontvang het. Hierdie sekte is geweldig aktief in sy program van evangelisasie en doen 'n massa werk deur

vlugskrifte en traktate. Hulle tydskrif is "Die Wagter", wat wêreldwyd sirkuleer.

b. Die leer.

Die Adventiste het geen vaste geskrewe geloofsbelydenis nie. Hulle beweer dat hulle alleen Gods Woord aanvaar, terwyl die geskifte van Miller en Ellen White Goddelik ingegewe verklaring van die Bybel is! Hulle staan nou wel nie gelyk met die Skrif nie, maar is tog wel 'n maatstaf om die Skrif reg te verstaan. 'n Blote kommentaar sou ons dit nie kan noem nie, juis omdat ons nie so-iets ken as 'n onfeilbare verklaring nie.

Vanweë die feit dat ons werklik hier nie eintlik 'n kerk het nie, maar 'n afsplintering met die oog op 'n eie, enge en toegespitste lewenswyse, wil ons hier nie aparte leerstukke bespreek nie, maar enkele verwysings doen.

Die Adventiste ontken so-iets soos 'n lewe na die dood. Hulle aanvaar dat die siele van die afgestorwenes in 'n sieleslaap verkeer tot op die dag van wederopstanding. Daar is dus nie so-iets as 'n verderf nie. Daar is 'n tussentoestand waarin almal wag op die laaste dag.

Verder word die kinderdoop verwerp en die doop deur onderdompeling alleen erken.

Opvallend is die kenmerkende Ou Testamentiese inslag in die verhouding tot God en in die eredienste. So-iets soos voetwassing voor die nagmaal, onthouding en vastye, vaste bepaling van tiendes as offers, verbod op gebruik van alkohol en tabak, geen eet van varkvlies ens. word as eise gestel. Daar word selfs sover gegaan om te beweer dat daar deur die Skrif 'n duidelike verband gelê word, tussen Godsdienst en gesondheid. Daarom moet alleen gesonde voedselsoorte geëet word, volgens voorskrif: vrugte, neut e.d.m.

Met die aanvaarding van die sewende dag as sabbat staan of val hierdie sekte. Werklik, as die sondige mens se enigste oortreding is dat hy nie volkome is in sy sabbatsviering nie, sou die hemele oorbevolk gewees het. Hier het ons waarlik 'n ondervoeding, as Gods volk elke sewende dag maar net dit uit sy Woord moet hoor: onderhou die sabbat elke Saterdag.

Sonder om die hele sabbatskwessie hier weer te gee, is dit tog belangrik genoeg om die gelowiges te wapen met wat die Skrif wel gee en hoe die Skrifverband die dinge stel. Ons maak eers 'n paar apologetiese opmerkings teen die leer soos Adventiste dit stel.

Die vraag is of die woord "sabbat" as eie naam deur die Skrif gegee word nl. As 'n bepaalde dag in onderskeiding van alle ander dae. Die woord sabbat beteken "rus". So het God dit na die skeppingsdae ingestel en dan staan daar dat God gerus het. Vandaar die sabbat en na aanleiding van God se rus, word nou ook in die vierde gebod bepaal dat die mens moet rus. Volgens die Adventiste is dit die onverbidelike eis dat die mens presies juis op die sewende dag moet rus. Dit bring mee dat besonder streng gelet moet word dat die kalenderjaar nie die geringste wysiging ondergaan nie. Indien daar slegs een enkele wysiging voorgekom het, sou sindsdien die ganse mensdom, ook die Adventiste, skuldig wees aan die gruwelonde waarvan hulle nou die mensdom beskuldig. Ons weet van verskillende sodanige kalenderhervorminge bv. die Juliaanse tydrekening, waarby nie minder as negentig dae toegevoeg is nie, ook die Gregoriaanse kalender waarby weer 12 dae weggelaat is.

Hy wat die Ou Testament onbevange lees, moet erken dat die nadruk nie juis val op uitwendige seremonies nie, maar juis op die inhoudelike. God eis nie offerandes nie, maar gehoorsaamheid en oorgawe van hart.

Op dieselfde wyse antwoord Christus aan die Samaritaanse vrou, as dit gaan oor Jerusalem of Gerisim, "Daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid". (Joh. 4:23). Dit gaan dus nie oor uitwendige dinge, soos die plek as sodanig nie. Ewe-eens gaan dit nie oor dag en datum nie, maar oor aanbidding in gees en

waarheid. Inderdaad, Paulus voeg hieraan toe "Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees". (Rom. 14:5).

Ons sou kan voortgaan om aan te voer dat Jesus en sy dissipels die sabbat vergeestelik het, verdiep het, dit in die heilsopenbaring 'n eie plek gegee het. Dit gaan tog nie om die sabbat as sodanig nie, maar om die mens en sy verhouding tot God.

Waarlik daar sou tog baie geleenthede gewees het waarop hierdie eenvoudige gebod aan die kerk van die Nuwe Testament as eis sou gestel gewees het en toe is dit nie gedoen nie. As bv. die kerk vir die eerste keer in apostel-samekoms byeen is (Hand. 15), kon tog aan die kerke gesê gewees het: julle moet die sabbat hou. Maar ons lees iets gans anders. As na Petrus se Pinksterrede die skare in radeloosheid vra: Wat moet ons doen, broeders? (Hand. 1:37), kon Petrus tog geantwoord het: Julle moet op die sewende dag sabbat hou. Maar ons lees iets gans anders.'

In teenstelling met die Adventistiese wense, vind ons juis dat die apostels van die begin af aan op die eerste dag van die week saamgekom het en dit ook genoem het die dag van die HERE. (Hand. 20:7, 1 Kor. 16:2, Openb. 1:10).

Ons sou hierby kon volstaan. Tog wil ons duidelik verklaar dat die christelike sondag of rusdag nie verniet op die eerste dag van die week gevier word nie. Ons rus in die verdienstes van Christus om daarna uit te gaan om in die krag van Christus te gaan werk. Sondag is opstandingsdag, en dit is 'n opstandingsgeloof wat ons moet kenmerk. Die lewende Christus is ons Middelaar. Hierdie Christus is ons alles en Hy het alles vir ons gedoen: gely, gesterf, begrawe, opgestaan, na die hemel gevaar. Hierdie Christus het ook vir ons en in ons plek gerus. Die wonderlike is juis dat die Skrif weergee dat Christus *drie dae* in die graf was: Vrydag, Saterdag en Sondag. Van hierdie drie dae was Hy net die hele Saterdag in die graf. Dit is die sabbatdag van die Ou Testament. Christus volbring die sabbatsgebod deur volkome op die sabbat te rus. En nadat Hy gerus het, staan Hy op die eerste dag, vroeg in die môre op.

Die rus is voltooi, soos sy offer aan die kruis vir ons voltooi is. Ons mag en moet nou rus in al die verkreë verdienstes van ons Here en Meester.

Daar is vir die kerk van die Nuwe Testament net één rusdag, die rus op die eerste dag van die week, die rus in die opgestane Heiland.

3. DIE JEHOWA-GETUIES, OOK BEKEND AS RUSSELIETE OF OOK BYBELSTUDENTE.

a. Die Geskiedenis.

Ook hierdie sekte het sy oorsprong in Amerika. 'n Jongman met die naam van Charles Taze Russell (1852—1916), koopman van beroep, van huis uit 'n Presbiteriaan, word bekoor deur die adventistiese leerstellings. Deur ernstige Bybelondersoek, sonder enige hulp van ander, probeer hy te wete te kom wat Gods plan met die wêreld is. Deur besondere verligting van die H. Gees stel hy die plan bekend, soos dit aan hom geopenbaar is. Toe hy nog slegs 23 jaar oud was begin hy al skrywe hieroor. Sy eerste geskrif was uitgegee onder die boeiende titel: Die doel en aard van die wederkoms van onse Here. Hierdie boek is wyd gelees en dit het aangespoor tot meer. Hy rig 'n tydskrif, Die Wagtoring, op wat selfs nou nog groot invloed uitoefen in 'n breë leserskring oor 'n groot deel van die wêreld. Hiermee saam gaan die duisende vlugskrifte uitgegee deur die Watch Tower Bible and Tract Society. Die bekendste onder die boeke van Russell is bepaald sy Skrifstudies wat hy uitgee om vir sy lesers as 'n sleutel tot die Bybel te dien. Hierin is dit duidelik vir elke leser dat daar vir Russell geen verborgenhede in die Bybel is nie. Hy gee voor asof hy alleen alles volkome begryp.

Russell het die pad gebaan vir sy volgelinge en aangetoon hoe propaganda vir sy sekte gedoen moet word. Met betreklike klein getalle is dit finansieel onmoontlik om persoonlike kontak te behou. Die gesproke woord is wel 'n kragtige middel, maar hulle het bewys dat die geskrewe woord 'n magtige middel is om die denke van die mensheid te beïnvloed. By die adventistiese sektes vind ons toespitsing op die gedrukte woord. Weet u dat die Jehowa's Getuies die grootste drukpers vir godsdienstige boeke besit in die ganse wêreld? In Brooklyn, New York, staan 'n nege-verdieping gebou en van hier uit word in veertig tale 'n magtige volume drukwerk uitgestuur. In een jaar sirkuleer daar 73fi00,000 tydskrifte, 43,000,000 Wagtorings en 29,000,000 vlugskrifte. Daar is geen kerk of beweging wat naby hulle kom nie. Geen enkele boek van Russell of Rutherford word in kleiner oplaag as 3,000,000 uitgegee nie. Selfs die Roomse kerk haal nie naby hierby nie.

Na Russell se dood in 1916 word hy opgevolg deur J. F. Rutherford, wat ook 'n entoegas was vir hierdie leer en by Russell nie agteruit hoef te staan in die volume geskifte wat hy produseer nie en die geweldige propaganda vir hierdie sekte. Dit moet ook nie moeilik wees om soveel te skryf nie, as in aanmerking geneem word dat dieselfde gedagtes eintlik onder 'n ander titel voortdurend herhaal word. Dit is die mees pynlike ervaring en een wat verveel om hierdie eentonige herhalings te bly lees en 'n mens word verbaas dat daar werklik voortdurend nog lesers gevind word wat bereid is om hierdie goedkoop miljoene-uitgawes te koop. Ook hier word van die boeke soos The Kingdom, Light, Skepping, Regering, Versoening, Regverdiging, Verlossing, Lewe, ens., ens. nie minder as 3,000,000 eksemplare gedruk nie. Die gevolg is dat hulle almal vir nie meer as een sjieling aangebied word nie. Dan nog word daar 'n wins op gemaak.

In 1931 word die huidige naam waaronder hierdie sekte bekend is aanvaar nl. Jehowa's Getuies. Voorheen was hulle bekend, eers as Russelliete, daarna Bybelstudente. Dit sou beter wees as hulle regte naam sou wees Rutherford-studente of nog beter: Rutherford-getuies. Ons sal dit probeer aantoon.

b. Die leer.

Vanweë die militante optrede van hierdie sekte en vanweë die feit dat sy getuies op ons strate elke week gesien word met 'n boek of 'n tydskrif wat aan ons óf vry gegee óf vir 'n geringe som verkoop word; ook vanweë die feit dat persone hulle aan ons opdring, in ons huise instap en hulleself voordoen asof hulle deur die HERE gestuur is om juis vanoggend met ons 'n gesprekkie oor die Bybel aan te knoop en slegs vir 'n kwartier vra om te luister na hul dwaasheid, moet ons vergun word om breër op hul leer in te gaan.

Ons wil eers 'n paar algemene opmerkinge maak om te laat sien hoe geweldig aktief hierdie gevaarlike sekte is.

Gedurende 1958 is 'n saamtrek van volgelinge gehou in die stad New York, V.S.A. onder die naam Divine Will International Assembly of Jehovah's Witnesses. Die grootste stadion is gehuur, die Yankee stadion, en volgens koerantberigte was daar nie minder as 117,200 aanwesiges, met nog 63,000 wat die pologronde, aangrensend geleë, gevul het. Aanspraak word daarop gemaak dat dit die grootste godsdienstige samekoms was wat nog ooit daar gehou is.

Onlangs is ons oë weer geopen vir die gevare van hierdie sekte deur 'n vroeëre lid daarvan, met sy boek *Thirty Years a Watch Tower Slave* deur William J. Schnell. Uit hierdie boek blyk dat hier eintlik 'n aksie gevoer word, nie maar teen elke kerk nie, maar teen alle vorme van godsdiens. Die aanslag teen die kerk is alleen maar omdat die kerk verantwoordelik is vir die gereelde godsdienstige samekomste en die leiding neem.

In Amerika kom die getuies nou openlik uit met hulle slagwoord: "Religion is a snare and a racket". Godsdienst is 'n vangvat en ydelheid. Godsdienst gee nie waarde vir die geld wat daaraan bestee word nie. In 'n publikasie genaamd "Enemies" word godsdienst (en nie meer kerke nie) 'n vyand genoem. Vertaal klink die beskuldiging gruwelik: "Laat ons onthou en voortaan in gedagte hou: godsdienst was nog altyd die vernaamste instrument wat die duiwel gebruik het om die Naam van die Almagtige God te laster en mense weg te trek van die Allerhoogste af" (p. 66). Dan gaan Schnell voort: "Die duiwel is die groot vyand van God en sy godsdienst is daarom 'n vyand van God. Die duiwel se organisasie (die kerk) word in die Bybel vergelyk met 'n hoervrou, genaamd Babilon. Alle godsdienst is van hierdie Babilon afkomstig, en besonderlik die vernaamste godsdienst wat bekend is in lande as 'Christendom'." (p. 71).

Dit is alles niks nuuts nie, omdat hierdie sekte alreeds in 1936 sulke beweringe gemaak het aangaande die kerk. Immers in die boek van Rutherford "Deliverance" word die protestantisme genoem die nasate van die groot hoer (p. 270) en die predikante word betitel as die kinders van die duiwel, mondstukke van die duiwel wat God tot leuenaar maak.

Toe die oorspronklike program van die Russelliete opgestel is, is die vraag gestel: waarom gaan dit eintlik hier? Russell het geantwoord dat sy beweging 'n optimistiese lewensuitkyk wat mense gelukkig kan maak wil ontwikkel. Die leer is nooit vasgelê in enige vorm van belydenisskrif nie, maar moet opgemaak word uit die vervelende leesstof wat die propageerders bied. In 'n vyftal stelling kan dit saamgevat word: Die Jehowa-getuies wil die bewys lewer dat die Godsplan sy hoogtepunt het in die duisendjarige ryk; dat die koms van die ryk aanstaande is; hierdie ryk in gloeiende kleure te skilder om sy aantrekkingskrag te verhoog; 'n garansie moet aan geïnteresseerdes gegee word dat hulle daaraan deel het; laastelik moet die bewys gelewer word dat al hierdie dinge in Gods Woord vervat is.

Dat ons egter geen Bybelgebondenheid verkry nie, maar suiwer spekulasie en gedagtevlugte, blyk uit baie gedeeltes. Semi-skriftuurlik, met 'n tikkie bybelagtigheid daarin, klink dit as Russell die drie groot tydvakke teken en die drie klasse mense.

Die drie tydvakke is: die voorsondvloedse, die teenwoordige en die toekomstige. Hierdie laaste word ingelui met die duisendjarige ryk wat in 1914 begin het. Tot op Russell het God sy wêreldplan geheim gehou, maar met en saam met Russell het God dit nou geopenbaar.

Die drie klasse mense is (a) die Bruidsklas wat tydig die Kerk (Babilon) verlaat het. Hulle is priesters en konings wat saam met Christus heers en soos Christus onsterflikheid besit; (b) die mense vir wie daar gedurende die duisendjarige ryk nog 'n geleentheid tot bekering is. Hulle verkry nie die onsterflikheid nie, maar 'n ewige lewe op aarde; (c) die wat ook dan nog nie tot bekering kom nie en deur 'n sagte dood vir ewig vernietig word.

'n Saamvattende behandeling van die leer van hierdie sekte wil ons verdeel:

- I. Die leer oor die Goddelike Drie-eenheid.
- II. Die opvatting oor Gods Woord.
- III. Die opvatting van die Heilsweg.

I. Die leer oor die Goddelike Drie-eenheid.

'n Ondersoek na die adventistiese opvatting oor God dwing ons om 'n geheelbeeld te gee, saamgestel uit die warboel van gedagtes vervat in Russell se Skrifstudies. Ons moet dan begin om ondersoek in te stel na Jesus Christus, die Seun van God, sy vleeswording, lyde en opstanding.

In Skrifstudies Dl. V lees ons dat Christus die eerste geskape kreatuur van God is (p. 85). Daarmee word die ewigheid van Christus as God prysgegee en van Hom net 'n mens gemaak. Voor Hy geskape is, was Christus 'n blote gees. Hy is ook nie gebore uit die maagd Maria nie, maar het menslike vlees aangeneem deur sy geestelike natuur te verander. In sy geestelike natuur was Hy bekend as die aartsengel Migael. Dus Christus word vereenselwig met 'n skepsel, met 'n baie hoë engel, maar tog dan met 'n skepsel. Engele is tog ook geskape wesens. Christus bestaan dus eintlik nie, maar Hy word in die loop van tyd. Al wat werklik bestaan is Migael wat later vlees aangeneem het, van wese verander het en toe ook 'n naamsverandering ondergaan het en Jesus Christus geword het.

Eintlik kan 'n mens dan hier maar ophou en nie verder gaan om aan te toon dat ook die Drie-eenheid van God geloën word nie. As één Persoon van die Drie-eenheid onteien word, kan daar nie meer van 'n Drie-eenheid gespreek word nie.

Eintlik het ons dan al klaar 'n stempel op hierdie sekte afgedruk — of liever ons vind dat hulle aan hulleself 'n naam toe-eien: antichristelik. Christus word tog hier nie maar net geloën nie, maar word ontken as 'n aparte Persoon. Wie Christus gelykstel met 'n skepsel, word 'n skepselaanbidder. Niemand kan nou meer geïnteresseerd wees in enige toekomstrome en duisend-jarige ryke nie. As daar voorspel word dat Jesus terug sal kom op 'n sekere dag en datum, weet die wagtende gelowige allereers al nie wie om te verwag nie: Jesus Christus of Migael. Immers, hierdie sekte beweer dat Christus nie twee nature, 'n Goddelike en 'n menslike kon gehad het nie, omdat Hy dan 'n onvolmaakte Basterwese sou gewees het. Jesus was 'n volmaakte geestelike wese en veral na Sy opstanding was Hy 'n volmaakte geestelike Wese van hoogste Goddelike orde. Maar nou weet 'n mens nie mooi hoe om uit hierdie warboel orde te verkry nie. As geestelike Wese was Hy Migael en het toe vlees geword. Hy kon nie twee nature gehad het nie en was dus net 'n vleeslike natuur. Maar Hy is nie vleeslike natuur nie, maar net geestelik. Dus is Hy net Migael. Ook Rutherford spreek hieroor in effe gewysigde opvatting, want Maria verkry hier 'n plek (Harp van God p. 102).

Iemand wat uit Gods Woord geleer wil word, sal dit nie moeilik vind om uit die Skrif die teendeel te bewys van wat hier geleer word nie. Joh. 1:14 "En die Woord het vlees geword", dieselfde Woord wat in die begin by God was (Joh. 1:1). Uit Joh. 17 word dit telkens duidelik dat Christus een met die Vader is en uit Filipp. 2:5-11 stel die apostel Paulus dit bo alle bedenking: Hy wat in die gestalte van God was ... het Homself ontledig ... en aan die mense gelyk geword. Ons haal alleen die Skrif aan en spreek self geen verdere oordeel uit nie: "Elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld". (1 Joh. 4:3).

'n Tweede deel van ons ondersoek aangaande die Goddelike Drie-eenheid moet gaan oor die opvatting omtrent die Heilige Gees. Is die Heilige Gees 'n Goddelike Persoon?

Ons hoor hier 'n heftige ontkenning. Russell skryf dit duidelik: die H. Gees is 'n onsigbare krag van God en hy beweer verder dat dit die kerk is wat die H. Gees aandui as Goddelike Persoon met die doel om die mense van Jehowa afvallig te maak. Duideliker as hierdie woorde in Skrifstudies Dl. V. kan dit nie: Die bewering het geen grond dat die Heilige Gees 'n ander God is naas die Vader en die Seun nie. (p. 169).

Nou kan ons weer na Gods Woord gaan en Joh. 16:7 v. lees waar die Gees die Trooster genoem word. In 1 Kor. 2:14 stel die apostel Paulus dit duidelik dat die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie, want hy kan dit nie verstaan nie. In 1 Joh. 5:7 word die Vader, die Woord en die Gees saamgebind tot Eén. As die Vader en die Seun dan God is, is die Gees saam met hulle waaragtige en ewige God.

Nou kan ons dan ten slotte spreek oor die Heilige Drie-eenheid. Russell spreek al van die valse leerstellings omtrent die Drie-eenheid wat deur die kerke ingevoer is (Verlossing p. 196). Daar is vir hom net één God en Sy Naam is Jehowa.

Nou mag ons wel meen dat ons dus hier te doen het met 'n belydenis van één God. Tog is dit nie die geval nie, want op bedekte wyse word hier 'n meervoudige godedom bely, want Russell beweer dat die Jehowa-getuies uit die Bruidsklas die status van gode eendag sal ontvang, om saam met God te heers.

Duideliker en op die punt af is Hutten se bewering (Seher, Grübler, Enthusiasten. p. 97 vv.). Vertaald lui sy woorde: "Die God van die Bybel is 'n ander God as die Jehowa van hierdie outokratiese Organisasie. Die Jehowa van die getuies is 'n versteende Wese wat geen barmhartigheid of vergewing ken nie. Die Getuies het Jehowa tot hulle eie Sektegod gemaak, hulle agent en hulleself is die enigste uitverkore volk. Die Bybel word alleen deur hulle verstaan en het alleen betrekking op hulle sekte. God word gedegradeer tot hulle eie hemelse spesiale Hoof en Beskermgod en die Getuies is vanselfsprekend sy kinders en bondgenote. Hutten sê dat die Jehowa-getuies self die roepstem moet hoor: bekeer julle! Maar hulle sal dit nie kan hoor nie, omdat by hulle die noodsaaklike voorvereiste ontbreek: sondebeseft, bekennings van eie verloreheid.

Ons het dus nie slegs 'n eie gereserveerde sektegod met 'n Naam wat glad nie eers in die Bybel voorkom nie en wat dus 'n sektenaam ook ontvang het nie, maar die Bybel is ook 'n sekte-bybel wat op ongelooflike wyse verdraai word. Ons kom later nog daarby. Dit baat dus nie eintlik om uit die Bybel te bewys dat God 'n Drie-eenheid is nie, want hierdie sekte het die alleenreg hom toegëien om die Bybel te verklaar. Ons mag egter noem dat Deut. 6:4 sê: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE." In die opdrag van die Here aan sy dissipels klink dit in Matth. 28:19: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees." Johannes sê van hierdie drie Persone in 1 Joh. 5 :7: "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is één."

II. Die Opvatting oor Gods Woord.

Ons sou die opvatting oor Gods Woord kan saamvat in 'n paar hoofpunte.

(a) Die uitleg van Gods Woord in die geskrifte van Russell, Rutherford en skrywers uit hierdie kring, word verabsoluteer. Hierdie leiers of skrywers word beskou as profete wie se woorde eintlik dieselfde outoriteit besit as Gods Woord self. Ons het hier dus 'n uiters gevaarlike posisie nl. dat Jehowa-getuies voorgee dat alles wat hulle sê uit Gods Woord geneem is. Hulle haal bladsye aan uit die Bybel en dit wemel van teksgedeeltes. Al wat iemand anders oor Gods Woord sê word deur hulle as menslik en sondig verwerp. Hulle toorn daarteen met venynige woorde. Kerke en predikante, skrifverklaarders en erkende eksegete moet deurloop onder 'n venynige tong in die wydverspreide publikasies. Alle leerstellinge wat op grond van goeie en gesonde skrifverklaring opgebou is word as vals bestempel. Satan het drie bondgenote, sê hulle: die valse leer van die kerke, die tirannie van regerings en die verdrukking deur die besigheidslewe. Dus: die kerklike, politieke en kommersiële sferes moet by Armageddon vernietig word en dan breek die nuwe dag aan.

Maar nou word dit 'n huis wat teen homself verdeeld is. Jehowagetuies publiseer dan self verklarings oor Gods Woord en een van die publikasies is dan getitel "Skrifstudies". Dan moet dieselfde oordeel ook hierdie menslike denkbeelde tref. Maar dan hoor u die afstotelike antwoord: God verklaar sy Woord in die Wagtoring en God veroordeel sy kerk deur die Getuies. Ons kan dan verder gaan: God laat sy Woord tot 'n bespotting word as sy Woord die

bewysgrond moet wees vir leerstellinge wat direk indruis teen Gods Woord. Gods Woord word dan deur Jehowagetuies in die Naam van God vermink deur mense wat meedoënloos net hulleself soek.

Ons sou nog verdere konsekwensies trek: as die laaste woord in skrifverklaring gespreek is deur Russell en sy trawante, is die finale woord ook oor hierdie saak gespreek en dan sou die teologiese wetenskap ophou.

(b) Deur die Skrif te maak tot 'n deurlopende profesie van die aanstaande heilsryk, tot één groot tydtafel wat aan ons die duisendjarige vrederyk se tye moet aankondig, word die Skrif 'n spekulasie-handboek vir menslike spitsvondighede. Nou word die Skrif 'n sekte-handboek. Loofs merk tereg op: so word die goud van die evangelie verdonker.

(c) Die Skrifwaarhede word tot 'n enkele gereduseer: wederkoms. Dit is ook die maatstaf vir ons geloofslawe. Wonderlik tog, dat die Skrif nie eers voorrang aan die wederkoms gee nie, hoewel dit natuurlik kragtig weergegee word. Ander waarhede staan daar tog helderklaar en duidelik: God as Skepper en Verbondsgod, Christus as Verlosser, Middelaar en Koning, die verkondiging van die evangelie en die toebereiding van Gods uitverkorenes. Immers aan die wederkoms moet soveel voorafgaan, want alles en almal moet ryp word en Gods bruid moet toeberei word. Ook die ongeregtheid moet ryp word vir die oordeel.

Die skadelike invloed van hierdie tipe Christusverwachting bly nie uit nie. Daarmee het die apostel Paulus al te doen gehad in sy tweede Thessalonisense-brief. Dit werk 'n verslapping van die aktiwiteit vir die roeping gedurende hierdie lewe in die hand. Die hede word só onbelangrik in vergelyking met die toekoms. Wat baat dit om in die hede so aktief te wees in die verkondiging as die dag van wederkoms tog aanstaande is? Om te wag moet dan ons vernaamste christelike taak wees. Dit is onskriftuurlik. By Paulus vind ons dat die wederkoms by hom juis 'n heilige drang is tot aksie, tot arbeid, solank as wat dit dag is.

Die kerke moet egter gewaarsku wees dat hierdie leerstuk van die laaste dinge nie net laaste staan in ons Nederlandse Geloofsbelydenis nie, maar ook te lank laaste gebly het in verklaring en prediking. Te lank was dit die speelplek van die sektes.

III. Die opvatting van die heilsweg.

In hierdie chaos van gedagtes wat losgelaat word en voorgegee word asof dit suiwer uit Gods Woord geput is, moet ons probeer om 'n beeld te kry. Dit is moeilik om hierin sisteem te kry, maar tog wil ons op die volgende sake die aandag vestig.

(a) Russell se verkeerde opvatting van verlossing spruit voort uit 'n totaal verkeerde sondebegrip — iets waaraan baie rigtinge mank gaan. Sonde word voorgestel as 'n gebrek. In sy Skrifstudies (1 hfst. 7) word hieraan nogal aandag gegee. Tot 'n diepe aanvoeling van hoe die Skrif sonde sien, nl. as majesteitskennis wat ons doemwaardig maak voor God en waarvan ons nie uit onself verlos kan word nie, maar wat die ewige straf verdien, kom Russell nie. Dit bly maar by 'n disharmonie, ook genoem onvolkomenheid, wat nie eers 'n kenmerk van krankheid dra nie.

Nou mag hierdie skrywer sonde en misdaad vereenselwig, maar dit doen Gods Woord nie. Hy mag probeer sy eie teorieë omtrent die ewige dood en hellestraf (wat ontken word) steun deur so 'n beskrywing van wat sonde is, maar daarmee gee hy eintlik alles omtrent die verlossing prys. Inderdaad gee hy daarmee Christus prys en moet hy logies kom om Christus as Middelaar te loën. Dit gebeur dan ook, soos verwag kon word.

(b) Dit voer ons om in aansluiting by bostaande eers te spreek oor sy opvatting oor Christus. Ons het reeds al gesê dat Russell Christus se vleeswording beskou as die vleeswording van

Migael. In hierdie Migael wat vlees geword het, is daar geen goddelike natuur nie. Hy is alleen maar 'n volkome mens. Ons sien nou waar dit heen gaan. Sonde is nie iets wat ons in die ewige strafgerig van God bring nie en daarom is 'n Christus wat 'n Goddelike Persoon is, nie nodig nie. Christus word ingeboet. In sy Skrifstudies (Deel V. p. 457) word selfs beweer dat Christus se versoeningslyde nie voldoende was vir volkome verlossing nie, maar dat gelowiges se toewyding en lyding dit moet aanvul. Christus verrig dus slegs 'n gedeeltelike verlossing en dat Hy die eersgeborene is uit die dode, laat Hom slegs sien as Voorloper.

So verloor Gods volk sy Christus heeltemal. 'n Mens dink onwillekeurig aan die Heidelbergse Kategismus vraag 30 wat vra: "Glo hulle dan ook in die enigste Saligmaker Jesus, wat hulle saligheid en welsyn by die heiligens, by hulleself of êrens anders soek?" Die antwoord is: "Nee; maar hulle verloën met die daad die enigste Heiland Jesus, ofskoon hulle met die mond in Hom roem; want een van twee: óf Jesus is geen volkome Saligmaker nie, óf die wat hierdie Saligmaker met 'n ware geloof aanneem, moet alles in Hom hê wat vir hulle saligheid nodig is". Ons verwys hier ook na die skrifgedeeltes wat daar genoem word.

(c) Die valse leer oor Christus word nog in ander uitsprake openbaar. Hier gaan dit oor Christus se opstanding uit die dode, wat tog so uitnemend belangrik is vir die opvatting van geregtigheid. Russell sê dat hy nie weet wat van die liggaam van Christus geword het nie, of dit in gas verdwyn het of elders verberg word nie, sodat God dit in die duisendjarige ryk kan vertoon nie. (Skrifstudies deel II, p. 129). Die menslike liggaam van Jesus is dus weggeneem, maar dit het nie opgestaan nie.

Die ergste is hier nie dat die Skrif self teëgestaan word nie, maar dat onse Here Jesus Christus self tot bedrieër gemaak word. Immers, verhaal Joh. 20:27-29 dan nie dat Jesus self sy opgestane liggaam aan Thomas getoon het nie, met spykermerke en swaardmerk en al, as teken dat Hy waarlik opgestaan het? Ook Paulus se woorde spreek direk teenoorgestelde getuienis: "En as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes, dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore." (1 Kor. 15:17, 18).

(d) Uiteindelik gaan dit om die begrip "geregtigheid". Vir hierdie begrip is die Jehowa-getuies verskriklik bang, omdat hulle daarmee in die moeilikheid kom as hulle moet spreek oor dood en lewe, oor sonde en straf, oor doderyk en hel. Wonderlik hoe hierdie begrip die christelike godsdiens beheers en rig. 'n Verkeerde sondebegrip moet noodsaaklikerwys 'n verkeerde geregtigheidsbegrip binnebring, moet ook dadelik 'n verkeerde opvatting gee oor Christus se verdienste en genade.

Waarom sal Christus nou moet ly as sonde maar net disharmonie is, swakheid, onvolkomenheid en 'n terloopse oortreding? Dan kan ons maar onself korrigeer en herstel. Juis omdat sonde ongeregtheid is, moet Christus aan die kruis. Daarom is die betaling van die sonde die dood, die ewige dood, die tweede dood. Daarom is daar hel en ewige straf. 'n Groot gedeelte van die Bybel sal moet wegverklar word, as Russelliete hul opvatting wil deurvoer. Gods Woord is vol van hierdie woorde wat ewige straf en dood aandui, asook oor die ewige pyniging. Dit begin in Genesis en gaan voort tot in Openbaring.

Maar nou: as daar geen geregtigheid is nie en as God geen geregtigheid eis nie, kan daar ook geen kruis wees nie. Dit is juis omrede God geregtigheid eis en bly eis, dat daar 'n kruis op Golgota staan. Want die ongeregte mens kan nie aan Gods geregtigheidseis voldoen nie. Daarom het Christus in ons plek gekom om daaraan te voldoen.

(e) Dit is moeilik om met die begrippe wat aan ons so goed bekend is te werk waar jy met hierdie sektariese leerstellinge te doen het. Neem bv. die begrip *uitverkiesing*: hierdie mense is nie maar net gekant teen uitverkiesing as sodanig nie, maar het daarvan nog nooit gehoor nie. Laat ons egter dit beweer: hy wat uitverkiesing sê, word genoodsaak om ook verwerping

aan te neem. Hy wat verwerping bely, bely ook oordeel en gerig, ewige straf en rekenskap. Juis dit wil geen van die sektes aanvaar nie, en veral is die Jehowa-getuies hierteen gekant. Ons vind dat eintlik vanaf die teenoorgestelde kant die saak benader word nl. aangesien daar geen oordeel of gerig kan wees by God, 'n Vader vol van liefde nie, kan daar ook nie sprake wees van uitverkiesing nie.

Die Skrif ken geen verskil tussen Gods liefde en sy geregtigheid nie; intendeel hulle woon by God saam in heerlike harmonie. Gods liefde is in die eerste plek heilige selfliefde en hierdie liefde brand teen elkeen wat Gode ongehoorsaam is. Hierdie liefde van God is juis die oorsaak dat God so jaloers is op sy kinders en Homself stel teenoor Satan wat dit mik teen Gods Kerk. Nou gaan Satan teen God en word deur God oorwin; nie een van Gods eiendom sal Satan uit Gods hand kan ruk nie.

Op so 'n wyse word Gods eer gehandhaaf en word Gods Naam verheerlik. Die sirenesang van mense wat altyd met Gods liefde 'n spel wil speel, moet terdeë afgewys word: dis God-onterend. Ons moet nie toelaat dat mense luister na hierdie verleidende geeste nie, tuis word in hierdie atmosfeer nie, om uiteindelik in die tyd van krisis, as die juiste rigting ingeslaan moet word, te sê: hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?

Ons moet hier in herinnering bring dat die kerk in die loop van die eeue geroepe was om te stry teen die koue rasionalisme, teen die geesdoende positiwisme, teen die afgodiese modernisme — nou het dit tyd geword dat die kerk weer as vyand hierdie soetsappige emosionalisme moet uitken en ten stryde gaan. Die emosionalisme is 'n wasige en deinsige atmosfeer wat veral die grens tussen kerk en wêreld uitwis. Dit kan nogal verloklik wees en gee die indruk van geweldige spanning. Eintlik maak die geheel 'n kinderagtige indruk. As daar dan *geen* oordeel, *geen* verderf is nie — as almal hoof vir hoof dan die saligheid beërwe, waarom dan al die prediking, oproepe tot bekering, stryd tot suiwerstelling? Die hele voorstelling is só inkonsekwent, soos alle emosionalisme, volkome buite redelike perke. Eintlik kan daar volgens hierdie leer nie so-iets soos sonde bestaan nie, geen vergiffenis nie. Immers as God Koning is en dit maar duld dat Sy wette oortree word, straffeloos toesien dat dit oortree word, het God inderdaad opgehou om God te wees. So 'n God sou die naaste aan 'n afgod wees wat oë het en nie sien nie, ore wat nie hoor nie ens. soos Ps. 115 dit weergee.

(f) Ons moet ook nog die krag van die begrip "vergiffenis" hier beklemtoon, waarsonder geen versoeningsleer voorgestel kan word nie. Vergiffenis veronderstel uit die staanspoor betaling of genoegdoening. Slegs by verekskusering of verskoning hoef daar geen genoegdoening plaas te vind nie en hier is Christus dan ook nie nodig nie. Nou skyn dit asof ons ook hier te doen het met die verderflike leer wat Christus uitskakel en sonder die kruis van versoening wil spreek. Die Skriftuurlike en Gereformeerde leer van geregtigheid, uitverkiesing en vergiffenis word bestempel as hard — maar daar word nie besef nie dat as dit ontnem word, word eintlik alles weggeneem wat nog vertroostend kan wees en word ons in die uiterste armoede agtergelaat, sonder God, sonder Christus, sonder genade en sonder hoop in die wêreld.

Ons wil hierdie gedeelte beëindig deur 'n konklusie te trek. Vrymoediglik kan beweer word dat ons hier te doen het met 'n semi-skriftuurlike, semi-godsdienstige, semi-kerklike aksie, wat juis om sy halfslagtigheid uiters gevaarlik is. Vanweë sy miskenning van die vleeswording van Jesus Christus — vanweë sy leer oor die opstanding en vanweë sy stellingname nie in die Skrif nie, maar op die boeke van Russell en Rutherford, moet hierdie sekte as 'n antichristelike aangedui word en een waarmee ons kerkmense geen gemeenskap behoort te hê nie.

Hoofstuk IV.

PERFEKSIONISTIESE SEKTES.

1. Inleiding.

Ons het hier hoofsaaklik te doen met die saligheid van die mens en die wyse waarop dit geskied. Nie alleen gaan dit oor die begin van die bekering nie, maar oor die ervaringe van die also bekeerde as hy gaan op die weg van heiligmaking. Ons hoor hier van bekering en dan verder van heiligmaking. Dit is die twee hoofsaake. Hierby pas dan as noodsaaklike skakel die geloof. Op grond van hierdie sogenaamde ervaringe van die gelowige kom dan sekere vruggevolge wat ons sou kan noem vervulling deur die Gees, spreek in ander tale, genesing ens.

U mag vra waarom ons hierdie sektes groepeer onder die naam Perfeksionistiese sektes? Ons kon dit net sowel genoem het: die heiligingsbewegings, vanweë die besondere nadruk wat op die heiliging val. Heiliging of vervulling word sodanig oorbenadruk as geestelike ervaring ten tyde van hierdie aardse lewe, dat die heiliging as volmaakte toestand nie net bereik kan word nie, maar werklik bereik moet word. Dit is die toppunt van geestelike ervaring en daarom word beweer dat die kerke alleen die ervaring van bekering of uiters van regverdigmaking ken en daar ophou, maar hierdie sektes skrei voort na die heiligmaking, waarby die mens tot volkome oorgawe kom aan die Heilige Gees. Die heiliging as 'n soort prestasie van die gelowiges word as 'n verdere trap van geestelike ontwikkeling gestel, verder as die regverdigmaking. Daar is dus 'n onderskeid tussen gewone christene wat slegs as geregverdigdes aangemerkt kan word en die ander christene wat die geestesdoop deelagtig is.

Hierdie sogenaamde heiliges het dan volkome gebreek met die sonde, is nog op die wêreld maar het geen deel met die wêreld nie. Hulle leef nog tussen ander sondaars, maar is self nie meer sondaars nie en kan nie meer sondig nie, omdat daar 'n ander lewe ingetree het wat aangedui word met die woord: Geesteskinders, geheiligdes. Ons noem dit perfeksionisme. Dit is miskien die beste aanduiding: volmaaktheid, verhewe bo die sonde en alle aardse praktyke.

Dat daar sodanige sektes is, wil ons in die volgende bladsye verduidelik.

Kurt Hutten, seker die persoon wat die wydste en diepste studie oor die sektewese in die wêreld gemaak het, het nogal skerpsinnige opmerkings oor die ontstaan en vordering van sektes in die jongste tyd maak. Dit verplig 'n mens om ernstige aandag aan sy woorde te gee.

Sektes staan nie lynreg teenoor 'n kerk nie en tree nooit op as 'n anti-kerk nie, niestanende die baie grimmige woorde wat kwytingeraak word teen die kerke. Veral as dit gaan oor die verlossing en saligheid, het ons tog gesamentlik te doen met 'n sondige mens en 'n genadige God en dit is al gemeenskaplike terrein. Van hierdie dinge weet ons uit Gods Woord. Alles klink asof daar geen verskil na vore kan kom nie. En tog gebeur dit elke dag. Dit dwing ons om hierdie terrein te ondersoek en die verskille en verbande bloot te lê.

Wat die gebruik van die Bybel betref: reeds hier begin al 'n groot verskil tussen die kerke en die sektes. Berkouwer het daarvan dit gesê: "Meestal ontstaan ketterijen zo, dat men niet meer de harmonie der ganse Schrift honoreert en dan is het gevolg, dat men óók niet meer zuiver spreken kan over wat ons juist bijzonder gegrepen heeft. Het is nl. zo, dat men niet eenzijdig preken of bijbellezen kan, en dan in ieder geval over een *bepaald* gedeelte van de Schrift een diep inzicht ontvangt. Neen: de vereenzijdiging dringt *ook in dat gedeelte door* en doet daar zijn werk. . . We gaan dan feitelijk leven bij een verkort Bijbel. . . We vervreemden

van de volle inhoud der Schrift. . . en mense kan er deur van elkaar vervreemden. Ze verstaan elkaar niet meer en het lijkt wel of ze er allen een *verschillende* Bijbel op na houden. Ze redeneren langs elkaar heen en het gesprek breekt af zonder resultaat".

Berkouwer illustreer die hierbo gesegde aan die persone en sektes wat aangegryp is deur die toekomsprediking van die heilige Skrif. Hy sê dat dit voorval dat sodanige mense net belang begin stel in boeke soos Daniël, Esegïel en Openbaring. Nou sien en hoor hulle niks anders meer nie. En nou wil dit nie sê dat sulke mense darem 'n terdeë studie gemaak het van genoemde drie Boeke nie en dus hierdie gedeelte van die Bybel intensief ken nie. Nee, die vereensydiging bring mee dat hulle die voorkeurgedeeltes in 'n bepaalde lig gaan stel en dat hulle Gods Woord totaal verkeerd verstaan.

Daarom, so konkludeer Berkouwer, is Bybelstudie nie so 'n eenvoudige saak nie. "Want wij zijn lastige mensen, ook als God tot ons spreekt. We willen dikwels liever niet luisteren naar *alles*, wat Hij ons heeft te zeggen. We gaan *kiezen* en *selecteren*. . . Dan zijn we nog wel Bijbellezers, maar we hebben de Bijbel in verkort uitgave. Misschien zijn we daartegen, maar *zakelijk* is het toch zo, dat we de inhoud van het Woord Gods aan het = versmallen zijn". (Aanhalinge uit 'n artikel van Berkouwer ; "Voorkeur" in Gereformeerd Weekblad, 1 Sept. 1955).

Dit is op presies dieselfde wat Hutten wys, as hy op die verband tussen kerk en sekte wys. Dit is nooit so 'n ernstige breuk nie, maar tog wel in beginsel van so 'n aard dat die kloof al wyer word. Die kerke van die reformasie het die drie grondbeginsels aanvaar in sover as wat dit die genadelewe, die verlossing en heiligmaking betref: sola gratia, sola fide en sola scriptura; genade alleen, geloof alleen en die Skrif alleen. Perfeksionistiese sektes is, skynbaar hiermee roerend eens. Hieruit blyk nou dat saligheid slegs 'n moontlikheid van God is en nie deur ons verdien kan word nie. God werk, God skenk. Daar is geen verdienste nie en die mens kan hom nie in trots verhef en hom teenoor God aanmatig nie. Hier begin dit nou al span. Maar nou: die mens moet die heilsweldade tog in die geloof aanneem, Hy moet glo. Ook die geloof kom nie deur eie vermoë tot stand nie, maar word in hom voltrek deur die Heilige Gees. Ook hier is dus geen prestasie in geleë nie. Hier word die spanning tot breekpunt gevoer. Metodistiese en sektariese elemente gaan hier hand in hand in hulle entoesiastiese drang na heilversekerdheid en hulle probeer om 'n bepaalde heilsweg daar te stel wat die menslike inisiatief nie negeer nie. Die sondige mens moet darem hier meesprek en werksaam wees. Sodra hier nie suiwer bely word nie, word presies die grondstellings van die reformasie ondergrawe. Want dan word dit nie meer sola gratia, genade alleen, nie. En nou is juis dit die ontstellende dat bepaalde kringe binne die kerk gevaarlik oorhel na hierdie vorm van sektarisme. Daarom roep Hutten alle kerke op tot voortdurende waaksaamheid. "Alleen dan, als ze de 'sekten' in zichzelf heeft overwonnen, heeft ze ook de kracht de sekten daarbuiten tegemoet te treden met de haar toevertrouwde waarheid". (Geloof en Sekte 34).

Waar ons hier met die perfeksionisme te doen kry en sektes wat op hierdie weg gaan en wat saam met ons die bekeringsroep laat hoor, moet ons hier waarskuwend nie net teen die sektes optrek nie, maar ons kerke oproep tot suiwer belydenis. Hutten (Geloof en Sekte, p. 35 vv.) laat 'n suiwer geluid hoor. Die sola gratia word met allerhande toevoegsels voorsien, meesal met 'n menslike prestasie as voorwaarde, al is dit net slegs 'n ernstige probeerslag of strewe. Die Perfeksioniste sê dat 'n mens eers dan in genade aangeneem word wanneer jyself besluit het om jou te bekeer en tot die beslissing gekom het om jou heeltemal aan die Here oor te gee. Hier het ons die aksentverskuiwing van God af na die mens, van Gods handeling na die van die mens; van Gods beloftes na die menslike vermoëns.

Wat die geloofslewe betref, vind ons presies dieselfde en kan ons by die behandeling van hierdie groep sektes telkens hierdie trekke terug verwag. Ons het nie hier te doen met

openbaring nie, maar met *ervaring*, nie met Gods Woord as woord van God wat gehoorsaam moet word nie, maar met die beleving daarvan; nie met die objektiewe, buite my liggende waarheid wat versterkend is vir my geloofslewe nie, maar met die subjektiewe spanning van my geloof en my vervulling, my heiligmaking. Luister na hierdie woorde: "De sacramenten gelden niet meer als handelingen, waarin God de gevende en de mens de restloos ontvangende partij is, maar de mens schuift naar voren in de positie van een medespeler. Daarom wordt vooral de kinderdoop fel afgewezen, en het ligt in de aard der zaak, dat juist bij dit vraagstuk de tegenstelling tussen de kerk en de sekten van deze groepering duidelijk aan de dag treedt. Want in de praktijk van de kinderdoop wordt het objectieve karakter van het sacrament — en op de achtergrond daarvan het sola gratia, het heil als uitsluitend en alleen Gods daad — ondubbelzinnig betuigd. Als de mens echter zichzelf als medespeler in het heilsproces inschakelt, moet hij de kinderdoop vervangen door een 'geloofdoop', waartoe alleen volwassenen, die in staat zijn beslissingen te nemen, kunnen komen en waarvan de geldigheid afhankelijk is van de godsdienstig-zedelijk kwaliteit, die ze in hun bekering bereikten."

En so kan ons voortgaan om te sien hoe ook heiliging 'n prestasie is van gelowiges. Genade word nie misken of weggedoesel nie, maar dit word van die menslike gedrag of beslissing afhanklik gemaak.

Dit begin gewoonlik met die voorwaardes wat by 'n mens aanwesig moet wees om genade te kan ontvang. Daarna word daar 'n kousale verband bepaal tussen die menslike prestasies en die goddelike heilsbesluit, so selfs dat saligheid nie meer 'n soewereine daad van God is nie, maar 'n antwoord van God op die versoek van die mens. En so kom alles naderhand afhanklik van hoe intensief die mens na nog grotere toesegging van heil verlang. Dit bring grade van heil teweeg. 'n Mens kry dan gewone christene, buitengewone christene en dan christene wat die geestesdoop, ontvang het en eintlik gevorder het tot die stadium van volkomenheid. Alles hang eintlik van die menslike ervaring, gebed, beleving, toewyding af.

En daarmee kan ons verklaar hoe die leerstuk van die Heilige Gees eintlik by voorkeur deur hierdie sektes aan hulleself toegeëien word. Die Gees is nie meer 'n Goddelike Persoon nie, maar iets wat sektes vir hulleself toeëien, kan laat spreek, kan laat swyg, net soos hulle wil. Hutten sê hiervan: "Als volkomen vanzelfsprekend wordt veronderstelt, dat, als de evangelist X zondagmiddag in zaal Y zijn bijeenkomst houdt, ook de Heilige Geest prompt verschijnt en Zich in voorspellingen, tongentaal en bekeringen bekend maakt. Hij is de trouwe begeleider van de evangelist geworden, die hem nooit in de steek laat en aan zijn roepstem gehoorzaamt".

2. DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING.

a. Die Geskiedenis.

Verskillende geestelike voorouers wat as Pinksterbewegings bekendheid verwerf het, kan aangedui word in die kerkgeskiedenis. Ons kan bv. teruggaan na Baptistiese strominge wat vanuit die Anabaptisme, geboortig in Zürich, Switserland, oor Europa, Amerika, Engeland en ook later na Suid-Afrika gesprei het. Die Anabaptistiese geesverwantskap kan eintlik nie ontken word nie, omdat die kind (Apostoliese Geloofsending) so baie na sy voorouers lyk. Ons het hier dieselfde trekke nl. bestryding van die kinderdoop, losskeuring van die staat en die oprigting van 'n genootskap van heiliges. Ten tyde van die Hervorming het hierdie rigting al wortels gehad in Nederland en is hulle deur Karel V onderdruk. Deur die bekende Menno Simons is daar 'n duideliker en meer verhewe weg ingeslaan.

Ons kan ook ander voorouers vermeld en dink bv. aan die Kwakers en Hernhutters. Veel van

Wesley se opwekkings-gedagtes en vroomheidsuitinge kan ons hier terugvind. Gemeenskaplik aan almal is inderdaad die emosionele en angstige belewinge wat soos 'n verterende brand liggaam en siel beheers. Sentraal staan eintlik die Pinkstergedagte en die ideaal is duidelik om die vuur van vroomheidsbelewing te behou soos wat dit op die Pinksterdag met die uitstorting van die Heilige Gees gesien en gehoor was.

Müller (in sy boek Die Christelike Sektewese, pp. 112 en 113) tipeer dit raak: "By sommige sektes tref ons 'n vóór-Pinkster standpunt, waar die ongeorganiseerdheid van die gemeentelike lewe as ideaal gestel word, en nog gebid word om die "uitstorting" van die Heilige Gees; die meeste egter leef en wil leef in die pneumaties-veelbewoë Pinkstertyd met sy Geestes-doop en Pinkstergawes . . . Aan die "gewone" gawes van die Gees heg hul weinig waarde; alles moet "buitengewoon" wees . . . Die buitengewone is vir hul die normale in die Christendom."

Die eintlike oorsprong van die Apostoliese Geloofsending soos ons hom in Suid-Afrika aantref, moet in Amerika gesoek word. Onder leiding van vader en seun Spurling het die Spadereën-beweging in 1886 ontstaan. Volgens Joël 2:23, waar sprake is van die laat reëns en wat verklaar word as die uitstorting van die Heilige Gees, het hierdie sekte die Geestesdoop en tongspraak. (glossolalie) geleer. Hulle vroeëre verband met die Baptistiese beweging het hulle gebreek. Sinds 1908 hoor ons van die "Holiness Church" wat eintlik die moeder is van die Pink-sterbeweging. A. J. Tomlinson word leier in hierdie kerk en verander die naam in "Church of God".

Van hierdie beweging het daar telkens besondere gerugte uitgegaan nl. dat daar besondere kragte geskied by die Geestesdoop, asook van genesingswonders. In Amerika self het hierdie sogenaamde opwekking groot opspraak gewek. In 1905 vind ons in Wallis ook so 'n beweging. In Duitsland word hierdie beweging in Wallis só weergegee: "Die nuwe in Wallis is dat daar 'n einde gemaak is aan die heerskappy van die menslike gees. Dit is nie meer die gees van pastore en predikers wat daar die leiding het nie, maar die eenvoudige broeder het in Wallis die moed om in waarheid te glo aan die goddelike leiding deur die H. Gees in die samekomste van die gelowiges. Ons godsdiens moet weer onder die inspirasie van die Gees staan.

En so kom 'n beweging ook Europa binne in 1905 vanuit Noorweë en dan na Duitsland in 1906. In Duitsland het pastoor Modersohn die leiding geneem. Hy het die Blankenburgse konferensie as die hoefslag van die wit perd (Openb. 6) aangedui.

Al gou vind ons senutergende spanninge en ekstatiëse tonele wat bestempel word as wilde tonele deur een van hul eie evangeliste Heinrich Dallmeyer in sy boek Die Zungenbewegung. Die spreek in tale is die vernaamste kenmerk en ook die oorsaak van hierdie onordelikhede, wat ook bestempel word as vreemde verskynsels. Eers hoor 'n mens van ekstase in die vorm van uitroepe, kreune, halleluja-geskreeu. By die toppunt van die ekstase vind ons dan die sogenaamde glossolalie of spreek in tale.

Onder verskillende name is daar verskillende nuanseringe van hierdie sekte. Hulle het ook hul skeuringe beleef. Verder is daar besondere sterk aanhang in Noorweë en Swede. Voorts vind ons sterk ondersteuning in Engeland, Ierland, Frankryk, Italië, Tsjeggo-Slowakye, Hongarye, Indië, Ceylon en Suid-Afrika.

In Suid-Afrika is dit 'n groep waarmee rekening gehou moet word. Die herlewing in Amerika, spesifiek rondom Los Angeles aan die begin van hierdie eeu, het ook na Suid-Afrika gekom. In die V.S.A. het talle persone die ondervinding gehad om vervul te word met die Heilige Gees, gepaard met die spreek van tale, soos wat die Skrif dit gee in Hand. 2:4, 10:44-47, 19:6.

In 1908 besoek 'n paar Amerikaanse evangeliste Suid-Afrika en tydens hulle dienste is talle persone vervul met die Heilige Gees en het in tale gesprek. Volgens bewering het daar ook talle oombliklike bekerings plaasgevind en genesingswonders. Geestelike verdieping het gekom en die gelowiges se lewens is verryk.

Oorspronklik wou hulle elkeen binne hul kerke bly en nie 'n aparte genootskap vorm nie, maar omdat persone wat hierdie rigting gesteun het en self sodanige ervarings opgedoen het, nie welkom in hul kerke was nie, het hulle in 1913 'n aparte genootskap gestig.

In 1946 is die sieletal aangegee as 60,000 blankes. Die nie-blanke aanhangers is selfs nog groter en hul sendingswyer is lofwaardig. Die blanke kerk is georganiseer in 183 selfstandige gemeentes en 257 takgemeentes. Hier werk 207 pastore en sendelinge.

b. Die organisasie.

Die Apostoliese Geloofsending word bestuur onder 'n Statute en Akte van Oprigting soos deur 'n gewone Maatskappy gedoen word en onder die Maatskappywet. Die Akte van oprigting dra die datum 4 Oktober 1913 en die Statute 1946.

Die organisasie begin by die lede, bestaande uit blanke en nie-blanke volgelinge wat apart beheer word en in gemeentes georganiseer word. Voltydse werkers bestaan uit pastore en leraars, evangeliste, sendelinge en vrouewerkers. Deeltydse werkers omvat ouderlinge, diakens en diakonesse. In kort kom die stelsel van organisasie neer op *gemeenterade* wat jaarliks deur die plaaslike gemeentevergaderings verkies word. Uit die gemeenterade word afgevaardig na die jaarlikse vergadering van die *Algemene Werkersraad*. Hierdie Raad bestaan benewens hierdie afgevaardigdes, ook nog uit al die voltydse werkers.

Die algemene werkersraad verkies uit sy midde 'n *Uitvoerende Raad of Geestelike Komitee* al om die drie jaar. Daar is ook nog 'n *Distrikswerkersraad*, bestaande uit die voltydse werkers en afgevaardigdes uit al die gemeentes uit die betrokke distrik. Die Distrikswerkersraad verkies ook een of meer lede op die Geestelike Komitee.

Prakties word alle mag en seggenskap, onderworpe aan die konstitusie en Akte van Oprigting, verleen aan die Uitvoerende Raad. Dit is die hoogste liggaam. Die Geestelike Komitee bestaan uit al die lede plus nog 'n drietal wat die Algemene Werkersraad uit die voltydse werkers daarop mag verkies.

Dit bevreemd natuurlik dat hier sprake is van ouderlinge en diakens, maar van hulle funksie lees ons niks. Hulle word benoem deur die Gemeenteraad maar verdwyn daarna uit jou gesigskring, behalwe dat uit hulle midde persone aanbeveel kan word as voltydse werkers deur die Distrikswerkersraad by die Uitvoerende Raad.

Daar bestaan nou 'n vorm van opleiding deur middel van 'n Apostoliese Bybelkollege wat binne- en buitemuurse klasse gee in Johannesburg. Die minimumvereiste vir toelating is die matrikulasiesertifikaat en hierna volg nog 'n kursus van twee jaar.

c. Die leer.

Ons moet eers algemene opmerkings maak oor die leer wat in hierdie kring aanvaar is. Tot op datum 5 Desember 1957 was daar geen sprake van 'n aanvaarde belydenisgrondslag nie. Daar was natuurlik altyd sekere leerstellings waarby hierdie sekte bekend was by die kerke en wat ook sterk reaksie uitgelok het, maar dit was moeilik om van 'n kerklik aanvaarde belydenisgrondslag te spreek omdat daar traagheid was om spesifiek te wees in die bepaling van die inhoud van hul leer. Gewoonlik is geantwoord dat die Heilige Skrif alleen volkome genoegsaam is. Beweer is dat belydenis en vaste leerstellings gelykgestel kan word met

reglementering en hulle begeer geen gereglementeerde godsdiens nie. Die eintlike rede is dat geen belydenis begeer is nie omdat slegs op persoonlike vroomheid nadruk moes val.

Daar is natuurlik gevare aan verbonde om 'n belydenis te hê. Prof. H. Bavinck het daarvan getuig toe hy gesê het dat die grootste gevaar is dat die gemeente nie meer sy geloof bely nie maar net sy belydenis glo. Die geloofsbelydenis van 'n kerk is nie maar 'n geskrewe stuk wat formeel in orde moet wees nie, maar sy magtige inhoud, sy binding van die gewete, moet voortdurend aan Gods Woord getoets word. 'n Belydenis is die hart van die kerk en druk uit wat die inhoud is van wat die gemeente van Christus bely. Dit is 'n uitdaging aan enigeen om hom op te maak om dit aan te val; dit is ook 'n uitnodiging aan enigeen om hom daarmee te vereenselwig.

Sinds 1957, by die nadering van die vyftigste verjaardag van die Apostoliese Geloofsending, het daar vasstelling gekom, omdat hulle, in hul eie woorde, tyd genoeg gehad het om hulle ten opsigte van alle kardinale leerstukke te besin. Volgens die voorwoord op hul eie uitgawe: "Die Belydenisskrifte van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika", was dit nie nodig om al die leerstellings onafhanklik van die historiese kerk te gaan formuleer nie, maar het hulle hul aangesluit by die beslaande belydenisskrifte. Ons haal aan: "Die Algemene Belydenisskrifte, t.w. die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicéa en die Geloofsbelydenis van Athanasius was nog altyd deur die Apostoliese Geloof Sending van S.A. aanvaar as gemeenskaplike grond met alle ander Christelike kerke. In soverre sy die Nederlandse Geloofsbelydenis as Skriftuurlik beskou, wil sy dit ook graag onderskryf. Waar sy egter van oortuiging is dat God in hierdie twintigste eeu, deur 'n ruimer openbaring van die Heilige Gees, en met die verloop van tyd, sy Kerk tot nuwe besinning roep ten opsigte van sekere leerstukke, wil sy in die woorde van Art. VII verklaar: En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die goddelike Skrifte gelykgestel word nie, of ook die gewoonte met die waarheid van God nie — want die waarheid is bo alles — of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van persone, of die Konsilies, verordeninge of besluite nie. Om hierdie rede kon sy ook nie die Nederlandse Geloofsbelydenis as onaantasbaar aanvaar nie, en moes sy in die lig van die Bybel sodanige wysigings aanbring as wat sy nodig geag het. Wysigings is veral aangebring in artikels 15, 16, 25, 33, 34 en 37. Een artikel 11b, is bygevoeg om haar Pinksterstandpunt duidelik te stel".

Die skynbare vastigheid wat daar gekom het deur aanname van 'n Geloofsbelydenis, het hierdie sekte presies maar beland waar hy gestaan het nl. By die lossigheid van 'n praktyk wat nie die toets van die Skrifte kan deurstaan nie. Die Apostoliese Geloofsending het hom die voorreg veroorloof om wysigings aan te bring by 'n geskrif, die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat baie meer as vyftig jaar oud is, wat die kerke deur die stormagtige tydperk van die reformasie as gids gedien het, waarvoor daar op brandstapels gely is en sy opsteller self het juis ook vanweë hierdie belydenisstandpunt as martelaar gesterf. Reeds in 1561 het die Nederlandse Geloofsbelydenis die lig gesien en Guido de Brès het dit gegrond op die Geloofsbelydenis van die Protestante in Frankryk (Confessio Gallicana) wat in 1559 onder invloed van Calvyn opgestel is. Vier honderd jaar lank het hierdie konfessie gestaan as 'n uitdaging vir enigiemand om te kom toets of dit teen Gods Woord bots of volkome op grond van Gods Woord gegrond is. Kerke het dit totaal verwerp omdat hulle *nie op Gods Woord* wil staan nie. Groepe persone *wou* geen belydenis aanvaar nie en het by dit verbygestap. Nog nie een groep, kerk of persoon het veranderinge daaraan toegebring nie. In die jaar 1957 matig 'n groep, die geestelike komitee van die Apostoliese Geloofsending, hulle aan om 'n bewering te maak en dit glad nie eers te probeer bewys nie, dat hulle wysiginge aanbring, nogal in die lig van die Bybel. Waar nie gewysig word nie, word aanvaar dat die gedeeltes skriftuurlik is. Hier het ons dus 'n duidelike sinspeling dat ons te doen het met 'n

gedeeltelik onskriftuurlike Belydenis. Daarmee word dan beweer dat die Gereformeerde Kerke in die loop van vier eeue 'n onskriftuurlike belydenis gehad het. Die Gereformeerde Kerke was dus vals, verleiers van Gods kudde, het Gods Woord verkeerd aan hulle vertolk.

'n Mens moet seker vaste grond hê as jy so-iets wil beweer teenoor die kerke. Wat is die vastigheid van die Apostoliese Geloofsending waarop hy sy bewering grond? Elkeen kan hierdie geskrif nalees en vasstel: dit is hul eie persoonlike meninge. Wat is die bedoeling met die woorde in die Voorwoord: "Waar sy egter van oortuiging is dat God in hierdie twintigste eeu, deur 'n ruimer openbaring van die Heilige Gees ... sy kerk tot nuwe besinning roep . . ." Hier het ons die vrybrief wat hulle aan hulself gee om te dink wat hulle wil, om besyde Gods Woord en buite die Bybel om sekere leerstellings te aanvaar. Daar is dus 'n Bybel en nog 'n ruimer openbaring, en hierdie laaste het niemand anders behalwe die Apostoliese Geloofsending. Wat baat dit om 'n Geloofsbelydenis te aanvaar en te wil kom tot vastigheid, maar vantevore al te sê dat daar 'n ruimer openbaring is, nogal in hierdie twintigste eeu.

Wat meer is: Athanasius se geloofsbelydenis word aanvaar. Het Athanasius ook so 'n ruimere openbaring gehad en waar spreek hy in enigeen van sy geskrifte daarvan? Ons kan nou sommer hier ook vra: kan die Apostoliese Geloofsending in enigeen van die geskrifte van Athanasius aanwys waar hierdie kerkvader spreek van glossolalie en van 'n heruitstorting van die Heilige Gees? Waarom spreek Nicéa en Athanasius nie een van die vervulling met die Heilige Gees en Geestelike gawes, soos die bygevoegde Art. 11b van die Geloofsending nie? Waarom word uit Art. 14 die hele gedeelte oor die vrye wil met, al die tekste uit die Bybel aan die slot eenvoudig weggelaat? Is dit omdat Gods Woord 'n ander taal spreek as wat hierdie sekte bereid is om te aanvaar en daarom word nou ekstraordinêre openbaringe te hulp geroep?

Ons moet dus aan die Apostoliese Geloofsending vra: lê nou ook aan ons die "ruimere openbaringe" voor. As dit alles subjektiewe ondervindinge, ervarings of vervullings is, is hierdie verminkte Nederlandse Geloofsbelydenis niks meer as 'n poging om kerkagtig voor te doen nie, terwyl al die sektariese gedagtegangte tog maar duidelik vertoon word. Immers, hierdie dokument aksentueer al die kwale aan die kranke liggaam van die Apostoliese Geloofsending.

Voor ons 'n konstruktiewe behandeling onderneem om hierdie kwale te ontleed en aan die toets van Gods Woord te onderwerp, wil ons nog op 'n paar kleiner en daarom des te sprekender veranderinge wys wat die Apostoliese Geloofsending se geestelike komitee aangebring het by die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit toon ons uit welke rigting die wind waai.

Art. II is onveranderd gelaat. Hier word gesê dat God Homself bekend maak deur sy heilige en Goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort. Hier word die Bybel as die enigste openbaring van God bely. Hoe kan dan nog 'n ruimer openbaring ook hiermee saam bely word?

Art. VI behandel die verskil tussen die kanonieke en apokriewe boeke. Oorspronklik staan daar dat die apokriewe boeke "*geensins* die krag en gesag" besit. Hier het die Geloofsending verander en dit totaal verswak. Dit lees dat die apokriewe boeke "*nie* so 'n krag en gesag besit" nie. Is dit moedswillig, of moet ons hier 'n toegewing sien ten opsigte van ruimere openbaringe?

Dieselfde vind ons weer in Art. VII waar gehandel word oor die volkomenheid van die Skrif om alleen die reël van die geloof te wees. Hoe kan 'n mens Art. VII bely en dan gaan praat oor ruimere openbaringe? En waarom moet daar sinsnedes in hierdie Art. verander word as dit nie 'n toegewing moet wees aan hierdie partikuliere en subjektiewe private openbarings

nie? Immers vergelyk dit met mekaar. Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê: "Want aangesien die wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin *geheel en al en uitvoerig* beskrywe is, is dit aan geen mens, al was dit ook die apostels geoorloof om anders te leer nie . . . ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê".

Die Apostoliese Geloofsending se weergawe lui: "Want aangesien die hele wyse van die diens wat God van ons eis, *uitvoerig* beskrywe is..." U merk al dadelik die verskil: die woorde "*geheel en al*" is weggelaat — waarom? Omdat hierdie sekte daaraan wil toevoeg. Dit moet net nie afgesluit word nie. En tog staan hulle veroordeeld omdat die artikel self van geen toevoeging wil weet nie.

By die wesensveranderinge aan die Nederlandse Geloofsbelydenis wil ons nou kom en hierdie leer van die sekte bespreek onder die volgende hoofde:

- I. Die vroomheid en sy uitvloeiels.
- II. Die Verbondsleer en sy uitvloeiels.
- III. Die leer oor die H. Gees en Geestesdoop.
- IV. Geloofs- en Gebedsgenesing.

I. Die vroomheid en sy uitvloeiels.

Ons begin met die persoonlike vroomheid, omdat hierdie emosionele en ekstatische beleving of ervaring so 'n belangrike kenmerk is by die leer van die Apostoliese Geloofsending. Ons sal telkens die nadruk moet lê op die persoonlike element wat verdiep en verinnig word en 'n groot invloed het op hulle godsdien.

Die persoonlike vroomheid moet gesien word rondom die twee begrippe regverdigmaking en heiligmaking. Eintlik word dit gewoonweg ingesluit by die begrip bekering wat ook wedergeboorte omvat. Ons wil dit hier duidelikheidshalwe sien in verband met regverdigmaking en heiligmaking.

Ons moet onthou dat ons hier te doen het met 'n perfek¹ sionistiese sekte met sy strewe na volmaaktheid. Op die vraag: wat beteken dit om waaragtig en volkome deur Christus bevry te word, word geantwoord: "dit beteken om nie slegs van jou skuld voor God verlos te wees nie, maar ook werklik en sigbaar bevry te word van die mag en heerskappy van die nog steeds inwonende sonde. Die Heilige Gees werk hiertoe mee en voltrek die oorgawe aan Jesus. Hierdie oorgawe moet benadruk word, want dit bevat negatief die sigbare afkeer van die wêreld en wêreldse praktyke en positief die bekering tot Jesus".

Om 'n beeld te gee van hoe entoesiasties hierdie mense is in verband met die vervulling deur die H. Gees, wil ons heel kort slegs aanhaal uit 'n goedgekeurde werk deur die Geestelike Komitee n.l. "Ons Pinkstererfenis" van een van die dosente aan hul Bybelkollege, dr. F. P. Möller: "Talle christene huldig die opvatting dat vervulling met die Heilige Gees en wedergeboorte dieselfde is. Dit maak dan dat hulle tevrede is met die feit dat hulle wedergebore en seker van saligheid is, en besef nie dat daar ook nog 'n heerlike vervulling met die Heilige Gees is nie". Hy gaan voort met die bewering dat daar 'n baie nou verband . is tussen wedergeboorte en bekering maar vervulling is veel meer.

Wat is wedergeboorte? "Met die natuurlike geboorte ontvang mens die vleeslike natuur, en met die wedergeboorte word die hart van die mens verander en ontvang hy 'n *nuwe en goddelike natuur*."

Wat is vervulling met die Heilige Gees? Dit is "'n intieme verhouding waarin die Derde Persoon van die Godheid tot die menslike gees kom. Deur hierdie ondervinding word die

mens 'n instrument in die hand van die Heilige Gees, om deur Hom gebruik te word soos Hy wil. So het die dissipels op die Pinksterdag in ander tale gespreek".

Op verskillende plekke word hierdie selfde gedagtes oor en oor beklemtoon. Deur wedergeboorte ontvang die mens die Gees van God; deur die vervulling word die mens bekwaam gemaak, met krag toegerus vir geestelike werk. Deur wedergeboorte word 'n mens aan God verwant, ingeënt in Christus se goddelike lewe. Wedergeboorte en vervulling is albei ondervindings, maar die vervulling volg op die wedergeboorte.

Dit is duidelik dat ons hier met twee sake te doen het. Ons het 'n praktyk en 'n leer. Die praktyk kan nie maklik onder woorde gebring word nie omdat hierdie tipe van vroomheid 'n supernormale is. Slegs sommige persone word dit deelagtig en die rede wat daarvoor aangevoer word is dat net sommige die bekering en heiliging, die oorgawe aan Christus het en dus die noodsaaklike elemente vir die intensiewe beleving, die gespanne verwagting van die H. Gees het. Die praktyk kan beskryf word as 'n voortdurende smagtende verlangete na die teenwoordigheid van die H. Gees, en as die H. Gees dan ervaar word, word dit gedramatiseer deur neer te val of te spring. Dit is 'n hoogtepunt van emosionele en sensusspanning.

Teenoor hierdie praktyk staan die Gereformeerde skepties. Ons besien die dinge nugter en redelik. Die Woord van God werk ook in ons en bewerkstellig iets, want dit voed ons geloof en bevestig dit. Hoe meer Gods Gees in ons werk des te meer bewus word ons van sonde. Dit is eintlik dus net die teenoorgestelde as wat die Apostoliese Geloofsending beweer. By hulle word die ondervinding getipeer as 'n hemelse toestand en by ons word ons teruggeslinger na die werklikheid van die sondaar-gestalte.

Maar hierdie praktyk kom in nog ernstiger verdenking. Ons kan nie Gods Gees se werkinge losmaak van die verdienste van Christus nie. Joh. 16:14 sê duidelik: "Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan my behoort, en aan julle verkondig". Die Gees kom dus om die rykdom van die Middelaarsverdienste van Christus en die inlywing in Hom te verseker. Hy kom ons deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig maak. Daartoe gebruik Gods Gees in die reël Gods Woord en die sakramente. Ons sê: Gods Gees bind Homself aan Gods Woord, want die Gees self het heilige manne geïnspireer om die Skrif te skryf.

Nou wil die Gees op so 'n wyse tot ons spreek nl. deur Gods Woord. Sodra die Gees losgemaak word van die Woord en los van Christus se verdienste en Hy nou op 'n ander wyse tot ons spreek en iets anders aan ons bring, verkry ons noodlottige geesdrywery. Nou verval alle toetsing. Nou word die H. Gees die speelbal van menslike grille. Ons hoor van inwendige lig wat een het en wat die ander nie het nie. Hy oorweldig ons as ons wil, of draai om in onmag as ons sy klop nie wil beantwoord nie. Wie kan met stelligheid beweer dat in 'n toestand van Geestesinwerking, dit juis Gods Gees is wat met so iemand spreek? Kan dit nie ook miskien die gees van Satan wees nie? Hoe kan ons dit bewys?

Hierdie praktyk moet beweer dat die Skrif Gods *gewone* openbaring is, maar die inwendige vervulling is die Gees se *buitengewone* werking. Indien hierdie nuwe openbaring binnegehaal word en burgerreg verkry, kom alle vorme van onordelikhede en valshede vorendag. Met die binnehaal van ander openbaringsvorme, moet ons dan verder gaan en begin spreek van 'n nuwe tydperk vir die teologie en ons moet dan 'n nuwe dogmatiek en nuwe kanoniek en 'n nuwe eksegetiese begin ontwikkel. Waarop moet ons dit alles grond? Dit word inderdaad 'n donker vaart op 'n see van twyfelagtighede. Ons verlaat die vastigheid en begin dobber. Ons gaan die weg van dobbelary in plaas van die weg van stryd.

Die *leer* moet ons ook besien. Hier kom in gedrang die bewering dat die normale christen nie vervul word met die H. Gees nie omdat hy by die regverdiging bly staan het en nie

voortgeskrei het na die heiligmaking nie. Dus: die kerkmens het sy geestelike lewe laat verkluin en in die voorhof bly staan. Die Apostoliese Geloofsending se lidmate lê egter die pad af na die allerheiligste en hulle nooi ons ook uit om saam te kom wandel en die heiligmaking deelagtig te word.

Dit is baie duidelik dat hierdie sekte se voorstanders nie die leerstellige dinge diep deurdink nie, of hulle sal heel gou besef dat regverdigmaking en heiligmaking nie van mekaar en nie van die ander heilsweldade kan losgemaak word nie. Regverdigmaking is tog 'n volkome verandering in die regsposisie van die sondaar. Daar word verklaar dat hy wat by die regverdigmaking bly staan nog altyd weer kan val, moet altyd nog bly bid om vergewing, is nog altyd swak en oorgegee aan aanvegtinge. Dit kan alleen oorwin word deur volle oorgawe aan Jesus wat in die heiligmaking geskied. Heiligmaking is dus die toppunt van perfeksie waartoe die gelowige moet kom. Dit word só voorgestel asof ek soos 'n offerlam op die altaar lê en dan val die vuur van God op die altaar om die sondige te verbrand en die offer te reinig. Die mens is na so 'n geestelike ervaring nie meer dieselfde as voorheen nie. Hy het sondeloos geword.

Hierdie heiligmaking is van die hoogste belang vir hierdie sekte. Dit is eintlik die prediking wat in hul samekomste gehoor word. Elke prediker preek dit in elke samekoms en dan gee talle manne en vroue ook getuienis van hoe hulle tot bekering gekom het. Dit is wel waar dat die gemeente op so 'n wyse geaktiveer word. Die hele gemeente leef sodanig mee dat 'n mens hoor die instemmende "amens" of "prys die Heer", om nie eers te praat as die hoogtepunt bereik word in die Geestes-ontvangenis.

Teenoor hierdie leer ...moet ons dan onself handhaaf en die Skrif laat spreek. Dit is moeilik om dit in kort bestek te doen.

Dit baat nie om net 'n deel van die Skrif te laat spreek nie. Ons het juis by hierdie sekte inleidend gewaarsku teen 'n Skrifbekorting, om naderhand te leef by 'n gedeelte van die Bybel. Nou moet ons beweer dat die Skrif nie leer dat die sonde in hierdie lewe volkome oorwin kan word nie. Die ou Adam sal 'n deel van ons bly solank as wat ons in hierdie lewe verkeer. Daarom staan daar in die Heidelbergse Kategismus vr. 114 dat die allerheiligstes maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid het solank as wat hulle in hierdie lewe is. Dat hierdie uitspraak op Gods Woord gegrond is, blyk uit 1 Joh. 1:8: "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie". Pred. 7:20 "Want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie". Die apostel Paulus was ook 'n eerlike belyer in Rom. 7:18: "Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie". Inderdaad word daar tog vir die duur van hierdie lewe gespreek van 'n pad wat smal en 'n poort wat nou is (Matth. 7:13, 14) en hoor ons die bevel "stry om in te gaan". Indien dit nou voorgestel word in die heiligmaking dat die sonde oorwin is, uitgebrand is op die altaar, moet gevra word: waarom dan nog stry, waarom nog voortdurend vergiffenis vra vir iets wat vernietig is? So word die evangelie van vergiffenis 'n totale klug.

Juis die teendeel vind ons dwarsdeur die Skrif. Sodra die H. Gees in ons lewe werk, begin die stryd eers ontbrand. Beke ring, regverdiging, heiliging, bring nie 'n vorm van 'n hemel op aarde nie, preek nie beslegting van die stryd nie. Dit spreek wel die troosryke belofte van vergiffenis en dat jou sonde jou nie in Christus toegereken sal word nie, maar dit lê jou juis die stryd op. Hier vind ons juis die duidelike kenmerk, saam met nog baie ander, wat aan hierdie sekte die bynaam "lekkergeloof" gegee het. Inderdaad word hier nie in die sweet van die aangesig gewerk, gestry, gely, gebid, berou betoon, geworstel met God nie. Ons het hier die inslag van die dobbelsugtige met net een begeerte nl. om gou ryk te word, die weelde te bekom sonder inspanning en nie volgens die van God verordende weg nie. Die karige inkomste word gewaag om dit te verhoonderdvoudig — en waarskynlik met dieselfde resultaat

— in hierdie geestelike dobbelary.

Regverdigmaking het te doen met reg en dan veral met reg wat verbreek is. Ons moet dit beklemtoon, juis omdat by die Apostoliese Geloofsending die objektiewe vergiffenisdaad, die vraag na reg, in vergelyking met die heiligmaking wat 'n sterk subjektiewe inslag het, eintlik verdwyn. Regverdigmaking is 'n regterlike daad van God en het te doen met die mens se regsstatus voor God. Sy status onder die sonde is die van 'n skuldige, 'n doemwaardige, oor wie slegs die vonnis van die Regter gevel moet word. Nou word die doemwaardige sondaar wat al klaar skuldig bevind is, begenadig in Christus en vrygespreek. Daar vind 'n statusverandering plaas en die sonde word nie toegereken nie. Daar is geen verdienste in die mens nie en die vryspraak is in absolute sin slegs deur die verdienste van Christus. Die regverdigmaking geskied negatief in die vergewing van sondes en positief word die ewige lewe geskenk. Sowel die kwytskelding as die verlening van geluksaligheid is regterlike daade.

As hierdie regterlike daad van regverdigverklaring gedegradeer word tot 'n kleinlike element in ons verlossing, strook dit waarlik nie met die Bybel nie. Inteendeel, die hele leerstuk van vergiffenis hang hiermee saam, want hier word die vrymag van God bely en dit moet bestaan in die handhawing van Gods onkreukbare reg. Laat ons dit só stel: As God nie reg kom eis nie en bly eis nie, kan niemand Gods vrymag verklaar en die evangelie van vergiffenis verstaan nie. God eis geregtigheid, geen halwe geregtigheid nie, geen plus-minus of ongeveeragtige wetsvolbrenging nie. Doen dit en jy sal lewe — en doen dit nie en jy sterwe. Geen jota of tittel van Gods reg kan val nie. As God dit nie eis nie, verval sy goddelikheid.

Maar ten tweede: die vergiffenis van die evangelie van Jesus Christus kom in gedrang. Vergiffenis eis dat God moet straf, dat aan Gods volle geregtigheid voldoen moet word; anders kan dit maar 'n evangelie van verskoning of verekskusering gewees het. Slegs vergiffenis vereis dat daar 'n Verlosser en Borg moet wees, wat in ons plek gely en gesterf het, wat betaal het, deur wie se verdienste daar kwytskelding kan wees. Slegs as ons die regverdigmaking bely, weet ons dat daar 'n kruis kan wees. En sonder regverdigmaking kan daar geen kruis wees nie, en ook geen heiligmaking nie. Immers: regverdigmaking gee vergiffenis van sonde en herstel van die regte gemeenskap met God. So 'n mens het ook behoefte aan vernuwing, aan reiniging van sy sondesmet. Dit ontvang hy in die heiligmaking.

Laat ons nou die heiligmaking besien. Dit word deur die Apostoliese Geloofsending genoem "vervulling" en hierdie begrip word gekies met 'n beroep op die Pinkstergebeure in Hand. 2:4: "Hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale". Ook word 'n beroep gedoen op Efesiërs 5:18: "Moenie dronk word van wyn nie — daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul".

Hierdie vervulling met die H. Gees is in intieme verhouding waarin die Derde Persoon van die Godheid tot die menslike gees kom. Deur hierdie ondervinding word die mens 'n instrument in die hand van die Heilige Gees, om deur Hom gebruik te word soos Hy wil". Dit gaan gepaard met duidelik sigbare en ..hoorbare tekens, soos spreek in tale.

Hier gaan die Perfeksionistiese sektes en die metodisme dieselfde weg op. By die Apostoliese Geloofsending verkry die heiligmaking nog die verdere aksent dat dit 'n toestand van volkomenheid inlui. Dit word ook eintlik genoem 'n tweede, 'n verdere trap in die genadelewe. Die vervulling word verbind aan die Geestesdoop. Die Gees gryp in in ons lewe, maak ons van alle sonde vry. Dit word 'n abrupte persoonlike oorgawe, want onmiddellik begin so 'n persoon in ander tale spreek.

Hierdie standpunt is baie gevaarlik en beslis onskriftuurlik. 'n Beroep op Ef. 5:18 slaan soos 'n boemerang terug. Immers, Gods Woord sê hier dat 'n mens juis nie besieling moet soek in wyn nie, maar om deur die Gees vervul te raak. Wat sal dan gebeur as ons met die Gees

vervul raak? Lees dan maar net vs. 19 en dan weet ons: aldus besiel deur die Gees, sal die gelowiges "Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere . . ." Met ander woorde, die vervulling met die Gees laat nie geestelike verheffing sien nie en laat nie wartaal hoor nie.

Ons wil hier korteliks verder nagaan hoe die Skrif dieselfde gedagte in die begrip 'heiligmaking' weergee. Heilig beteken wel dikwels afgesonderd, deur God eenkant geplaas. Maar God stel ook die eis dat sy volk heilig moet wees en veral as in 1 Petrus 1:15 gesê word: "Maar soos Hy .wat julle geroep het heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word", word die sedelike kwaliteit duidelik beklemtoon. Maar dan moet ons begryp dat God Israel se heiligheid is. In die Nuwe Testament is Christus die Heilige en as sodanig die waarborg van die gemeente se heiligheid, terwyl die Heilige Gees die prinsipe van die heiligheid is, die Toebereider van die bruidskerk.

Ons wil beklemtoon dat gewaak moet word teen elke vorm van menslike samewerking. Ons verkry dit by Rome met sy verdienstelikheid van die goeie werke, waardeur die mens saamwerk tot sy redding. Ons het dit voorts by die belydenis van die vrye wil, wat ook met God kan koopereer. Ons het dit by die metodisme wat die strewersfunksie benadruk en ons het dit by die Apostoliese Geloofsending met sy oorgawe, vervulling, ondervinding, sy menslike prestasie wat in vreemde tale spreek en 'n andersheid wil bekom wat die Skrif glad nie ken nie. Sodanige rigtings wil nie alles in God soek nie, maar die mens het ook kwaliteite wat hy nie uit genade ontvang nie. Medewerking is vandag baie populêr.

Ons moet maar weer die sola fide bely. Ook sanktifikasie geskied alleen deur die geloof en met geloof bedoel ons dan dat ons ons lewe buite onself in Jesus Christus soek. Christus is ons heiligheid en ons geregtigheid. Heiligheid is nie in onself nie en word nooit 'n eienskap wat ons uit onself kan besit nie. En die H. Gees skenk aan ons niks buite Christus en Sy verdienste om nie. Hy skenk ons Christus en al sy weldade en dit is veel meer as om in vreemde tale te praat. Inderdaad, wie in Christus is, is nie maar 'n verbeterde skepsel nie, maar 'n nuwe skepsel (1 Kor. 5:17) en hierdie heiligheid is nie die deel van sommige spesiaal daartoe toegerustes nie, maar van alle gelowiges. Die Gees vernuut ons na die ewebeeld van Christus sodat ons leesbare briewe word van Christus (2 Kor. 3:3). Op die wyse is dit ook vir ons Pinkster gewees, nie 'n pinkster wat in uitwendige vorm bestaan nie, maar inderdaad in mees intieme verband met Christus deur gemeenskap van die H. Gees.

II. Die Verbondsleer en sy uitvloeiels.

Ons wil eers hier spreek oor die KERK as verbondsgemeenskap en daarna oor die verbondsleer en veral die DOOP.

Op grond van die voorgaande, waar die heiligmaking eintlik die voortgesette en volkome oorgawe is aan Christus, deur die H. Gees vervul en dan sonder sonde, het ons hier te doen met volkome heilige lidmate en dan ook met 'n volmaakte kerk. Dat ons hier dit reg sien sal blyk as ons oor die volwasse doop spreek. Kinderdoop word nie toegepas nie, omdat kinders hulle nie kan bekeer nie en nie kan glo nie. Gedooptes in die Apostoliese Geloofsending is dus bekeerde mense.

Nog 'n praktyk in hierdie kerk laat 'n mens weer die buitengewone sien: sy predikante is hoofsaaklik nie bestudeerde manne nie, maar hulle maak daarop aanspraak dat hulle deur die H. Gees gelei word. Nou het die sekte wel Arts. 17 tot 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis aanvaar, maar 'n mens twyfel of hulle weet wat hulle aanvaar het. Immers, die regering deur kerklike ampte van ouderlinge en diakens word bv. hier bely — maar hulle weet daarvan geensins in eie kring nie. Daar heers 'n wonderlike teenstrydigheid deesdae in

hierdie kringe, juis omdat daar ook 'n Bybelkollege is vir opleiding, hoewel die opleiding ook maar skraal is: twee jaar na matrikulasie. Vroeër is die kerke verwyd dat die kerk se predikante bestudeerde preke lewer, maar pastore gee Geestespreke. Na aanname van die Belydenisskrifte sal daar aanpassing moet kom, anders sal die Belydenisskrifte eenkant geskuif word en met die geregistreerde Maatskappy voortgegaan word.

Wat behoort konstitutief tot 'n kerk, 'n geïnstitueerde kerk? Ons kan seker hier 'n sestal kenmerke noem:

- (i) Die wese van die kerk is dat hy 'n volk van God is.
- (ii) Die kenmerk van die kerk is die Woord van God. Die Nuwe Testamentiese kerk het begin met die prediking van Petrus. Die volle nadruk moet dus val op die leer en wat op Pinksterdag onderstreep is, is o.a. die volgende: in die kerk moet gepreek word, moet gepreek word uit 'n Skrifgedeelte (Joël), preek moet Woordverklaring wees.
- (iii) Die H. Gees laat die kerk bedien deur besondere ampte. Aan die begin is die leiding opgedra aan sekere persone, die apostels en kort daarna die sewe diakens.
- (iv) By die Woord kom die sakramente as seëls op die Woord. Die sakramente is sigbare tekens en seëls en mag nooit losstaande van die Skrif bedien word nie. Dit bring ook geen magiese kragte mee nie, maar beseël en bevestig alleen die Woord van God.
- (v) Die tug is aan die kerk opgedra waardeur leer en lewe beskerm en beskut word en die kerk bewaar word by die suiwerheid van die leer.
- (vi) Die gemeenskap van die heiliges, wat omskryf kan word as saamhorigheid van die lede van één liggaam, is 'n belangrike kenmerk.

Die vraag is nou of ons van sodanige kerkbegrip kan spreek by die Apostoliese Geloofsending. Hierdie sekte is nie maar soos hy hom in 1960 openbaar in Suid-Afrika, nou dat hy, wat die kerk betref, 'n paar artikels van die Nederlandse Geloofsbelijdenis aanvaar het nie. Hy het voorouers in Europa en elders en sinds eeue is die benaming "sekte" al gebruik vir die doperse rigtinge. Luther bv. en die Formula Concordiae noem o.a. die wederdopers 'n sekte wat die gemeenskap met die kerk verbreek het. Ook Calvyn tipeer hulle as 'n sekte omdat hulle dissipels trek deur Gods Woord op die agtergrond te druk en met eie versinsels voor die dag te kom. Guide de Brés het besonder fel opgetrek teen die sekte van die wederdopers. Hy roep hulle op tot bekering. Vandaar dat die naam 'valse kerk' of 'namaakkerk' daaraan gegee is.

H. Bavinck (Geref. Dogmatiek IV 275) vind by die kerkbegrip 'n dualistiese beginsel nl. 'n volstreekte teëstelling tussen natuur en genade, wêreldryk en Godsryk, skepping en herskepping. Met die wedergeboorte is die mens volkome anders geword, afgeskeie van die wêreld. Hy is só wesenlik vreemd aan die wêreld dat hy nie meer kan aanpas nie. Op sy program staan nou nie meer reformasie nie, maar separasie.

Daarom moet dit uitgeleef word in 'n hele program van "anti"-maatreëls: anti-drunk, anti-oorlog, anti-eed, anti-vermaak, anti-rook. John Darby het hiervan gesê: as geheiligdes hulle dan uit die wêreld moet onttrek en nog net op Christus se koms moet wag, dan is dit nie meer nodig om 'n strydende kerk te hê wat moedig die wêreld instap om te getuig vir sy Koning Jesus Christus nie, want so 'n kerk is anti-wêreld.

Dit is uiters gevaarlik om, soos die Perfeksionisme, die kerkbegrip só te stel dat die onsigbare kerk en die sigbare, die mistieke liggaam van Christus en die openbare lede daarvan, saamval. Hy wat kerk en Koninkryk van God vereenselwig, moet tot bepaalde konklusies geraak:

(a) dat sy kerk die enige ware kerk is en dat die Koninkryk van God as 't ware 'n verlengstuk is van daardie kerk.

(b) Die roepstem in hierdie wêreld is nie 'n roepstem van bekering tot Christus nie, maar tot die kerk, nie tot die Koning nie, maar tot Sy strydende leër. Die kerk gee toegang tot die Koninkryk en nie God nie. Dit word 'n hemelbestorming, waar die kerk oor die toegangssleutels tot die Koninkryk beskik.

(c) Die logiese gevolgtrekking is dat ons 'n verafgoding het van 'n menslike instituut, van die kerk en dat die kerk as instituut hom magte toe-eien wat God alleen toekom.

(d) Dit bring ook mee dat so 'n volmaakte kerk altyd volmaak moet optree, altyd onfeilbare beslissings moet neem. Lidmate mag nooit so 'n kerk se optrede in twyfel trek nie, anders sondig so 'n lidmaat. So 'n kerk is verhewe bo alle kritiek.

So 'n kerk het ons by Rome. Vir Rome is daar slegs één kerk en alle ander kerke is sektes. Wat die priester of kerklike ampsdraers *doen is reg*, bo self- of ander kritiek. *Vandaar dat so 'n kerk nooit tot reformatie geroep kan word nie.*

Dit is die gevaar wat ook die Apostoliese Geloofsending in sy leer herberg. As een van die fondamentstukke van die kerk die sogenaamde ondervinding, ervaring en vervulling is, is dit waarlik te subjektief. Aan wat kan die gewaarwordinge van die gelowiges getoets word? Hoe kan ek beweer dat daardie ondervindinge onwerklik, vals, teen Gods Woord is? Daarom bly gevaarlike vaarwaters altyd gevaarlik. Daar moet 'n objektiewe standpunt gehandhaaf word, waar Gods Woord die rigsnoer is. Dit is nie 'n ervaring of ondervinding nie. Die grondslag van die kerk is buite enige mens geleë en enige mens se optrede, sy belydenis en wandel bly aan 'n objektiewe reël, die Bybel, onderworpe en appellabel.

Ten tweede nou oor die Verbond en die Doop.

Ons wil begin met 'n stelling van die Apostoliese Geloofsending weer te gee nl. dat die christelike doop slegs bedien kan word aan diegene wat tot geloof en bekering gekom het. Daarom word die kinderdoop verwerp. Die teksgedeeltes wat hierdie stelling moet bewys is veral Hand. 8:36, 37, Markus 16:16; Matth. 28:19 en Hand. 2:38. Aan die begin wil ons hier weer wys op die subjektiewe inslag en dan later kom tot verklaring van genoemde skrifgedeeltes. Wat opvallend is, is dat die sakrament van die heilige doop afhanklik gestel word van geestelike kwaliteite wat by die dopeling aanwesig moet wees.

Na ons beskouing verkry ons hier 'n gevaarlike stelling wat onmoontlik gehandhaaf kan word.

Dit gaan hier nie oor die kinderdoop as sodanig nie, omdat die doopsbediening van die kerk nie beperk word net tot kinders nie. Die eintlike saak wat ondersoek moet word is die "wederdoop". Die Apostoliese Geloofsending doop gedoopte kinders weer, omdat hulle beweer dat die kinderdoop waardeloos en ongeldig is. Die enigste grond vir hierdie bewering is dat die kind nog nie tot sy verstand gekom het en kon onderskei nie toe hy gedoop is. Die geloof moet daarby kom want alleen die wat glo kan gedoop word.

Inderdaad word ons hier voor 'n gewigtige vraag gestel: kan hier nog sprake wees van die doop as sakrament? Ons moet ondersoek of ons nie die doop verdien het met ons geloof en bekering nie. As dit die geval is, is die doop nie meer 'n sakrament nie.

Wat is 'n sakrament?

Dit is 'n heilige handeling deur God ingestel as teken en seel van sy verbond. Die diepste betekenis is dat God met die dopeling 'n verbond sluit. Die handeling begin by God, terwyl die dopeling passief is, omdat daar met hom iets gebeur. Nie ons kom na God toe nie, maar

God kom na ons toe.

Soos God na Israel by Sinai gekom het om 'n verbond met hulle te sluit, só kom God na ons toe om met ons 'n verbond op te rig, sonder verdienste van ons kant. Immers: dit is genade dat daar geen verdienste of waardigheid van ons kant moet wees nie. God het geen aanknopingspunt nodig nie. Hy kom genade bewys aan diegene wat deur hulle sonde innerlik in opstand is teen God. En nou is die vraag: Moet daar juis geloof aanwesig wees voordat God sy verbond met iemand oprig?

Ons wil beweer dat die karakter van die sakrament van die doop bedenklik aangetas word as geloof 'n voorvereiste is soos deur die Apostoliese Geloofsending bepaal. Gods Woord leer dat die Sakrament van die doop 'n teken en seël is van Gods genadeverbond en van deelgenootskap aan al Gods weldade. (Gen. 17:11). Word geloof en bekering nou vereis, dan lei die doop in die verbond in en maak die dopeling die weldade van die verbond deelagtig. Dit is 'n groot verskil: die sakrament 'n teken en seël van die genade of op die Apostoliese standpunt: die sakrament maak die dopeling die genade werklik deelagtig. Op laasgenoemde standpunt is die doop mos nie meer 'n sakrament nie. Dit is nie meer 'n teken van die genade nie, maar is die genade self.

In die nuwe Geloofsbelydenis wat die Apostoliese Geloofsending aanvaar het, blyk dit baie duidelik. Hulle Art. 34 handel oor die doop en daar lees ons dan: "Verder is die doop van die mens se kant 'n belydenis dat hy deur Gods genade *die sonde afgelê en in die nuwe lewe oorgegaan het*, en ook 'n geloofsvereenselwiging met Christus in wie se liggaam hy reeds deur die Gees ingedoop is".

Duideliker kan dit nie gestel word nie. Die sakrament het magiese krag; dit vergeef sonde; dit is gelykgestel met die bloed van Christus, want die Skrif sê dat net die bloed van Jesus Christus kan sonde afwas. Mier skenk die doop genade.

Ons wil verder gaan. As geloof 'n voorvereiste is vir die doop, dan is die mens, die dopeling, aktief. Dit is 'n voorvereiste dat hy 'n bewuste geloof moet hê. Eintlik kom dit dan hierop neer dat die dopeling nie moet sê: "Ek is gedoop" nie, maar "ek het my laat doop"; nie meer: "God het met my 'n verbond gesluit nie", maar, "ek het my *deur* God in Sy verbond. laat opneem". Dit is tog nie teveel gesê nie en dan sien ons die Roomse verdienste van die mens hier, die religieuse kwaliteit wat eers bereik moet word. Vir die dopeling is die doop veel meer 'n vrome belydenisdaad as 'n versekering van genade deur Gods beloftes.

Ons kan ook goeie rekenskap gee van die skrifgedeeltes wat hierbo genoem is waarop die Apostoliese Geloofsending hulle beroep. Vir die eerlike eksegeet lewer die skrifgedeeltes geen moeilikhede op nie solank die gedeeltes net in hul organiese verband gesien word.

Mark. 16:16 en. Matth. 28:19 is duidelike sendingbevele: aan volwassenes moet die evangelie verkondig word.

Vruggevolg van hierdie bevele is dan ook Hand. 8:36, 37, waar Filippus die kamerling doop. Die verkondiging van die Woord moet geloof wek as hierdie jong kerk uitgaan om tot bekering te roep. Hoor en glo pas bymekaar — en dan moet die doop volg van die volwassenes wat in die eerste tyd kom luister na die Woord.

Ook Hand. 2:38 moet 'm sy verband gesien word. Petrus preek op Pinksterdag. Die volwassenes vra: wat moet ons doen? Kinders sal dit tog nie vra nie. Sy antwoord kan nie anders wees nie: Bekeer julle en word gedoop.

In plaas van die sakrament van die doop aan kinders te bedien wil die Apostoliese Geloofsending nou 'n quasi-sakrament invoer waar ons nergens van lees in die Heilige Skrif nie. Mark. 10:16 waar Christus die kinders die hande oplê en seën is die aanknopingspunt vir

hulle inseëning van klein kinders. Christus het daartoe geen bevel gegee nie. Inteendeel, Hy het hier 'n Middelaarsdaad gedoen. As die sekte hulle hier op grond, matig hulle hul aan om ook 'n Middelaarsdaad, wat net Christus kon verrig, te doen. Die kerk mag doop, mag die teken bedien wat dui op die kindskap, maar die kerk mag die kindskap nie self gee nie.

Ons vind dus hier weer 'n bedenklike toestand. 'n Verkeerde skrifverklaring lei tot 'n verkeerde handelwyse wat werklik sondig is. Om 'n Middelaarsdaad te verrig deur mense, kan tog nie anders bestempel word nie.

Die Apostoliese Geloofsending het ernstige besware teen; kinderdoop en beweer dat dit onskriftuurlik is. Ons wil hierdie bewering ondersoek.

Die reg van die kinderdoop moet uitsluitlik gesien word teen die agtergrond van hoe die Skrif die kinders van gelowiges beskou. Is daar verskil tussen die kind en die volwassene wat betref sy status voor God of sy geloof? Die reg van die kinderdoop moet gegrond word op die verbond van genade, want die kinders is net so goed as die volwassenes in die verbond van God ingesluit. Vgl. Heidelbergse Kateg. Vr. 74, Gen. 17:7. Dit gaan dus hier nie om wat ons van ons kinders dink nie, maar wat God omtrent hulle sê.

Die mening wil ons eers ondersoek of die Nuwe Testament werklik nergens van die kinderdoop spreek nie.

Ons moet onthou dat kinderdoop aan die begin van die Nuwe Testament uitsondering was en die van volwassenes reël, vanweë die besondere omstandighede. Nou kan ons die Skrif duidelik verstaan, nie as ons let op die plekke waar kinderdoop beveel word nie, maar juis as die Skrif die kinders gelyke *status* gee met die volwassenes *in hul verhouding tot God*. Dit beteken dat die doop aan die kind ewegoed as aan die volwassene bedien kan word. Die Skrif maak nergens melding van die doop wat bedien is aan volwassenes wat uit christenouers gebore is nie.

In Kol. 2:11, 12 word die doop aan die besnydenis verbind en word die doop in nog heerliker status gestel. Immers, besnydenis kon alleen aan manlike kinders verrig word, maar *die* besnydenis wys *vorentoe*, na die dood *van Christus*, terwyl die doop daarheen terugwys. Christus het gesterf en kinders het ook deel aan Christus se verworwe genade, reeds van voor hulle geboorte af.

Hierdie verbond word nie met persone gesluit nie, maar met Gods volk in Christus as Verbondshoof en dit gaan deur die geslagte: met ons en met ons kinders. Vgl. Rom. 5:12-21. As die beloftes van Gods verbond nie oor die kinders gaan nie, sou hulle nie gedoop kon word nie. Die H. Gees wat verantwoordelik was vir Christus se heilige ontvangenis en geboorte, is ook reeds voor hulle geboorte aan Jeremia (1:5) en aan Johannes die Doper (Luk. 1:15) geskenk. Dit is baie belangrik om hieraan aandag te gee. Jeremia is geken deur God voor sy ontvangenis "en voordat jy uit die liggaam voortgekome het, het Ek jou geheilig". Ook Luk. 1:15 spreek duidelik: "en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af". Vgl. verder Ps. 22:10, 11 en Ps. 71:6.

Die H. Gees word dus nie deur jonkheid belemmer om toegang tot die hart te verkry nie. Dit sou ook immers godlasterlik wees om dit te beweer. Vandaar dat ons Doopsformulier ook spreek van kinders wat sonder hulle wete in Adam verdoem is en net so ook weer in Christus tot genade aangeneem word. En waar die H. Gees is, daar is tog seker ook die vermoë van die geloof en sodanige kinders kan tog sekerlik ook wedergebore wees.

Die reg en plig van die kinderdoop blyk verder uit die organiese voortgang van die verbond deur die geslagte. Die kinders wat in die verbond gebore is, is heilig, want waar die wortel heilig is, is ook die takke heilig (Rom. 11:16, 1 Kor. 7:14) - Die H. Skrif reken die kinders

ook in die gemeente van Christus. Hoe kan dit ook anders? 'n Gemeente kan nie ingedink word wat sou bestaan uit 'n gelowige en heilige ouer-groep en 'n heiden-kindergroep nie. Die kinders is natuurlik nie kragtens hulle natuur heilig nie, maar omdat hulle net soos die volwassenes in die verbond van genade ingesluit is.

As ons dink dat alleen volwassenes geloof besit en van kinders niks met sekerheid gesê kan word nie, kan die vraag tog gestel word: wie kan met sekerheid iets sê van die geloof van volwassenes? En as volwassenes op grond van hulle geloof gedoop moet word: kan dit werklik as 'n grond aanvaar word? Gee ons nie aan die geloof 'n waardigheid wat hom nimmer kan toekom nie? Die enigste wat oor die volwassene se geloof gesê kan word is volgens die oordeel van die liefde. Kragtens hierdie oordeel moet ons aanneem dat iemand wat belydenis van sy geloof aflê, werklik glo. Volgens dieselfde oordeel moet ons aanneem dat kinders van gelowiges ook waarlik glo, omdat hulle ook die H. Gees het.

Indien ons nie aanvaar dat kinders die H. Gees het en dus waarlik glo nie, mag godsalige ouers twyfel aan die verkiesing en saligheid van hulle vroeggestorwe kinders. Wanneer sou ons dan moet aanneem begin die geloof by kinders, as ons die Skrif nie glo dat dit al in die moederskoot aan hulle gegee is nie? Ons sien hier 'n proses en gedurende die groeiproses neem ons aan dat ons te doen het met gelowiges. Hier aanbid ons Gods genade wat self gesê het: hulle is Myne.

Benewens die hierbo gesegde wil ons uit die bekende Doopsformulier, wat 'n tipiese voorbeeld van organiese Skrifbeskouing is, die gees van die Skrif laat spreek. 'n Mens kan met tekste eintlik alles bewys en dit bevredig nie die gemoed nie. Die organisme van die openbaring moet aanvaar word as die gesonde beginsel van skrifverklaring.

Die wonderlike is dat sodra die Doopsformulier by die kinderdoop kom, word hy polemies, juis omdat die Anabaptisme teen die kinderdoop opgekom het en skynbaar Skrifsteun geniet. Daarom vind ons hier duidelike bewyse vir die kinderdoop. Hierdie gedeelte begin met die woorde: "En alhoewel ons kinders hierdie dinge nie verslaan nie, nogtans mag hulle nie daarom van die doop uitgesluit word nie, aangesien hulle ook buite hulle wete aan die verdoemenis in Adam deel het en net so ook weer in Christus tot genade aangeneem word".

In hierdie polemiese gedeelte van die Formulier wil ons nou wys op 'n skat van gegewens in verband met die doop. Ons noem hulle en behandel hulle daarna:

- (i) Eers word die twee verbondshoofde vergelyk: Adam en Christus.
- (ii) Word 'n bewysgrond gesoek in die verbond met Abraham en sy nageslag.
- (iii) Word uit Petrus se antwoord op Pinksterdag die verbond van genade gesien.
- (iv) Word die verband aangetoon tussen besnydenis en doop.
- (v) Word die liefde van Christus tot kinders aangetoon in die handoplegging.
- (vi) Word die ouers vermaan om hierdie ryke verbondsliefde van God by die opgroei van die kinders aan hulle te onderwys.

(i) In die Formulier word verwys na die erfsonde: die kinders het buite hulle wete deel aan die verdoemenis in Adam. Adam is ons aller vader, want hy is die hoof van die ganse menslike geslag. Ons deel aan die verdoemenis in Adam is nie maar iets moontliks nie, maar iets werkliks. Dit moet nie in die sin geneem word dat die mens verswak is deur Adam se sonde en daarom nou tot die sonde geneig nie. Erfsonde is 'n verskriklike werklikheid. Ons het werklik deel aan alles omdat ons uit Adam gebore is, deel aan sy sonde, deel aan sy vloek

en deel aan die ewige verdoemenis.

Hierdie diepe besef van sonde voer ons egter ook tot die heerlike rykdom van genade. Die tweede Adam, Christus, het ons nuwe Verbondshoof geword, ons aan Hom verbind. Sy bloed vloei geestelik deur ons are en daarom het ons ook deel aan Sy geregtigheid. Laat ons dit ook duidelik stel: daar is nie net die moontlikheid tot verlossing in Christus nie, maar dit is werklikheid. Net soos wat ons in Adam geval het so word ook die wat in Christus ingelyf is, salig. Net soos wat ons Adam se verdoemenis werklik deelagtig is, so word ons ook weer Christus se heiligheid en heerlikheid deelagtig.

In 1 Kor. 15:45 vergelyk Paulus die twee verbondshoofde: "Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees". Die tweede Adam is natuurlik in heerlikheid en Goddelik, terwyl die eerste Adam menslik en swak is. By die tweede Adam is daar oorwinning (Vgl. Rom. 5:18, 19) en die oorwinning word die deel van die wat tot veroordeling gekom het deur die misdaad van een.

(ii) *Die verbond met Abraham en sy nageslag.* (Gen. 17 :7).

Hier het ons te doen met 'n genadeverbond en Abraham word geroep as vader van 'n nuwe geslag; hy word die vader van die gelowiges. Hierdie gelowiges is onder al die nasies versprei en in die Nuwe Testament is dit werklik 'n geestelike volk en is Abraham die vader van die kerk.

Wat die Formulier hier egter wil benadruk is die kinderdoop en inderdaad is dit duidelik. Voor Abraham nog 'n kind gehad het, het God belooft om aan sy na geslag dieselfde guns te bewys as aan hom. Gen. 17:7: "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou". Dus, kragtens hulle geboorte uit Abraham het hierdie nageslag reg op die genadeverbond en hulle verkry dit nie eers op latere leeftyd deur 'n werklike belydenis van hulle geloof nie. Hier het ons dus weer: geboorte uit Abraham verleen nie 'n moontlikheid tot genade nie, maar beseël 'n werklikheid.

Wat hier ook nog treffend is, is die organiese ontwikkeling van die verbond teenoor die individualisme van die Wederdopers. By hierdie sekte moet elkeen persoonlik belydenis doen en hulle ken die verbond geensins. Eintlik word die verbond hier geloën. Waarom dit? Gods Woord spreek dan so dikwels hiervan, van geslagte, volke, nasies, priesterdom. Dit gaan eintlik nie om die persoon of die individu in die eerste plek nie, maar wel om die volk. Die Verbondsbetrekking geld Abraham as persoon en sy nakomelingskap.

Die antwoord wat ons hierop meen te hoor kan alleen wees dat daar geen verband kan wees tussen vleeslike afstamming en geestelike genade nie. Maar dan sien ons weer die dualisme: dit is die ou verskil tussen natuur en genade wat hier deurwerk; tussen skepping en herskepping is daar geen verband nie. Alleen hy wat hierdie dualisme handhaaf deur 'n oorgeestelike inslag, kan die verbond nie raakvat nie.

En nou volg hierby: "om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou". God gee Homself en nie net gawes nie. Wat hier staan is dat God vir die toekoms Hom aan sy volk verbind. Dit is 'n pleitgrond vir die gelowiges, want hier word die koms van Christus voorspel.

(iii) *Petrus se Pinkster-rede.*

Ons moet onthou dat ons hier 'n preek vind met as teks Joël 1:28 en volgende verse. Die woorde van Petrus moet in die verband verstaan word. Petrus spreek hier van 'n belofte wat "aan julle en jul kinders" toekom. Hierdie belofte moet nader bepaal word en ons kan seker nie verkeerd gaan deur dit te omskryf in die woorde van Joël: "Ek sal My Gees uitgiet op alle vlees". Hierdie weldaad word selfs tweemaal herhaal. Nader sou ons die betekenis kon vasstel deur dit te noem die weldade van wedergeboorte, bekering en heiligmaking. 'n Mens

sou weliswaar kon spreek van die weldade van kindskap, want die H. Gees gaan uit van die Vader en die Seun en bring nie iets anders of iets nuuts nie. Hy pas die verdienstes van Christus toe, eien ons dit toe.

En nou sê Petrus: Hierdie belofte kom aan julle en julle kinders toe. Wat meer is, op die radelose vraag: "wat moet ons doen, broeders?" volg: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes en julle sal die gawe van die H. Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders". Die teks sê eintlik nog duideliker: die belofte *is vir julle*.

Ook hier moet ons beklemtoon dat hier nie sprake is van 'n moontlikheid om van so 'n belofte erfgenaam te kan wees nie, maar dat die nugtere en sobere werklikheid benadruk word.

Dit sou totaal anders uitgedruk moes gewees het, as die moontlikheid beklemtoon moes word. Dan sou ons moes lees: die belofte wag daar op julle.

Ons wil hier beweer dat die Apostoliese Geloofsending op die moontlikheid nadruk lê. Hulle beklemtoon dat die klein kinders nie die werklikheid kan ontvang nie, maar as hulle opgroei en tot selfstandige belydenis kom, is daar 'n moontlikheid dat hulle die H. Gees kan ontvang en die gevolglike weldade. Wat dan duidelik is, is dat kinders van gelowiges net so ver van die geestelike weldade is as kinders van heidene want ook vir heidense kinders is daar nog altyd 'n moontlikheid

Ons moet ook Gods Woord benadruk: "en julle kinders". Die Apostoliese Geloofsending kan hierdie teks maar nie verteer nie. Twee verklarings word gegee nl. (a) kinders kan hier geneem word, nie as klein kinders nie, maar as kinders wat al volwasse geword het; (b) die uitvlug is ook geneem tot vergeesteliking, soos Timotheus ook wel Paulus se geestelike kind genoem word. Inderdaad is albei hierdie pogings nie uitleg nie, maar uitvlug.

Nou is dit wel so dat ons geloofsbelydenis vasstel dat ons hierdie beloftes moet hou vir werklik, totdat die teendeel blyk as ons kinders opgroei. Dan sal blyk of die belofte deur die volwasse kind vertrap word. Die verbond het twee dele en moet dus ook in die geloof aanvaar word. Tog bly dit nog altyd 'n misterie, want die geloof is ook uit God en Hy gee dit aan wie Hy wil. Ons weet niks van die Goddelike bestemming insake die partikuliere persoon nie. Ons weet wel van die Goddelike beskikking aangaande die geslag, Gods volk, Gods verbond en dit behoort vir ons genoeg te wees. Dat in die verbond sommige ook weer uitval, is 'n waarheid wat ons in Gods Woord dikwels hoor. Almal is nie Israel wat in Israel gebore is nie en tog bly God Israel sy volk noem. Al sondig Korag, Datan en Abiram, bly Israel nogtans Gods uitverkore erfdeel.

Nou mag ons wel hierdie konklusie trek: ons sê dat die organiese verbond deurgaans, behalwe die partikuliere persone wat uitval. Die Apostoliese Geloofsending lê die nadruk op die partikuliere persoon en eis eers persoonlike belydenis. Ons sê dat die kinders net sulke erfgenames van die volle beloftes is as die volwassenes, omdat hulle ewe-eens in die verbond van God begryp is. Die Apostoliese Geloofsending sê dat die kinders eers volwassenes moet word en belydenis moet doen, voordat die doop bedien kan word. Daarom is die sektariese idee partikularisties en die verbondsgedagte is volkome verlore.

En as nou gevra word: wat word dan van Kinders wat vroeg sterf, aangesien hulle nog nie kon bely wat hulle glo nie, sien u al die skouerophaling wat so koud laat: ons weet nie. Slegs die Gereformeerde opvatting laat die geloofswarme antwoord hoor: Godsalige ouers mag nie twyfel aan die saligheid van hulle vroeggestorwe kinders nie, omdat hulle saam met hul ouers deel het aan al Gods weldade. (Kyk Dordtse Leerreëls I par. 17).

(iv) *Die verband tussen besnydenis en doop.*

Die krag van die bewysvoering is hier dat die kinders die toesegging het van Gods beloftes en dus deel het aan Gods Woord. In Gods Woord mag ons verneem van Gods beloftes ten opsigte van ons kinders, van die saad van die verbond. Die beloftes kom aan julle en jul kinders toe. Daarom het die kinders nie slegs deel aan Gods Woord nie, maar ook deel aan die sakrament.

In die Nuwe Testament word besnydenis en doop verbind volgens Kol. 2:11, 12: "In wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie . . . omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop". Van belang is nie dit wat ons van ons kinders dink nie, maar wat God van hulle sê. En God sê: die kinders van die volwassenes is ewe-eens in die verbond begryp. Ons kinders is van hulle ontvangenis af onrein en dus in hul wesensgrond doemskuldig. Kragtens Gods verbond verklaar God hulle as Syne, omdat Hy hulle in Christus aangeneem het.

Ons vind dat die kinders in die Ou Testament op die agtste dag besny moet word. Deur die besnydenis kom die kinders in 'n besondere verband tot God te staan, in 'n liefdesverband, die van kind tot Vader.

Ons het reeds al betoog dat die weldaad van kindskap nie op grond van eie waardigheid ooit ons deel kan word nie, maar op grond van genade wat Gods volk se deel is in Christus as Verbondshoof. Hierdie verbond gaan deur die geslagte (Rom. 5:12-21). As die belofte van Gods verbond nie oor die kinders gaan nie, sou hulle nie gedoop kon word nie.

Die wedergeboorte wat ons tot kindskap bring, vind volgens Gods Woord plaas voor die geboorte, soos ons reeds al betoog het. Ons verwys weer na Jer. 1:5, Luk. 1:15, Ps. 22:10, 11, Ps. 71:6, 1 Kon. 18:12 en ons sou hierdie uitsprake kon vermenigvuldig.

Op grond hiervan is dit moeilik begrypbaar waarom kinders nie gedoop mag word nie. Die Ou Testament het die besnydenis aan 'n agt-dae-oud kindjie voltrek en d]e beloftes bly dieselfde oor dieselfde kinders in die Nuwe Testament. Die Skrif lê nie die nadruk op persoonlike geloof nie, maar op wat God sê. As God dan sê dat Hy die kinders aanneem, reeds voor hulle geboorte, het ons geen reg om die doop hulle te onthou nie.

Ons konklusie is dus dat die Ou Testament die kinders nie van die sakrament uitsluit nie, maar dat die teken van die verbond (besnydenis) oorgaan in 'n ander teken. In die Nuwe Testament word deur die doop dieselfde verseël, maar deur 'n meer omvattende teken. In die Ou Testament kon slegs manlike persone deel hê aan die besnydenis, terwyl in die Nuwe Testament die omvattende van die verbond deur die doop uitgebrei word, ook oor vroulike kinders.

(v) *Christus se handoplegging.* (Mark. 10:16).

Hierdie handoplegging van Christus is nie 'n instelling van 'n nuwe sakrament nie. Dit geskied ook nie aan enige kind nie. Dit is verbondsmoeders wat verbondskinders na Jesus toe bring. Hoe ons dit weet? Jesus verkeer in Judea en daar is dit volgens die Skrif onveilig vir Hom. Die gees van sy vervolgers domineer in Judea. Die daad van hierdie moeders was dus 'n geloofsdaad, 'n belydenis. Hulle stel hulleself direk teenoor die gees wat in Judea heers en vra dat Jesus hulle kinders seën. Dit is dan so 'n huislike toneel, maar ook 'n heerlike simboliese daad. Hoor sy woorde: "Laat die kinders na My toe kom . . . Want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele". Ja, dit gaan nie net om kinders nie, maar ook oor volwassenes. Ons hoor dit al in die woordjie "sulkes" en nog verder word dit beklemtoon in die woorde: "Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie".

Die Apostoliese Geloofsending vra dat kinders eers 'n volwassene se geloof moet hê voor hy gedoop mag word. Jesus spreek net andersom: Hy eis dat volwassenes soos kinders moet word, anders sal hulle ewig doemwaardig wees. Kinders word geseën en oor hulle klink heerlike Middelaarswoorde: hulle het 'n Eienaar. Dit is nie maar dat daar 'n moontlikheid is dat hulle eendag na belydenis die koninkryk mag beërf nie. Dit is juis andersom. Daar is saaklike sekerheid. Die kinders ontvang die koninkryk as werklike besit.

Hulle ontvang dit nie omdat hulle nog so klein is nie en sogenaamd onskuldig, onkundig en sondeloos nie. Hulle ontvang dit uit Middelaarshande, uit genade, as verbondskinders. En as sodanige kinders dit mag ontvang, is dit tog seker denkbaar dat hulle gedoop mag word. Wat verseël die doop anders?

(vi) Die *onderrig aan verbondskinders*.

Die gedeelte word ingelui met die woorde: "Daarom moet die kinders as erfgename van die ryk van God en van sy verbond gedoop word". Die onderrig moet dus oor 'n spesifieke terrein gaan. Die kinders word nie gedoop, soos die Roomse kerk sê, om in die ryk van God en sy verband te kom nie, maar juis omgekeerd, aangesien die kinders erfgename is, word hulle gedoop. Die doop gee niks nie, maar beseël alleen kindskap.

Ouers word onderwysers en hulle word daartoe deur God benoem. Die ouers is die kind se natuurlike onderwysers, want hulle moet vertel; lewendig, saaklik, geestelik, gelowig, moet die kind ingelei word in die skat van Gods barmhartigheid. Ouers moet sê: ons is met ons kinders in sonde ontvang en gebore, is van nature kinders van die toorn en kan in die ryk van God nie kom nie, tensy ons weer gebore word. God het gesê: Ek wil vir jou 'n God wees en vir jou nageslag na jou. Ons moet aan die verbondskinders wat God aan ons gegee het van Gods verbond vertel. En as ons ons kinders so by ons sien, moet ons nie wonder of hulle nog eendag hulle geloof gaan bely nie; of hulle miskien Gods kinders sal wees of nie; ons dank God dat hulle dit is en dat hulle gedooptes is. Ons wag nie op 'n geloofsbelydenis wat hulle as mense sal aflê nie. Ons bou op geen mens nie. Ons aanvaar wat God oor hulle gespreek het en aanbid daarom Gods genade.

III. Die leer oor die "Heilige Gees en die Geestesdoop.

Die enigste belydenis oor die H. Gees vind ons in Art. 11 van die Apostoliese Geloofsending se nuwe belydenisskrif en dit is presies dieselfde as die Nederlandse Geloofsbelydenis. Maar waar die Nederlandse Geloofsbelydenis net Art. XI het, het die Apostoliese Geloofsending nog 'n art. 11b, wat een honderd persent weerspreek wat in Art. 11 staan.

Art. 11b lui: "Ons glo en bely dat die belofte van die vervulling met die Heilige Gees in die Pinkstersin, nie alleen bedoel was vir die eerste Christelike kerk nie, maar dat dit almal toekom wat die Here onse God na Hom toe sal roep. Daarom kan ons vandag ook verwag dat die gelowiges deur die Gees in tale sal spreek en profeteer. Vervolgens glo ons dat ons tot die Here mag bid vir die genesing van allerhande kwale, asook vir enige ander saak, ooreenkomstig Sy wil, en dat ons ons behoort te beywer met die oog op die beste gewes soos wat die Gees aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil (1 Kor. 12)",

Behalwe die niksseggende laaste sin wat glad nie tuishoort in 'n Geloofsbelydenis nie, is die eerste gedeelte nogal veelseggend. Die laaste sin is 'n gemeenplaas waaraan geen niemand nog ooit getwyfel het nie en wat slegs die antichris die gelowiges sal ontsê. Ons sal egter later oor die geloofsgenesingspraktyk iets sê.

Die eerste gedeelte spreek dan van 'n herhaling van die uitstorting van die H. Gees, soos wat dit op Pinksterdag geskied het, sodat ook die kerk van vandag deel kan hê aan hierdie ondervinding nl. om in tale te spreek en te profeteer. Maar sê Joh. 14:16 dan nie "En Ek sal

die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid".

Die Nederlandse Geloofsbelydenis spreek daarvan dat die Gees van die Vader en die Seun uitgaan, maar by die aanvullende Artikel is dit duidelik dat die Gees niks met die Vader en die Seun gemeen het nie en heeltemal apart van die Vader en die Seun gedink word. Immers, die H. Gees "sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek" Joh. 16:13. Sodra God verskyn, vind daar 'n openbaring plaas, 'n nuwe openbaring. As die H. Gees telkens weer verskyn in die gemeente, as dit dus so is dat die Gees telkens wonderbaarlik met tongespraak sal verskyn, moet daar dus nuwe openbaringe plaasvind. As dit werklik so is soos wat die Apostoliese Geloofsending hulle dit voorstel, waarom word die nuwe openbaringe dan nie aangeteken en die Bybel aangevul nie?

As ons mag bid dat die H. Gees telkens opnuut uitgestort moet word, waarom bid ons dan nie dat die Seun, Jesus Christus weer vlees moet word nie? Hulle is tog albei Persone in die Goddelike Wese, ewig en onveranderlik.

Ons sien dus dat hier veel verkeerd is met die belydenis oor die H. Gees, maar ons wil voortgaan om die aanduiding van die Gees te bespreek.

Ons wil veral hier stilstaan by wat genoem word Geestes-doop. Wat word hieronder verstaan?

Die president van die Apostoliese Geloofsending "skryf in 'n voorwoord van die boek "Pinkstererfenis" van dr. F. P. Möller die volgende: "Daar bestaan soveel onkunde oor die doping met die Heilige Gees, en omdat daar sommige is wat hierdie leerstelling verwerp en die ondervinding in twyfel trek, aarsel baie welmenende kinders van God om daarna te soek. Die gevolg is dat hulle onberekenbare skade in hulle geestelike lewe ly".

Ons herhaal korteliks net dat wedergeboorte is in vergelyking met vervulling slegs 'n inleiding, preliminêr. In hul eie woorde word dit só weergegee: die wedergeboorte gee aan die mens 'n nuwe en goddelike natuur. Die vervulling is die verhouding waarin die Derde Persoon van die Godheid tot die menslike gees kom en van die mens 'n dienswillige Geestesinstrument maak. Wedergeboorte is 'n stil, verborge werking in die hart van die mens waarvan geen buitestaander weet nie. Vervulling met die H. Gees kan gesien en gehoor word soos bv. op Pinksterdag en soms op plekke waar dit nogal wanordelik kan toegaan, volgens hierdie sekte se eie geskrifte. (Vgl. die brosjure "Die vervulling met die Heilige Gees") - Die doel van die wedergeboorte is om die sondaar kind van God te maak en die ewige saligheid te skenk. Die doel van die vervulling is om die wedergeborene met krag toe te rus met die oog op geestelike werk. Wedergeboorte vind reeds in die Ou Testament plaas, hoewel die woord Nuwe-Testamenties is. Vervulling is 'n ondervinding slegs sinds Pinksterdag.

As voorbeelde word in hierdie verband genoem: (i) die dissipels was voor Pinkster reeds wedergebore en word daarna toe vervul met die Gees. (ii) Toe Filippus in Hand. 8 die evangelie in Samaria verkondig het, het die Samaritane geglo en is hulle gedoop. Dus ons moet aanneem dat hulle wedergebore was. By die doop (wedergeboorte) moet nou ook nog kom die vervulling met die H. Gees, volgens vs. 17.

Van hierdie voorval word veel gemaak en ons sal later 'n verklaring van hierdie skrifgedeelte gee.

Instemmend word uit werke (soms kleinere brosjures) van predikante en professore uit ons kerke aangehaal. Ds. (nou prof.) J. C. G. Kotzé se woorde vind veel byval by die Apostoliese Geloofsending as hy oor Hand. 8 die volgende skryf: "Duidelik is dit tog, dat indien hierdie handelwyse van die Apostels nie plaasgevind het nie, sou hulle na die uitstorting van die

Heilige Gees nog in 'n groot gebrek in die geestelike lewe moes bestaan het. Dit sou 'n subnormale lewe gewees het. . ."

Ons moet beoordeel volgens die Heilige Skrif of daar soiets is as so 'n dubbele ondervinding, of dit volg op mekaar en ook in intensiteit verskil.

In metodistiese kringe word dit deurgaans aangetref. By Wesley, vader van die metodisme, vind ons dieselfde gedagtes. Wesley spreek van 'n "first change" en 'n "second change". Die eerste verandering is 'n verandering "in low degree", maar daarop moet dan sanktifikasie volg. Die eerste verandering, sê Wesley, geskied by die regverdigmaking, die tweede by die heiligmaking. Dit is 'n perfeksionistiese gedagte. Ons word volmaak in liefde en gereinig van alle sondes. Ook hy spreek van ervaring en ondervinding. Hierdie "second change" geskied oombliklik, deur God self.

As ons moet uitgaan van wedergeboorte en super-wedergeboorte (vervulling), moet ons *let* op die onmoontlike wat ons hier voorgestel word. Volgens die Apostoliese Geloofsending moet die orde juis omgekeerd wees. Wedergeboorte is deel hê aan die Goddelike natuur en dit is sekerlik hoër as vervulling. Maar nog meer: wedergeboorte geskied slegs eenmaal, maar vervulling is 'n sig herhalende ondervinding. Hieruit moet 'n mens aflei dat wedergeboorte altyd aangevul moet word, is 'n handeling wat altyd aan die gang is, want ons moet vervulling najaag en soek om by die wedergeboorte by te doen. Dit is iets wat net in die teenwoordige tyd kan geskied en 'n mens kan op hierdie standpunt nooit van wedergeboorte in die verlede tyd praat nie; want dit is nooit 'n afgehandelde saak nie. As ons nou die Skrif naslaan vind ons by 1 Petrus 1:23: "Want julle is wedergebore . . ." Joh. 1:13:... "maar uit God gebore is". Dit lyk dus of die Skrif van die wedergeboorte wel in die voltooide tyd spreek en ons sou reg wees om te beweer dat die Skrif nie so 'n aanvullende en voortdurende daad van vervulling ken as ekstraordinêre ondervinding nie.

Ons wil verder korteliks weergee dat die wedergeboorte in engere of breëre sin geneem kan word. By albei is dit natuurlik die werk van die H. Gees. Sou ons die wedergeboorte in engere^ sin neem, sou ons dit heeltemal aan die begin van die heilsweg plaas, met die wete dat dit God is wat roep en wederbaar. Sou ons die wedergeboorte in breëre^sin neem, dan sou ons drie stadia kan onderskei:

(i) Die prinsipiële vernuwing van die hart van die uitverkore sondaar wat geskied deur die H. Gees op grond van die verdienstes van Christus. Op die wyse kom daar lewende gemeenskap met God en Gods beloftes.

(ii) Voortgaande vernuwing van die lewe wat onmiddellik begin na die eerste prinsipiële vernuwing en wat gewoonweg genoem word toeneming in die genade en kennis van Christus, die groei en bevestiging in die geloofsluwe, die weg van heiligmaking waarop voortgeskrei word. Die vraag of aan hierdie weg in hierdie lewe 'n einde kom, moet bepaald negatief beantwoord word. Dit is ook 'n prinsipiële onderskeid met alle vorme van metodisme. Die Heilige Skrif slaan hierdie weg ook nie hoog aan nie, veral met die bepaling daarvan. Jes. 64:6 en Heidelbergse Kategismus vr. 62. Laasgenoemde spreek "dat ons beste werke in hierdie lewe almal onvolkome en met sondes bevlek is" en vraag 114 sê "ook die allerheiligstes het maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid solank as hulle in hierdie lewe is". 1 Joh. 1 :8.

Ons kan dus hierdie stadium in die wedergeboorte aanvaar as gaande oor ons ganse aardse lewe.

(iii) Die voltooiing van die wedergeboorte wat begin by die dood, wanneer die liggaam van sonde afgelê is. Die voltooiing bereik sy einde by die verheerliking, as die herstel 'n feit geword het, d.w.s. as siel en liggaam verenig het na die dag van aller opstanding. Die

heerskappy van Christus breek dan aan oor 'n nuwe wêreld waarin daar geregtigheid woon.

Hierdie skriftuurlike opvatting van die wedergeboorte is volkome gespeen aan elke vorm van ekstremisme of emosionalisme of oordrewe vroomheid. Dit gee aan ons die nugtere werklikheid. Dit wil nie die nadruk lê op ondervindings of ervarings nie, maar op gebeurtenisse wat toets- en bepaalbaar is. Dit wil die nadruk definitief nie lê op spekulatiewe winste en rykdom nie. Dit lê veel meer die nadruk op armoede en op daelike brood as op dobbelrykdom wat volkome sonder grond is. Joh. 16:7-11 is behartigenswaardig: "Maar as Ek weggaan sal Ek Hom na julle stuur, en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel. . ." Inderdaad, as Hy kom sal Hy die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Hier is geen sprake van perfeksie, van 'n Goddelike natuur nie. Dit is selfs lasterlik om soiets te beweer.

Enige leer wat duskant die graf tot perfeksie wil kom, loop gevaar dat hy die hemel op aarde wil ontvang en onthaal, soos Petrus vir Elia, Moses en Christus hutte wou maak. Soos die Apostoliese Geloofsending dit voorstaan word die verdorwenheid van die menslike natuur nie diep opgevat nie. Dit is 'n duidelike plant op Pelagiaanse bodem.

As dan beweer word dat die Skrif in Matth. 5:48 spreek: "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemel volmaak is" en ook 1 Tim. 3:17 "sodat die mens van God volkome kan wees .. .", moet onthou word dat daar nie staan dat hierdie volmaaktheid of heiligheid reeds in hierdie lewe bereikbaar is nie.

Ons wil ook hier waarsku teen inlegkunde wat ons vind by sekere perfeksioniste en hul geesverwante nl. die Pelagiane, Remonstrante en Roomse betreffende Rom. 7. Hulle sê dat Rom. 7 nog spreek van die onbekeerde Paulus, terwyl ons in Rom. 8 weer die bekeerde Paulus sien. Wonderlik darem wat 'n mens alles aanvang as die Skrif teen jou eie opinies gaan. Nee, slegs 'n wedergeborene en 'n magtige Geestesinstrument, kan sy lewe so sien soos Paulus, kan in eie sondedieptes afdaal en dan sê "Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek".

Ons moet egter kom tot eksegeese van Hand. 8:14-17 — een van die Skrifgedeeltes waar die Apostoliese Geloofsending veel gewag van maak. Telkens word met ingenomenheid die uitdaging geslinger: wat van die Samaritane!

Die betrokke Skrifgedeelte is dan dat Petrus en Johannes na Samaria gestuur is. "Hulle het afgekom en vir hulle gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus. Hulle het hulle toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang".

Nou, so redeneer die Apostoliese Geloofsending: "Die apostels het egter geweet dat wedergeboorte nog nie die bewys van vervulling met die Heilige Gees is nie, en daarom het hulle wel na Samaria gegaan". (Aanhaling uit 'Krag uit die hoogte').

As wedergeboorte sonder die H. Gees moontlik was, dan was hierdie redenasie volkome reg. Gelukkig is dit nie so nie. Die jode-christene in Jerusalem het die Heilige Gees ontvang en dit was hulle band met Christus, die verhoogde Heiland. Die Heilige Gees kom ook woon in die kerk van Samaria en sê daarmee dat die kerk van Samaria dieselfde kenmerke het as die kerk in Jerusalem. Die kerk onder die veragte Samaritane is nie tweederangs nie en moet bekend staan as Geesteskerk. Die Heilige Gees word nie opnuut uitgestort nie, maar kom ook hier tot openbaring. Ons het dus te doen met Geesteswerk by die prediking, aanname van die Woord, wedergeboorte en bekering en nou kom die Heilige Gees sigbaar ook nog hier woning maak.

Natuurlik hou Geesteswerk nie by wedergeboorte op nie, maar word ook hier na prinsipiële

vernuwing prosesmatig voortgegaan na verdere vernuwing en voltooiing. Ook hierdie werk geskied nie anders as deur die Heilige Gees nie.

Ons moet nog spreek oor *die tekens van die vervulling* of ook genoem *die Geestesdoop*.

Die uitgangspunt hier is dat die mens, wanneer hy vervul word met die H. Gees, ook die uitwendige, sigbare tekens vertoon, soortgelyk aan die wat op Pinksterdag en op ander kere *toe* die Gees uitgestort is, tot openbaring gekom het. Hierdie tekens is eintlik net die wat gevolg het op die Pinksterdag nl. nie die sigbare tonge van vuur of die rukwind nie, maar net die spreek in verskillende tale. Hierdie teken, ook genoem glossolalie, is waarlik gepatenteer as die tipies-eie kenmerk van Geestesdoop, van Geestesvervulling, want dit word voorgestel as Geestesspraak.

So sê Möller in sy "Ons pinkstererfenis" p. 133 "Vervul met die Heilige Gees beteken om die derde Persoon van die Godheid in jou binneste (jou hart of jou gees) te ontvang". Verder: "Die eerste wat die Gees gewoonlik doen wanneer Hy die mens gevul het, is om iemand die Here in ander tale te laat verheerlik". Hierdie dinge gaan gepaard met nog baie ander uitinge: "Daarom is dit dan ook nie verbasend nie, as ons lees dat tydens herlewings, dit wil sê, wanneer die Gees van God op 'n besondere wyse vaardig is, mense neerval, krampagtige bewegings maak, om genade uitroep, almal hardop aan die bid raak, rondspring van vreugde, hardop huil vanweë sondeberou of dankbaarheid ens." (p. 103 a.w.).

Hierdie tale wat gesprek word is alleen kenbaar deur die kenners, wat ook deur die Gees weer insig moet verkry in die wonderspraak. Dit is nie tale wat ander volke praat, soos in Hand. 2 wel die geval was nie, maar dit is vreemde tale, Geestestale.

Dieselfde taleverskynsel vind ons nie net in Hand. 2 nie, maar ook in Hand. 19:1-6, Hand. 10 (Cornelius). Op grond hiervan word beweer dat die Skrif nou wel nie beweer dat 'n persoon in tale moet praat by Geestesvervulling nie, maar tog is spreek in tale 'n noodsaaklikheid wat volg op Geestesvervulling. As iemand beweer dat hy met die Gees vervul is, sonder om in tale te praat, kan 'n mens tereg vra: maar hoe kom u ervaring dan nie ooreen met wat in die Bybel verhaal word nie. As ons hierdie aanspraak ondersoek en die hele opvatting aangaande die glossolalie, kom ons by baie probleme. Ons lees bv. nie dat Paulus in ander tale gesprek het nie, ook nie toe Ananias hom besoek het en aan hom gesê het: "Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en *met die Heilige Gees vervul word*. As die spreek in tale altyd volg op vervulling met die Heilige Gees, waarom nie hier nie?

In 1 Kor. 14:18 sê Paulus: "Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal . . ." en dan volg sy hele betoog wat daarop dui dat ons versigtig moet wees met die spreek in tale. Dit beteken geensins dat in vreemde tale, onbekende tale, ongebruikte tale gesprek moet word nie, maar in *ander* tale nl. van bekende ander volke op Gods aarde. Dit is presies wat in Hand. 1 staan. En nou mag ons nie Hand. 1 losmaak uit die heilsgeskiedenis nie, asof dit 'n gebeurtenis was wat glad nie in die Skrifverband en in die openbaringsgeskiedenis pas nie. Hand. 7 gryp direk terug op Gen. 11, die toring van Babel met die spraakverwarring aldaar deur die sondige ongehoorsaamheid. Hand. 1 gee ons die teëbeeld nl. die vereniging van alle taalgroepe in die voltooide gemeenskap wat Gods Gees bewerkstellig. Uit alle geslagte, volke en nasies sal Gods Gees die Bruidskerk van die Bruidegom Jesus Christus byeenroep. In Hand. 2 word dit duidelik dat daar verteenwoordigers van verskillende taalgroepe in Jerusalem aanwesig was en dat hulle elkeen in sy eie taal gehoor het. Die Parter het Parties gehoor en die Meder Medies. As hulle nie daar was om te hoor nie, sou die Gees nie in daardie tale laat spreek het nie. Watter sin sou dit hê? Gods Gees wil Hom juis verstaanbaar maak en wil verstaan word.

So maak die Skrif van die glossolalie geen bespottling nie, geen wanordelike gestamel, nou dat juis die Gees van orde uitgestort is. Dit is dan juis die Gees wat in Gen. 1 gesweef het oor die waters en orde gebring het. En as Paulus nou in 1 Kor. 14 die tale-spraak wil inkort, omdat dit onverstaanbaar is en in vs. 19 sê: "Maar in die gemeente wil ek liever vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tienduizend woorde in 'n taal", is dit tog werklik verbasend dat die Apostoliese Geloofsending hieruit wil aflei dat die apostel Paulus glossolalie wil aanmoedig.

Dit mag skyn asof die Heilige Gees dikwels uitgestort is, met gepaardgaande talespraak soos by Pinksterdag. Ons wil twee Skrifgedeeltes korteliks behandel nl. Hand. 19:1-7 en Hand. 10:44, 45.

'n Hand. 19 het ons te doen met persone wat met die doop van Johannes gedoop is, toe weer deur Paulus gedoop is en na handoplegging het die H. Gees op hulle gekom.

Ons moet aflei dat die apostel Paulus die doop waarmee hulle gedoop was nie as ware doop erken het nie. Ons het hier waarskynlik met die dwalinge te doen in die kring van Johannes die Doper se dissipels wat Johannes se werk in ere wou hou en wat nie ag gegee het op die woorde: Jesus moet toeneem en Johannes self moes kleiner word. Herman Bavinck beweer dat die persone in Éfese nie 'n tweede keer nie, maar eintlik vir die eerste keer in die Naam van Jesus Christus gedoop is, want hulle vorige doop in die naam van Johannes was geen ware doop nie. Dit was nie die christelike doop nie en ook nie die regte doop van Johannes nie. Ook prof. A. Kuyper Snr. praat van 'n valse sekte van Johannes-volgelingen, wat dus steun verleen aan die bogemelde uitleg. (E Voto II 509).

Verder is dit duidelik dat hier nie van 'n uitstorting van die H. Gees sprake is nie, want "die Heilige Gees het op hulle gekom". Ons het dus 'n meedeling van die gawes van die H. Gees, anders as op Pinksterdag, omdat hier nie die ander uitwendige wondertekens verskyn nie. Maar die besondere is tog dat daar met tale gespreek word en geprofeteer is. Die besondere gawes van die Gees kom na vore omdat hier 'n nuwe groep in die kerk ingelyf word en hierdie nuwe groep moet ook die Gees ontvang om gelykwaardig te kan wees met die ander groepe. Hulle staan nou gelykwaardig met die Samaritane en die ander heidene. (Vgl. Hand. 4:31, 8:17, 10; 44).

Ons wil hierdie gelykwaardigheid beklemtoon, want dit is waar dat die H. Gees telkens met besondere gawes verskyn waar dit in gedrang kom. In Hand. 10:44, 45 het ons weer so 'n geval. Onses insiens sou dit totaal verkeerd wees om te aanvaar dat die Gees nou oral en altyd weer met so 'n besondere gawe van talespraak uitgestort kan word. Hier by die doop en prediking in die huis van 'n heiden, Cornelius, val die H. Gees op almal en word daar in tale gespreek.

Indien ons die Skrif reg lees moet ons dit só sien: Op Pinksterdag is die H. Gees uit die Hoof Christus in die liggaam, sy gemeente, uitgestort. Die gemeente daar aanwesig het net uit Jode bestaan en die H. Gees is op die dag op die Joodse gemeente uitgestort. In die huis van Cornelius is nou die kerk uit die heidene byeen en nou het die H. Gees ook op die heidene geval. Dit moes só geskied, soos Petrus later verklaar het in Hand. 15:8, 9: "God wat die harte ken, het vir hulle getuigenis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk, net soos aan ons. Hy het geen onderskeid tussen hulle en ons gemaak nie . . .". Dit is duidelik dat Petrus hier sê waarom die kerk uit die heidene ook die Gees op wonderwyse moes ontvang nl. omdat die Joodse Christene die kerk van die heidene nie sou erken het as dit nie plaasgevind het nie, of dit kan ook wees dat die Joodse kerk die kerk uit die heidene as minderwaardig, tweederangs sou beskou het. Hier val die klem op gelykwaardigheid, "net soos aan ons", sonder enige verskil. Die liggaam van Christus is 'n eenheid en daar mag nooit 'n tweeslagtigheid wees nie.

Nou spreek ons hier van 'n aanvullende uitstorting en dit wel omdat daar niesteenstaande die ooreenkoms tussen die uitstorting in Jerusalem en die in Cesarea, tog twee merkwaardige verskille is nl. (i) in Jerusalem is die H. Gees uitgestort deur die Vader (Hand. 2:17), maar in Cesarea is die Gees self werksaam en val self op die versameldes. (ii) In Jerusalem is daar sprake dat die Gees self uitgestort word, terwyl in Cesarea daar net sprake is van die gawe van die Heilige Gees.

Ons kan dus konkludeer dat die H. Gees net één keer uitgestort is. Daarna is daar wel gawes; openbaar geword, maar daar is geen rede in Gods Woord om van 'n herhaling van die uitstorting te spreek nie. Ook sou dit grens aan Godslastering as ons vandag nog van so 'n herhaling van die uitstorting spreek.

Omdat die saak van glossolalie so hoog aangeslaan word deur die Apostoliese Geloofsending moet ons nog 'n paar konklusies uit Gods Woord trek.

(i) Die gevalle van talespraak by Geestesvervulling is nie gewoon in die Skrif nie, maar is uitsondering en word telkens uitdruklik vermeld. By die Apostoliese Geloofsending is dit reël en nie uitsondering nie.

(ii) Inderdaad moet die vraag gestel word: waar is die bewys dat glossolalie deur die H. Gees gewerk word? Die feit dat dit voorkom is nie die bewys nie. Die H. Gees bring nie maar formele talespraak nie, maar gee 'n inhoud en daarvan spreek 1 Kor. 14. Die inhoud moet wees soos in vs. 3: woorde van stigting, troos en bemoediging. Dit moet (vs. 6) nuttig wees, duidelik, verstaanbaar. Daarom dra die Skrif se medelinge van talespraak 'n besondere inhoudskenmerk. Glossolalie is nie maar 'n verskynsel, 'n godsdienstige sensasie nie. Volgens die Skrif is daar duidelike grense vir die bestaan daarvan, nl. dat dit 'n dienskarakter het. Die H. Gees is uitgestort ten dienste van Gods kerk. Die H. Gees kom die verdienste van Christus sy gemeente toe-eien en niks van die H. Gees kan dan ook in 'n ander verband gesien of gedink word nie. Dit behoort duidelik te wees dat die H. Gees nie maar so verskyn om iemand te versier nie. Ons moet dus se dat glossolalie in besondere omstandighede 'n Geestesgawe is, maar verder niks.

(iii) Die uitstorting van die H. Gees en die gepaardgaande-talespraak is 'n heilshistoriese handeling van God. 'n Mens lees nergens dat die ontvangers op Pinksterdag weer daarvan gespreek het nie. Hulle wat dit ondervind het, het hierdie Geesteswerking dankbaar in hul binneste bewaar. As die Apostoliese Geloofsending daarvan 'n besondere deel van sy teologie maak, is dit bepaald weg van die Skrif af.

(iv) Die talespraak word al heel spoedig met die verloop van die kerkgeskiedenis bv. in Korinthe, nie meer so hoog aangeslaan nie. Paulus stel die spreek in tale laer as die gawe van profesie (1 Kor. 14:5). Bavinck sê dat daar 'n verswakking en vermindering ingetree het. Sou dit te veel gesê wees as ons hieruit aflei dat die verswakking heenwys na 'n tyd waarin sodanige wondergawes volkome sal verdwyn het? In alle geval is dit in die kerkgeskiedenis van vorige eeue onbekend dat in 'n kerk 'n vreemde of ander tale gespreek is. Neem bv. die geskiedenis ten tyde van Augustinus, Athanasius, Hieronymus, waarin daar geen woord gerep word van 'n talespraak nie. Moet ons daaruit aflei dat hulle die H. Gees nie gehad het nie? Goed, maar dan sal ons tog weer verklarings moet soek vir hulle vroomheid, vir hul geloofskrag, want dit is tog Geesteswerksaamhede.

(v) Is daar nou ergens in die Skrif 'n bevel aan die kerk om tale te spreek? Ons vind dit nie. En die Skrif spreek tog duidelik van die Gees en Sy werksaamhede bv. Rom. 7 en 8, waar die Gees die verskil aandui tussen vlees en gees. In Gal. 5:7-11 waar die vrug van die Gees is, liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid ens. Waarom sou die Skrif hier nie o.a. ook' noem: spreek in tale nie? En so kan ons tot in die Openbaring-boek voortgaan, waar die Gees vir die

gemeente sê: wie 'n oor het, laat hom hoor! En tot op die laaste bladsy van die Skrif kan ons lees, waar die Gees en die bruid sê: Kom! Tog hoor ons nie meer van tale nie.

Ons sluit met die woorde van Totius wat herinner aan die apostel Paulus se vermaning aan die Korintiese kerk omdat die kerk aldaar nogal die buitengewone dinge nagejaag het (1 Kor. 14:27-40). Hierdie neiging bring 'n ordeloosheid en verwarring (vs. 33). Laat elke kerk gewaarsku wees teen so 'n neiging, want in die heel vroeë kerkgeskiedenis word hierdie berisping al gehoor, en dit wel in 'n tyd toe verskillende ander wondergawes nog aanwesig was (1 Kor. 14:5). Hoeveel te meer moet ons vandag op ons hoede wees.

IV. Geloofs- en Gebedsgenesing.

"Vervolgens glo ons dat ons tot die HERE mag bid vir die genesing van allerhande kwale..." Só lui dit in Art. 11b van die aanvaarde Geloofsbelydenis, wat 'n toevoeging is by Art. 11, waarin die geloof aangaande die Heilige Gees bely word.

Nou is dit so 'n doodgewone stelling dat geen gelowige hom daarteen sal verset nie. Ongelukkig word hier die vrybrief gegee vir 'n praktyk van geloofs- en gebedsgenesing, wat alles behalwe so onskuldig is. Die praktyk by die Apostoliese Geloof sending is dat daar gereeld sulke samekomste is en dat persone uit die buiteland selfs met hulle ondersteuning kom om groot samekomste te hou waar genesing deur gebed moet plaasvind.

As ons hieroor handel, gaan dit ons nie om aan te val en te veroordeel nie, om te probeer betoog dat daar bedrog gepleeg word of dat die genesings bewerk word deur tydelike inwerking op die senugestel nie. Ons moet uit die Skrif ondersoek watter lig hieroor moet skyn.

Ons wil eers die twee groot uiterstes, vandag so welbekend, aandui: (i) oorwaardering van die geloof en gebed, wat neerkom op 'n misduiding en wat ontaard tot toekening van magiese krag; (ii) onderwaardering van geloof en gebed, wat meebring dat hierdie Skriftuurlike gawes troueloos nagelaat word.

Ten opsigte van (i) wil ons hier heel kort weergee dat die gees van oorwaardering groot probleme met hom meebring. Wie is God en wie is die mens in so 'n geval? In die Skrif is God hoog en te pryse tot in alle ewigheid, terwyl die mens sonder is, behoeftig en ellendig, krank en besete, wagtend op Gods hulp. Maar by oorwaardering word die orde omgekeer: die mens word hoog, want dit gaan om hom en sy genesing. God aan die ander kant word verlaag, tot agent vir die mens, ten dienste van die mens moet God staan, bereid om die genesingsgebed te verhoor en aan die eis te gehoorsaam. So 'n sienswyse moet seker bestempel word as een wat wegswenk van die Skrif af.

Wat (ii) betref moet van onderwaardering gespreek word. Gewoonlik geskied dit uit reaksie. Uit ernstige bedenkinge teen die hartstogtelike en emosionele, word die toevlug geneem tot die louter nugtere opvatting. Sodra die geloof slegs leef by die denkbare en sigbare, word hy twyfelaar. "Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie." (Hebr. 11:1).

Die geloof het sy noodsaaklike komponent, die vaste vertrouwe. Elkeen wat alleen redelik oor die moontlikhede van gebedsverhooring spreek, weet dat sy gedagtes maar dobberende is. So iemand sou weer sy vertrouwe bloot op die geneesheer vestig en op genesingsmiddels.

Die vraag is juis of ons moderne maatskappy nie al volslae heidens geword het nie. Met die magtige skouerophaling oor God en Gods vermoë, Gods voorsienigheid en Gods almag, nie al tot skeptisisme gevoer nie? Ons is ver van God af en waar dit die geval is, neem die bygelowigheid oornag toe. Bavinck het al gesê: as die geloof kwyn, neem die bygeloof sy

plek.

Die vraag is juis vandag al hoe meer: wie is God vir ons? As God die groot vraagteken geword het, kan ons begryp dat die hedendaagse mens al hoe meer afskeid neem van gebed. Dan word liefs gespot met die ernstige bidder. Dan is ons houding teenoor gebed nie maar bloot 'n reaksieverskynsel teen sektariese oorwaardering nie, maar het die verheidensing al ver gevorder. Die humanisme en die positiwisme met sy rasionalisme het sy invloed sekerlik uitgeoefen op die gees van die Westerse wêreld.

Dit is dus ernstige vrae wat ons konfronteer as ons hier gaan spreek oor geloofs- en gebedsgenesing. Ons wil dit nie onbekend laat wees nie, dat daar twee kante is van hierdie saak. Wegswenking van die Skrif af moet nie by ons gevind word nie. Aan die ander kant moet gebedstowery ook vreemd wees. Ook as ons gebede eise word in plaas van smeking, as die kindergestalte wegwyn en die selfsugtige gees openbaar word waarin nie Gods wil die belangrikste is nie, maar my gesondheid, moet die vinger duidelik die kwaal aanwys en moet die roepstem helder weerklink: Bekeer julle!

By die Apostoliese Geloofsending hoor ons dikwels spreek van hierdie sake en word gehoor van Geloofsgenesing, Gebedsgenesing, Wondergenesing, Goddelike genesing. Hiermee word eintlik dieselfde gebeure aangedui. By geloofsgenesing word die geloof bepaald veronderstel by die sieke. By gebedsgenesing word die gebedsgawe plus oplegging van hande veronderstel by die geneser.

Wat die geloof self betref, sal niemand seker beswaar hê teen die woorde van die Heidelbergse Kategismus vr. 21 waar hy antwoord op die vraag: Wat is 'n ware geloof? Hier word korteliks meegedeel dat 'n ware geloof drie grondbestanddele het: kennis, toestemming en vertrouwe. Voorts dat dit 'n genade-geskenk is van Gods Gees. Augustinus het gesê dat geloof die arms is wat uitgestrek word, die hande wat oopgehou word, die hande wat vasgryp in Gods beloftes. Tog waarsku die Heidelbergse Kategismus ook teen die oorspanning van die geloof in vr. 61 "Nie dat ek vanweë die waardigheid van my geloof Gode welgevallig is nie".

Ons kan hiermee volstaan en dan ondersoek instel na wat die Skrif sê oor Geloofsgenesing.

Alle genesinge in die Nuwe Testament is wondergenesings, maar nie almal is geloofsgenesings nie. Om die waarheid te sê, dit is 'n klein beperkte aantal wat as sodanig aangedui kan word. Ons wil heel kort enkele aanduidinge gee en verwys na die genesings waarby wel van geloof sprake is. Matth. 8:5vv. verhaal van die Hoofman van Kapernaüm, maar nou is dit nie hy wat genees word nie, maar sy dienskneg, van wie ons niks weet nie. Die verlamde man in Kapernaüm (Matth. 9:1vv.) maak ook melding van geloof van diegene wat hom bring, maar nie van die pasiënt nie. By die opwekking van die dogtertjie van Jairus (Mark. 5:21 vv.) kan daar nie sprake wees van geloof by die ontslapene nie. In dieselfde gedeelte word egter van die geloof gemeld van die bloedvloeiende vrou. Dit is een van die gevalle wat ons soek, waar die geneesde hierdie kwaliteit besit. In Matth. 15:21 vv. kom die mooi gedeelte voor van die Kananese vrou wat darem aanspraak maak op die krummels wat die hondjies se deel word. Jesus sê aan haar: "o vrou, groot is jou geloof", maar dit is haar dogtertjie wat gesond word. Die blinde Bartimeus (Mark. 10:46vv.) ontvang as gelowige die seën met die woorde: "gaan, jou geloof het jou gered". 'n Laaste geval wil ons noem nl. die van die tien melaatses (Luk. 17:12 vv.), maar as hulle gesond is, kom slegs één terug om God te verheerlik.

Ons wil nie aanspraak maak op volledigheid nie, maar dit is tog wel 'n beskouing van 'n groepie gevalle waar die Skrif duidelik melding maak van geloof. Daar is egter nog ander genesings, soms wel groot getalle. Geloofsgenesings sou 'n mens dit nie noem nie. Dit skyn

juis intedeel asof die subjektiewe eis van geloof geen voorwaarde was nie. Nee — want ook Legio word genees in sy waansin en aangedrewe opstand deur duiwelsmagte teen Jesus. Selfs dooies word opgewek.

Dit skyn asof die Skrif ons juis op iets of Iemand anders wil laat staar as die mens en sy inwendige kwaliteite en aan ons sê: elke genesing is nie 'n geloofsdaad nie, maar wel 'n *Middelaarsdaad*. Die woord geloof kan hier misbruik en selfs oorspan word. Die mens kan hier groter eer ontvang en dit is nie die voorneme van die openbaring om die mens te verheerlik nie. Christus is almagtig en triomfeer telkens oor die dood en doodswerkinge. Christus genees, nie omdat die siekes glo nie, maar omdat Hy hulle uit genade wil genees en deur die genesing profeteer van die volkome genesing, ook van die wortels van alle krankheid. Dit is tog eenaardig dat Jesus Christus telkens op die sonde wys, van sondevergifenis spreek en van redding. Die nadruk moet val op Sy Middelaarswerk en op Sy ontferming. Die heel laaste wondergenesing is seker hiervan die duidelikste bewys: die genesing van Malchus se oor.

Ons kan ewe-eens in die Nuwe Testament nie altyd spreek van gebedsgenesings nie. Ons mag veeleer spreek van *gebedsgenesings*, wat juis bevestig dat Jesus Christus Middelaar is, Here en God, wat Gebieder is en Maghebber is ook oor die dood en doodswerkinge. Inderdaad is dit só duidelik dat genesingswerk van Christus nie om die pasiënt se ontwil gedoen word nie, maar om 'n openbaring van Homself in Sy besondere roeping as Gesondene van die Vader.

Onse Here Jesus Christus het wel met aanraking 'n paar genees. Dit is merkwaardig dat persone een of ander kontak met Hom soek, aanraking van Sy kleed of Sy onmiddellike nabyheid. Jesus neem bv. die hand van Petrus se skoonmoeder, 'n blinde word deur aanraking genees (Matth. 9:29) en Hy steek sy vinger in die ore van 'n dowe (Mark. 7:33). Ook die oplegging van hande word vermeld (Luk. 4:40, Luk. 13:13, Mark. 8:25).

By die uitsending van sy dissipels het Jesus Christus ook die handoplegging beveel met die belofte dat diesulkes gesond sal word (Mark. 16:18). Ons vind ook in Jak. 5:14 'n salwingsbevel en gebed. Die eenaardige is wel dat die handoplegging nergens beveel word nie en sommige sektes is hieroor nogal stellig.

Wat ons tog voor moet waak, is die bygeloof wat by sulke uitwendige handeling al te maklik geïnspireer kan word. Magiese kragte en towery moet tog nooit in die Christendom gevoed word nie, aangesien die sondige mens al te geneë is om bygelowige bygedagtes te besit. Ons wil tog vra: van hoeveel genesinge deur die hande van die apostels op die wyse aan ons voorgelou in Mark. 16 en Jak. 5 lees ons? Dit is tog waar as ons beweer dat dit maar 'n enkele is, hier en daar. In die Heilige Skrif kom 'n paar na vore in die tydperk van die eerste jare van die kerkgeskiedenis en dan later lees ons nooit meer daarvan in die loop van die geskiedenis nie. Johannes en Petrus staan in die Skone Poort van die tempel in Hand. 3 by die kreupelgeborene. Ons hoor hulle nie bid nie, maar wel gebied Petrus "In die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, staan op en loop!" So verkry ons ook dat Paulus (Hand. 70:10) Eutichus van die gevolge van sy val laat herstel deur sy arms om hom te slaan. Petrus wek Tabita op (Hand. 9:40) en Paulus genees na gebed en handoplegging die vader van Publius (Hand. 28:8).

Jakobus spreek nie net van gebedsgenesing nie, maar ook van die gebed in die algemeen. Ons moet Jak. 1:5 en die volgende verse saam met Jak. 5:14 lees. 'n Mens moet nie net om gesondheid en genesing bid nie, maar ook as hy wysheid kort kom. Jakobus dring dus by die gemeente daarop aan dat hulle in alle omstandighede 'n biddende volk moet wees, ook in siekte. Hiermee moet ons ook saamlees, om die regte perspektief te kry, die volgende vers:

"selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word". Ons het dus te doen met 'n openbaring van Christus deur sy ampsdraers. Niemand, behalwe die Roomse kerk, sal tog wil voortdurend bid dat sondes vergewe word deur partikuliere persone nie. Dan mag ons nog verkry: gesondbidders en sondevergeefbidders. Mag die kerk in die toekoms van sulke openbaringe gevrywaar word.

Die Apostoliese Geloofsending bring gebedsgenesing in verband met die H. Gees en die besondere Geestesgawes wat oorvloedig uitgestort word op sekere persone wat dan deur die wêreld reis en openbare genesingssamekomste hou. Hulle beperk nie genesings tot sodanige persone nie, maar die gangbare mening is tog dat sommige persone meer die gebedsgawe het as ander, ook in hul eie midde. Telkens geskied dit maar dat geadverteer word en bekendgemaak word dat 'n persoon besig is met gebedsgenesing. Nou is dit waar dat die Gees 'n mens leer bid en dat die gebed 'n noodsaaklike deel van die gemeenskap met God is. Wat die Skrif ons egter veel meer voorhou, 'n mens kan byna sê uitsluitend, is dat die gebed 'n inhoud het. Die inhoud bestaan nie hoofsaaklik daarin om besondere kragte af te smee op siekes nie, maar dat die gebed die gee is van eer aan God. Gebed mag nie selfsugtiglik aangewend word om jouself of jou medemens daarmee te bevoordeel nie, maar gebed is die gee van lof en eer aan God, die HERE. (Joh. 4:22-24, Openb. 19:10). Gebed is ook om jou knieë te buig in skuldbelydenis, soos die tollenaar gesmeek het; en ons mag nie vergeet dat die heerlikste gebed is die in die binnekamer. Die kerk moet altyd gewaarsku word teen die gebed van die geveinsdes (Matth. 6:5) en die gebed waarin die mens dink dat hy iets besonders is (Matth. 6:7, 8).

Ons wil dus benadruk dat ons gebed nie maar net moet gaan om genesing nie, maar om ons daelikse node, ons gebed om seën op elke dag se dagtaak, ons gebed om ons huistafels. In wese moet daar ook geen verskil wees tussen die gebed om genesing en die gebed vir voedsel nie. Dit is hoogs belangrik dat ons dit verstaan. In die verlede het dit gebeur dat in die kringe van die Apostoliese Geloofsending alle geneesmiddels en geneeshere verbygegaan is en alleen op gebed in die tyd van krankheid gebou is. Laat ons dit sô stel: ons liggame het nie brood nodig nie, maar krag. As ons bid by ons tafels, smee ons dat die Here die spys tot krag wil maak. As ons by siekbeddens kom, moet ons beseef dat die sieke nie die middels nodig het nie, maar die geneeskrag in die middel aanwesig. Daarom mag ons God ewe-eens bid om die middel te seën sodat ons liggame uit die middel die genesende krag mag put.

Daarom dan, ons belydenis oor God en Gods beloftes dwing ons om juis die erns van gebed en gebedslewe te beklemtoon. Ons bely dat God 'n almagtige God is wat alles kan doen en 'n getroue Vader wat alles wil doen. Ons mag alleen alles goeds van God verwag en weet dat selfs die hare van ons hoof almal getel is. God vorder ook die gebed van ons en die inhoud van so 'n gebed wat Gode welbehaaglik is kan ons neem uit Christus se volmaakte Onse Vader.

Nou moet ons die vraag stel in verband met die Apostoliese Geloofsending se gebedsgenesingspraktyk: Mag 'n mens die gebed as *metode* aanwend? Is dit nie selfsugtig-toe-eienend, selfs eisend, meer as pleitend en nie in volkome onderworpenheid aan Gods wil nie? Is die metode nie asof die bidder eintlik die beterweter is in plaas van die smekende hulpbehoewende nie (Matth. 6:8)?

Die grondfout is waarskynlik dat die gebed gesien word as genesingsmetode. Net soos 'n geneesheer spesialiseer in die geneeskunde, mag ons persone vind wat spesialiseer in die gebed om genesing. Inderdaad is dit wel ook die geval. Dan word dit nie meer die gebed van die regverdige wat groot krag het nie (Jak. 5:16), maar die gebed van 'n spesialis. 'n Mens stel aan jouself die vraag of dit dan nou juis die spesifieke persone is wat moet bid en of hulle werklik aan die skriftuurlike eise voldoen. Sal 'n mens wat wel aan die Skrif-eis voldoen so

voor-op-die-wa daarmee wees en homself voorgee as iemand wat eintlik kan waarborg dat God hom sal verhoor? Sulke samekomste word tog geadverteer en die mense is teenwoordig om te kom kyk. As hy die gebed gedoen het kondig hy dit ook aan. Dit skyn wel asof die gewone mensekind uitgesluit is en daar kan tog inderdaad regverdiges tussen hulle wees. Moet regverdigheid nou eintlik net toegeken word aan sekere rondreisende bidders wat oor die wêreld as sodanig bekend is? Soveel vraagtekens staan regop en uitdagend voor 'n mens en dwing jou om nog verdere vrae te vra.

Ons wil om die hele probleem aan die orde te stel, vier vrae aan die orde stel en dit probeer ondersoek:

- (i) Wat leer die Heilige Skrif aangaande siekte?
- (ii) Vanwaar kom siekte en dood?
- (iii) Wat is die doel van siekte?
- (iv) Het ons lewe sin?

(i) *Wat leer die Heilige Skrif aangaande siekte?*

Voor die sondeval kan daar nie van siekte sprake wees nie. Siekte en sonde behoort bymekaar. Sonde is verbreking, verbreking van alle bande, ook lewensbande. Siekte is doodswerking, is sterwenskieme wat in ons oorheers. Vanweë die sonde het hierdie toestand ingetree en ons moet uitspreek dat daar 'n oorsaaklike verband bestaan tussen siekte en sonde. Waar dood die betaling van sonde is, moet ons sien hoe die Skrif in organiese sin hierdie dinge met mekaar koppel en hier 'n proses aanvaar wat uiteindelik die dood tot gevolg het. Logies volg die een uit die ander. Sonde is verwydering van God af, distansiering van die Lewensbron en soos 'n plant wat uit sy voedingsbodem geruk word, moet sterwe daarop volg.

Siekte is nie die gevolg van 'n partikuliere sonde nie. Hierop antwoord Christus na die genesing van die blindgeborene (Joh. 9:2vv.). Die vraag aan Hom gestel was: "Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?" Jesus antwoord: "Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word".

Wat ons wil beklemtoon is dat die dood in 'n sondige wêreld nie 'n vreemde verskynsel is nie. Dit kom ook nie van buite, hetsy deur 'n bose gees of engel of mag nie. Dood en krankheid is nie die terrein van Satan, die duiwel of die vors van die duisternis nie. Soms word krankheid wel geteken as 'n besoeking, as 'n roede van God om tot verootmoediging te bring, net soos God ook vreemde moëdhede kan stuur om Israel te tuchtig in dae van wetsafvalligheid. As Dawid die volk tel, is Gods straf drie dae pestilensie. Die krisistye in Gods volk se bestaan, hul ballingskap en lyde onder Filistynse oorheersing, is oorbekend. Daar is ook persoonlike lyde en smart en gevalle soos die van Ananias en Saffira kom weer naby aan partikuliere sonde wat oordeel bring. Tog het ons ook ooreenkoms tussen hierdie geval en die geval van Agan by Jerigo.

Siekte word egter nooit as 'n abnormale verskynsel onder die sonde voorgehou nie. Dit is iets bekends en word algemeen aanvaar. Die dood is 'n werking in ons en is 'n inherente deel van die wêreld onder die son.

Dit kan wel verstaan word dat die Doopsformulier die hele saak raakvat waar hy spreek van: hierdie lewe wat tog niks anders is as 'n gestadige dood nie. As Christus by 'n sieke staan, gebeur dit dikwels dat hy alleen spreek van sondevergifenis en word tegelyk liggaamlike genesing ook geskenk. Alle genesing moet dus plaasvind in die Naam van Jesus Christus.

(ii) *Vanwaar kom siekte en dood?*

Die antwoord op hierdie vraag kan lastig wees. In sy verklaring van die Voorsienigheid van God, spreek die Heidelbergse Kategismus in Sondag X vraag 27 duidelike taal. Onder alles wat nie by toeval nie, maar uit Gods vaderlike hand ons toekom, word ook genoem: gesondheid en krankheid. Dit kan ook nie anders nie: word daar dan nie twee mossies vir een penning verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel (Matth. 10:29, 30).

Kuyper sê in sy *E Voto* 1 p. 228 vv, dat sommige gelowiges die lewe in twee kampe indeel, 'n gewone en 'n ongewone. Onder die gewone dinge val dan die daelikse reëlmaat, die wisseling van seisoene, die wisseling van reën en droogte, die kleinere siektes soos verkoue e.d.m. Sodra ons egter te doen kry met groot rampe bv. pestilensies, aardbewings, oorlog, langdurige reën of droogte, dan is dit ongewone en buitengewone onreëlmatighede. Hiermee het God te doen en Hy beskik daarvoor. So 'n belydenis is heeltemal vals, juis omdat alles onder Gods voorsienigheid staan.

Nou word teëgewerp dat ons met so 'n belydenis Gods Vaderskap prysgee. As God ook siekte en baie ander ellendes beskik, kan liefdeloosheid beweer word en word ons herinner aan hierdie woorde: welke Vader sal sy seun, as hy om brood vra, 'n klip gee!

Vandaar dat in kringe van die Apostoliese Geloofsending openlik bely is dat God nie siekte wil nie. Die gevolg hiervan is dat geloofsgenesing gesien word as 'n deel van hul missionêre beleid, nl. om die mense te oortuig van die mag van die Heilige Gees. So het Oral Roberts in Amerika selfs die radio as hulpmiddel gebruik om die demone van krankheid te gebied om die siekes te verlaat. Daar is die ander bekende name wat met soortgelyke praktyke besig is en onder patronaat van die Apostoliese Geloofsending ook in Suid-Afrika opgetree het. Ons dink hier aan William Branham en Osborn. Ook is oorbekend die Nederlandse en Duitse Hermann Zaiss en ook Billy Graham.

Teenoor hierdie beweringe dat siekte van demoniese oorsprong is, moet ons die Skrifwoord ernstig beklemtoon. Hierdie mense kom met hulself en hul eie sondige praktyke in gedrang. Immers, alleen wanneer ons erken en bely dat siekte deur God beskik word, kan ons daarvoor bid. As demone daarvoor verantwoordelik moet wees, sal ons duiwelbeswering moet toepas. Indien demoniese magte siekte bring, sou ons juis Gods almag prysgee, sou ons juis die triomf van Satan moet erken. Ons sou inderdaad moes vra: as God dan die Satan en sy demone nie kan belet om hul duiwel-arbeid te verrig nie, welke hoop het ons dan dat God met welslae sou kan ingryp om siektes te genees? Ons posisie sou grens aan die wanhopige, as ons hierop nie 'n duidelike antwoord kry nie. Want uiteindelik gaan die dood tot alle mense deur, en dan? Dan bring hierdie belydenis mee dat God gelaster word, omdat Satan dan oorwin, die almagtige word.

Die antwoord op die vraag: vanwaar kom siekte? moet ons terugvoer na die ontstentenis deur die sonde. Wanneer ons die sataniese oorsprong duidelik afwys, moet ons sekerlik ook nie die ander uiterste op met die bewering: God skenk siekte nie. As ons dit doen, maak ons God weer tot oorsprong van die kwaad. Ons kan ook nie genoeg neem met die bloot menslike en oppervlakkige bewering: die oorsprong van siekte is vanweë ons onnatuurlike lewe, onnatuurlike eetgewoontes en onnatuurlike rus nie. Die vraag kom dan op: vanwaar die onnatuurlikheid? Dit het deur die sonde so geword. Prinsipiël het die verandering gekom deur die breuk met God en dit is gevolg deur 'n ontstentenis wat oor die hele terrein voortgegaan het. Die mens wat die skuld van die sonde moet dra, moet ook in die gevolge van die sonde sy verantwoordelikheid aanvaar. Die oorsprong van siekte staan op ons rekening. God het self gesê by die proefgebod: "want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik

sterwe". (Gen. 2:17).

(iii) *Die doel van siekte en dood.*

Ons het beweer dat God nie die oorsprong van die siekte as verskynsel kan wees nie, omdat God nie die formeerder van die kwaad is nie. Dit is egter 'n ander saak of God die siekte wil. Ons kan dit wel vasstel dat sonder Gods wil daar niks kan en sal plaasvind nie.

Sprekende oor die doel van siekte, moet ons die nut bepaal wat in hierdie vorm van lewensellende kan verskuil wees. Waarom sou God siekte wil? Dit is Godslasterlik om te wil sê: omdat dit Gode welgevallig is. Ons kan ook nie sê dat God om sonde ontwil ons wil kasty nie. By siekte kan daar geen sprake wees van restitusie of vergelding nie. Straf is hier nie van sprake nie, veral as ons in aanmerking moet neem die maat van ons sondes, wat alleen gedra kon word deur Hom wat ook al ons krankhede op Hom geneem het.

Tog kan ons tug hier ter sprake bring, tug wat 'n kind deelagtig is en wat wel 'n doel het nl. om die kindskap des te beter te laat ontplooi. Ons beroep ons hier op Hebr. 12:5, 6: "En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem." Sodra as ons spreek van tugtiging spreek ons ook van doel, wat ook hier aangegee word (12:11). "Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid".

Die doel van siekte is nie om sonde aan te wys, 'n regmatige straf oor hom uit te meet nie, die sondaar te ontmasker nie. Hoor hoe duidelik stel onse Here dit in Luk. 13:2-5: "Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die Galileërs, omdat hulle sulke dinge gely het? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. Of daardie agttien op wie die toring van Siloam geval en hulle gedood het — dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom."

Krankheid leer ons bid, ons verootmoedig, laat Gods hand voel, laat ken die realiteit en regverdigheid van Gods toorn oor ons sondes, laat slaak die bede om ons om Christus wil tog genadig te wees. Siekte bring verdieping van die geestelike lewe, wil 'n middel wees op die pad van heiligmaking. Siekte wil ons nie tuis laat word op hierdie aarde met al sy smart nie, maar wil ons vreemdelinge en bywoners laat bly. Die bande bly hier maar los, want ons is verbind aan die ewige woning. Hier 'n tent — daar 'n woning.

Wat sou ons sonder beproewinge gewees het? Mooiweer-Christene het ook geen geeskrag en gestaalde geloofskrag om die stryd van strydende gelowiges, die soldatelewe van die strydende kerk te ontplooi nie.

Die singende Christendom het hierdie taal goed geken en daarmee ook belydenis gedoen:

Dat U my verdruk het, HERE,
dit was enkel goed vir my,
want daardeur het U my dieper
in U kennis ingelei. — Ps. 119:25 (berymd).

So staan ons ten opsigte van die geloofsgenesing wat siekte as 'n euwel wat teen Gods wil is, beskou. Hierdie teorie moet tot die slotsom kom dat siekte nutteloos is, goddelike wraak is. Daarmee verkry ons verder die God-onterende gedagte dat God nie Vader is en ons Sy kinders nie, maar dat God 'n tiran is. Wie kan Hom antwoord as Hy ons wil slaan met krankheid?

Die Apostoliese Geloofsending beroep hom op 2 Kor. 12:7 waar Paulus beweer dat 'n engel van Satan gegee is om hom met die vuur te slaan. Op Paulus se gebed het God geantwoord: my genade is vir jou genoeg. Maar die nadruk word hier op Satan gelê en dit is verkeerd. God laat Satan toe om sy werk te doen, met die doel om dit des te meer te bevorder. Paulus moet dus leer om nie te doen wat hyself begeer nie, maar dat God se genade genoeg is. Ook hier verkry Paulus dus geestelike diepte en geestelike wins, wat anders volkome verlore sou gaan.

Tereg is gesê: God wil nie siektebestryding nie, maar radikale terapie. God wil die wortel van die kwaad wegneem.

(iv) *Het ons lewe sin ?*

'n Paar slotwoorde om ons ondersoek af te rond, moet op hierdie vraag as antwoord dien.

Die strekking van die belydenis van 'n sogenaamde geloofsgeneser kom daarop neer dat 'n groot deel van ons lewe onder die kontrole van demone staan, juis omdat so 'n groot deel van ons lewe deur krankheid geteister word. Daar bly egter dan die res, daardie gedeelte van ons lewe wat ons kan bestempel as die gesonde deel. Die vraag is seker gewettig: wat is die doel en strekking van die gesonde lewe? Krankheid kan werklik bevorderlik wees vir geestelike wasdom en dit nie alleen vir die lyder nie, ook vir diegene wat sien ly, getuies is van die verdraagsame lyder. Dieselfde vraag is nou: as siekes kom om genees te word, gaan dit dan nou bloot om gesondheid, of het hierdie begeerte na gesondheid 'n verdere doel? Het die gesonde lewe 'n sin of betekenis, veral om in die diens van God gestel te word? Indien ons dan nie hier van selfsug mag spreek nie, is gesondheid daar ter wille van onself of: wil ons slegs lewe om te lewe? Enige mens soek tog gesondheid, maar indien dit net maar gaan om lewensgenot, is so 'n lewe vol ydelheid. God het oor so 'n lewe vol genot geen belofte gegee nie. Ons moet nooit lewe slegs om te leef nie en mag nooit ter wille van gesond te wees bid om gesondheid nie. Die gebed om genesing moet sekerlik gedra word deur die woorde in Jak. 4:3: "Julle bid en ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring". Genesing word begeer om des te meer dienstig te wees in die Koninkryk van Hom van wie ons alles afsmeek. Ook 'n kind wil God genees, sodat hy 'n eie plek in God se groot raadsplan mag inneem. Alles moet gaan om die dienskneggestalte van die mens, sy hoogste taak en roeping, tot duidelike openbaring te bring.

Ons kan ten besluite die aandag bepaal by die Onse Vader-gebed en vra: wat mag ons om bid, volgens hierdie volmaakte gebed? Hier word geen gewag gemaak van eksklusiewe dinge, van wonderbare gawes nie. Intendeel vind ons hier slegs die alledaagse node en behoeftes, die liggaamlike en geestelike welstand.

Ons aanvaar dat ten tyde van die Skrif daar wonderbare genesings plaasgevind het, maar ook dat dit sindsdien opgehou het. Immers, 'n mens lees nie in die geskiedenis van die eerste eeue van 'n voortgang van sodanige dade nie. Sou dit wees omdat die geloof verswak het?

Die antwoord op so 'n vraag kan alleen wees dat al hierdie wonders en tekens in die Naam van die Here 'n heilige en Goddelike doel gehad het. In Hebreërs 2:1-4 lees ons wat God se doel met sy tekens en wonders is nl. dat God sy Woord wil bevestig: " . . . nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het, terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedelinge van die Heilige Gees volgens sy wil".

Dit gaan dus nie om die vraag: of God dan nie meer dit kan doen nie, maar of God dit nog wil doen.

Ons moet gelowig aanvaar dat al wat ons bid onderworpe moet wees aan God se wil. Op

Dawid se gebed wou God nie die lewe van sy kind skenk nie (2 Sam. 12:23) en op Paulus se gebed wou God nie die doring uit sy vlees verwyder nie (2 Kor. 12:8). Hierdie skrifgedeeltes moet ons voortdurend weerhou van die ligvaardige aanspraak dat God eintlik altyd moet hoor. Die gedramatiseerde optrede van geloofsgenesers, by voorkeur op groot massasamekomste, om ten toon te stel waartoe hulle in staat is, kan hierdie Skriftuurlike toets nie ontkom nie en word hierdeur veroordeel.

3. DIE SPADE REËN GEMEENTES VAN SUID-AFR1KA.

a. Die geskiedenis.

Hierdie sekte is 'n afsplintering uit die Apostoliese Geloofsending en word volgens hulle vroue-kleredrag ook wel genoem die Blourokke.

Onder leiding van mev. M. M. Fraser van Benoni, het hierdie sekte begin as 'n baie klein splinter uit die stam van Pinkstersekte. Sy beweer dat die Pinksterbeweging, soos geopenbaar by die Apostoliese Geloofsending aan die begin nog geestelik was, maar stadig het die sondes ook daar begin inkrui. Hoe die sondes ontdek is en welke sondes dit is, is eintlik die geskiedenis van die ontstaan van hierdie sekte.

Die bewering is dat die Heilige Gees deur wonderbare middele nl. deur tale en uitleg van tale, deur gesigte en onderskeiding van geeste, die sondes begin openbaar het binne die Apostoliese Geloofsending. Die sonde was nl. dat die Geestesvuur deur menslike bestuur begin uitgeblas raak. Daar moes dus Geestesherlewing kom en daarom is gebid om die kanale skoon te kry waardeur die Heilige Gees kon werk. Ons gee hier woordeliks weer uit die boekie van mev. Fraser self, getitel: "Getuienis van geestelike groei, van Geloofslawe en van werkinge van die Heilige Gees".

"In 1927 het die Here geopenbaar dat indien hulle vir nege maande getrou sou bid en vas, Hy 'n werk na Sy hart sal stig waarin sonde nie kan bestaan nie".

En so het die langdurige vas begin, gepaard met daelikse en nagtelike gebed. Alles het pragtig rondom mev. Fraser se persoon gesentreer. Sy is eintlik die priesteres wat die gesigte sien en wat alles aan haar stigting openbaar. Sy sien deur tale en uitleg van tale onegtelijke huwelike, diefstal, twyfel. By haar is daar geen twyfel nie, want met haar spreek die Heilige Gees voortdurend. Die wonder van tale en uitleg van tale is eintlik hier die gewone konversasie-middel en dit word afstotend Godslasterlik om hierdie boekie te lees en ook ander uit hierdie kring. So word dit in die sogenaamde geloofshuis, 'n gemeenskaplik bewoonde huis waar ook 'n kerk en bidvertrek is, openbaar dat iemand gesteel het. Daar is stremming in die diens. Des te vuriger word gebid en eindelijk is die stremming dan weg as die sonde bely is. Die mees wonderlike dinge word vertel van genesing, selfs van persone wat in motorongelukke dodelik beseer is en wat kort daarna weer op die been is. Een môre het die Here sake geopenbaar en 'n suster twyfel, waarop sy dadelik dood neerval. Na baie geweene, gekerm en gebed kom sy weer by, maar is van haar verstand af. Sy moes vir 'n week lank elke dag nagmaal ontvang voor sy weer genees was.

In Maart 1927 het die afsplitsing gekom. Dit moes ook wonderdadig plaasvind. Die Heilige Gees het met tale en uitleg van tale bekend gemaak dat hulle elke môre om tien uur moet saamkom vir gebed. Tien susters, begaafd met die Heilige Gees kom toe saam. Mev. Fraser beweer: "die atmosfeer het dikwels só heilig geword dat ons nouliks kon asemhaal". God het Hom geopenbaar deur hemelse musiek. Mev. Fraser is weggetrek in hemelhoogtes van waar af sy die sonde op die aarde kon sien. Daar kom 'n engel wat met 'n vurige kool haar lippe aanraak en stuur haar as afgevaardigde met 'n boodskap na die Pinkster-beweging, aangesien

die Here ontevrede was oor die sondes wat oral onder sy kinders tot openbaring kom. Die Here kon dan nie ver genoeg onder hulle werk nie, omdat hulle die Heilige Gees al hoe meer blus. Die Here sal 'n ander Pinksterliggaam oprig uit volgelinge wat rein sal lewe, volgens Sy wil. In hierdie nuwe liggaam sal die Here sonde nie verdra nie.

Daar het natuurlik stryd ontbrand, maar mev. Fraser beskou dit alles as beproewings. Dinge het hulle toppunt bereik toe die Sentrale Raad van die Apostoliese Geloofsending besluit het om die saal te verkoop om die verkeerde gees in die Beweging teë te gaan.

Toe is mev. Fraser weer weggetrek en sy beweer dat haar gees in aanraking was met die Here. Die Heilige Gees vertel aan haar dat daar 'n seun gebore is, nl. die Spade Reën Gemeente. Alle opregte siele uit die twee bestaande Pinkster-gemeentes sal daarin herenig word.

In Augustus 1927 het die Here ook die blou rok gewys as die kleed van afsondering van die wêreld. Die lang rok met lang moue met swart skoene en kouse, mag nie van sy gemaak wees nie. Die blou sien op die bedeling van die Gees en weerspieël geregtigheid.

In een paragraaf word die belydenis en kerkregering uit eengesit: "Die fondament van ons leer, bestuur en kerklike orde is die ganse Woord van God. Ons Hoof is Christus, die Hoof van die gemeente — die Uitgeroepenes. Ons Groot Leraar is die Heilige Gees, wat self vir ons bedien en Homself in ons openbaar deur die gawes van wysheid, kennis, geloof, gesondmakinge, kragte, profesie, onderskeiding van geeste — in byna onbeperkte mate — menigerlei tale en uitleg van tale, volgens 1 Kor. 12. Ons evangeliste, ouderlinge ens. word nie deur 'n stemmery aangestel nie, maar word vir die Here se diens afgesonder deur die Heilige Gees, volgens Hand. 13:2, sodat alles welvoeglik in die orde van Gods Woord verrig word. Ons verlang ook geen ander konstitusie of organisasie nie, behalwe die Woord van die Here . . ." (p. 23 a.w.).

In die algemeen kan ons 'n verband sien met die liggaam waaruit hierdie groep afkomstig is. Elke mens moet hierdeur gewaarsku wees: hierdie Beweging is die logiese konsekwensie en die reductio ad absurdum van die Apostoliese Geloofsending se Pinksterpraktyk. Alles wat ons hier in oordragtlike vorm verkry, word tog nog binne redelike perke gehou by die Apostoliese Geloofsending. Tog kan elke mens vermoed dat hierdie emosionalisme teuelloos kan word en dan word dit losbandig. Inderdaad is hier maar net 'n graadsverskil met sy voorganger.

Wesensverskille is daar nie, omdat die wese van benadering presies ooreenkom: die spreek in tale is hier net in oormaat; die besondere openbaring van die H. Gees word hier eintlik die enigste openbaring; genesing word hier op sprokiesagtige manier veralgemeen. Dit is om van te skrik as 'n mens alles lees en sien hoe God nie meer hemelhoog bo 'n mens verhewe is nie, maar waarlik jou maat en metgesel. Die Bybel word volkome vergeet en die openbaringe van mev. Fraser neem sy plek in. Hierdie vrou heers met tirannieke hand oor haar volgelinge: sy bedreig hulle met die dood as sy meen dat hulle nie volkome haar wense volbring nie. Sy weet van menigeen wat sy al doodgebied het.

Ons moet hier ook daarop wys dat sterk Rooms-Katolieke dwalinge onvervals hier teruggevind word. Ons noem 'n paar sprekende ooreenkomste:

(i) Rome het 'n onfeilbare Pous. Spade Reën het 'n onfeilbare mev. Fraser. Sy erken haar eie sonde en bid voortdurend. Tog is dit duidelik dat alles wat sy doen volmaak moet wees. God self tog spreek persoonlik, lei persoonlik en waarborg alles vir haar persoonlik. 'n Paar aanhalings laat sien hoe hierdie verband gehou word. "Die Here was toe hard op my spore en het my nie laat rus nie" (p. 28 a.w.). "As ons na sekere rigtings uitgegaan het, dan kon jy voel die Heilige Gees sny heeltemal af" (p. 40 a.w.). "Daar is huisreëls deur die Heilige Gees

gegee wat uitgeoefen moet word" (p. 34 a.w.). Toe 'n huis gekoop is in Benoni "onderneem onse Vader vir geld vir duisend stene". (p. 32).

As alles só ingegee en onderneem word, dan is mev. Fraser nog meer onfeilbaar as wat enige Pous nog ooit voorgegee het om te wees. Maar waar kom so 'n sekte in sy waansin dan uit?

(ii) Die sogenaamde Geloofshuis laat 'n duidelike ooreenkoms sien met die kloosterlewe. Ook die gewaad wat in hierdie kring aangetrek word deur die vroue, bring die ampsgewaad van Rome sterk na vore. Rome sien die klooster as 'n plek weg van die wêreld en vir verinniging van die geloofsluwe. Hier geskied negatief wêreldmyding, sonde-ontvlugting, voortdurende gebed en toewyding, 'n atmosfeer van stilte, geheimsinnigheid, heiligheid en bieg.

By Spade Reën het ons presies hierdie trekke. Die Geloofshuis is nie 'n kerk nie, maar 'n saamwoon in afsondering van geloofsgenote. Die atmosfeer is een van boetedoening en gebed. Daar word gesprek van die heiligheid wat voelbaar is. Ook hier is 'n gebedskamer waar voortdurend gebid word. Die kenmerk van sonde-ontvlugting kan 'n mens lees op elke bladsy wat handel oor geloofshuise. Groot stilte moet "op die landpale" heers.

b. Die leer.

Uit wat 'n mens kan wys word uit 'n paar geskriffies wat soms ook maar sodanig is dat 'n mens nie veel aandag daaraan moet gee nie, wil ons tog 'n paar gedagtes gee oor

1. die opvatting van die Heilige Skrif.
2. die opvatting oor God en die heilsweg.

1. Die opvatting van die Heilige Skrif.

Hier en daar vind ons aanhalings uit Gods Woord wat die skyn wek asof Gods Woord aanvaar word as rigsnoer vir die lewe. Uit ander werke is dit duidelik dat sekere afleidings gemaak word op grond van sekere Skriftuurplekke. In 'n boekie "'n Paar grondwaarhede in onse Here se volmaakte verlossingsplan vir almal wat wil kom", kom etlike honderde Skriftuurplekke voor. Die behandeling van hierdie Skrifgedeeltes en die gesag wat aan Gods Woord toegeken word, laat al dadelik blyk dat ons hier volmaakte verwarring, soms absolute teenstrydighede en soms onsinnighede vind.

In genoemde boekie word geskryf (p. 5): die Skrif leer dat die Bruid onberispelik en volmaak verklaar is reeds op hierdie aarde (Ef. 5:25-27, Kol. 1:21-23, 2 Kor. 11:2, Openb. 14:1-5 ens.). Direk hierop volg hoe vol sonde die Bruid is en berou moet hê en belydenis moet doen en dit alles ook met 'n beroep op Skriftuurplekke.

As só dikwels uit Gods Woord aangehaal word, behoort mev. Fraser tog te weet dat Gods Woord egskeiding veroordeel en uitspreek dat geen egbreker in Gods koninkryk sal ingaan nie. Tog word mev. Fraser self deur die Here uitgeroep en aangewys dat sy haar man en haar kinders op die altaar moet sit. M.a.w. die Here het teen Sy eie Woord in haar bevel om egbreuk te pleeg, 'n sondedaad wat voor God gruwelik is. (Fraser a.w. p. 31).

Dit toon ons al hoe die wind hier waai. Belangrik is ook die verbygang van Gods Woord deur mev. Fraser self. Haar beroep vir sekere daade is nooit op Gods Woord nie. 'n Mens hoor nooit dat sy haar beroep op: Daar staan geskrywe, nie. Al wat ons hoor is: Die Here het dit aan my gesê; die H. Gees het met tale en uitleg van tale gesprek, ens. Dit word 'n persoonlike gesprek. Sy sê (p. 9) "Die Here het my persoonlik deur gesigte Sy Woord verduidelik waar ek dit nie kon verstaan nie". Hier het ons dus volmaakte eksegeese, skrifverklaring deur die Outeur self, en nou kan niemand van haar verskil nie, want dan verskil hy met God. Op p. 8 "Die Here sê vir my in hoorbare stem"; "die Here vaardig af" (p. 18), die Here stel ouderlinge

aan, die Here koop en betaal huise, die Here gee tee in oormaat, stel 'n uitgewer aan vir publikasies, die Here is baie ontevrede.

Die vraag is: welke plek moet Gods Woord by so 'n sekte inneem wat persoonlik openbarings ontvang wat eintlik teen Gods Woord ook kan ingaan? Is dit nodig om nog uit die Bybel aan te haal? Ons het hier die opvatting van die sogenaamde Lumen Internum, die Inwendige Lig, waarop sommige groepe hulle beroep. In hierdie teullose vorm is dit niks anders as gruwelike tirannie en neig tot Satanisme. Teen so 'n leer is daar geen verweer nie. Niemand mag hom teen mev. Fraser versit nie en haar as sondige en dus feilbare mens in verhoor bring nie. Sy slinger teen hom alle okkulte magte. Die Perfeksionisme het hier sy toppunt bereik. Hier word God nie meer verheerlik nie, want God word in Sy Woord verheerlik. Luk. 16:31 sê: "As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan". 1 Pet. 1:23 en 25 spreek van die woord van God wat tot in ewigheid bly.

2. Die opvatting oor God en die heilsweg.

In 'n boekie geskryf deur A. V. Krige en goedgekeur deur mev. Fraser met die titel "Die intrinsieke aard van weergeboorte en die kern van heiligmaking" verkry ons 'n opeenhoping van onsinnighede en Godslasteringe wat onskriftuurlik is en uit die sondige gemoed van 'n mens afkomstig is. Die wedergeboorte word hier bepaal as 'n lewe wat nie meer sonde doen of kan doen nie. "Dit is met één woord niks minder nie as die lewe van die Seun van God" (p. 2). Dit word verder verklaar as die lewe wat voorheen by die Vader was en nou deur die koms van die Seun tot openbaring gekom het. Elkeen wat nou wederbaar word, ontvang hierdie lewe.

'n Verdere kenmerk van die wedergebore lewe is dat dit ons sondeproef maak, onmoontlik om te kan sondig, selfs in hierdie lewe. 'n Nuwe toestand op aarde word dus ingelui, 'n hemelse toestand. So 'n toestand van onsondigheid lees ons nie van in die Skrif nie. Ons het hier dus 'n gevolg van 'n verwronge skrifbeskouing. Die Skrif ken eintlik presies die teenoorgestelde nl. dat by wedergeboorte in soverre 'n nuwe toestand intree dat die stryd aanvaar en voortgesit word tot oorwinning in Christus. Vgl. hier Rom. 7, waar die apostel Paulus na sy bekering binne die stryd kom en daaromtrent belydenis doen. "Stryd om in te gaan deur die nou poort", is die taal wat die wedergeborene ken. Alleen Christus het die oorwinning behaal en voer ook sy kinders tot oorwinning. In prinsipe het ons die versekering van oorwinning, omdat die sondemag in sy wese vernietig is en ons in Christus meer as oorwinnaars sal wees.

Hierdie sekte verklaar dan hoe dit moontlik is dat die lewe van Christus in ons kan woon en dan hoor ons van 'n uitstraling van God. So word die Heilige Gees genoem. Maar tergend word dit om te lees dat daar eintlik nie 'n verskil is tussen Christus en die Heilige Gees nie. Christus word as Gees gebore in Jesus. Die Seun van God word as Gees gebore in die Seun van die mens. Christus gee sy Goddelike gestalte prys om as 'n Goddelike Gees te kom woon in Jesus. So word dan 'n God-mens, Christus-Jesus verkry. Christus is van ewigheid af, die mens Jesus Christus is gebore in die tyd.

So verkry ons dan 'n loëning van die Drie-eenheid van God. Een van die Persone in die Wese. is daar nie; eintlik is twee van die Goddelike Persone daar nie. Daar is eintlik nie 'n Jesus Christus en ook nie 'n aparte Gees as Persoon nie. Die Tweede en Derde Persone is deurengemeng en op die wyse is 'n Tweede daargestel. Van die Heilige Gees word slegs gespreek as die Gees van die God-mens. Die Gees van God het wel by die skepping gesweef oor die waters, maar die Heilige Gees was toe nog nie daar nie. Die Heilige Gees is gebore uit die mens Jesus Christus as Godmenslike Gees.

Van Jesus Christus word ook gesprek in ongewone taal wat die Skrif nie spreek nie. Nie alleen word die ewigheid prysgegee nie, ook die absoluteitheid wat die kenmerk is van die Goddelike Persoon, vind ons nie hier nie. Van die Middelaar word gesprek as voorbeeld en voorganger. Luister maar: "In die Nuwe Testament het ons die voorbeeld van ons Voorganger in Wie se voetstappe ons wandel". Sou dit 'n Voorganger wees soos 'n onderwyser, predikant, leier? Maar dan is dit tog net soos ons, by ons ingetrek en langs ons; die grens van die absolute verdwyn.

Ook oor die Eerste Persoon: God, die Vader, hoor ons vreemde woorde. Die inleidende hoofstuk lui: Hoe God Vader geword het (p. 6). Hierdie woorde is nie maar net vreemd nie, maar absoluut onskriftuurlik. Immers: God word nooit. God IS altyd (Ex. 3:14). God is ewig en in die ewigheid is daar nie sprake van word nie. Dit wat word kan ook verander en by God is geen skaduwee van verandering nie. Niks van God kan ooit tydelik wees nie. Daarom kan God nooit barmhartig word nie; Hy is barmhartig. God kan nooit Vader word nie; Hy is ewig Vader.

By hierdie sekte word dit só weergegee: Jesus se God-menslike Gees straal deur in die Vaderhart en daardeur word die hand tussen die Vader en die seun verbind. Van toe af straal die Heilige Gees deur die Vader, deur die Seun in die gelowiges. So vind daar die nodige aanpassing plaas in die Vader, omdat God nie meer Vader kon wees deur die sonde nie. Deur die Seun dring die menslike element deur die ganse Godheid en toe word God Vader.

Wat sal ons nou van hierdie dinge sê?

Hierdie Godsbegrip is nie maar net panteïsties nie. Dit is volslae goddeloos en heidens. Hier is niks skriftuurlik in nie. Dit is 'n menslike konstruksie wat nie op verre na vergelykbaar is met die God van die Skrifte nie. Eintlik is hier geen God nie.

En daarmee kan ons dan waarskuwend afsluit: geen God nie, geen Woord van God nie, geen Christus nie en geen Gees van God nie.

Hier het ons inderdaad Satan op die troon: 'n antichristelike stroming.

4. DIE AFRIKA EVANGELIESE BOND OF A.E.B.

a. Die geskiedenis.

Dit is moeilik om aan die eis van reg en billikheid te bly voldoen by die behandeling en beoordeling van sekere groepe. By die A.E.B. is die probleem juis dat daar weinig geskryf en gepubliseer word, behalwe in die vorm van brosjures, tydskrifte en strooibiljette. Iets word geskryf, maar 'n mens weet nooit of dit nou die standpunt is van die Beweging as sodanig nie en of dit die opinie is van een enkele skrywer nie. Waar vind 'n mens die offisiële standpunt van die A.E.B.?

Volgens eie mededeling is die Beweging in 1924 begin as gevolg van evangeliese arbeid deur twee dames Garratt en Cameron. Eintlik wou die Beweging nooit afskei van die bestaande kerke nie, maar binne die kerke werk tot verdieping van die geestelike lewe. Dit is nogal tipies van al hierdie metodistiese bewegings dat dit hulle plan van optrede is. Dit was ook die geval met Wesley, stigter en vader van die Metodisme. Uiteindelik gevoel die kerk dan dat sodanige Bewegings al hoe meer terrein beset wat eie is aan die kerk en wat die kerk moet verrig in opdrag van die Meester, en by verantwoording skei die Bewegings hulle dan af en daar word 'n groot skeur aanskou.

Die A.E.B. is interkerklik, maar hierdie interkerklikheid word juis die gevaarpunt. 'n Mens kan nergens die band met enige kerk vind nie. 'n Interkerklike Beweging moet tog soek na

kontakpunte, moet die interkerklike Belydenisskrifte almal leer, en moet hom ook aan die kerke onderwerp wat die tug en vermaning betref. So dikwels het dit al gebeur dat die kerke juis aanvoel dat die A.E.B. eintlik doen wat die kerke se eie taak is en eintlik op 'n ander standpunt staan as die kerke se belydenisskrifte, maar die A.E.B. weier om hom te onderwerp aan die kerklike dissipline. Van die interkerklikheid is alleen sprake van die kant van die lede van die A.E.B., maar van die kant van die kerke het daar al heel gou nie die minste interkerklikheid geheers nie. Die A.E.B. het homself ingedring in gemeentes van veral een van die Afrikaanse kerke en daar skeuringe bewerkstellig. Sommige lidmate het dit aangehang en ander het gevoel dat ons hier 'n opstandige groep het wat hulle nie wil skik onder die ampte soos Christus in sy kerk verorden het nie. Die kerk het gevoel dat hy nie enige toesig het oor die optrede van A.E.B.-werkers nie, nie verantwoordelik gehou kan word vir leerdwalinge nie en daar het 'n skeiding van weë gekom.

Dit word aanvaar dat hierdie Beweging in 1924 begin het, in 1926 geregistreer het as Evangelisasie-maatskappy en sindsdien werk die Genootskap in hul eie woorde, nie vir die uitbreiding van enige kerk of sekte nie, maar vir die uitbreiding van die Koninkryk van God.

Dit is mooi ideale, maar ons het hierdie Beweging as sekte gegroeper onder die Perfeksionisme, nieteenstaande die feit dat hulleself beweer "Die A.E.B. verwerp en ontken die leer van sondelose perfeksionisme, omdat dit teenstrydig is met die leer van die Heilige Skrif". Tog vind ons hier 'n verband met die sektes wat onder hierdie groep behandel is, veral met die Apostoliese Geloofsending en hulle leer omtrent die heiligmaking.

b. Die leer.

Ons leef in 'n eeu waarin die mens 'n besondere belangrike plek verkry en dit is nie moeilik denkbaar nie dat dit al hoe meer in die godsdienstige en geestelike dinge oorgedra sal word. Ons moet, as kroon op alles ook dan 'n mensheidsgodsdiens verkry, waarin die mens self eintlik die belangrikste plek verkry.

Myns insiens is so 'n reaksieverskynsel telkens aan die orde en kom dit in verskillende dekades weer sterk na vore. Metodistiese elemente in die kerkgeskiedenis kom daar altyd voor en eis vir hulle 'n belangrike plekkie en gewoonlik wel as 'n eie faksie wat op eie wyse 'n eie stempel wil afdruk. Die gewone kerklike werk is nie goed genoeg nie; dit moet 'n emosionele kleurverandering ondergaan; daar moet by die nugtere uitlewing van Gods wet en Woord, nog so 'n bykomende soetsappigheid wat die gevoel streel. Hierdie metodistiese verenigings wat binne die kerk vir hulleself 'n werkkring soek, moet wel dit onthou: Godsdiens is in die eerste en belangrikste plek diens van God en in die tweede plek het godsdiens 'n belangrike roeping nl. om rus te bied aan die kind van God.

Die eerste is so 'n eenvoudige waarheid wat in die woord godsdiens self weergegee word: diens van God. Hier is God die een en die al. Heidense godsdienste het as kenmerke dat die gode een of ander duistere mag is wat met hul godsdienstige praktyke, soos offers, goedgesind gestem moet word. Die christelike godsdiens met die Woord van God het geen sweem van hierdie heidense gedagtegoed nie. Tog moet ons versigtig wees om nie genoegsame menslike elemente binne te loods nie, dat die mens naderhand die een en die al word.

Die hoogste in ons Godsdiens moet wees dat ons altyd en oral, nie net in ons erediens nie, maar deur die lewe heen, aan God die eer moet gee. Ons woorde en ons werk, optrede en al ons handeling, ons sport en ons sakelewe, het één mikpunt: Gods eer. Dan word God bely as die hoogste, die enigste wat die voorvoegsel AL- toekom. Hy is almagtig, alwys, alomteenwoordig, alwetend. Daarom is God hoër en ook absoluut anders as enige skepsel en

enige mens. Jesaja vra: "By wie wil julle My vergelyk, dat Ek net so kan wees?" (40:25). In Jes. 45:6 sê die HERE "Ek is die HERE, en daar is geen ander nie".

Nou is die vraag: gee ons aan God die eer wat Hom toekom? Is dit uit alles duidelik dat ons godsdienstige mense is? Spreek dit as vanself dat gehoorsaamheid aan Gods Woord en wet die dryfkrag is van ons lewe en dat daar geen bybedoelinge is by al ons godsdienstige planne nie? Hang die gehoorsaamheid van Gods Wet nie maar af van ons eie omstandighede nie, sodat dit geen onvoorwaardelike gehoorsaamheid is nie? Indien dit die geval sou wees, is die mens gehoorsaam aan sy eie wet, die wet nl. van sy eie omstandighede.

Die mensheidsgodsdiens van ons tyd: uit die weinig wat te lese is oor hierdie groep A.E.B.-werkers, word nogal veel van hierdie gedagtes verkry.

In 'n heel klein brosjure met die titel: Die Afrika Evangeliese Bond: sy doel, beginsels en metodes, vind ons die volgende: "Die A.E.B. het geen leerstellige afwykings nie, maar hou vas aan die fundamentele en ortodokse leerstellings van ons kerke". Hy het geen nuwe ontdekking gemaak of enige nuwe teorieë bedink nie. Hy loën geeneen van die hoofformuliere soos uitgedruk in die algemeen aanvaarde geloofsbelydenisse nie.

By die bespreking van die leer van hierdie sekte, wil ons die volgende onder die aandag bring:

- I. Die A.E.B. en sy evangelie.
- II. Die A.E.B. en sy verhouding tot die kerke.

I. Die A.E.B. en sy evangelie.

Die kortbegrip van die evangelie van die A.E.B. word deur hulleself só saamgevat: Hulle glo in die inspirasie van die Ou en Nuwe Testament en neem die Skrif aan as die hoogste en finale gesag vir die geloof en lewe. Dit leer 'n wedergeboorte deur die H. Gees, vergewing van sonde deur die geloof in Jesus Christus en oorgawe aan God. Die nadruk word gelê op die doop van die Heilige Gees en oorwinning oor die sonde.

Hierdie kort saamvatting van die belydenis klink so bemoedigend dat 'n mens eintlik wonder waarom ons hier van 'n sekte spreek en hulle inskakel by 'n groep sektes wat behoort tot die perfeksionistiese kring. Alles klink so trou aan die erkende Drie Formuliere van Enigheid. Miskien is dit niks meer as billik om hierdie groep juis te benader uit die negatiewe gesigspunt, soos ds. J. V. Coetzee gedoen het in sy artikel in Waarheid en Dwaling. Hier beweer ds. Coetzee dat die A.E.B.-standpunt " ... in die eerste plek merkwaardig is *om wat daar nie staan nie* en pas in die tweede plek om wat daar wel staan (p. 36)". 'n Mens sou inderdaad kon verwag dat 'n Beweging wat daar prys op stel om met die bestaande kerke saam te werk, hom liever met die volle geloofsbelydenis van die kerke sou vereenselwig. Nou gee dit tog die skyn asof daar nie ten volle eenstemmigheid is met al die belydenisstukke nie. En dit is inderdaad die geval.

Die A.E.B. vertel self dat daar tog sekere eienaardighede is in sy leringe, wat alleen besien moet word deur die aksent wat hy op sekere dinge lê. Só onskuldig is dit alles egter nie. Hulle beweer dat hulle predikers is en die ou waarhede van die bekering, sekerheid en volkome verlossing preek as dinamiese ondervinding.

Die A.E.B. verkondig die moontlikheid van 'n versekerde verlossing. Dit is moeilik om vas te stel wat dit eintlik moet beteken. Kan daar dan soiets wees as 'n onversekerde verlossing? Hoe sou iemand dan verlos wees en daar niks van weet nie? Die kerke staan presies op dieselfde standpunt en dit is oorbodig dat daar 'n Beweging moet kom om kerklike arbeid op hierdie terrein aan te vul.

Maar in dieselfde paragraaf volg daar tog 'n uitdrukking wat in die kerke se belydenisskrifte nie gevind word nie: "Nie alleen kan elke mens gered word nie . . ." Vir hierdie stelling word geen Skrifbewys aangevoer nie. Hier het ons die leer van die algemene versoening, almal kan salig word, hoof vir hoof. Hierdie leer moet nou staan teen die uitverkiesingsleer volgens Art. XVI van ons geloofsbelydenis en teen die eerste hoofstuk van die Vyf Artikels teen die Remonstrante. Dit moet ook die Skrif self konfronteer en 'n mens hoef nie skrifgedeeltes eers te noem nie. Die ganse Heilige Skrif, vanaf Kain en Abel, oor Jakob en Esau, oor Israel en heidense volkere spreek van uitverkiesing en van geen algemene versoening nie. Ons kan ook noem Rom. 9 en Efes. 1:4.

Uit Kongo nuusbriewe en uit die tydskrif Die Pelgrim blyk dit telkens duidelik dat dit nie hier net gaan oor 'n leerstellige verskil nie, maar dat die praktyk deur hierdie verskil nogal gerig word. Telkens word dit beweer dat die saligheid van elke mens afhang. Elkeen wat wil kan gered word. Hoe dit te rym is met Ef. 2:8 "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God". Nee, God behou volkome seggenskap oor sy eie werke en die mens mag nie indring, homself dit toe-eien en daarna gryp nie. Ons sal telkens dit nog teëkom.

Maar as dit waar is dat almal salig kan word, waarom trek hierdie pelgrims dan uit en hou bekeringsamekomste oor 'n groot deel van Afrika? Alles kan dan maar net so gelaat word, selfs al die kerke kon gesluit word, want alles kom mos reg. Hierteenoor moet hulleself erken dat aan Jesus eenkeer die vraag gestel is: Here, is die wat gered word min? Die antwoord is tog sprekend: Stry om in te gaan deur die nou poort. Want breed is die weg wat na die verderf lei en daar is baie wat daarop gaan. Maar die pad na die koninkryk is smal en daar is min wat dit vind.

In die Heidelbergse Kategismus word ook 'n vraag gevra wat hier te pas kom: Maak hierdie leer nie sorgelose en goddelose mense nie? Hierdie leer van die algemene versoening moet sorgelose en goddelose mense maak, mense wat nie sal wil stry om in te gaan deur die nou poort nie, want geen drang sal gevoel om God te dien nie. Inderdaad het ons dan hier 'n mensheids-godsdiens wat nogal pas by ons tyd.

Die ergste is egter dat hierdie leer, logies deurgedink, daartoe moet kom om aan ons ons Christus te ontnem. U sal u wel verbaas oor so 'n bewering. Indien almal sal salig word, indien daar dan geen uitverkiesing is nie, kan daar ook geen sprake wees van verwerping, van oordeel, gerig, hel en die vlamme van Gods geregtigheid nie. Maar dan die vraag: waarom moes Christus dan gekruisig word as die mens nie doemwaardig is nie? Het Hy as Herder ons nie juis kom optrek uit nederste dieptes nie? Kon Christus, sonder dat Gods geregtigheid oor die sonde brand, aan die kruis kom? Is dit nie presies Gods oordeel wat oor Hom losbreek sodat Hy in ons plek kon ly nie? Inderdaad klink die leer van die algemene versoening met sy beroep op Gods liefde pragtig, maar eintlik is dit die hardste en koudste leer wat daar bestaan, omdat hy ons wêreld laat sonder Christus, sonder die kruis en een wat moet eindig in volslae wanhoop.

Gelukkig dat die kerke, wat so dikwels so aangeval word, ook deur sodanige Bewegings, maar bly vashou aan die Skriftuurlike beginsels. Dit gee rus, rus in Gods beskikking, in Gods welbehae, in Gods voorsienigheid. Saam hiermee moet ons stel dat alles wat van 'n mens afhang onseker is en onrus moet bring. Die mens kan geen waarborg gee nie, omdat hy sondig is, enkel nietigheid is. Die menslike elemente wat die A.E.B. wil binne lods is wankel-fondamente. Heerlik is hierteenoor die gelowige wete dat God bo die wisselinge van hierdie tyd is en die hoogste waarborg is wat ooit gegee kan word. Waarlik, as 'n mens se ewige lewe minder as God het as waarborg, is dit genoeg om 'n mens kranksinnig te maak.

Besien ons dan die sekere eenaardighede waarop nadruk deur hierdie Beweging gelê word, spreek die A.E.B. van die moontlikheid van 'n heilige lewe. Hulle sê: "Ons leer dat die ondervinding bekend as heiligmaking 'n definitiewe tweede genadewerk is, onderskeie van die bekering. Dit is 'n ondervinding wat deur die geloof kom en 'n mens word dit nie eers by die dood deelagtig nie, nie deur die werke, groei of toewyding nie".

Die opmerklike ooreenstemming met die taal van die Apostoliese Geloofsending is nogal opvallend. Dit sou oorbodig wees om weer oor die hele terrein te gaan wat ons daar behandel het. Ons wys egter op die tipiese woorde "tweede genadewerk", omdat die eerste een preliminêr is, elementêr is en dat ons moet voortgaan na die tweede, waardeur die mens dieper ingelei word. Dit is soos Wesley dit aangegee het met sy "second change" en dit is die presiese verskil wat die Apostoliese Geloofsending maak tussen regverdigmaking en heiligmaking.

Ons wil ook hier benadruk dat heiligmaking hier ook getipeer word as 'n ondervinding. Dit kan ook genoem word geloofservaring. Maar ondervinding, hoe kostelik ook al, is iets persoonliks, iets wat iemand alleen self kan hê. Hy kan sy ondervinding aan iemand anders medeel, maar dan het daardie iemand nog nie die ondervinding nie. Hierdie mededeling van die ondervinding word genoem getuïenis, en van hierdie getuïenisse word, ook soos by die Apostoliese Geloofsending, veel gewag gemaak. Maar die saak is juis: welke kontrole het ons oor ons ondervindinge? Moet my ondervindinge altyd reg wees, ook as ek 'n sondige mens is? Die saak is eintlik dat 'n mens in jou geestelike en ewigheidslewe tog te doen het met soiets verhewens, so eenmalig, dat elkeen hier sekerheid moet soek, nie tevrede moet wees met enigiets wat nie absoluut seker is nie. Hoe kan ons nou met die subjektiewe ondervinding maak van heiligmaking?

Dit is natuurlik waar dat die ervaring deur die H. Gees bewerk word, Hy wat die Bewerker van die geloof is. Vir die gelowige is daar egter 'n degelike kontrole: die H. Gees is *nooit* sonder die Vader en die Seun nie, het Homself ook gebind aan die Woord. Enige ondervinding wat nie Woordverantwoord is nie, wat nie volkome ooreenstem met die Geesteswoord wat ons in die Bybel het nie, is vals. Gods Woord bly ons enigste bron waaruit ons put en waarmee ons beoordeel.

As ons dan spreek van geloofservaring of -ondervinding, dan kom die vraag: van wie of wat het ons ervaring? Ervaring het tog altyd 'n inhoud. In godsdienstige sake is dit nou 'n allernernstige vraag. Daar moet maar één antwoord wees op daardie vraag na die inhoud en dit is: Jesus Christus, die gestuurde van God, wat in die Skrif aan ons geopenbaar is — Hy is die inhoud van ons ondervinding.

Heiligmaking is dus nie 'n stemming, 'n emosie, 'n gevoel, 'n geestelike versiering in my gemoed nie. Dit word daar dikwels van gemaak, maar dit is 'n spottekening van wat dit werklik is. Heiligmaking is nie maar 'n lewenshouding en -optrede, iets wat aan my gesien kan word nie. Heiligmaking is veel meer: Christus is ons heiligmaking. Die Heilige Gees kom verkondig aan ons Christus, wat deur die Vader gestuur is. Dit is presies wat Gods Woord ook aan ons gee. Ons kan dit dan kort saamvat: Die H. Gees neem uit Christus, uit die Vader en uit die Woord en verseker ons daarvan. Die ervaring wortel dus in die openbaring. Die ervaring is iets persoonliks, iets subjektief, maar dit word getoets aan die openbaring. Ek kan my ervaring medeel aan ander en hulle kan my ondervinding bekritisêer; almal kan my ervaring aan Gods Woord toets.

Kan die A.E.B. se ondervinding van heiligmaking ook getoets word? Hulle spreek ook, soos die Apostoliese Geloofsending, van die doop met die Heilige Gees. Hoe geskied dit? Daar word beweer dat die H. Gees 'n persoon so groteliks bevoorreg dat hy deel het aan hierdie

ondervinding. Gestel dat 'n ander persoon dit betwyfel, wie kan vasstel en hoe, wie van die twee persone nou reg is? Daar is tog in die sondelewe van 'n mens altyd die moontlikheid van valsheid en daar kan tog ook 'n sondige beroep gedoen word op die H. Gees. Ons kan alleen veilig gaan en gehoed word vir sondige en noodlottige geesdrywery, as ons met hierdie sake gaan na Gods Woord en nie gaan spreek van ondervindings wat onmoontlik gekontroleer kan word nie. Ervaring of ondervinding is goed, maar dan moet dit Skrifervaring wees.

By die A.E.B. en sy enkele publikasies wat ons kon verkry, is die menslike element, die persoonlike element besonder sterk. Daarom juis volg hierdie Beweging 'n koers wat dikwels laat vrees. Dit gaan juis om die werksaamhede van die Heilige Gees.

Uit 'n klein pamflet kom die volgende woorde: "Voordat ons die inwoning van die H. Gees in al sy volheid kan ken en bevry kan word van die wêreld, die vlees en die duiwel, is dit nodig dat die liggaam van die sonde tot niet gemaak moet word. Slegs dan kan die H. Gees ons volkome besit en ons oomblik na oomblik vir struikel bewaar."

Daar hang dus soveel van onself af. Slegs dan *kan* die H. Gees ons volkome besit: wie is dit dan wat die liggaam van die sonde eers tot niet moet maak? Is dit dan nie juis die H. Gees volgens Joh. 16:8-11 nie? Dit is tog die Gees wat as 'n koolvuur kom om die onreinheid weg te brand. As hier dus beweer word dat die H. Gees ons, na die sonde tot niet gemaak is, volkome kan besit, het ons hier tog 'n dwaling wat ons nie sommer kan laat verbygaan nie. Maar verder: 'n mens kan nooit van 'n Goddelike Persoon, soos die H. Gees spreek in die taal van mense nie. Hier staan: al die ander dinge moet eers gebeur en dan *kan*, slegs dan is die Gees by magte om ons volkome te besit. En so nie, dan kan die Gees nie. God kan alles en die H. Gees is almagtige God.

Hierdie indruk word verskerp deur hierdie aanhaling uit Die Pelgrim van Oktober 1954: "U hart is nog só verdeeld; daar is nog so baie ander dinge in die hart. . . U het nog nooit die bloed toegelaat om tot by die wortel van die kwaad deur te dring nie . . . Lê die oorsaak nie juis hierin dat u nog nooit 'n algehele oorgawe gemaak het nie?"

Het ons hier nie inderdaad met die mensheidsgodsdienst van ons tyd te doen nie? Dit is mos eintlik EK wat alles moet doen: EK moet die Bloed toelaat en EK moet 'n oorgawe doen. As EK dit nie doen nie, loop alles fataal mis. Dit is dan tog duidelik dat die EK, die persoon, hier baie belangriker is as die werk van die H. Gees.

Hierdie selfde indruk word verskerp as 'n mens in die Suidwes-Omsendbrief lees van die verskillende plekke wat besoek gaan word. Ook hier word die skyn gewek dat dit wat die mense doen veel meer is as dit wat God doen. Hulle word gemaak "bid baie", "bid ernstig", "bid baie ernstig". Hierdie gebede moet dit moontlik maak. Daarteen het 'n mens wel nie prinsipiële beswaar nie, maar as 'n mens dit vergelyk met die weinig kere waar melding van God gemaak word, is die mens se aandeel in hierdie bekeringsveldtogte tog baie belangrik. Alles word so afhanklik gestel van ons gebede, ons inspanning, ons strewing. Vind ons dit werklik so in die Skrif? Is dit nie juis presies andersom nie nl. dat God ons altyd voor is en ons nooit eerste nie? Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19). Maar verder: as die verspieters by Jerigo kom, merk hulle dat die Gees van God voor hulle al by Ragab was. Hulle het nog nie eers van God vertel nie, maar hulle het haar bereid gevind om hulle te herberg, te versteek en haar lewe in hulle plek te gee.

II. Die A.E.B. en sy verhouding tot die kerke.

Hoofsaaklik twee sake kom hier na vore: die A.E.B. se interkerklikheid en ten tweede hul bekendmaking dat hulle die uitbreiding soek nie van enige sekte of kerk nie, maar van die koninkryk van God, Wanneer hulle in 'n sekere ressort werk, word persone gevra om hulle

nou by hul kerk te gaan voeg en as getroue lidmate van hul kerke te lewe. Dit skyn asof alle botsinge voorkom word deur so 'n houding.

Laat ons die sogenaamde interkerklikheid van nader besien. Wat is die betekenis van hierdie begrip in die praktyk? Eintlik beteken dit dat al die kerke genoeg met hul optrede moet neem, of anders gaan die A.E.B. maar doodluiters sy gang en negeer die kerke wat nie wil saamwerk nie. Gewoonlik word van werkers vereis om die plaaslike predikante op te soek en hulle werk bekend te stel. Sou so 'n plaaslike kerkraad sy toestemming weier, kom daar bepaald wrywing. Dit het ook meer as eens gebeur. As 'n liggaam interkerklik wil wees, is die eerste vereiste dat hy hom stel op dieselfde konfessie as die kerke. In kerklike sake is dit van die hoogste belang. Belydenis en kerkregering is tog lewenselemente vir kerke. Maar nou is dit juis die wonderlike dat die A.E.B. onbeslis is in sy uitgesprokenheid oor sy konfessie. Ons het juis hierbo, by die behandeling van die leer, betoog dat dit besyde die kerke se konfessie gaan. Nou wil die A.E.B., tipies soos die sektes, liever ongebonde wees in sy konfessie. Hy wil alleen stel dat hy in die Bybel glo en dat hy iets bely omtrent ondervindinge op geestelike gebied.

Dit is geen wonder dat die A.E.B. en die kerke al verskillende kere in botsinge betrokke was en dit juis omdat in hierdie kring geen onderworpenheid is aan die tug van die kerke nie. Dit het nogal voorgeval dat kerke met vreugde die ywer op die gebied van evangelisasie gadeslaan en dit aanmoedig. Dit bring die probleem na vore: is die A.E.B. se werk nodig op kerklike terrein, is daar nie oorvleueling nie, welke noodsaak is daar vir 'n sekere metode van optrede en bring dit nie kritiek na vore op die kerk se gewone werk nie? Die saak is juis eintlik dat die A.E.B. nie mag tug nie en die kerk word natuurlik gedwing om, soos dit 'n voorged betaam, nie te huiwer om ook die tugroede ter hand te neem nie. Tug bring altyd protes en dan word die kerk eintlik onder verdenking van hardvogtigheid geplaas, terwyl die Beweging aangehang word as vol liefde, vol evangelie, vol mensliewendheid.

Die metode van werk van die A.E.B. word ook deur hul eie werkers, wat geskool word aan hul eie inrigting bepaal. Hulle beweer dat hulle "dienste hou", Gods Woord dus preek en laat preek, sover moontlik nie op dieselfde tye as wat die kerke preek nie. Hulle sê dat hulle plekke intensief bearbei en dat hulle, hoewel hulle lidmate van kerke na hul onderskeie kerke terugverwys, tog 'n gevoel van verantwoordelikheid het teenoor "diegene wat gered is uit lewens van sonde". Daarom word op verskillende plekke sogenaamde "Gebedsunies" gestig wat gereeld saamkom en dit is bedoel "om almal wat onverdeeld aan die Here behoort en wat verlang om die verheerliking van Sy Naam en die uitbreiding van Sy Koninkryk bo alle andere belange te stel, te verenig in liefdevolle diens en gesamentlike gebed."

Die vraag is nou: wat is hierdie Gebedsunies: is dit plaaslike gemeentetjies van die A.E.B.? Dit het tog alle skyn dat hiermee 'n stigting voltrek is en dat daar eintlik gebreek is met die kerke.

Baie vrae kom na vore oor die verband tot die kerke: is dit dan nie die van Christus opgelegde taak aan sy kerk om die Woord te verkondig en die gelowiges te vergader nie? Om die saligheid te verkondig en sy kerk te plant, het Hy in Matth. 28:19 aan die apostels opgedra om in die hele wêreld uit te gaan, verkondig die evangelie aan alle nasies en doop hulle. Aan die kerk het die Here gegee, volgens Efes. 4:11 vv., apostels, evangeliste, profete, herders en leraars "om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus. . ." Ons lees nie in die Skrif van dusdanige Bewegings wat eintlik beter weet as die kerk hoe die evangelie gepreek moet word nie, hoe die heiliges toegerus moet word nie. So 'n liggaam wat nie sy mandaat uit Gods Woord kan bring nie, moet binne die kerk en onder die kerklike ampte sy gawes gee, maar sodra hy dienste hou, die Woord verkondig ens. rig hy hom teen die van God verordende middel om daardie taak te verrig. Coetzee noem so 'n

optrede 'n "rewolusiedaad" en sê heeltemal tereg dat God dit gebrandmerk het deur Sy oordeel teen Korag, Datan en Abiram wat hulleself as priesters wou aanstel teen die van God verordende ampsdraers Moses en Aaron.

Vandaar dat die sogenaamde kerklike verband mooiklinkende woorde mag wees, maar die A.E.B. het nie reformerend sy besware op Skriftuurlike weg ter kennis van die kerk gebring nie, maar het as beteweter gaan doen soos hy dink die kerk behoort te doen. Hul hele optrede is kritiek teen die kerk en lede wat hulle geëvangelseer het gaan nie terug na die kerk waar hulle aan behoort nie, omdat hulle met die kerk gebreek het. Hulle sluit aan by die Gebedsunies en vind daar lafenis, buite die kerk, nie op die weg van Gods verordening nie.

Van die kerk lees ons dat die poorte van die doderyk hom nie sal oorweldig nie. Oor die A.E.B. en dergelike sektariese splintergroepe hoor ons geen belofte nie. Die kerk is die liggaam van Christus en dit is die kerk se taak om die Koninkryk van God te verkondig en die Bruid skoon en onberispelik te bewaar vir die vereniging met haar hemelse Bruidegom.

Van die A.E.B. kan ons alleen sê dat hy op tipies metodistiese wyse ontstaan het en dat sy hele optrede en verkondiging nog steeds op daardie selfde weg is. Ons kan inderdaad van hom al sreek as nog 'n sekte, en wel 'n sekte van Christelike oortuiging wat dit nog erns maak met die Skrif, maar wat hom moet besin oor baie dinge. Anders staan hy al hoe meer voor die forum van Gods Woord veroordeeld.

5. DIE KERK VAN DIE NASARENER.

a. Die Geskiedenis.

Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu is verskillende gemeenskappe met ywer vervul om nie net op die suiwerheid van die leer, op die versoening deur Christus, die nadruk te lê nie, maar ook op die volmaking in die liefde, as noodsaaklike kulminasiepunt van die Christelike lewe. Die model van Wesley het gedien as voorbeeld en hierdie groepe kan werklik ook in sekere sin Wesleyane genoem word, metodiste van 'n sekere slag. Tog is gevoel dat hulle nie genoem wil wees na 'n mens nie, maar na Hom wat die gees van heiligheid in die mens bewerk: die Heilige Gees.

Sinds 1886 is hoofsaaklik vanuit California gemeenskappe georganiseer. Ook in die Suide en Ooste van die V.S.A. verkry ons hierdie selfde nadruk wat val op heiligheid. So kom naderhand drie onafhanklike heiligheidsliggame tot stand onder leiding en bediening van verskillende predikante. Die People's Evangelical Church is in Rhode Island georganiseer, 'n Central Evangelical Holiness Association kom in Massachusetts tot stand en in New York kom 'n Emmanuel Pentecostal Tabernacle tot stand. Hierdie drie verenig onder die naam Association of Pentecostal Churches of America. Hierdie groep met bakermat in New York het op Chicago met 'n Westelike groep, genaamd Church of the Nazarene en met staanplek in California, verenig onder die naam Pentecostal Church of the Nazarene. Nou het daar ook 'n suidelike groep genaamd Holiness Church of Christ met die Pentecostal Church of the Nazarene verenig in 1908. Om hulleself te distansieer van ander Pinkstergroepe wat by Geestesontvangenis in ander tale praat en waarmee hierdie groep hulle nie kon verenig nie, is die woord Pentecostal uit die naam verwyder en sinds 1919 is hulle bekend as The Church of the Nazarene.

Hierdie kerk het ook buitelandse kontakte verkry en het in 1901 in Engeland en in 1906 in Skotland tot openbaring gekom. In die jare wat verbygegaan het, het hulle deur evangelisasie geweldig in getalle gegroei, sodat daar meer as 'n kwart miljoen lede in die V.S.A. is en omtrent 'n 50,000 lede in die buiteland.

Hierdie kerk het 'n Geloofsbelydenis en 'n Kerkorde en kan moeilik anders as 'n kerk beskou word. Hulle hele optrede is die van 'n kerk op vaste grondslag en een wat duidelik ook 'n eie teologiese skool daarop nahou. Aan enigiemand kan 'n degelike Dogmatiese Handboek ter hand gestel word wat op goeie wetenskaplike peil is, wat 'n vergelyking met die Gereformeerde Dogmatiek wat betref sy wetenskaplikheid baie goed kan deurstaan. Dit vervul 'n mens met dankbaarheid dat hier 'n Kerk is wat hom besin oor die Skrif en Skrifwaarhede, wat kennis neem van die dogmatiese rigtinge by andersdenkendes en dus ook die leiding van die Heilige Gees bely by ander kerke. Hulle stel dan hul eie standpunt deur gesonde poginge om tot suiwerheid te geraak en wel op grond van die Heilige Skrif.

Dit wil natuurlik nie sê dat daardeur hulle standpunt bewys is nie, maar dit is die enigste van hierdie Perfeksionistiese groepe wat op die weg van wetenskaplike ondersoek gaan om hulle saak te stel. Wat hulle voorlê vereis van elke leser dat hy hom daar terdeë rekenskap van gee.

b. Die Leer.

Om die leer breedvoerig uiteen te sit, sal vereis dat 'n hele boekwerk net oor die Kerk van die Nasarener geskryf word. Ons moet hier dus volstaan om strominge wat hulleself as merktekens erken en bely, wat ons dus nie as etikette aan hulle omhang nie, weer te gee en dan krities ons te rig teen hierdie dogmatiese skole. In hul eie Dogmatiese werk gee hulle 'n heel objektiewe weergawe van die Calvinistiese standpunt en weet dus hoe ons kritiek sal val. In Wiley en Culbertson se *Introduction to Christian Theology* het ons die aanvaarde Dogmatiek van hierdie Kerk.

Die voorwoord beken dat ons hier 'n teologie gebied word wat Arminiaans en Wesleyaans is. Die verbinding van hierdie twee figure, so bekend in die Westerse Teologie, is veelseggend. Hiermee word die Remonstrantisme en die Metodisme dus in verband met mekaar gebring. Hierdie rigtinge stam nie wat die tyd betref uit dieselfde era nie; Wesley (1703-1791) en Arminius (1560—1609) was bykans een en 'n halwe eeu van mekaar geskei. Arminius en sy volgelinge is, wat die leer betref, veroordeel op die sinode van Dordrecht 1618-1619. Die beroeringe in die kerk van destyds is welbekend en ook hier kan ons nie enigsins reg aan laat geskied nie, gesien die verbasende omvang wat hierdie weergawe dan sal moet aanneem. Ons moet dan, liever as om voor te gee dat ons 'n afdoende behandeling onderneem, ons inperk tot blote konstatering van standpunte. Wie die naam Arminius hoor, weet dat die Dordtse Leerreëls hier ter hand geneem moet word, want dit is presies die leer wat daar weergegee word en daarteenoor staan dan die Gereformeerde leer in sy volle helderklaarheid. Dit sal dus nie baat om oor daardie hele veld te gaan nie.

Wat ons hier wel wil doen is om 'n paar opmerkinge te maak in verband met die verbinding: Wesley-Arminius, Metodisme — Remonstrantisme. Dit is sprekend en logies en hierdie konsekwensie moet werklik aanvaar word. Enige metodistiese neiging in kerke moet hierdie verbinding ter harte neem en tydig gewaarsku wees.

Dit is egter nie al waarskuwing wat hieruit volg nie. By die nagaan van die dogmatiese standpunt het dit ook duidelik geblyk dat die grootste deel hiervan net so oorgeneem kan word as die gangbare Gereformeerde en Skriftuurlike standpunt in die Dogmatiek. Soms word selfs die Westminsterse Konfessie oorgeneem en verdedig. Hierdie Dogmatiek bestaan uit 'n formele deel as deel I en daarna volg nog ses dele, wat agtereenvolgens handel oor die leer oor God, die leer oor die sonde, die leer oor Jesus Christus, die leerstuk van die verlossing, die etiek, die leerstuk oor die kerk en dan die leer oor die laaste dinge. By die lees van die grootste deel hiervan raak 'n mens so gewoon aan die egte Gereformeerde taal dat jy eintlik Gomarus en Arminius langsmekaar sien staan en in vrede met mekaar verkeer. Selfs by die leerstuk oor die sonde word erfsonde bely en die skuld karakter onderstreep. 'n Mens

voel die waarskuwing tot jou kom dat die Gereformeerde ook nie in selftevredenheid kan nalaat om die strominge fyn te ontleed nie. Op die louere kan nie gerus word nie, want in die Gereformeerde Dogmatiek kan die Arminianisme ook indring. Gelukkig dat die Gereformeerde Dogmatiek veel meer omtrent die sonde sê en ook die smet ken, wat waarlik net eie is aan hierdie leer wat hierdeur Gods regverdigmaking bly bely.

Vanweë die geskiedenis van die ontstaan van hierdie kerk, was dit die begeerte na vroomheid, heiligmaking, perfeksie, die verkryging daarvan deur die Geestesdoop, wat daartoe aanleiding gegee het. Openlik word tog bely dat dit Wesley was wat hulle geïnspireer het. Ons wil dus by hierdie behandeling veral die lig laat val op hierdie gedeelte van hulle leer, soos die voorkom in hulle Geloofsbelydenis en ook in hulle Dogmatiek.

Nou is dit 'n algemeen bekende verskynsel of ondervinding in die kring van Perfeksioniste en ons het dit al breedvoerig nagegaan by die vorige sektes en daar ons standpunt gegee. Met die verskil dat die Kerk van die Nasarener niks wil te doen hê met al die eksesse, met glossolalie as teken van Geestesdoop nie ens. is daar tog ooreenkoms met hierdie Pinkstersektes. Die verskil tussen hulle en die A.E.B. moet baie min wees. Ons wil probeer om nie in herhaling te verval nie. Wat die vervulling deur die Heilige Gees en die gevolglike heiligmaking betref, moet ons na die verhandelde verwys.

Ons wil hier heel kort die hoofverskille benadruk en dit onder die volgende hoofde groepeer:

- I. Die leerstuk oor die sonde.
- II. Die leerstuk oor die versoening.
- III. Die heilsweg en die heiligmaking.

I. Die leerstuk oor die sonde.

In Art. V van die Geloofsbelydenis lees ons: "Ons glo dat erfsonde, of verdorwenheid daardie bederf is van die natuur van al die nakomelinge van Adam, waardeur elkeen baie ver is van die oorspronklike geregtigheid of die rein toestand van ons eerste ouers toe hulle geskape was; dat ons afkerig van God, sonder geestelike lewe, en geneig tot sonde is; en dit aanhoudend, en dat die erfsonde bly voortbestaan met die nuwe lewe van die wedergeborene, totdat dit tot niet gemaak word, deur die doop met die Heilige Gees."

Ons merk hier al dadelik die Arminiaanse strekking. Die nadruk wil ons laat val op die floue weergawe nl. dat "elkeen baie ver is van die oorspronklike geregtigheid". Hier word nie gesê hoe ver nie. Vergelyk nou hiermee wat ons Nederlandse Geloofsbelydenis sê: "Ons glo dat deur die ongehoorsaamheid van Adam die erfsonde uitgebrei het oor die ganse menslike geslag. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee die klein kinders selfs in die moederskoot besmet is en wat in die mens allerhande sondes voortbring, omdat dit in hom soos 'n wortel is; en dit is *daarom só lelik en gruwelik voor God dat dit genoegsaam is om die menslike geslag te verdoem.*" (Art. XV).

Ons haal ook aan wat in die Dordtse Leerreëls Hoofstukke III en IV, paragrafe 1 en 3, bely word: "... en hy het daarenteen oor homself gebring blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verkeerdheid van oordeel in sy verstand; boosheid, wederspanningheid en hardheid in sy wil en hart, sowel as onsuiverheid in al sy geneenthede . . . Daarom word alle mense in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enige saligmakende goed, geneig tot kwaad, dood in sondes en slawe van die sonde . . .".

Hier het ons 'n kragtige belydenis wat nie maar spreek van 'n distansie tussen die mens en 'n reine natuur nie, nie maar 'n afstand tussen hom en God nie: die oordeel is finaal dat dit verdoemenis moet wees. Hierdie flouheid in sonde-opvatting wreek hom heel gou, want dit

word te niet gedoen deur die doop met die Heilige Gees. Ons sal oor hierdie laaste nog moet spreek by die heiligmaking. Ook hier geld, dat die Heilige Gees nie sondes vergewe nie. Daar is geen enkele Skriftuurlike verwysing daarheen nie. Christus alleen vergeef sondes en het alleen die betaling gebring, die offer aangebied en sondes versoen. Die H. Gees kan alleen die versekering bring dat Hy dit ook vir ons gedoen het. Die H. Gees kan niks nuuts bring nie, omdat Hy van die Vader en die Seun uitgaan en volgens Joh. 16:14 sal die H. Gees "neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig".

II. Die leerstuk oor die versoening.

Twee sake moet ons hier beklemtoon en die aandag voor vra. Die eerste is dat hier 'n algemene versoening bely word en die tweede dat hier sprake is van menslike koöperasie of samewerking.

Art. VI van die Geloofsbelydenis van die Kerk van die Nasareners lui. "Ons glo dat Jesus Christus, deur sy lyding, deur die storting van sy bloed en deur sy verdienstelike dood aan die kruis, 'n volle versoening gedoen het vir alle menslike sondes, en dat hierdie versoening die enigste grond is vir verlossing, en dat *dit genoegsaam is vir elke individu van die geslag van Adam*. Die versoening is genadiglik genoegsaam vir die verlossing van die onverantwoordelikes en die kinders in onkunde, maar is kragdadig werksaam tot die saligheid vir diegene, wat die stadium van verantwoordelikheid bereik, alleenlik wanneer hulle tot ware berou en geloof kom".

Versoening vir almal, elke individu van Adam se geslag. Ons het al telkens benadruk dat dit tot geestelike vervlakking moet lei, tot 'n rustige inslaap, onbekommerd oor die verhouding tot God. Teenoor die verwyte wat altyd ingebring word, veral uit hierdie oord van die Arminianisme dat die predestinasie goddelose en sorgelose mense maak, omdat uitverkorenes en verworpenes hulle nie meer oor hulle staat voor God sal bekommer nie, want dit is tog alles finaal, kan hierdie leer van die algemene versoening slegs lei tot godsdiensteloosheid en goddeloosheid, tot non-aktiwiteit van die kerk, evangelisasie en sending. As almal dan salig kan word en dit afhang van die mens wanneer hy tot ware geloof en berou wil kom, dan is God eintlik uitgeskakel.

Dit is juis wat ons in die tweede plek wil benadruk: hoe belangrik die mens se aandeel in sy versoening is: hy kan dit eintlik aanvaar en verwerp. Die woorde "alleenlik wanneer hulle tot ware berou en geloof kom", is bedenklike woorde waarin die mens eintlik die beskikking verkry oor sy ewige toekoms. Hierdie selfde saak word ook in Art. VII van hulle geloofsbelydenis benadruk waar kiesvryheid, waar die onmoontlike moontlikheid gestel word en soveel dinge is wat mekaar direk weerspreek, dat dit onmoontlik langs mekaar kan bly staan. In hierdie Artikel staan dat die mens "deur die val van Adam verdorwe geword het, sodat hy nie kan omdraai en homself deur sy eie natuurlike krag en werke kan voorberei om te glo en God aan te roep nie". Dit skyn 'n gesonde belydenis te wees. Maar nou volg die direkte teenoorgestelde: "maar die genade van God is vryelik aan alle mense verleen om, *almal wat wil*, in staat te stel om van die sonde afstand te doen en geregtigheid te verkry . . ." Hoe 'n mens kan sê dat die mens kan nie en daarna weer te sê hy kan, omdat almal wat wil tog weer afstand kan doen van sonde! Is die wil van die mens dan nie ingesluit in die stelling dat hy nie kan omdraai en is dit dan nie deel van sy eie natuurlike krag nie? Hier juis is dit weer Arminius, wat die vrye wil van die mens bly handhaaf en self al veroordeeld staan voor die hele teologie en ook voor die forum van die Skrif, wat die mense parte speel. Ons sou kan voortgaan om die menslike vermoëns wat hier benadruk word en die flouheid van die sonde se bedorwenheid te beklemtoon. Die hele patroon is egter duidelik. Hierteen kan ons slegs weer ons eie heerlike en kragtige belydenis stel. Hier soek 'n mens tevergeefs na iets mensliks

en tog word die mens nie uitgeskakel nie.

Uit die Dordtse Leerreëls wil ons kort gedeeltes aanhaal: Hoofstukke III en IV, par. 6: "Wat dus die lig van die natuur en ook die Wet nie kan doen nie, dit doen God deur die krag van die H. Gees en deur die Woord of die bediening van die versoening. Dit is die evangelie van die Messias waardeur dit God behaag het om die gelowige mense in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak." Hierdie weldaad hang so weinig af van die mens se voorkeur, dat par. 7 alle waardigheid van een volk bo 'n ander of van een persoon bo 'n ander volkome uitskakel en sê dat dit nie is omdat een miskien 'n beter gebruik gemaak het van die lig van die natuur nie, maar alles moet toegeskryf word "aan die geheel vrye welbehag en onverdiende liefde van God". Maar nou word die mens nie sy verantwoordelikheid ontnem nie. Par. 8 sê: "Maar almal wat deur die Evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want God gee ons in alle erns en waaragtiglik in sy Woord te kenne wat Hom welgevallig is: naamlik, dat diegene wat geroep is, tot Hom moet kom. Hy beloof ook in alle erns aan almal wat tot Hom kom en glo, die rus vir hulle siele en die ewige lewe". Ons moet verder ook lees wat in die volgende paragrawe van hierdie Leerreëls staan. Ons wil veral ook benadruk dat in die Verwerping van die Dwalinge, aan die slot van die positiewe uiteensetting, teruggekom word op presies die dinge wat ons hier vind en daar word met teks en kapittel alles gegee. Par. 3 spreek juis van die sogenaamde kiesvryheid en veroordeel dit. Ons kan die aanhalings nie ten volle weergee nie, maar hulle is so op die punt af as hy beweer dat die mense wat sê dat elke mens "uit homself kan wil en kies, of nie wil en nie kies nie", skuldig is aan 'n nuwigheid en 'n dwaling en dit strek daartoe dat die kragte van die vrye wil verhef word, teen die uitspraak van die profeet: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja verdorwe is dit" (Jer. 17:9). Voorts word ingegaan teen die gedagte dat die verdorwe mens die oorgeblewe vermoëns na die sondeval nog kan gebruik om die saligmakende genade te verkry. Daar is sprake van 'n wil tot geloof en 'n wil tot berou nie. Die sonde verblind juis die mens só totaal dat in hom nie eers 'n enkele begeerte tot die goeie oorgebly het nie.

III. Die heilsweg en die heiligmaking.

Ons kan hier heel kort wees. Ons is hier op die pad van Wesley met sy metodisme en ons het al telkens geleentheid gehad om aan te dui dat hierdie tipe van vroomheid, van perfeksionisme, nie die skriftuurlike standpunt is, soos die calvinisme dit begryp nie. Immers, hierdie kerk is uitgesproke oor sy standpunt: Arminiaans-Wesleyaans.

Wat is hier die trappe van die heilsweg? Ons neem dit uit die dogmatiek en uit die Geloofsbelydenis en gee dit in die orde: berou, geloof, regverdigmaking, wedergeboorte, aanneming (adoption), heiligmaking. Hierdie verskillende trappe en die orde waarin hulle staan, is natuurlik by ons onbekend. Dit is eintlik ondenkbaar dat daar berou kan wees sonder geloof. Ewe-eens is dit moeilik begrypbaar hoe regverdigmaking kan plaasvind sonder dat daar eers wedergeboorte is. Soos wat wedergeboorte hier weergegee word, nl. dat dit 'n geestelike lewendigmaking is van die mens se morele natuur, ken die Skrif bepaald nie. Hoe kan ons nou net in een deel van ons natuur wederbaar word? Is dit moontlik om by geboorte net 'n deel te laat gebore word? Is geboorte dan nie die aankoms van 'n splinternuwe lewe nie, sodat wedergeboorte 'n totale vernuwing is van die hele mens? Ons beveel aan dat par. 12 van Hoofstukke III en IV van die Dordtse Leerreëls gelees word, waar van die wedergeboorte gesê word: "Dit is die wedergeboorte, die vernuwing, nuwe skepping, opwekking uit die dode en lewendigmaking waarvan so heerlijk in die Skrif gespreek word, wat God sonder ons in ons werk". Maar natuurlik, metodisme en Arminianisme bely nie die totale bedorwenheid van die mens nie en moet dus 'n gedeelte van die mens uitsonder wat nie wederbaar hoef te word nie. Inderdaad het ons hier 'n halfslagtige teorie wat aan die mens iets wil toeken wat hy onder die sonde geensins besit nie. As ons in Gen. 6:5 en 8:21 lees "Toe die HERE sien dat die

boosheid van die mens op aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was ..." en "... want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af" is dit tog oorduidelike taal.

Juis omdat die wedergeboorte verkeerd verstaan word, kom daar nou soiets soos aanneming of adopsie by, wat eintlik alles by die wedergeboorte behoort. Daarteen voel geen mens beswaard nie, maar as 'n mens dan weer lees: "Regverdigmaking, wedergeboorte en aanneming word gelyktydig ondervind deur die wat God soek en dit word verkry op voorwaarde van geloof, voorafgegaan deur berou . . ." dan staan ons weer voor die feit van menslike koöperasie. Daar is niemand wat God soek nie. Ps. 14:2-4 en Ps. 53:3, 4. Die Skrif is tog uitgesproke.

Die vernaamste is en bly die heiligmaking wat ook hier beskryf word as 'n subjektiewe ondervinding en vereenselwig word met die Geestesdoop. Wat is die heiligmaking? Dit is 'n daad van God, volgende op wedergeboorte en die gelowige word dan vry van erfsonde en verdorwenheid, kom in 'n toestand van algehele toewyding aan God en waardeur die heilige gehoorsaamheid in liefde volmaak gemaak word. Nou is die mens sondeloos, want sy hart is gereinig van alle sonde. As ons vra: welke getuienis daarvan kan ons sien, word beweer dat die ondervinding aangedui word deur "Christelike volmaaktheid", "volmaakte liefde", "reinheid van hart", "die doop met die H. Gees", "die volheid van die seën" en "christelike heiligheid".

Nou, daar het ons 'n nadere aanduiding. Dit is vir ons om uit te maak of dit binne die grense van moontlikheid is om tot so 'n toestand van perfeksie te kom in hierdie lewe.

Wiley skrywe in sy Introduction to christian theology p. 301 dat die Calvinisme die nadruk anders laat val as Wesley en druk hom só uit: "But there is here an emphasis on what Christ has done *for* us to the minifying of what He has wrought *in* us by the Spirit." Die probleem wat hier na vore kom is die een van toerekenbaarheid van die sonde. Wesley ontken dat sonde aan Christus toegereken kan word en op die wyse vergewe word. Sonde moet uitgewis word en op die wyse word iemand geheilig: al sy sonde is weg en hyself is asof hy nooit sonde gehad het nie. Maar nou vra ons, as ons sonde dan volkome weg is, hoe weet die Skrif dan nie daarvan nie. Wiley sê op p. 302 "Anything that falls short of an actual cleansing from all sin or the death of the "old man" is anti-Wesleyan and anti-scriptural". Hy probeer hierdie stelling nie bewys nie, maar daar sal vir hom meer as groot moeilikhede in die weg lê. Dit moet aan ons vergun word om die volgende Skrifgedeeltes aan te haal: Job 9:2 "Hoe kan 'n mens regverdig wees by God?" Job 4:18, 19: "By sy engele ontdek Hy dwaling. Hoeveel meer by hulle wat kleihuise bewoon". Waarom sal ons dan in die Onse Vader-gebed bid: "Vergeef ons ons skulde" as ons geen skulde meer het nie? Of hou die geheiligdes op om te bid en dan veral só te bid? Ons wil voortgaan: 1 Joh. 1:8 "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie". Pred. 7:20 "want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie". Bowendien is die apostel Paulus, na sy bekering, openhartig in Rom. 7:14, 15: "Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek".

Op hierdie trant sou ons kan voortgaan en dan skyn dit nie asof die objektiewe getuienis van die sogenaamde volmaaktheid deur die Skrif gesteun word nie.

Maar dan word deur ons tog wel bely dat daar veel *in* ons plaasvind. Vr. 60 van die Heidelbergse Kategismus stel dit duidelik dat God aan ons toereken die geregtigheid en heiligheid van Christus en dat dit só is asof ek nooit enige sonde gehad of gedaan het nie, vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem.

Daarmee is ons standpunt gestel en dit skyn asof Wiley aan ons veel verskuldig is om die antiskriftuurlikheid van die Gereformeerde standpunt te bewys.

Ons wil hierdie gedeelte afsluit deur op te merk dat die Kerk van die Nasareners bely "dat die wedergeborene en die persoon in besit van algehele heiligmaking, *nogtans afvallig kan word* en aan die geloof skipbreuk ly en tensy so 'n persoon weer tot berou kom oor die sonde, kan hy hopeloos en vir ewig verlore gaan". Art. VII.

Ook hier staan daar weer sulke mekaar weersprekende dinge langs mekaar. Die persoon in besit van heiligmaking is volmaak en sonder sonde, (Art. X) en hier word hy weer afvallig (Art. VII). Dit skyn hier asof dit nou eintlik ons standpunt is — en tog is dit baie ver daarvan. Ons bely die volharding van die gelowiges. Ons het 'n veel warmer en harteliker belydenis. Duidelik word Hoofstuk V van die Dordtse Leerreëls daaraan gewy. Hierdie vertroostende wetenskap moet ons gedurig oordink. Teenoor daardie groot vraagteken wat die Nasareners stel voor ons lewe, voor die saak van ons ewige toekoms, stel ons die heerlike versekering. Hoe weet ek uit my geloof, wat dikwels so klein is, of ek nog nie afvallig is nie? Ons bely dat die begenadigde, die verlostes, die wedergeborene, nooit weer uit Gods hand geruk kan word nie. Wie sou by magte wees om dit te kan doen? Laat Rom. 8:31-39 ons troos. Op al die vrae: Wie sal beskuldiging inbring? Wie is dit wat veroordeel? Wie sal ons skei van die liefde van Christus? kom daar net één antwoord nadat alle baie magtige kragte ondersoek is: "Niks sal ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, Onse Here is nie". Ons kan hier uit die Dordtse leerreëls net par. 7 kort weergee: "Want, ten eerste, bewaar Hy nog in hulle by so 'n val sy onverderflike saad waaruit hulle wedergebore is, sodat dit nie vergaan of weggewerp word nie. Ten tweede, vernuwe Hy hulle sekerlik en kragtiglik deur sy Woord en Gees tot bekering, sodat hulle oor die bedrewe sondes van harte en tot God bedroef is . . ."

Arminianisme met sy beroep op die menslikheid in die mens en Wesleyanisme met sy sielkundige impuls wat die skyn wek asof hy aan die mens in sy geestelike lewe ook medesegenskap wil gee, is tog uiteindelik nie skriftuurlik nie. Dit is die ou Pelagianisme wat telkens weer opkom en wat Augustinus al eeue gelede beveg het en wat die kerk toe al as kettery uitgeban het. Dit maak in ons eeu weer 'n kragtige aanval, in hierdie eeu van die mens en menslike prestasies, nou dat die mens nie meer weet wat dit is om sondaar genoem te word nie, nou dat die menslike vernuf hom selfstandig wil maak. Die humanisme verkondig aan ons die een oorwinning na die ander, die triomf oor siekte en dood, die triomf oor die lug en hemelruimtes. Dit het tyd geword, so dink Arminianisme en Wesleyanisme dat die mens weer sy triomf moet beklemtoon oor die geestelike dinge.

Hier pas egter ootmoed, kinderlikheid, afhanklikheid. Hier moet ons maar bely: totale bedorwenheid, want dan eers is Christus ons Een en ons Alles.

Hoofstuk V.

GODSDIENSTIGE STROMINGE

1. Inleiding.

Daar is voortdurende stuwning in die geleedere van die mensgeslagte om bevrediging te verkry insake die diepste geheimenisse. Om daardie behoefte te bevredig het hy hoofsaaklik twee weë gevolg: die een was om kennis te verkry, sy verstandsvermoë te span en redelike bewyse te soek. Die ander weg was die weg van die verborge ryk van geeste aan te durf. Die misterieuse het nog altyd sy bekoring bly behou en kennis van die ryk van geestesdinge, hoe ook al verkry, imponeer vandag nog vele.

Kennis is die hoogste funksie van die mens deur God aan hom gegee om Gods skepping te verstaan en te deurgrond. Maar kennis wat van sy ankers losgeruk is, kan gevaarvol wees. God het in Sy Woord aan ons nie net alleen lig gegee op ons pad en 'n lamp voor ons voet nie, maar Gods Woord is ook 'n bron om uit te put. Dit is ook 'n verankering. Kennis is nooit 'n goddelike vermoë nie. Sodra as die mens sy vermoëns, aan hom deur God gegee, gaan oorskat, verkry ons afgodediens.

Ons wil 'n paar strominge wat die kerk se grense kruis en wat sekere gedagtes indra waar die kerk op eie terrein sy standpunt teenoor moet stel, behandel. Hulle is geen godsdienstige bewegings nie. Hulle kan nie as sektes getipeer word nie. Hulle is strominge met 'n geestelike inhoud wat oor God en Christus, oor lewe en sterwe, oor verlossing en saligheid sekere uitsprake het en die kerk moet dit ondersoek, omdat hy in sy prediking en eie leerstellinge belydenis 'n ander standpunt huldig.

Sy lidmate moet met suiwer voedsel gevoed word en hy kan nie toelaat dat sy lidmate verlei word weg van die bane van Gods Woord nie. Vandaar dat hierdie strominge altyd behandel word wanneer sektes ter sprake kom.

Hierdie strominge is van verskillende slag en soort. Sommige toon meer wetenskaplike nuanseringe en maak aanspraak op insig wat redelik gegrond is. Ander wortel in die menslike lyde, sy krankheid en smart, en wil geesteswetenskaplik ook hieroor 'n lig laat opgaan. Hier moet Gods Woord net 'n aanleiding vorm vir 'n onderbou en dan word die menslike vindingrykheid verder ingespan om 'n geheelbeeld te gee van die algemene roep na genesing.

En so kom in hierdie strominge veral twee na vore wat ons hier wil behandel: Spiritisme en Christian Science. Hiermee saam wil ons ook aandag gee aan die so bekende — en tog onbekende — broederskap, die Vrymesselary.

2. MORELE HERBEWAPENING

a. Die Geskiedenis.

Die beweging bekend onder hierdie naam is 'n ou bekende wat nou onder 'n ander naam presies dieselfde leer verkondig as wat in Suid-Afrika reeds in die twintiger jare baie goed bekend was. Destyds was dit alombekend as die OXFORD-GROEP, en wel vanweë die rol wat sekere studente uit die Universiteit van Oxford daarin gespeel het. Inderdaad is op 'n huissamekoms in Oxford 'n sekere Hamilton vir Christus gewin, en hy het op sy beurt weer 'n Rhodes-student uit Rhodesië met die naam van Richardson sogenaamd bekeer. Die heer Richardson het met ses ander Oxford-studente die beweging in Suid-Afrika geloods in 1927

en die eerste samekoms in ons land was te Schoenmakerskop, Port Elizabeth, in 1928. Baie ander Groepe is toe oral in ons land gestig. 'n Hele span entoesiaste uit Amerika, Engeland en Holland onder die persoonlike leiding van die stigter van hierdie Beweging, dr. Frank N. D. Buchman, het in 1929 ons land besoek.

Met entoesiasme is die Oxfordgroep hier deur Engelse kerke en ook een van ons Afrikaanse kerke begroet en is daar gebid om seën op die werk om ontroue kerkgangers na die kerk terug te bring en troue kerkgangers verder te begeester. In *De Kerkbode* (24 Sept. 1930) lees ons: "dat Gods Gees die Beweging gebruik het tot vernuwing van lewens, kan nie ontken word nie, sodat wie hom daarteen stel, gevonde kan word as strydende teen die Gees van die Heer".

Sinds 1938, toe die Oxfordgroep duidelik gefaal het in sy vooropgestelde roeping, uitgedien geraak het omdat hy niks nuuts kon bring nie, veroordeeld gestaan het in sy beginselgrondslag, die kerke hulle van hierdie Beweging gedistansieer het omdat hy die geestelike lewe veroppervlakkig het, is deur dieselfde dr. Buchman weer 'n stoot aan dieselfde Beweging gegee en nou onder 'n nuwe maan: *Moral Rearmament* — Morele Herbewapening.

In 1931 skryf wyle ds. P. G. W. Snyman al dat besware opgesom kan word in die volgende: 'n valse mistisisme, valse optimisme en valse idealisme. Hy beskou sy beginsels as valse en ketterse grondslae, veroordeel hul metode as rewolusie teen die kerk en as vroom bedrog. Die Oxfordgroep, so skryf hy, is 'n klap in die gesig van die kerk. Geen wonder dat die vroeëre entoesiasme volkome bedaar het en dat die Oxfordgroep se aktiwiteite hier versterf het nie.

Niemand het dit ook betreur nie. Inderdaad is dit nie te veel gesê nie, want die Oxfordgroep het nie 'n leemte wat bestaan het opgevolg nie, maar het eintlik verwarring kom stig. Met sy verdwyning het hierdie verwarring in die geestelike lewe opgehou en het die kerke doodgewoon met hierdie geestelike werk voortgegaan. Met hul goed georganiseerde kerke en met die hoë waardering wat die Afrikaanse volk vir die kerklike werk het en vir diegene wat daarin werksaam is, het die regte orgaan hierdie verbondswerk voortgesit en was daar in die geestelike huishouding van die volk geen hongersnood nie.

En nou in 1938 herleef die Oxfordgroep weer, nie in 'n nuwe gedaante nie, maar net met 'n nuwe naam. Hy lyk op 'n identiese tweeling met sy vroeggestorwe broertjie, met uitgangspunt, metode en mikpunt. Hy vermy 'n eerlike ontleding van sy beginselgrondslag, maar wil veral die nadruk lê op die praktyk.

Dit klink al wonderlik: praktyk sonder teorie, lewe sonder beginsel, — dit is seker net godsdiens wat sulke mense graag in so 'n verwarde toestand wil hou. Elke wetenskap het tog 'n grondslag, het tog sy beginsels. Dit is tog verantwoordelik om jouself vir alle vorme van kritiek te vrywaar. Het u al van 'n etiek sonder norm gehoor? Is daar dan 'n huis sonder fondament? Maar dikwels is dit die geval dat strominge in die godsdienstige lewe inkom wat werklik beginsels het, maar hulle wil die klem laat val op die praktyk, omdat die beginsels duidelik vals is. Dit kan 'n billike ondersoek uit die Bybel nie verdra nie. Maar dan moet ons ook weet dat die praktyk net so vals as die beginsels sal wees.

Morele Herbewapening is maar net 'n moderne naam wat moet pas by die wedloop om wapenrusting by die groot volkere. Geeneen van die skrywers probeer verberg dat dit maar net dieselfde Oxfordgroep van die verlede is nie. Die naam Oxford Groep is net te niksseggend. Buchman het gesê "If you do not listen to guidance, you will listen to guns". Uit die ruïne van die afgelope wêreldoorlog en tydens die verloop daarvan, het die gryse dr. F. N. D. Buchman weer opnuut 'n oproep gedoen tot geestelike herbewapening.

Niemand het hierteen beswaar nie — inteendeel. Indien volksleiers en kerkleiers dieselfde oproep laat hoor, verwelkom die kerke dit telkens. Dr. Buchman se tydige woord kan in elke jaar weer met klem herhaal word. Die saak is alleen of die Morele Herbewapening as

Beweging hierin die leiding moet neem, soos wat hy wens te doen. Die vraag is: het ons hier te doen met 'n gesonde geestelike Beweging, en moet ons hier ons rigting vind?

Dan moet ons hierdie Beweging eers in sy prinsipe beoordeel. Ons moet ons ook nie laat afbring van 'n prinsipiële waardering nie, met die beroep dat ons juis die praktyk moet beoordeel nie. Dit wil ons in hierdie stuk graag doen. En omdat die praktyk dan die vernaamste skyn te wees, sal ons veral daar 'n oomblik by stilstaan.

Eers 'n woord oor die stigter, dr. Buchman. Hy is in Pennsylvania, V.S.A. gebore in 'n godsdienstige en gasvrye, maar eenvoudige huis. Sy onderwys het hy hoofsaaklik aan Muhlenbergkollege geniet waar hy ook 'n eredoktorsgraad verwerf het.

Buchman se hart het uitgegaan tot die arme en misdeelde, en hy het 'n betrekking aanvaar as hoof van 'n groot kinderhuis. Toe die direkteure van hierdie inrigting aan hom opgedra het om drasties te bespaar vanweë 'n finansiële tekort, is hy met wrok teen hulle daar weg.

Later was hierdie optrede van hom juis die keerpunt in sy lewe. Toe daar 'n verandering in sy lewe gekom het, het hy aan elke direkteur 'n hartelike brief van verskoning geskryf. Na hierdie daad wat hy as die belangrikste daad van sy lewe beskou omdat hy bereid was om nie net self te verander in sy houding teenoor die met wie hy in onmin leef nie, maar ook vir ander 'n spoorslag tot sodanige verandering te wees, het hy dit as die geestelike metode tot sedelike herbewapening aanbeveel. Dit is eintlik die kern van sy beweging: ons moet aan mekaar ons sonde bely en nadat ons sover gekom het om dit te doen, moet ons ambassadeurs wees om ook ander tot so 'n insig te bring.

Hierdie hele geestelike houding is eintlik te naïef om daaroor te skryf. Sodra 'n mens die hele geestesinhoud van die Beweging van Buchman deurgesien het, voel jy ook om te sê dat die godsdienstige waarde-inhoud daarvan soveel is as wat 'n mens op 'n trippens kan skryf. 'n Mens sou sê dat dit eintlik werklik *die minimum* is wat 'n mens van enige Christen kan verwag. En as dit die *ganse geestelike inhoud* is, as dit *die maksimum* van ons godsdiens moet wees — wel, dan is dit maar 'n armoedige Christendom. Werklik, dan is die voedsame kos uit die kinderinrigting weggeneem en net die flouste soppies het oor gebly as teerkos vir die volgelinge van Morele Herbewapening.

'n Mens vra jou af of dit nou werklik die nuwe is waarmee die wêreld moet kennis maak. Dit is tog werklik die minste wat die Christendom eis. Dit is waarlik nie eers 'n tipies Christelike eis nie, want dit is die weg van gewone ordentlikheid. 'n Mens sou kan sê dat dit die doodgewone kultuur-eis, die gewone beskawing se elementêre begin is. Dit sal seker ook nog wel duideliker word as ons verder gaan.

b. Die leer: Wat is Morele Herbewapening?

Om hierdie vraag te beantwoord moet ons die angste van die wêreld deurleef. Dr. Buchman het duidelik besef dat daar 'n sentrale kwaal is wat gemeenskaplik is aan al die volke. Dit skyn asof sy vinger duidelik wys na die feit dat die mensheid van die twintigste eeu godloos geword het. Godloos grens aan goddeloos en is die begin daarvan. Die smarte van huidige gebeurtenisse in oorloë en die naweë telkens daarvan, is niks anders as geweldige oordele van God oor volkere en nasies wat God-loos geword het en daaraan sal die nasies ondergaan.

God-loos, want hulle dryf op eie wieke. Vandaar dat hulle hul selfstandigheid soek by die materialisme en hul veiligheid in besit, in opgegaarde besit (Kapitalisme), in werk en loon.

God-loos, omdat nie gevra word na Gods voorsienigheid en leiding nie.

God-loos, omdat die mensheid buite verband met God geraak het.

God-loos, omdat die nasies nie meer Gods stem uit Gods Woord beluister nie.

God-loos, omdat die nasies nie meer oorgiet word deur die heldere strale van Goddelike Lig nie en almal buite die aanraking met die goddelike kragstasie te staan gekom het (Vgl. The Message of Frank Buchman p. 33).

God-loos, omdat God nie meer die daelikse ervaring in baie se lewens is nie.

Daarom het die Morele Herbewapening gekom om benewens die werk van die kerk te laat hoor: terug na God toe. Die mens van die twintigste eeu het verloor om God te sê. Hy moet God weer leer ken. Hy moet God aan die stuur plaas en God moet die "directing force" (stuurkrag) word in sy lewe.

Hoe moet hierdie mooi taak verrig word? Is daar persone, liggame, verenigings, kerke met hierdie taak besig? Het ander ook al dieselfde diagnose van die kwaal van die nasies gemaak? Indien hierdie werk al deeglik gedoen word, waarom dan nog 'n ander beweging?

Laat ons hoor wat Morele Herbewapening van homself sê. P. Howard sê in sy boekie "A Renaissance that unites East and West", p. 9 vv.: "Moral Rearmament is not just a personal matter . . . it is not a moral movement. . . it is not goodwill. It is a revolution, to bring social, political, economic, national and supra-national change, a whole new range of motives to the whole world . . . It is the ideology of freedom, the ideology of renaissance".

Die antwoord op die vraag wat Morele Herbewapening is, is dus: *dit is 'n rewolusie*. Hierdie rewolusie wil drie dinge teweegbring:

- I. God-control — Godsbestuur.
- II. Change — Verandering.
- III. Guidance — Leiding.

Hierdie drie sake is eintlik die antwoord op drie sentrale vrae wat elke mens hom moet afvra:

- I. Welke plek neem God in my lewe in? . . . Godsbestuur.
- II. Hoe word die verhouding tot God bewerkstellig? . . . deur verandering in my lewe.
- III. Hoe geskied die verandering? . . . deur leiding.

Rondom hierdie drie kernsake word 'n mens se hele lewe gegroepeer. Die mens se hele lewe moet hierdie drie sentrale eise vertoon.

I. Godsbestuur.

Morele Herbewapening stel hom hoofsaaklik teen die verafgodiserende materialisme wat soos 'n groot Molog sy duisende verslind. Geestelike waardes het in onguns geraak. Kwaliteit kan die wedloop teen kwantiteit nie wen nie. Vandaar dat daar 'n verandering moet kom. Getuie hiervan is die opkoms van sekere ideologieë: Kommunisme, Fascisme, Sosialisme.

Nou kan teen hierdie ideologieë oorlog verklaar word en hulle kan oorwin word. Daarmee het 'n mens hulle werklik nog nie oorwin en uitgeroei nie. Daar moet in die hart van die mens, van die persoon, 'n verandering kom en hierdie verandering kan geen mens bewerkstellig nie. Dit moet deur God bewerk word (Remaking the World, p. 86). Ons moet gehoorsaam met God saamwerk.

Omrede die insig dat alle ideologieë rewolusies is, word ook hierdie beweging 'n rewolusie genoem. Hier moet egter duidelik gestel word dat hierdie Beweging hom nie op Gods Woord beroep om sy uitgangspunt of doelstelling te verklaar nie. 'n Mens sou verwag dat 'n diepere grondslag as 'n reeks pikante gesegdes gesoek sal word om te verklaar waarom die

Herbewapeningsbeweging juis 'n rewolusionêre moet wees en waarom elke lid juis 'n rewolusionêr moet wees. Hierdie slagwoorde maak op 'n mens nie juis 'n magtige indruk nie, en tog word hierdie slagspreuke as lyfspreuke van dr. Buchman wat hy bykans in al sy toesprake gebruik ten oorsprong toe aangehaal. "The Oxford Group's answer to revolution is more revolution". (Remaking the World, p. 37). "God-controlled individuals, God-controlled homes, God-controlled schools, God-controlled industry, God-controlled politics, God-controlled nations. This means that everybody takes his orders from God", (a.w. p. 31). Voorts: "God-controlled personalities make God-controlled nationalities (a.w. 26). "Only a passion can cure a passion". (a.w. 163).

'n Mens kry die indruk dat die hele Beweging gegrond is op hierdie slagspreuke van dr. Buchman, juis omdat die Bybel totaal ontbreek, selfs verklarings in Bybelse trant. Hierdie gesegdes is meestal volkome onjuis, soos die laaste wel getuig. Die Skrif sê daar: "'n sagte antwoord keer die grimmigheid af".

Rewolusie is 'n verkeerde woord en 'n totaal verkeerde begrip. Iemand wat die Bybel ter hand neem, is 'n anti-rewolusionêr. As hier liever gestaan het dat die antwoord van die Morele Herbewapenings-beweging op rewolusie is Jesus Christus, sou dit positief 'n geweldige inslag gehad het en suiwer gewees het. 'n Mens vind hier 'n geheul met wêreldse begrippe wat vreemd is aan die geestelike (en veral die Skriftuurlike) literatuur. Dit is 'n geweldige gemis dat die Bybel nie spreek nie, maar Buchman, hoe 'n deeglike mens hy ook al mag wees. Dit is 'n geweldige tekort wat nooit weer aangevul kan word nie, dat 'n mens met die taal en die daad van die wêreld moet antwoord: "revolution . . . passion". Hoe kan God die bestuur van alles hê, as sy Woord sodanig misken word?

Op welke wyse moet daar nou meer Godsbestuur (God-control) in die wêreld kom?

Die leiers van die Morele Herbewapening sê: deur middel van hierdie organisasie.

Hiermee word natuurlik by implikasie beweer dat die bestaande organisasies en bewegings wat op hierdie terrein beweeg, daartoe nie in staat is nie, getoets is en te lig bevind is, onmagtig geblyk het. Die kerke moet natuurlik ook dit hoor, hoewel die edele doel van hierdie Beweging is om die kerke weer vol te kry. Aan die kerke word dit verwytdat hulle leeg loop, dat daar geen belangstelling is vir die verkondiging van die Woord soos dit daar geskied nie.

As dit gaan oor hierdie gewaardeerde terugkeer en mooi roeping, sou 'n mens verwag dat aan ons gesê word dat die beswaar is teen die bestaande organisasies bv. kerke en Christelike verenigings. 'n Mens verkeer hier waarlik nie op 'n braakland, op 'n verlate pad nie. As daar ooit iewers 'n druk verkeer is, is dit juis op hierdie gebied van die geestelike lewe. Volk en maatskappy is werklik hier nie swak bedeed nie.

Teen die doelstelling, nl. God-control, sal nergens beswaar gevind word nie. Dit is immers 'n kardinale stuk van die belydenis van al ons kerke. Uit die verklaring van die Heidelbergse Kategismus wat ons bely aangaande Godsbestuur, is dit duidelik.

Sondag IX en X: Daar word aan ons gevra wat ons glo met die woorde uit die Twaalf Artikels: Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde.

"Dat die ewige Vader van onse Here Jesus Christus wat hemel en aarde, met alles wat daarin is, uit niks geskape het, wat ook deur sy ewige Raad en voorsienigheid dit nog onderhou en regeer, ter wille van sy Seun Christus my God en my Vader is . . ."

Die antwoord op die vraag wat ons onder die voorsienigheid van God verstaan is: "Die almagtige en alomteenwoordige krag van God, waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte,

gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom".

God-control — ja, want God is alomteenwoordig en almagtig, altyd by ons en geen enkele sekonde is ons sonder God nie.

Godsbestuur — die nasies staan daaronder en die persone, selfs die goddelose staan daaronder tesame met Satan self, wat ook magteloos is, as God nie wil nie.

Hier lê die kardinale fout van die Beweging: hy wil God aan *die stuur plaas*. En al die tyd is God daar en niemand kan God daar ooit wegneem nie. En omdat God nog altyd die Allerhoogste Koning is oor hemel en aarde, kan geen Beweging hom aangord om God terug te bring waar Hy nog altyd is nie. Die kerke kan dit ook nie doen nie — en doen dit ook nie. Die kerke verkondig dit alleen dat God daar is, en dat dit die mooiste en troosrykste is van ons belydenis. Die kerke gaan uit van die heerlike geloofswetenskap: God Regeer. Daarom juis kan niks en niemand ons uit Gods hand ruk nie — daarom juis kan die poorte van die doderyk die kerk nie oorweldig nie.

Ons vind dus hier dat daar God-control is en nie dat dit daar moet wees nie. Hier het ons daardie mooi vroom gedagtes, maar as ons dit begin ontleed, is dit 'n stukkie sonde. Hier word God in sy hoogheid aangetas, gedink dat God nie Koning is en Regeerder oor al wat daar leef nie. Ons moet God Koning maak. God het ons dus nodig. Sy Koningskap is van ons afhanklik. Morele Herbewapening sal God kom kroon.

En intussen het Morele Herbewapening eintlik die kroon van God af kom wegneem. As God van ons afhanklik moet wees dat ons Hom moet kroon — dan is ons meer as God. En dit is goddeloos.

II. Verandering.

Die taak en roeping om Godsbestuur in die wêreld in te bring kan alleen vervul word as daar 'n persoonlike verandering plaasvind. Hierdie persoonlike verandering word aangedui met die enkele woordjie "change". Tog verkry hierdie woordjie geleidelik 'n teologiese en ook 'n konfessionele karakter. As ons begin navraag doen, hoe geskied die verandering? en deur wie? dan gaan die deure oop.

Ons begin hier om weer te sê dat 'n mens tevergeefs soek na skriftuurlike woorde in die geskrifte of selfs gedagtes wat verwys na iets wat in die Bybel aangetref word. Ons vind hier weer die gewone slagspreuke wat in toesprake en geskrifte van dr. Buchman voorkom: "as die mens luister, spreek God; as die mens gehoorsaam, handel God; as mense verander, verander nasies".

Dit ontgaan 'n mens natuurlik nie dat die mens elke keer eerste genoem word en in 'n nogal leidende posisie geplaas word. 'n Mens kan natuurlik ook bogenoemde sinsnedes negatief plaas en dan kom die betekenis daarvan miskien duideliker aan die lig. Kan ons dit maar doen? "As die mens nie luister nie, spreek God nie; as die mens nie gehoorsaam nie, handel God nie..." Kan ons nog saamstem? Is God al weer afhanklik van die mens? Die mens kan God eintlik tot magteloosheid bring. Dit hang net van hom af of God kan spreek en kan handel.

Laat ons egter voortgaan. Vanweë die bogenoemde uitgangspunt gaan die voorstanders van die Morele Herbewapening nou voort en sê: daarom moet daar 'n verandering plaasvind. Hierdie Beweging sal nou die program aandui wat uitgevoer moet word, sodat die nasies veiligheid, vastigheid en sekerheid kan verkry. Elke man, vrou en kind word opgekommandeer en elke huis moet 'n vesting word. Buchman sê: ek wil die miljoene bereik.

Hy skrywe: "Net Morele Herbewapening kan die nasies aan mekaar bind". (Remaking the World, p. 65).

Die rol van hierdie Beweging word dus hoog aangeslaan. Die grotes van die wêreld en die leiers van die nasies word gesoek. President Truman en pres. Roosevelt se boodskappe van steun word besonderlik genoem. 240 lede van die Britse Laerhuis sowel as 'n uitgesoekte groep van die lede van die Hoërhuis, het steun beloof. Gedurende die oorlog het die Morele Herbewapening, so word gesê, wonders gedoen deur die regte gees en gesindheid te bewerkstellig tussen werkgewer en werknemer. Daar word aangehaal uit die offisiële Roomse en pouslike blad *Osservatore Romano* dat die Pous die Morele Herbewapening 'n kragtige hulp in die Pous se daelike poging om die siele en die wêreld na die deugde van die Evangelies te roep", beskou. (a.w. 123).

Nog net één aanhaling om te bewys dat die Morele Herbewapening sy taak hoog aanslaan: "The man who opened the eyes of the whole civilised world to the fact that purely political and economic means were inadequate to meet the situation was the founder of Moral Re-armament, Dr. Frank Buchman" (a.w. 244).

Hoe geskied die verandering?

Hierdie begrip behou nie deurgaans dieselfde betekenis nie. Soms word nogal suiwer gestel "wanneer die H. Gees van God die harte en lewens van mense regeer, dan sal ons die nuwe wêreld van môre wat ons almal begeer om te sien, begin bou" (a.w. 146). Hiermee in verband hoor ons ook van 'n verandering in die menslike natuur wat God alleen kan bewerkstellig (The message of Frank Buchman, p. 15). En dan weer "MRA stands for the dictatorship of the Holy Spirit" (a.w. 15 en Remaking the World, pp. 4 en 41).

Die menslike natuur wat verander moet word is inherent goed en is tog nie goed genoeg nie en daarom moet dit verander word (Remaking the World, p. 152). Hierdie verandering begin plaasvind van die tyd af dat God deurgang verleen word (a.w. 39). Daar is slegs twee soorte mense in die wêreld: die wat verander is en die wat nie verander is nie (a.w. 237).

Daar is vier stappe in die verandering: (Remaking the World, 68 v. en The Message of Fr. Buchman, p. 34 v.).

Die *eerste* is dat elke mens die absolute norme nl. eerlikheid, reinheid, onselfsugtigheid en liefde, moet toepas in sy lewe. Die mees praktiese wyse om dit te doen is om die vier norme op te skryf en dit as 'n maatstaf te gebruik deur jou lewe daaraan elke dag te meet. Met volle eerlikheid moet jy elke dag jou lewe opteken en dan sal dit duidelik word waar jy moet verander.

Die *tweede* is dat jy openhartig met 'n vriend van jou moet gesels oor dit wat jy in jou eie lewe gevind het. Onmiddellik kom die skaamte op, maar eerlikheid moet 'n mens verplig om alles te vertel wat in eie lewe skeef en krom gegaan het ten opsigte van die vier bogenoemde norme.

Die *derde* stap is om vas te stel teenoor wie jy verskonings moet aanbied vir jou verkeerde optrede. As ons berouvol is, sal ons vergewing vra aan God en ons naaste. Vergiffenis vra is nie vernederend nie, maar verheffend. Dit is die veredelende ervaring dat jy reg maak wat verkeerd was en wat altyd verkeerd sou bly as jy nie uit eie beweging dit weer reg gemaak het nie.

Die *vierde* stap is om te erken dat daar 'n Hoër Wil is en dat Hy juis die rigtinggewende krag in jou lewe is. Aan hierdie Hoër Wil moet ons onderhorig wees. Dit moet ons 'n vreugde wees om die koers te volg wat Hy aangee. Oorgegewenheid aan hierdie Hoër Wil is om jouself volkome prys te gee. Dit is soos Paulus dit uitgeroep het: Ek sterf elke dag, broeders.

Ons moet hier wys op die belangrike plek wat verandering inneem in die hele inrigting van die Morele Herbewapenings-beweging. Ons moet onthou dat hulle nie teorie nie, maar praktyk wil wees, en hier het ons nou die eerste deel van die praktyk: *Verandering*.

'n Mens kan nie beweer dat die Bybel darem heeltemal vergeet word in die uitgawes van hierdie Beweging nie. Dit word nou en dan selfs beklemtoon dat ons moet luister na Gods Woord.

Wat egter baie duidelik is, is dat die Bybel *onder andere* 'n plek verkry, en ons wil dit só verduidelik.

In verandering is tog nodig 'n reël, 'n maatstaf. Hoe sal dit dan geskied? Ons sou sê dat die Bybel so 'n reël of maatstaf is. Buchman skryf "One test is the Bible". Daar moet dus ook ander reëls wees. 'n Mens word ook volkome in die duister gelaat insake die verband tussen hierdie gedagte van verandering en die Bybelse woord bekering. Sou daar verband wees, veral as die H. Gees ook in hierdie werking betrokke is?

Ons wil hier weer sê dat dit darem jammer is dat ook hier weer blyk dat die Bybel verbygegaan word. In 'n boekie getitel "A Renaissance that unites East and West" kom sterk en ingrypende woorde voor oor wat Morele Herbewapening wil doen. Dit wil die Ooste en Weste tot 'n eenheid saamvoeg. Dit wil 'n ganse ommekeer, 'n renaissance bewerkstellig, 'n nuwe tipe wêreld bou met 'n nuwe tipe mens wat daarin woon, wil hoop gee aan 'n moedelose wêreld. "It is a world-wide transformation of human society that has already begun . . .". En nie 'n enkele beroep op Gods Woord nie. Geen enkele aanhaling om aan te toon dat die Bybel 'n enige plek inneem nie. Hier word inderdaad niks van God-control gehoor nie. God spreek tog tot ons uit sy Woord, maar as hierdie Woord onbekend is en nie eers gebruik word nie, dan skyn dit my asof ons hier met 'n vreemde verskynsel te doen het. Hoe moet 'n mens hierdie swygzaamheid oor Gods Woord verklaar? Ook hier word dit weer alles Buchman. Buchman het Suid-Afrika besoek en die kleurskeidslyn het gebreek. Hy los volksprobleme op.

Maar voorts: verandering veronderstel ten minste 'n slegte toestand wat jou verplig om 'n verandering te maak. Wat is dan so sleg of verkeerd? Is dit die natuur van die mens? Nee, Buchman sê dat die natuur van die mens inherent goed is. Is dit die sonde wat hy gedoen het of nog doen? Vanwaar die behoefte aan verandering?

Dit is 'n baie noodsaaklike en wesenlike vraag.

Buchman sê — en hy gaan maklik daarvoor heen, wat 'n bewys is dat hy die saak van sonde ook nie baie ernstig neem nie — "I said 'sorry' — first to God, then to those I had wronged" (Remaking the World, 168). As ons dit in Afrikaans vertaal, sien ons dadelik waar dit om gaan. "Verskoon my, het ek aan God gesê, en aan persone wat ek gegrief het". Met ander woorde: ons het hier nie die Bybelse leer van *vergiffenis* nie, maar die onskriftuurlike leer van *verskoning*. Hier is daar sommer 'n groot skroef los.

Die leerstuk van vergiffenis eis dat iemand vir die sonde en oortredinge moet betaal, moet boet, moet genoegdoening verskaf. As ek egter net maar ekskuus kan vra, verskoning aan God kan aanbied, dan weeg sonde by Buchman bepaald nie swaar nie. Sonde is ook glad nie iets verskrikliks nie, nie vir God nie en ook nie vir die mens nie. 'n Mens sou die hele Bybel nie kan verstaan as hierdie onbybelse leer van verskoning sou aanvaar word nie.

Kan by so 'n ligvaardige gedagte oor sonde nog sprake wees van 'n *oordeel van God*, van 'n *ewige oordeel*? Kan daar sprake wees van ewige verdoemenis omdat die mens die ewige God se majesteit geskend het? En *is daar plek vir die kruis* en *vir die Gekruisigde*? As 'n mens kan verskoning vra en so verlos word van jou sondes, wat moes Christus dan nog vir ons doen?

Moes Christus dan maar gekruisig word vir 'n simbool — of is die kruis werklik waardeloos? Die slotvraag is: het die mense van Morele Herbewapening die Bybel gelees — gelees en verstaan?

Luister na hierdie onskriftuurlike woorde: "The four stages to get rid of sin are to *hate* it, to *forsake* it, *get honest* about it and *restore* for it by putting things right" (Remaking men, 94). Waar staan dit in Gods Woord? Is dit moontlik dat dit in Gods Woord kan staan? En wat dan van Jesus Christus? Is Hy dan nog Middelaar en Borg?

Buchman antwoord: "There, culminating in the life of Jesus Christ, we find the highest moral and spiritual challenge — complete honesty, purity, unselfishness and love" (Remaking the World, p. 36).

Dit is nie woorde tot eer van Jesus Christus nie. Inteendeel, dit is juis Godslastering. Christus is ons Borg en Saligmaker, die Enigste Naam in hemel en op aarde deur wie daar redding is. Hy is nie maar die uitnemende voorbeeld van Buchman se vier norme nie. En waar staan dit in die Bybel dat Christus die hoogste sedelike uitdaging is?

Nee, die Skrif loënstraf elke woord as sonde.

Dikwels tref ons die woord "cure", gesondmaking, aan. Sonde is dan siekte en genesing daarvan is ons taak en roeping. Daar het ons die tipiese remonstrantse dwaling. Buchman se eie *verandering*, nadat hy briewe van verskoning gerig het aan elkeen van die ses direkteure van die kinderinrigting, is hiervan 'n duidelike bewys. Christus het aan hom niks gedoen nie. Die H. Gees het ook weinig gedoen. Hyself het alles gedoen: hy het geskryf, verskoning aangebied — en van daardie dag af was hy 'n nuwe mens.

Hier het ons een van die geweldige mankplekke in hierdie beweging: sy flou sondebegrip. Dit is die sand waarop 'n huis gebou word wat nie anders kan as om in te stort nie. Hier is nie diep gegrawe nie. En die gevolg?

Sonde is net maar 'n misdaad.

Sonde is maar net 'n oortreding teen jou medemens waarvoor jy kan verskoning vra.

Sonde bring nie skuld en smet nie.

Nee, dit is sonde juis nie. Daar is nie eers soiets soos sonde teen my naaste nie. Sonde is altyd teenoor God. Sonde *teen* my naaste is eintlik anders. Ek steel my naaste se goed en dit is 'n oortreding. Dieselfde daad is 'n oortreding van Gods wet en dit maak my 'n sondaar voor God. Teenoor my naaste kan ek 'n wandaad pleeg, kan ek onvriendelik of buffelagtig wees, kan ek my vergryp. Maar teenoor God is ek dadelik 'n sondaar, 'n ongeregte, 'n skuldige. Ek het Gods majesteit geskend. Hierdie sonde maak my doemwaardig. Ek word daardeur besoedel, besmet. Ek kan nie maar net sê "sorry" nie.

Nee — wat word van 'n dief wat gesteel het, en aan die gereg, as die polisie hom arresteer, sê: "sorry"? Is die saak daarmee afgehandel? Geen sprake daarvan nie. Hy moet nog gevonnissen word en vergelding doen vir sy daad.

Ons moet hier dus diep grawe. As ons sondebegrip flou en oppervlakkig is, gaan Christus vir ons verlore in sy volle rykdom. Dan word Christus vir ons maar slegs 'n voorbeeld. Dan word ons godsdienste nie meer 'n verlossingsgodsdienste nie maar 'n verbeteringsgodsdienste. In plaas daarvan dat Christus in my plek kom staan het, kom ly het, gesterf het, kom betaal het, sodat ek nou niks meer skuld nie, skoongewas is in sy bloed, is Christus vir my eintlik niks nie.

As sonde nie opkom uit ons verdorwe natuur nie, as ons nie in sonde ontvang en gebore word nie, as ons nie totaal bedorwe is en tot niks goeds in staat nie, kan ons nie verstaan waarom

word die Seun van God Jesus Christus genoem nie. Dan moet ons saam met die Heidelbergse Kategismus aan diesulkes vra: Glo hulle dan ook in die enigste Saligmaker Jesus, wat hulle saligheid en welsyn by die heiliges, by hulleself of êrens anders soek? En dan antwoord: Nee; maar hulle verloën met die daad die enigste Heiland Jesus, ofskoon hulle met die mond in Hom roem; want een van twee: óf Jesus is geen volkome Saligmaker nie, óf die wat hierdie Saligmaker met 'n ware geloof aanneem, moet alles in Hom hê wat vir hulle saligheid nodig is.

Kan 'n mens nou verstaan waarom in plaas van die Bybelse woord "bekering" die veel swakkere woord "verandering" gebruik word?

Omtrent bekering word gesê dat dit uit twee dele bestaan: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Daar het ons woorde wat getuig dat daar diep gegrawe word: niks minder as dood en opstanding is nodig nie. Hier is Christus die enigste naam. Hier is Hy alles en ek is niks nie.

Weet u wat "change" is? Dit is die toepassing van 'n paar norme in my lewe. Dit is openhartige geselskap met 'n vriend om aan hom my binneste mee te deel. Dit is verskoning vra vir leed aangedoen. Dit is die erkenning van 'n Hoër wil in my lewe.

Voel u ook hoe flou dit alles is?

Is daar 'n keuse tussen die Skriftuurlike leer wat die kerk aan u bring en die vermenslikte Buchmanisme wat die Morele Herbewapening bring?

III. Leiding.

Hier het ons die derde belangrike deel in praktiese lewe van God-control, Godsbestuur. Ons moet goed aandag hieraan gee, want in die praktyk van ons godsdienstige lewe het ons hier te doen met die persoonlike en gemoedlike omgang met God. Dit kan iets moois wees, maar vanweë die vaagheid, kan dit 'n onkontroleerbare iets wees.

Buchman het nog in sy Oxfordgroep-tydperk besondere klein gelê op 'n stille tyd, vroeg in die môre as alles nog rustig om jou is. "When man listens, God speaks" (Remaking the World, 35). Daarom moet die mens geleer word om aandagtig te luister. Enigeen, so sê Buchman, kan die woorde van die Here hoor (a.w. 36). Ons moet net die reëls gehoorsaam, nl. ons moet *eerlik* luister. Dit is wenslik dat ons alles neerskryf. Die volgende reël is dat ons die gedagtes wat in ons opkom moet toets om te sien welke van hulle van God af kom.

Dit klink baie eenvoudig.

Goddelike leiding moet die normale deel word, die alledaagse ervaring van elke mens. Buchman is hieroor entoesiasties en beweer dat *alle mense* goddelike boodskappe kan ontvang, as hulle opvangtoestel maar net reg ingestel is. Die H. Gees is die geestelike wonderkrag. "The Holy Spirit is the most intelligent source of information in the world today. He has the answer to every problem. Everywhere when men will let Him, He is teaching them how to live". (a.w. 14).

Oor hierdie saak is daar veel geskryf deur voorstanders van hierdie Beweging. 'n Mens word soms verleë oor soveel naïwiteit. Afgesien van die radio-ontvangtoestel wat natuurlik 'n beeld is om die kontak en gemeenskap tussen ons en God te verklaar, word daar gespreek van die definitiewe, akkurate en adekwate informasie wat van die Gees van God na die gees van die mens kan kom en dit is moontlik vir elkeen wat sy bevel van God wil neem (a.w. 41).

Hoe en wanneer geskied die leiding?

Elke mens word deur iets gelei. Wat bepaal u koers? vra Buchman. Is dit u begeertes? Is dit u

sakboek? Is dit u vrees, u vrou, u man, of wat u bure dink? Is dit ons eie selfsugtige voornemens, of ons nasie se belang — of ons vyande? (a.w. 39).

So mag dit nie wees nie, want leiding is wanneer God die stuur in hande het.

Buchman gee aan ons sy eie ervaring en dit is die moeite werd om daarna te luister.

"Shall I tell you what happens when I listen? I give my mind to disciplined direction. I find that God's thoughts can become my thoughts. Direct messages come from the mind of God to the mind of man — definite, direct, decisive. God speaks". (a.w. 40).

Wat moet ons doen?

Ons moet 'n stukkie papier neem en die gedagtes wat in ons opkom neerskryf, elke dag, elke more vroeg. Dit mag doodgewone dinge wees, maar wees net eerlik en skryf alles neer.

Dit wil nie sê dat God alles in ons bring nie. Ons moet dit wel toets. Die eerste toets is eerlikheid in die optekening. Die tweede toets is om te bepaal welke gedagtes kom van God af. Een middel om dit te toets is die Bybel. Van hierdie Bybel word nie gesê dat dit die Woord van God is nie. Daar word gesê "It is steeped in the experience through the centuries of men who have dared, under divine revelation, to live experimentally with God" (a.w. 36). 'n Volgende toets is: wat sê ander mense wat ook na God luister. Dit is die ongeskrewe wet van gemeenskap. Geen mens kan op homself deur God gerig word nie. God spreek die duidelikste tot 'n groep gewillige manne en vroue, want deur Godgerigte persone moet God eendag die wêreld regeer (a.w. 36). Op hierdie wyse regeer die H. Gees eintlik die harte en lewens en word 'n nuwe wêreld gebou. Buchman is oortuig dat die bedeling van Geestesleiding nou met die Morele Herbewapeningsbeweging aangebreek en ingetree het (a.w. p. 146).

Prof. H. Bavinck skryf dat as elke mens maar bokant die poort van sy wetenskap — en dit kan ook voor in sy boek — wil skryf wie sy God is en wat hy van God dink, sal dit 'n mens die moeite spaar om die boek te lees. Ek het ook al so gewens dat dr. Buchman dit wou doen.

Hier word telkens van God gespreek en dan dink 'n mens, omdat hier sprake is van Christus en die H. Gees, dat 'n mens moet aanvaar dat die Drie-enige God bedoel word, die God van die Bybel. Mag dit maar so wees. Dit is egter nie altyd ewe duidelik nie. Ons moet onthou dat hierdie Beweging Oos en Wes wil omspan. Die omvattendheid van die ideale van die Morele Herbewapeningsbeweging blyk uit baie stukke.

Bremer Hofmeyr skrywe in 'n pamflet "Hoe om te luister" die volgende: "Party mense glo in God. Vir hulle sal dit werk. Ander mense glo nie in God nie. Vir hulle sal dit ook werk". U sien hoe geloof en ongeloof ook verenig word. Inderdaad word hierdie "guidance" of leiding van die Morele Herbewapening aanbeveel vir alle volke, gelowe, rigtings, of hulle katoliek, protestant, Jood of heiden is (a.w. 111). "The great religions of the East feel at home with his teaching. The Koran says 'lead us to the good road'." Van Buchman word gesê dat "he almost becomes a man of the Orient himself" en verder "His message is global. It is for any man, anywhere". (The significance of the life of Frank Buchman — Alan Thornhill, pp. 8, 9).

Is ons oortuig dat die God van die Skrifte hier bedoel word? Hoe sal die Ooste hierdie God kan aanvaar? Of sou hier 'n blote Godsbegrip maar gegee word? Morele Herbewapening verkondig aan ons nie die God van die Bybel nie. Dink weer net daaraan dat toe ons die begrip "Verandering" behandel het, een van die vereistes daarvoor was dat jy 'n "Hoër Wil moet erken. Is dit 'n begrip of is dit God? Selfs 'n man wat goddeloos is, kan nog 'n Hoër Wil erken. Dit pas ook goed by die Oosterse Godsbegrip. Hoe vager hoe beter. Dit moet so misties moontlik wees.

Dit pas by baie dinge mooi in: so 'n menslike opvatting van God. Pure humanisme, vermenslikte godsdiens met 'n vermenslikte God tot 'n Hoër Wil. Wie van ons sal ooit van God durf spreek as 'n Hoër Wil? Vir die gelowige is God 'n Persoon, die hoogste Goddelike Persoon. Hy is meer: Hy is onse Vader om Christus ontwil.

En nou kan 'n mens ook verstaan waarom Gods roepstem tot bekering nie gebring word nie, maar die vermenslikte woord 'verandering' verkies word.

En 'n mens kan ook verstaan dat Buchman nie 'n kerk kom stig het nie. By hom is dit te doen om aan 'n persoon 'n nuwe geestelike ervaring en verdieping te gee. Daarom wil hy met alle godsdiens van die Ooste en Weste saamwerk. Hy wil die miljoene bereik. Daarom stel hierdie Beweging hom ten doel om organisasies in die lewe te roep, kontakte, wat Buchman selle noem. Huisgesinne, fabriek, myne en orals waar 'n groep mense byeenkom, kan sulke selle wees. Een van die skrywers wat die Morele Herbewapening steun sê in sy boekie "A story of effective Statemanship" waarin die verhaal van Paulus se bekering gegee word, dat ook kerke selle is. Moet 'n mens hieruit aflei dat kerke ook in diens van Morele Herbewapening staan? Ons het dan gedink dat die posisie omgekeerd is en dat Morele Herbewapening hom in diens van die kerke stel.

Vanweë hierdie belangrike verband tussen die Morele Herbewapening en die kerke, moet ons hierdie saak 'n bietjie nader bekijk.

Paulus word in hierdie werkie beskrywe asof hy 'n vooraanstaande lid is van die Morele Herbewapeningsbeweging. Sy eintlike stryd was teen die materialisme van sy eeu, waarvan sy optrede teen Demetrius, die silwersmid van Efese, 'n duidelike weergawe is (23, 24). Paulus was waarlik 'n rewolusionêre gees, 'n man met 'n geweldige opstandige gevoel in sy binneste. "He was an ecclesiastic who fought the ecclesiastics of his day for their narrow and self-righteous concept of churchmanship and for their level of personal, moral defeat" (80, 81).

Van die woorde wedergeboorte en bekering hoor ons hier niks. Hier word slegs van Paulus se oortuiging wat geworteld was in 'n ervaring gespreek. Ons hoor slegs van getransformeerde lewens, maar nergens van wedergeborenes nie (pp. 43-47). Paulus se ervaring het hy opgedoen op die pad na Damaskus. Toe het God met hom gepraat. Die wonder van die hele gebeurtenis is nie dat God gepraat het nie, so word gesê, maar dat Paulus geluister het. Hier het hy opdrag gekry om 'n wêreldrewolusie teweeg te bring.

Ananias het Paulus besoek en van toe af was hy 'n getuie. Hy het nie gepreek nie, slegs sy ervaring aan ander meegedeel. Saam met hom was ook ander rewolusionêre geeste soos Barnabas, Markus en Timotheus. Paulus stig nie kerke nie, maar selle. Daar is 'n sel in Korinte, in Filippi, in Kolosse, in Thessalonika. Hierdie selle het weer die rewolusionêre gedagtes ingedra. En luister na hierdie stukkies universalisme: "He (Paulus) offers an experience that is valid and available for all men everywhere: white, black, yellow, East, West, worker, capitalist, Communist, non-communist, the faithless and the self-satisfied but ineffective christian . . ."

Werklik, kan 'n mens nog twyfel? Erger kan die onskriftuurlikheid nie aangedui word nie. Die Bybel is dig geslaan en net 'n paar gedagtetjies daaruit word gebruik om 'n andersins skoon-humanistiese gebou te versier. Sonder hierdie versiersels sou elke mens dit onderken het as 'n stukkies onskriftuurlike heidendom. Nou moet 'n mens slegs die stukkies vernis eers afkrap, maar dis tog maar deursigtelik.

Dink aan die verdraaiinge van die Bybel: Paulus beveg die kerk, Paulus rig selle op. Paulus as lid van die Morele Herbewapening is 'n gans ander Paulus as die een wat ons ken uit Gods Woord.

En so gaan Morele Herbewapening voort om die miljoene te bereik. Hy maak gebruik van vooraanstaande en leiersfigure in elke land. In Suid-Afrika word elke dorp en stad gefynkam om persone te verkry om 'n sel te vorm. 'n Paar uitgelesenes word gebruik om die uitnodigings uit te stuur. Eintlik word dit aan jou só voorgestel dat jy vereer word met hierdie uitnodiging, dat dit iets besonder is. Jy moet 'n unieke toneelstuk bywoon wat in al die wêrelddele vol sale getrek het en wat geroem word as iets wat 'n groot verandering tussen werkers teweeggebring het. Eintlik is dit niks anders as 'n stukkie propaganda nie. Soms is dit advokate, prokureurs, regters en sodanige agbare persone — dan weer word professore-kringe, industrialiste, direkteure van groot onderneminge, betrek. Ook die jeug, en veral die studente word nie vergeet nie. Studenteraadslede en veral die persone aan die spits van die georganiseerde studentegemeenskap is 'n uitverkore jagveld. Almal moet deelneem aan die groot rewolusie van Morele Herbewapening. Dit is dan iets magtigs, iets groots, waarna die Pous luister en presidente van grootmoondhede. Alle volksprobleme vervaag soos mistigheid voor die son.

Ons leef in 'n eeu van internasionalisme, waarin die nasionale idee heeltemal te klein is en telkens oorkoepel word deur die wye grootheid van die grotere verbindings. Internasionalisme is 'n teken destyds. Binne volkere en binne kerke verkry ons dit. Ons hoef tog nie te herinner aan 'n Volkerebond, nou reeds iets in die verlede nie. Selfs die magtige volke is nie magtig genoeg nie, maar die behoefte is gevoel aan 'n Verenigde Volke-organisasie, waarin alle volke saamkom. Binne die kerke verkry ons ook die ekumeniese Bewegings, die een groter as die ander. Op hierdie wyse word oseane oorspan en grense tussen nasies uitgewis.

Wat is die leidende beginsel in hierdie groot organisasies? Is daar 'n prinsiep wat hier leiding kan gee? Of moet ons juis konstateer dat beginselloosheid hier heers?

Internasionalisme is geen beginsel nie; dit is 'n praktiese beleidsrigting. Internasionalisme is juis 'n gevaar vir elke duidelike koers of rigting en kan neig om juis soos 'n oorlogstenk elke beginsel plat te rol en alle seggenskap van die individu uit te wis. Dan verkry ons maklik totale gebrek aan belangstelling by die persoon, by die volk, by die plaaslike kerk. Is dit dan nie juis hierdie persoonlike belang wat die dryfkrag is, die lewensvatbaarheid, die hart is agter elke beweging nie? As dit waar is, dan is internasionalisme die dood, nie net van nasionalisme nie, maar ook van alles wat voortreflik, menslik, persoonlik is.

Die poging om 'n internasionale taal te fabriseer, is nog steeds 'n mislukking, omdat so 'n taal geen kultuur ooit kan hê nie. Dit mag dus 'n grootse ideaal wees, internasionale kommunikasie vergemaklik, die handel bevorder, maar dit laat die hart koud.

In Morele Herbewapening verkry ons nou 'n internasionale beweging, 'n internasionale godsdienst, met 'n internasionale Bybel, 'n internasionale wyse van lewe en 'n internasionale God. Vandaar dat hierdie beweging uit beginsel beginselloos wil wees en nie wil dispukeer oor beginsels nie. Beginsels word beskou as versplinterende kleinighede wat sy grootse internasionale idee bedreig. Enige mens vra tog: hoe kan Mohammedanisme, Sjintoïsme, Rooms-katolisisme, Protestantisme en heidendom met mekaar verenig word? Vandaar dat ons geskryf het, aanhalende uit hierdie mense se eie woorde, dat hulle geen God het nie, maar 'n Godsbegrip, 'n Hoogste Wese — niks meer nie. Ons het hier te doen met 'n neutrale organisasie, wat nie christelik kan wees nie. Dit is 'n Beweging wat nie koud of warm is nie, maar lou. Die bewering is dat dit onsydig-christelik is. 'n Beter aanduiding is dat dit met sy internasionale God definitief anti-christelik is en 'n ernstige bedreiging vir die christendom. Dit kom so moreel voor, so onskuldig, so waardig. Maar gaan u tog op soek na Christus in hierdie Beweging en u vind Hom nie. U vind Hom nie as Middelaar nie. Hy is nie die enigste Naam in hemel en op aarde deur wie ons salig kan word nie. As hier sprake van 'n soort

christendom kan wees, moet dit 'n christendom sonder Christus wees.

Die mooi woorde van hierdie Beweging moet telkens ondersoek word om hul waarde duidelik te bepaal. Ons het 'n wolf in skaapsklere en telkens moet ons maar weer die skaapsklere wegtrek om die wolf duidelik te sien.

Die leiers van die beweging sê daar is te min van God in ons lewens. Daar moet veel meer van God in ons lewens wees. God moet ons lewens vul sodat ons lewens God-controlled kan wees.

In ons antwoord op hierdie punt nl. meer van God, wil ons dit sê: *in hierdie Beweging is daar glad te weinig van God*. Ons het hierbo probeer aandui dat 'n onsuivere opvatting oor God daartoe meewerk. Ons gaan nie verder in op beginsel-beoordeling nie, maar wil dit vanuit die praktyk beskou.

Om maar net elke môre, in die stille vroeë oggend, te bid om Gods leiding en dan die dagtaak aan te voor — dit is inderdaad *te min van God in elke dag*. Dit is nie wat onder God-control verstaan kan word nie. Dit is in die praktyk ook die kernfout van hierdie Beweging. Hy stel hom met veel minder tevrede as wat die gewone gelowige as geestelike padkos verlang. Die beskuldiging is eintlik: Die geestelike lewe gaan bankrot, want God is daaruit. Nou word juis dieselfde beskuldiging 'n terugslaande boemerang: Onder Morele Herbewapening beleef ons die eintlike bankrotskap, want God is die hele dag uit jou lewe, behalwe so 'n kwartiertjie in die oggend vroeg.

Hierteenoor staan die Skrifleer: Nie een enkele oomblik kan jy sonder God wees nie: of jy eet en of jy drink en of jy enigiets anders doen, doen dit alles ter ere Gods. Ja, selfs die sterwe is nie uitgesonderd nie, want in Rom. 14 sê Paulus: Of ek leef en of ek sterf, ek behoort aan die Here.

Hier het ons dan die kernfout: Godsdien is diens van God. Hierdie diens van God omvat alles wat ons doen en dek die hele dag en nag van elke dag se bestaan. Die grootste fout van hierdie lewe was dat hy godsdien gaan beperk het tot 'n besondere oomblik, tot 'n oomblik van gemeenskap: dan wanneer ek kerk toe gaan of huisgodsdien hou; dan wanneer daar 'n verandering (change) in my plaasvind of wanneer ek in stille bepeinsing leiding (guidance) ontvang.

Dit is juis presies wat godsdien nie is nie. Godsdien beteken dat ek 24 uit die 24 uur in diens van God staan. In my nederigste werk is ek besig om God te dien, in my sport, in my slaap, in my besigheid. Van godsdien het ek geen oomblik vakansie nie. Dit is diens van God uit liefde met my hele hart, met my hele siel, met my hele verstand en met al my kragte. As daar één tydjie in my daaglikse lewe is waar ek God nie dien nie, dan is ek daar besig om 'n afgod te dien. As daar één plekkie is waar ek dink dat dit nou nie eintlik godsdien kan wees nie, dan is ek daar besig om 'n afgod te vereer.

Die Bybelse leer is dus: God is nie net elke oggend deel van my lewe en stuur en rig dan my dagorde nie. God is dwarsdeur die dag die getroue en allergenadigste Vader wat my geen enkele oomblik verlaat nie en ek mag God ook nie verlaat nie.

Laat die Morele Herbewapening nou iets beters aan ons mense gee as dit wat die kerke elke Sondag uit Gods Woord verkondig. Intendeel: teenoor hierdie heerlike voortdurende gemeenskap met God, waarin die gelowige bely met ps. 73:23 "Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat" — staan die Morele Herbewapening se bietjie "Guidance" flou afgeteken, bloedloos armoedig. Geen wonder dat die Oxford-groep 'n vroeë dood gesterf het nie. Met Morele Herbewapening sal dit net so gaan.

En as hierdie Beweging nog beskuldigend teen die kerke die vinger ophef met die bewering

dat die kerke leeg loop, kan ons almal in aanbidding voor God staan en sê: maar die kerke het nog nooit doodgegaan nie. Die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Ons is egter getuies van meer as een dusdanige Beweging wat die weg van alle vlees gegaan het.

Aan lidmate van al ons kerke kom hierdie stuk met die beroep: ondersoek *eers* u eie erfgoed, u eie geloofsbelydenis met sy louter goud as dure skat. Ondersoek dan in die lig daarvan die aanbiedinge van elders. Telkens sal u bemerk dat dit wat mooi is in sulke semi-kerklike bewegings eintlik maar die minimum is wat u eie kerk en belydenis aan u gee.

Waarlik: dit wat Morele Herbewapening gee is so 'n minimum dat 'n mens dit op 'n trippens kan skrywe.

3. DIE SPIRITISME.

a. Die Geskiedenis.

Die huidige vorm wat die Spiritisme aanneem dagteken eintlik vanaf 1848, maar die geloof aan die opwekking van geeste wat verskyn in hierdie wêreld, is so oud soos die mens self. Ons verwys heel kort daarna dat die spiritistiese geloof gevind word by heidense volkere, selfs in die jaartelling voor Christus bv. by Egiptenaars, Babiloniërs en ander Oosterse volkere soos Indiërs en Chinese.

Dit is ook aan ons bekend dat in die Heilige Skrif melding gemaak word van sodanige praktyke, maar ons sal daarvan etlikes moet bespreek en vermeld dit alleen hier.

Ons mag ook noem dat die eintlike Spiritisme voorlopers gehad het by sulke bekende name in Sektariese kringe soos Emanuel Swedenborg (1688—1772) en die geneeskundige Franz Mesmer (1734—1815). Swedenborg was 'n persoon wat dikwels visioene gehad het, verskyninge wat aan hom sekere dinge oorgedra het. Hy beweer dat daar 'n baie nou voeling is tussen hierdie wêreld en die oord van die geeste en dat hy voortdurend met die geesteswêreld kontak het. So verkry ons 'n persoon wat 'n vorm van ontwikkeling, 'n nabestaan voorstaan en deur die bewering dat die afgestorwenes se geeste in die hiernamaals ontwikkel tot engele of afwikkel tot demone, verkry ons ook 'n vorm van voortbestaan.

Mesmer was meer bekend as medikus en het beweer dat magnetisme ook by die mens aangetref word en hy noem dit dierlike magnetisme. Hierdie magnetiese veld tree vir hom na vore by mesmerisme wat later ontwikkel het tot hipnotisme en Mesmer het dit gebruik as genesingsmetode. Hoewel heeltemal terloops, het ook hierdie ondersoekinge aan die spiritisme 'n voorwaartse stoot gegee.

Dit is bekend dat die spiritisme ook bevorder is deur die materialistiese en positivistiese inslag van die negentiende eeu. Die reaksie teen die verstofliking van alles, deur te spreek van denke as stofwisseling in die brein ens. het die stelling na vore gebring dat die mens nie net stof is nie, maar ook gees. In sy afkeer teen verafgoding van die materie het ondersoek geneig na die spirituele.

Die eerste kragtige openbaring van Spiritisme het heel terloops voorgeval in Hydesville, New York, waar die familie Fox by betrokke was. By hul intrek in 'n nuwe woning is hulle gereeld versteur deur klopgeluide en een van die dogters het lateraan probeer om met die geheimsinnige mag in aanraking te tree, met hom te "praat". Daarin het sy geslaag deur aan hom vrae te stel en dan te vra; as dit so is, antwoord dan deur twee klopgeluide. Dit het geskied. So het dan later geblyk dat dit die gees was van 'n vermoorde man wat in daardie huis vermoor en in die kelder begrawe is.

Hierna is probeer om met ander geeste in verbinding te tree. Die gebied van die misterieuse is

aangedurf. Om aan die belangstelling van die publiek te ontkom, is die Fox-dogters weggestuur na ander dorpe. Ook daar het weer kontak gekom, maar nou met ander geeste. Hierdie geeste deel mee dat onder die mense is daar bepaalde persone geskik om met die geesteswêreld te spreek, vanweë sekere geesteskwaliteite wat in verfynde mate by hulle aanwesig is. Sodanige persone word mediums genoem.

Ander buitengewone verskynsels kom ook voor bv. die tafeldans, waar 'n groep persone aan 'n tafel plaasneem en onder leiding van 'n medium die tafel beveel om met sy poot te stamp. Dan word vrae aan die tafel gestel, wat dan antwoord. Met die tafeldans het die Spiritisme na Europa oorgekom, in 1854 na Frankryk, in 1857 na Nederland en na die wêreld. In 1885 word al groot kongresse gehou en telkens na een van die wêreldoorloë neem hierdie kontak met die geesteswêreld weer nuwe vorme aan en word 'n mens soms verbyster deur wat daar nou weer met die geeste bereik word, selfs met fotografiese middele.

Ons het lank nie alles weergegee wat deur die geeste oorgebring word deur mediums nie. Hulle wyse van mededelings is ook interessant: woorde word uitgespel deur na die alfabet te wys, daar is selfs sprekende en skrywende mediums, mediums beskryf die geeste om te sien of persone hulle ontslape dierbares kan herken ens. Op die wyse word dan aan die geeste gevra of hulle daar gelukkig is en antwoorde ontvang, gewoonlik positief. Daar word ook voorspellinge gedoen en as familieverwante verdwyn het, word dikwels die hulp van bekende mediums ingeroep om aan die geeste te vra waar die persoon hom bevind. Op die wyse is daar in ons land ook al vermoordes wat versteek was opgespoor.

Hierdie kort en allesins onvolledige weergawe van wat deur spiritiste voorgegee word deur hulle al bereik is, dien slegs om gedagtes te voer na die praktyke wat soms welseker ons verbyster laat staan. Volgens spiritiste is dit alles openbaringe van ontslape geeste. Hulle gee ook verklarings oor hoe dit alles kan gebeur. Die bewering is dat elke mens 'n stoflike en 'n astraal-liggaam besit. Hierdie laaste bestaan uit baie fyn en onsigbare stof wat nie alle mense kan waarneem nie. Die gees bly na die dood in die astraalliggaam voortbestaan. Die medium is nou 'n persoon met 'n besondere aanvoeling en geskiktheid om in kontak te kom met die geesteswêreld.

Ook in die geesteswêreld is daar 'n tussenfiguur nodig. As tussenpersone tree hier sogenaamde kontrolegeeste op wat dit makliker maak vir die medium om te spreek of te laat skrywe. Kontrolegeeste is as 't ware die verstand van die geeste wat hulle graag wil openbaar.

As daar nou 'n verskyning plaasvind van geeste wat hulle openbaar, word dit 'n séance genoem.

b. Die leer.

Elke gelowige mag hom wel afvra: wat het dit alles dan met godsdienste te doen, aangesien dit skyn asof dit 'n terrein is waarop ondersoekinge wel kan plaasvind, sonder om die kerke te hinder in hul prediking van Jesus Christus.

Daarom is dit noodsaaklik dat ons duidelik bepaal hoe hierdie leer ons raak en ons beïnvloed. Ons wil duidelik die raakpunte probeer aantoon en daarna kritiek daarop uitoefen.

(i) Dit moet duidelik wees dat hier 'n sekere uitspraak gemaak word oor die lewe na hierdie lewe. Daarmee het die kerk dit tog wel te doen. Hier gaan dit tog wel oor Christus en sy gesaligdes. Die Spiritisme slaan hulle teorie en sogenaamde resultate hoog aan: hulle het aan die christelike geloof aan die lewe na die dood 'n hegte grondslag gegee, omdat hulle nou nie meer hoef te glo aan so 'n lewe nie, maar nou daarvan wetenskap ontvang het. Nog meer: die wetenskap het die christendom se geloofsbelydenis van baie onwaarhede en onsuiverhede

gereinig. Die christendom se belydenis spreek van 'n smartelike lewe en van 'n salige lewe vir die goddelose en regverdige. Spiritisme het nou bepaal dat daar nie soiets is soos 'n hel en hemel nie. Daar is die toestand min of meer soos ons toestand op aarde. Al wat wel daar is, is dat daar 'n voortgang is, 'n ewolusieproses na volmaaktheid. Daar is wel verskillende sferes in die hiernamaals en elkeen ontvang 'n plek in die sfeer waar sy sedelike ontwikkeling hom op geregtig maak. Slegte geeste is vol selfverwyd, maar ook hulle vorder na die volmaakte, gelei deur die goeie geeste en gelouter deur hulle smart. En uiteindelik kom almal aan in "Somerland", die spiritistiese hemel.

(ii) Deur so 'n opvatting verkry ons lewe op aarde ook 'n dieper sin. Daar is 'n ontwikkeling vanuit hierdie lewe aan die gang en hierdie lewe is die voorportaal, waar dit geensins geoorloof is om onverskillig te wees oor jou sedelike opvattinge nie. Dit gaan nie hier om God nie, maar hierdie lewe is 'n oefenskool, 'n voorbereiding vir ons toekomstige lewe. Die hoogste doel van 'n lewensbestaan is, nie die eer van God nie, maar ons geestelike volmaking.

(iii) Spiritisme is van mening dat hierdie wetenskaplike bevindinge van hulle veel meer troos bied as al die godsdienstige konfessies saam. Immers, dood is nie 'n abnormale gebeurtenis nie, is nie meer 'n straf wat voortvloei as verbreking deur die sonde nie. Dood is net so 'n lewensfeit as geboorte en iets doodnormaal. Dood is geen skeiding nie, want ons hou voortdurend kontak met die ontslapenes. Hulle is binne ons atmosfeer, net nie liggaamlik by ons nie. Die troos wat spiritisme bied is dat hulle die angel van bitterheid uit die dood uitgetrek het.

(iv) Ons kan seker ook gewettigde konklusies trek uit al hierdie stellinge en beweer dat baie ander christelike heilsfeite hier in gedrang kom. Spiritisme noem nie eers die feit van die sonde nie en wil van die gevolge van sonde nie hoor nie. Hierdie lewe is gaaf en goed en daar het nog geen versteuring plaasgevind nie. Vandaar dat daar in hierdie kring geen behoefte is aan genade nie. Van niemand anders word iets verwag nie en tot niemand word gebid nie. Alles word by jouself gesoek en die goeie is jou eie onselfsugtige daad. Daar kan slegs sprake wees van verbetering, ewolusie na die volmaakte en jy is self jou eie lotsbeskikker.

(v) Vanself volg dit dat Christus ook nie bely word as Middelaar en Verlosser nie. Van soiets soos gewas te word in Christus bloed en van sy plaasbekledende lyde, hoor ons niks nie. Immers: sonde word oorwin deur ontwikkelings. En tog hoor ons nogal van Christus. Volgens sommige is Christus 'n allerbeste medium. Ten slotte is die vraag of daar 'n Christus is van weinig belang, as ons maar met die gees van Christus vervul is.

Wanneer ons Skrif lig oor hierdie duistere praktyke en leer aansteek, blyk dit dat die Skrif van die begin af aan sy veroordeling hieroor uitspreek. Voor ons by die behandeling van Skrifgedeeltes kom, laat ons eers 'n paar algemene opmerkinge doen.

Die grootste fout is hier dat die wese van godsdiens geweld aangedoen word. As spiritisme die plek van godsdiens moet inneem, sal daar van godsdiens niks tereg kom nie. Immers hier word alles ons ontnem. Wat, sê Spiritisme, is die bewys vir God? Dit is die wêreld van die hiernamaals wat ons daartoe dryf. God is ook Gees en het die hemele as Sy ewige woning. Vandaar dat die ryk van Geeste ons verplig om aan so 'n Geestesgod te glo. Maar ons kan hier nie enige drang vind wat tot geloof bring nie. In die eerste plek is dit alleen die wedergeborene wat in God glo. Dit is wel waar dat die duiwels ook in God glo en daarom sidder. Maar ons vind juis hier dat godsdiens van sy ankers losgeruk word omdat hier net sprake is van wetenskap en van geloof of wedergeboorte hoor ons *nimmer*. In die tweede plek kan ook gevra word waarom hierdie lewe nie net so 'n volmaakte bewys vir God kan lewer as die lewe na die dood nie. As hierdie lewe dan eintlik ontgoddelik word, is daar geen die minste behoefte aan godsdiens hier nie.

Ons gaan verder en beweer dat Spiritisme en die Christelike godsdiens eintlik op alle punte van mekaar verskil. Ons hoor hier niks van die Persoonlike bestaan van God nie, van 'n grens tussen God en kosmos nie. Alle verskille tussen lewe en dood, gees en stof, hemel en aarde, word uitgewis.

Ons sou kon voortgaan om van Christus te spreek en te beweer dat Christus ook nie bekend is as die Seun van God nie, maar juis in die tempel van die spiritiste saam met ander sogenaamde groot profete van godsdiens 'n plek verkry. Christus is hier niks meer as blote mens nie, miskien nog 'n besondere mens wat as voorbeeld vir ons nuttig kan wees.

Soms word voorgegee dat Spiritisme vir ons die Bybel meer aanneemlik maak en dat dit ons geloofsbegrippe suiwer. Dit kan egter nie die geval wees nie, om die eenvoudige rede dat daar net van botsing tussen die Christendom en die spiritisme gespreek kan word. Ook die Bybel is volkome verskillend in karakter en benadering en hierdie bewering kan selfs as lasterlik beskou word. Ons het by die Spiritisme te doen met 'n duidelike panteïsme, waarin God nie absoluut verskillend is van alle skepsele nie, maar juis aansluit by die geeste.

Ons wil nader kom by die Bybel en Bybelse uitsprake ondersoek.

Spreekende oor Deut. 18:9-12 en veral vs. 11 waar ons lees van "of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra . . . of wat die dooies raadpleeg", beweer Totius dat dit hieruit blyk dat Moses spiritisme geken het. Hier word sulke dinge deur God belet, omdat dit 'n praktyk is van die heidense nasies en dit vir die Here 'n gruwel is. Hier word egter duidelik dat die raadpleeg van geeste as 'n feit aanvaar word. Dit is tog ondenkbaar dat Moses op bevel van die Here oor hierdie praktyk die doodstraf sal uitspreek as dit alles so onwerklik en maar net oëverblindery is. Ons lees in Lev. 20:27 "En as daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene is of 'n gees wat waarsê, moet hulle sekerlik gedood word. Hulle moet gestenig word".

Die spiritisme was ook aan die profeet Jesaja bekend, want in 8:19 lees ons dieselfde waarskuwing teen hierdie praktyk: "En as hulle vir julle sê: raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel — moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word?" Die profeet toon dat daar maar één weg is: "Tot die wet en tot die getuienis".

Die apostel Paulus het selfs spiritistiese dweperye voorspel. In 1 Tim. 4:1 lees ons: "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en *verleidende geeste en leringe* van duiwels sal aanhang . . .". Inderdaad verwys die apostel hier na demone of duiwels en waarsku die kerk ernstig teen die komende afvalligheid. Paulus gaan verder in sy sendbriewe en bring verband tussen die Antichris en hierdie verleidende geeste. Christus het gekom deur die krag van die Heilige Gees, maar die toekomst van die Antichris word bewerk deur kragte en tekens en wonders van die leuen (2 Thess. 2:9). Dit is ook opmerklik, beweer Totius hoe die Satan in die Spiritisme die werkinge van die Heilige Gees naboots. Mediums praat in vreemde tale (Vgl. Hand. 2:4). Vuurvlamme word in die samekomste van spiritiste gesien (vgl. Hand. 2:3). Wonderbare genesinge word bewerk (vgl. Hand. 9:17). Sodanige ooreenkomste kan vermenigvuldig word.

Nog altyd word die gedeelte van die waarsegster te Endor as bewys vir die oproep van geeste en die raadpleging wat soos 'n profesie ook in vervulling gegaan het, aan almal voorgehou. (1 Sam. 28). Hier gaan koning Saul, aangesien God nie meer aan hom verskyn nie en hy bang is om ten stryde uit te trek teen die Filistyne, na 'n towerheks te Endor. Vantevore het hy self hierdie geslag uitgeroei. Daar aangekom, stel hy sy versoek, sonder om hom bekend te maak, dat sy Samuel uit die doderyk moet laat opkom en hom raadpleeg in verband met die komende geveg. As Samuel opkom word sy gestalte beskrywe, herken die vrou Saul, word

aan Saul sy neerlaag en einde aangekondig, soos dit op die gebergte Gilboa gebeur het

Dit is natuurlik duidelik dat dit nie werklik Samuel is wat daar opkom nie, maar ons het hier te doen met 'n vrou wat as medium optree en alleen sy vertel wat aan haar verskyn. Om 'n verklaring te bied vir hierdie drama by Endor, sou meebring om verskillende verklarings te ondersoek, wat hier minder op sy plek is. Ons moet wel onthou dat dit moeilik aan 'n openbaring van God toegeskryf kan word, omdat ons in 28:6 lees dat die Here Saul nie geantwoord het nie, op geen wyse hoegenaamd nie. Hoe sou die Here nou deur middel van 'n townares hom antwoord? Hoe sou God op 'n wyse Hom bekend maak wat Hy aan sy volk selfs met die doodstraf verbied? Die ander weg is om Calvyn te aanvaar wat aanneem dat dit 'n Satanswerking in die vrou was. Ook hier stuit 'n mens teen baie vrae: Satan is die vader van die leuen en hoe is dit moontlik dat hy alles waar profeteer? De Graaf (Verbondsgeschiedenis I p. 411) bring alles tuis by telepatiese werking, nl. dat die vrou die gedagtes van Saul staan en aflees en as medium eintlik daarin slaag om Saul in gesprek met homself te bring. Dit waar Saul voor bevrees was, word aan hom as werklikheid vertel deur die vrou te Endor. Die waarheidselement kom natuurlik ook hier ter sprake want alles kom presies net so uit. Ook hiervoor word op parapsigologiese wyse 'n antwoord voor gegee.

Wat ons betref: van 'n verskyning in Spiritistiese sin van die gees van Samuel is hier nie sprake nie. Die feit dat God Saul nie meer geantwoord het nie, was tog al 'n duidelike voorteken van sy ondergang en Saul het dit verwag, vandaar sy vrees. In die verberging van God het die koning 'n openbaring gehad van Gods toorn. Eintlik het hy niks verder nodig gehad nie en as die vrou Saul se eie gedagtes lees, vertel sy presies die openbaring van God waarvan Saul alreeds bewus was. Inderdaad het ons dus te doen, nie met 'n openbaring van Satan nie, maar met 'n handeling van God wat Saul inderdaad reg geïnterpreteer het.

Ons wil die behandeling van hierdie stroming afsluit met 'n waarskuwing: hierdie praktyk is nie alleen 'n aanval op alles wat godsdiens is nie, maar is ook skadelik vir die fisiese en psigiese gesondheid van die mens. Alles is van bitter weinig belang en vanweë die hele atmosfeer waarin voortdurend geleef word, is dit sielespannend en is die mediums niks meer as senuweewrakke nie. Vanself is dit dat ook die fisieke sy daaraan moet ly.

Vir die religie is dit geen bedreiging nie, maar dit is ook geen onskuldige tydverdryf nie. Ons het die lig van Gods Woord daarvoor probeer aansteek met sy bedreiging daarvoor. Maar Spiritisme is 'n surrogaat, iets in die plek van die godsdiens, wat godsdiens se plek wil inneem. Die Satan gebruik dit om die mens van Christus af te skei en van die Bybel te vervreem.

Ons moet dit sien as 'n begeerte, 'n sondige begeerte by die mens om gemeenskap te probeer verkry met sy ontslapenes, sy dierbares wat hy nie van harte aan God gegee het nie.

Die spiritis soek gemeenskap met die afgestorwenes.

Die Christen het gemeenskap met die opgestane en verheerlikte Christus. Sy ontslape dierbares het in Christus gesterf en is by Christus.

Dit is troos en volkome genoeg vir die gelowige: Christus in lewe en in sterwe.

4. CHRISTIAN SCIENCE

a. Die Geskiedenis.

Lyde in die wêreld van sonde is nie maar net 'n probleem nie, dit is 'n werklikheid. Dit gaan nie maar net om die oorsprong van die smart nie, maar ook oor die verlossing daaruit. Die antwoord hierop kan in die Skrif gevind word, maar die berusting by so 'n antwoord wat aan

ons verlossing gee deur 'n Verlosser, Jesus Christus, is nie altyd aanvaar nie. Dit lê te veel nadruk op die menslike armoede, dat hy daartoe niks kan bydra nie, dat hy volkome moet hoop op 'n verlossing wat alleen sy deel kan word deur die genade van God. Die mens wil sy heil self uitwerk, wil gaan op die weg van eie verdienste. Selfverlossing bly nog altyd 'n gesogte ideaal, terwyl die verlossing deur Christus nie begeer word nie.

By Christian Science het ons een van die strominge wat die weg van selfverlossing sterk benadruk. Sy hele leer is toegespits op 'n metode van genesing wat voortbou op 'n grondslag wat ook wel metafisiese gedagtegang genoem is.

Mary Baker is in 1821 in die V.S.A. gebore uit streng Puriteinse ouers van Skotse herkoms. As jong meisie was sy al 'n gespanne kind wat ook dikwels stemme gehoor het. Heel spoedig het sy ook in botsing met die kerk van haar jeug geraak, veral oor die predestinasieleer. Op 23-jarige leeftyd is sy vir die eerste keer getroud met 'n mnr. Glover, maar 'n kort jaar daarna is hy oorlede. Deur Vrymesselaars hulp, aan welke orde haar man behoort het, is sy ondersteun. Kort hierna is vir haar 'n seun gebore. Deur haar afgetrokke persoonlikheid, geneigd tot dromerige dinkwerk, was die seun al heel spoedig aan die sorg van ander toevertrou.

Vir die tweede keer is sy getroud met 'n tandarts Patterson, maar hierdie huwelik was nie gelukkig nie en het op egskeiding uitgeloop. Al hierdie beproewinge het hulle duidelike merke nagelaat op die versteurde sielelewe van Mary Baker. Haar vader het gesê: Die Bybel sê dat Maria Magdalena sewe duiwels gehad het, maar ons Mary het nie minder as tien nie.

Dit was in hierdie tyd dat sy gegly het op die ys, geval het en bewusteloos opgetel is. Mediese hulp het nie gebaat nie en sy het na dr. Phinehas Quimby gegaan, wat 'n magnetiseur-praktyk gehad het in Portland. Hy was bekend as 'n wonder-dokter, wat hom eers bedien het van 'n medium wat aan hom die geneesmiddels vir sy pasiënte moes aanwys. Hy ontwikkel die genesing bekend as "mind-cure" of geestesgenesing. Hierdie genesing het haar volkome laat herstel en het 'n diep indruk op haar gemaak. Sy was ook net die regte persoon vir hierdie werk. Sy deel self mee dat sy in 1866, na die dood van dr. Quimby, 'n eie ontdekking gedoen het wat sy self genoem het die wetenskap van Goddelike metafisiese genesing. Sy verswyg die aandeel wat haar geneesheer hierin gehad het en eien haarself eintlik alles toe, terwyl die invloed van dr. Quimby onweerlegbaar erken moet word. Sy skryf 'n boek wat sindsdien die Bybel van Christian Science genoem kan word: "Science and Health with key to the Scriptures". Sy beweer dat dit nie haar werk is nie, maar die Goddelike krag van Waarheid en Liefde, oneindig ver bo haar verhewe, het die inhoud gedikteer.

Mary Baker is vir die derde maal met een van haar leerlinge getroud, Asa Gilbert Eddy, in 1877 en sy is in hierdie kringe bekend as Mary Baker Eddy. In 1882 was sy weer weduwee.

Aan die begin was dit moeilike jare, jare van weinig vordering en 'n klein volgelingetal. Sy wou aan die begin nie oorgaan tot die stigting van 'n aparte godsdienstige genootskap nie en was tevrede om haar gedagtes te verbrei deur die Christian Science Association wat in 1875 gestig is. In 1879 het sy egter 'n kerk gestig in Boston, wat vandag nog die moederkerk is van die beweging. Magtig en groots is hierdie sentrale gebou met 'n kerk waarin 5,000 kan vergader. Hier naby is daar ook die Drukkery en Uitgewery van Christian Science, waar verskillende tydskrifte uitgegee word waarvan die bekendste seker is The Christian Science Monitor.

Die geskiedenis van Christian Science is eintlik die geskiedenis van Mary Baker Eddy, 'n aanvallige vrou met skerpsinnige verstand en 'n onuitblusbare vuur in haar binneste. Haar stempel vind 'n mens op die hele Beweging en in haar testament het sy selfs laat beskrywe hoe opgetree moet word teen haar bestryders. Nogal tirannie klink die houding teenoor

teenstanders. Vanuit Boston kom heftige verweer teen enigeen wat teen die stigster 'n onvriendelike woord besig. In die Church Manual vind ons 'n dekreet wat gehandhaaf word: 'n Lid van Christian Science mag 'n uitgewery of boekhandel nie ondersteun wat skadelike boeke aanbied nie. Hierdie skadelike boeke omvat daardie wat Christian Science bekritisiseer. In die V.S.A. word selfs die oplaag van 'n tydskrif of boek teen Christian Science vernietig en koerante is nie bereid om artikels op te neem waarin antipatiek teenoor hierdie Beweging te velde getrek word nie, uit vrees vir georganiseerde verset.

In Desember 1910 is mev. Eddy op bykans negentigjarige leeftyd oorlede. In haar lewe het sy die dood ontken en geglo dat die dood en sy werkinge in siekte oorwin kan word deur kennis en insig. Haar volgelingen het gemeen dat sy die eerste persoon sou wees wat die dood sou oorwin. Sommige glo dat sy nie dood is nie, maar slegs uit die gesigskring van mense verdwyn het. Dit is en bly finaal seker dat mev. Eddy haar laaste krankbed nie oorkom het nie.

b. Die leer.

Die Skrifgedeelte wat in elke erediens van Christian Science voorgelees moet word, is 1 Joh. 3:1-3: "Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is".

Benewens hierdie Skrifgedeelte word ook die Onse Vader gebed, maar nie sonder dat ook die verklaring van mev. Baker Eddy daarmee saam gegee word nie. Om 'n beeld te gee van die manier waarop Christian Science alles verstaan en verklaar, gee ons 'n vertaling van die Onse Vader met mev. Eddy se interpretasie daarvan uit die boek Science and Health:

Onse Vader wat in die hemele is,	<i>Ons Vader-moeder God, volkome harmonie,</i>
laat U Naam geheilig word;	<i>aanbiddelike Een,</i>
laat U koninkryk kom;	<i>U koninkryk het gekom, U is alomteenwoordig,</i>
laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;	<i>Stel ons in staat om te weet, soos in die hemel, so ook op die aarde, dal God almagtig en die allerhoogste is.</i>
gee ons vandag ons daaglikse brood;	<i>Gee ons vir vandag genade, voed ons uitgehongerde emosies,</i>
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;	<i>en liefde word in liefde weerkaats,</i>
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose.	<i>en God lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van sonde, siekte en dood.</i>
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.	<i>Want God is oneindig, almagtig, al-Lewe, Waarheid, Liefde, oor alles, en Almal.</i>

Die inhoud van Science and Health bevat veertien hoofstukke wat oor die volgende onderwerpe handel: Gebed, Versoening en sakramente, Huwelik, Christian science teen

spiritualisme, Dierlike magnetisme ontmasker, wetenskap, teologie en medisyne, Fisiologie, Voetstappte van waarheid, skepping, wetenskap van bestaan, enige besware beantwoord, die praktyk van Christian Science, onderwys van christian science, Samevatting. Op bladsy 497 van elke boek wat dieselfde aantal bladsye het, waarvan die reëls selfs genommer is, om verwysing na hierdie boek van alle boeke te vergemaklik, vind ons die geloofsbelydenis van Christian Science. Dit moet nie beskou word as 'n dogmatiese konfessie nie, maar word genoem die dinge wat gehandhaaf word. Dit is 'n sestal, wat ons hier vertaald weergee:

1. As voorstanders van Waarheid neem ons die geïnspireerde Woord van die Bybel aan as genoegsame gids tot die ewige Lewe.
2. Ons erken en aanbid een hoogste en oneindige God. Ons erken Sy Seun, een Christus; die Heilige Gees of heilige Trooster; en die mens na die beeld en gelykenis van God.
3. Ons erken Gods sondevergifenis in die vernietiging van sonde en die geestelike insig (of verstand) wat alle kwaad as onwerklik uitwerp.
4. Ons erken die versoening van Jesus as die getuienis van heilige, kragdadige Liefde, wat die mens se eenheid met God deur Christus Jesus die Wegwyser, ontvou, en ons erken dat die mens gered is deur Christus, deur Waarheid, Lewe en Liefde soos deur die profeet van Galilea betoon in genesing van siekes en sonde en dood te onderwerp.
5. Ons erken dat die kruisiging van Jesus en sy opstanding dien om die geloof op te hef om die ewige Lewe te verstaan, asook die omvattendheid van Siel, Gees, en die nietigheid van die stof.
6. En ons beloof plegtig om te waak en te bid vir daardie Gees wat in Christus Jesus was om ook in ons te wees; om aan ander te doen soos ons begeer dat hulle aan ons moet doen; en om genadig, regverdig en rein te wees.

Ons wil nou die leer saamvat in die volgende hoofpunte:

(a) Die hoogste en enigste werklikheid is God. God is nie soos in die Skrif aan ons geopenbaar 'n Persoon, 'n Vader nie, maar 'n begrip. God is Gees, Liefde, Waarheid, Wysheid, Lewe, Lig, Denke, Siel, Goedheid, die Siel van die ganse heelal en van die mens. Tereg is gesê dat ons dit alles ook maar kan omkeer en beweer dat Liefde, Denke, Gees, Goedheid, Waarheid, is God. Ons het hier 'n gelykstelling van God met alles wat in die skepping bestaan wat geestelik en verstandelik is. God is alles behalwe wat stoflik, materieel is, en alles wat nie stoflik is nie, is God. Mev. Eddy misbruik die Skrifgedeelte in I Kor. 15:28: ". . . sodat God alles in almal kan wees", om haar verregaande panteïsme te dek. Sy beweer dat as ons aan iets anders 'n wesenlike bestaan toeken, dan oortree ons die eerste gebod wat ons belet om ander gode voor Gods aangesig te hê. Dus: God is Gees en God is die enigste werklikheid.

(b) Hieruit volg nou dat die stof of materie of die liggaam nie kan bestaan nie, want al wat kan bestaan is gees en is God. Stof of liggaam is slegs 'n waan, is slegs bedrog. Ons stel ons dit voor, maar ons moet onself net oortuig dat dit onwaar is, dat dit alles leuen is. Dit is 'n grondstelling van Christian Science en dit is ook sy groot idee: dit lei ons om ons vry te maak van hierdie leuen. Dit was juis die groot vonds van mev. Eddy en wat haar gevoer het tot haar metode van genesing. Sy beweer dat alle mense hulleself maar somaar onderwerp aan hierdie algemene gedagte, maar dit is alleen haar volgeling wat geleer word om wakker te word uit die droom.

Natuurlik volg hieruit nog meer: sonde kan nie bestaan nie, want hoe kan Waarheid en leuen albei bestaan? Sonde kan in God nie bestaan nie, en daarom is dit ook slegs 'n voorstelling. Ook dood kan nie by God as die ewig Lewende bestaan nie en word dus ook tot die terrein

van hersenskimme uitgeban. Ons moet ons lewe reinig van al hierdie denkbeeldige dinge en dan sal die nuwe dag aanbreek van volkome geluksaligheid. Al die ander gelowe ly en sweet onder die bedrog van die Skrifte nie te verstaan nie.

(c) As dit ons belydenis is oor sonde nl. dat daar nie soiets bestaan nie en dat dit nie sonde is wat gestraf word nie, maar ons geloof aan sonde, kan 'n mens ook begryp dat versoening en vergewing by haar nie teologiese begrippe meer is nie en dat vergiffenis met God of Christus niks te make het nie. As sonde gebrek aan insig is, word versoening bestempel as die mens se belewing van sy eenheid met God. Mev. Eddy vind haar gedagte in die Engelse woord vir versoening "atonement" en sy sien in daardie woord die eenheid in sy saamvoeging at-onement. Tereg is opgemerk dat sy seker meen dat die Bybel in Engels geskryf is. In die oorspronklike Grieks lees ons natuurlik van hierdie woord niks.

Nie alleen is daar dus nie sprake van vergiffenis of versoening nie, maar Christus Jesus en die kruis van Christus word ook wegverklaar. Die persoon van Jesus en die persoon van Christus, sê mev. Eddy, is nie dieselfde nie. Christus beteken: die Goddelike Godsopenbaring, na ons gekom om die vleeslike (stoflike) dwalinge te vernietig. Jesus beteken: die sigbare goddelike idee. Kom ons by die kruis, dan lees ons dit: Jesus word gekruisig om die geloof te verhef en te laat verstaan dat stof niks is nie, maar dat siel en gees die ewige Lewe beërf.

Op die wyse word dit ons dan duidelik dat hier geen Middelaar en Borg is nie, geen Verlossing nie. Dit is ook onnodig, want daar is geen sonde nie. As die Naam van Jesus Christus en dan nog as Seun van God erken word, is dit om Hom aan ons voor te hou as die Wegwyser. Jesus Christus was ten nouste met die Gees verenig, is die hoogste Denke, Lewe, Wysheid. Hy begryp God die beste en toon aan die mense die weg tot verlossing nl. om hulleself te verhef bokant siekte, stof en dood. Daarom: Christus is nie die Verlosser nie, maar die Persoon wat aan ons die Weg tot selfverlossing aangetoon het. Hy is nie die *weg* nie, maar die *wegwyser*.

(d) Ons kan nou verder gaan en bepaal dat daar van Triniteit in hierdie leer niks meer tereg kom nie. Kuyper skryf: "God is naar scientistische voorstelling niet een 'Iemand' maar een 'iets', niet de 'Liefhebbende' maar de 'Liefde', niet 'De Denkende', maar 'Het Denken' of 'De Intelligentie'. Hy handelt niet, maar Hy is". Die Triniteit word hier gevind as die eenheidsband *tussen* die trits: Lewe, Waarheid en Liefde.

(e) Die Bybel word skynbaar hoog geag en daar word selfs uit voorgelees, maar dit is nie verniet dat by die boek Science and Health ook 'n Key to Scriptures bygevoeg is nie. In hierdie toevoegsel word nou wel nie die hele Skrif verklaar nie, maar slegs 'n gedeelte van Genesis en Openbaring, maar met hierdie wyse van verklaring word aan ons die grondreël van Skrifbeskouing gegee. Een van hierdie juweeltjies van Skrifverklaring vorm selfs die grond vir haar hele Science-struktuur. Dit is die berugte verklaring van Gen. 2:6 waar ons lees: "Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig". Hierdie damp word aan ons voorgestel as die mistigheid van dwaling wat die oorsaak is dat verkeerde gedagtes by ons posvat. Dit is ook daarom dat vanaf Gen. 2:7 daar nou voor kom dat God die mens uit stof gemaak het. "The creations of matter arise from a mist or false claim, or from mystification ... In error everything comes from beneath, not from above. All is material myth, instead of the reflection of the Spirit". (Science and Health p. 523). Hierdie damp verdof die mens se verstand en bring valsheid in ons binneste. God wil dat ons nieteenstaande die damp die Waarheid moet begryp.

Hierdie damp-eksegese gaan nog verder: dit is eintlik hierom dat Mary Baker Eddy 'n eie verklaring van die Bybel gegee het. Sy sê dat die Bybel besoedel is deur die misdamp van leuen en valse denkbeelde. Haar boek Science and Health is onbesoedeld.

Ons het dus hier nie net Skrifkritiek nie, maar Skrifverwerping. Sy trek dikwels te velde teen dit wat in die Skrif staan en noem dit dan legendes wat sterflike mense opgeteken het, fabels wat in omloop was, allegorieë en mites. Sy spreek van duisende dwalinge en foute, ook wat deur God self gemaak word. Want waar God as Jahweh voorkom, is dit alles goed, maar sodra Hy genoem word Elohim, word onmiddellik duidelik dat ons nou weer foute kan verwag. Maar alles is nog niks teenoor hierdie wegskuif van die Bybel en volkome verdringing daarvan deur 'n menseboek. Dit geskied dan, nieteenstaande sy altyd laat blyk dat sy nog in die Skrif glo en daaraan vashou.

Hierdie eksegesi van Gen. 2:6 bring ook nog die verkeerde insig, die verkeerde begrip oor materie en stof. Dit is hierdie damp wat die Bybel nie laat verstaan nie en dit is maar weinige mense wat slaag om die damp te bowe te kom. Vandaar dat mev. Eddy ook as byvoegsel in haar genoemde boek 'n "Glossary" gee, 'n begripsomskrywing van sekere begrippe wat in die Bybel voorkom en wat ons beneweldes nie reg verstaan nie. Dan gee ons daar verkeerde betekenis aan. Selfs eiename word verklaar, want Adam en Abraham was saam met die ander Bybelfigure nie lewende persone nie, maar het gedagtes beliggaam. Abel beteken waaksaamheid en Adam beteken valsheid, Babel beteken 'n koninkryk wat teen homself verdeeld is, "Lam van God" beteken die geestelike idee van Liefde, Wederopstanding beteken geestelike bestaan. Ons kan so voortgaan, want mev. Eddy het deur haar groot aantal begrippe eintlik werklik 'n sleutel gegee tot 'n vorm van Skrifbeskouing.

(f) Ons wil ten slotte aangee hoe daar saamgekom word vir 'n erediens in een van die samekomste. Dit is 'n eenvoudige samekoms. Dit bestaan in gesang uit 'n eie sangbundel, daarna 'n stil gebed, gevolg deur hardop die Onse Vader te bid, met sy geestelike uitleg deur mev. Eddy gegee. Nou word uit die Bybel voorgelees, gewoonlik eers 1 Joh. 3:1-3 en dan verder voorlesinge uit Science and Health gewoonlik deur twee persone wat daartoe afgesonderd word. Gedurende die voorlesing word daar sag op die orrel gespeel.

Tweemaal per jaar in Januarie en Julie word in die erediens ook nagmaalsfees gevier. Daar is natuurlik geen brood of wyn nie. Die gemeente kniel slegs neer in stille gemeenskap met die Vader. Ook die doop, soos ons dit ken, word nie bedien nie. Dit bestaan uit 'n stille reiniging van alle foute en valshede.

'n Mens voel aan dat jy hier op vreemde gebied is, half-kerklik en tog so ver van 'n kerk verwyderd, omdat jy juis so ver van God verwyderd is. Alles is selfverlossing. Ook die erediens is daar oorvol van. Die godsdienstige begrippe en die kerkagtige samekoms kan moeilik verberg dat ons hier verkeer in die samekoms van hulle wat God nie eer nie en wat onder valse voorwendsels daarop uit is om die grootste bedrog te pleeg.

Christian Science was bestem om genesing te bring aan lydendes en krankes. Genesing moet geskied om aan krankes voor te hou dat hulle nie siek is nie, nie pyn het nie: omdat siekte net in die liggaam kan voorkom en soiets soos 'n liggaam bestaan nie. Die sieke moet net weet: ek is nie siek nie en dan is hy onmiddellik gesond.

Soiets soos dood is daar ook nie, want dood kan net in die liggaam voorkom en daar is nie soiets soos 'n liggaam nie.

Dieselfde bedrog wat aan die lydende mensdom voorgehou word, is ook die inhoud van die geestelike leer. Die dood neem nog voortdurend weg en die krankheid neem ook maar toe. Christian Science is sy eie veroordeling en staan telkens weer veroordeeld.

Dr. I. M. Haldeman het van hierdie leer gesê: "Christian Science verander die liggaam van Christus tot 'n gedaante, sy bloed tot niks, sy kruis tot 'n fabel, sy dood tot 'n fiksie, sy begraving tot 'n spotterij en Homself tot 'n persoonlikheid wat nooit werklik was nie en nie langer bestaan nie".

Kuyper se opsomming is: "Hier is aan het woord de valsche profetie, welke het wolvenlijf verhult in de misleidende schapenvacht. . . De monistisch-pantheïstische Christian Science mag zich 'christelijk' noemen, ze staat vierkant *iegenover* den Christus der Schriften. Ze moge zich aandienen als "wetenschap", ze heeft met wat waarlijk "wetenschap" is, *niets* en *niets* uitstaande."

5. DIE ROSEKRUISERS (Rosicrucianism).

a. Die geskiedenis.

Hierdie stroming verteenwoordig 'n sogenaamde mistiese Christendom en wil alleen 'n eie blik gee op wat godsdiens is en wat die Bybel eintlik wil meedeel. Dit het veral sy volgelinge onder sogenaamde geleerdes vir wie die eenvoudige Skriftaal te kinderlik-eenvoudig is. Hierdie tipe mense wil dan meer diepsinnigheid. Hulle erger hulle ook aan die plaasvervangende lyde van Christus en beweer dat dit eties nie geregverdig kan word nie dat 'n onskuldige persoon sy lewe gee vir sondaars. Dit kan Gode nie welbehaaglik wees nie. En so is die eenvoudige kruisverdienste ook 'n ergernis vir baie en word dit 'n steen waarvoor baie struikel!

Nou wil hulle die simboliek van dit alles nie loën nie, maar die betekenis daarvan moet aanvaarbaar gemaak word. Te dien einde word 'n skool geopen, 'n studiekursus ingestel, om lede op te lei van 'n Beweging wat oorspronklik 'n geheime genootskap was.

As ons die geskiedenis van die Rosekruisers wil nagaan, vind ons dat die eintlike begin eeue teruggaan tot 'n persoon genaamd Christian Rosenkreuz wat in 1388 gebore is en meer as 'n eeu oud geword het. F. N. van Niekerk in sy boek "Vrymesselary" beskou hierdie persoon as die stigter van die 'legende-Rosekruisers' en die orde wat deur hom gestig is as niks anders nie as die Orde van Tempeliere wat ondergeduik het toe hulle deur kerk en staat onderdruk is.

Die legende rondom die kleurrike figuur van Rosenkreuz, 'n Duitser, lui dat hy by 'n kloosterorde aangesluit het en op honderdjarige leeftyd 'n pelgrimstog na die heilige graf in Jerusalem onderneem het. Na 'n veelbewoë tyd waarin hyself dikwels vyandigheid opgewek het, het hy teruggekeer na Duitsland wat hy en drie monnike 'n geheime orde stig wat ten doel het om siekes te verpleeg. Rosenkreuz sterf op 106-jarige leeftyd en word deur die ander twee in die geheim begrawe. Na die twee ook dood is, het die orde egter deur opvolgers voortbestaan. Na 120 jaar is die geheime graf van Rosenkreuz gevind met die inskripsie daarby: na 120 jaar sal ek oopgaan. Hier skyn sogenaamd 'n ewigdurende lig en is baie geheime kodes, klokke, spieëls ens. gevind.

Ds. Van Niekerk haal in sy ryklik gedokumenteerde werk aan uit skrywers wat boeke uitgegee het oor die geheime genootskappe en oor die orde van Vrymesselaars en het sins insiens bewys gelewer dat die moderne Rosekruisers in baie nou verband gesien moet word met die Vrymesselary. "If we had a full list of Freemasons and Rosicrucians, we should probably be surprised at the numbers who belonged to both systems". (Aanhaling uit John Yarker: The Arcane Schools).

Die bekende Mackey (Encyclopaedia of Freemasonry II, p. 877) ontken enige invloede van die Rosekruisers op Vrymesselary, maar sy woorde is tog sprekend: "There are sufficient coincidences of character between the two to render the history of Rosicrucianism highly interesting to the Masonic student". Immers ook hier het ons ordes en grade, op dieselfde patroon as by die Vrymesselary.

Die hoofkantoor van die hedendaagse Rosekruisers is in California, V.S.A. Hier word vanuit Oceanside deur die weduwee van die ontslape Max Heindel, gewese apostel van die

Rosekruisers, haar eggenoot se boeke uitgestuur aan alle leerlinge, studente en volgelinge. Dit bestaan uit drie lywige boekdele met die sprekende titels: The Rosicrucian cosm-conception or mystic Christianity, The Rosicrucian philosophy in questions and answers en The Rosicrucian Christianity Lectures.

In hierdie skool het ons verskillende grade; eers word iemand student, dan proefleerling en daarna verskillende hoëre grade al na gelang van persoonlike vordering.

b. Die leer.

Die doelstelling is hier om die christendom tot 'n lewende godsdiens te maak en dit kan alleen geskied as daar verdieping kom van geestelike insig. Die kerk is die hoofskuldige dat die mense eintlik die betekenis van die christendom nooit leer verstaan nie. Die kerk maak van die christendom 'n storie, 'n geskiedenis en verskrik die mense met sy droewe leer van hel en hemel. Daarom kan geen mens meer aan die kerk behoort nie.

Wat word hier in die plek daarvan gegee?

Ons wil 'n paar grepe gee uit hierdie saamgeflanse mengelmoes van antroposofie, teosofie en mistisisme.

Vergun eers 'n paar sinne om genoemde rigtings darem bekend te stel.

Ons het die Christian Science behandel, wat ook in hierdie kring paradeer: lyde moet verklaar word uit 'n wanverhouding tussen siel en die Gees; sonde bestaan ook nie, moet ook verklaar word uit gebrek aan gemeenskap tussen ons siel en die Gees en godsdiens is dan vereniging tussen ons siel en die Gees.

Teosofie kom met 'n hooggeroemde esoteriese christendom en reïnkarnasie. Wat is dit alles? Daar is 'n onveranderlike beginsel wat alles besiel en in stand hou en hieruit vloei voort alle lewe. Die mens het 'n voorafgaande, 'n huidige en 'n toekomstige lewe. Sy huidige lewe word bepaal deur sy voorafgaande lewe en sy toekomstige lewe weer deur sy huidige lewe.

Antroposofie wil wysheid gee oor die mens se bestaan en sy moontlikhede. Hier word die Bybel as openbaring van God ontken. God en alle bonatuurlike werklikhede word geken deur inkeer tot jouself, deur bepeinsing. Die Ek moet inkeer tot die Al-eenheid. Dit geskied na die dood, wanneer die nuwe lewe, na 'n louteringsproses en reïnkarnasie, as 'n loutere gees gaan bestaan. Die mens bestaan eintlik uit vier dele: 'n stoflike liggaam, 'n geestelike liggaam, 'n astraal liggaam en 'n Ek. Die doel van die mens se bestaan is om die harmonie self te bereik en in die wêreld te skenk, waar alle wanklanke nie meer gehoor sal word nie. Dit word verstaan onder verlossing.

U sal wel die ooreenkoms tussen hierdie leerstellinge raaksien as ons 'n paar woorde spreek oor:

- I. Die Rosekruis as embleem.
- II. Die opvatting oor God.
- III. Die wêreldbeeld.

I. Die Rosekruis as embleem.

Die embleem van die Rosekruisers is 'n Kruis wat teen 'n ster aanleun met 'n enkele roos in die middel binne 'n louterkrans van rose. Elkeen van hierdie dinge het 'n geestelike betekenis en dit is nodig dat ons dit heel kort weergee.

Die kruis is simbolies en laat ons die drie lewes in hierdie skepping verstaan: die plant, die

mens en die dier. Aldrie is in die kruis verteenwoordig. Die regop paal van die kruis verteenwoordig die plantelewe, want die plant trek sy bestaan uit die aarde en bring die sap na bo. Die boonste deel van die kruis, bokant die dwarslat, simboliseer die mens, want hy neem sy voedsel deur die hoof (mond) in en sprei sy lewenskragte weer na onder. Tussen die mens en die plant staan die dier, met sy horisontale rugstring, deur die dwarslat van die kruis weergegee. Om die mens staande te hou en as 't ware die hele skepping en alle lewe, leun die kruis teen die ster en hierdie ster is Christus, die ster van hoop vir *die* hele kosmos. Maar in die middel van die kruis is daar die lourierkrans van rose met die roos in die middel. Dit stel voor die gees van die mens wat in die middel staan en al die ander geesteskragte wat uit die een gees ontwikkel.

Dit is nie al simboliek nie, want dieselfde dinge het ook ander betekenis. So is die kruis ook simbool van die menslike gestalte: die hoof, die twee arms en die liggaam. Die rosekrans rondom die middel is die geestesvermoëns wat altyd moet blom en daarom is die groet van die Rosekruisers: Mag die rose altyd aan jou kruis blom.

Dit word dan genoem esoteriese christendom waarin alles met gedagtes en geestelike blomme bestrooi word.

II. Die opvatting oor God.

Ons kan byna nie hieroor spreek nie, so onbeskaamd lasterlik is die woorde wat gespreek word oor Jesus Christus, oor God en oor die drie-eenheid van God.

Wat betref Christus word gesê dat Hy nie God is nie, nie die Seun van God nie, maar dit is slegs uitdrukkinge om ons te laat verstaan dat Christus is 'n Planeetgees, een van die Geeste voor Gods troon. Jesus is die hoogste ontwikkelde mens. Die Christusgees wat in Jesus ingekom het is net weer 'n volgende bestaan, 'n reïnkarnasie.

Die Drie-eenheid is vir die Rosekruisers niks anders as simbole vir verskillende menslike vermoëns: die Vader verteenwoordig die wil, die Seun die wysheid en die Heilige Gees die daad.

Dit is dus duidelik dat die Rosekruisers niks gemeenskaplik het met die Christendom nie, dat hulle gebruik van die Skrif niks anders is as om hulle eie indrukke weer te gee en sogenaamd nuwe betekenis aan die Woord van God te gee nie.

III. Die wêreldbeeld.

Hier het ons inderdaad 'n heerlike gedagtevlug om eintlik die mees onmoontlike gedagtes weer te gee.

Daar is sewe wêrelde, onderverdeeld in sewe kringe. In geneen van die wêrelde geld dieselfde wette nie, net soos die wette van uitsetting en swaartekrag wat in die fisiese wêreld geld, volkome onaktief is in die geestelike wêreld. Die kringe word genoem: die eteriese kring in die fisiese wêreld, die gemiese, lewens, lig ens.-kringe.

So het ons ook bv. die wêreld van begeerte, die wêreld van denke, met die onderverdelinge weer in kringe.

Bokant die wêreld is daar die Al-gees wat alles harmonieer. Hierdie Groot Wese kom voort uit die Wortel van Bestaan en die Westerse wêreld noem Hom God. Hierdie wêreld gaan deur 'n proses, deur sewe periodes van wedergeboorte wat ook ewolusie genoem kan word. In hierdie proses van wedergeboorte moet die mens kom van wil en wysheid tot die daad. Sy voorheen sluimerende moontlikhede word dinamies, omdat dit sielekrag ontwikkel en skeppende Gees word. Die mens ontwikkel van onmag tot Almag, van onkunde tot

Alwetendheid.

Ons het waarlik hier te doen met 'n leer wat 'n vyand is van die evangelie van Jesus Christus. Hier is niks van die Bybel of Bybelwaarhede in ander gedaante nie. Hier word dus nie net die Skrif verkeerd vertolk nie, maar 'n totaal ander en vreemde leer volkome besyde die Skrif gepropageer.

Hier ontmoet ons 'n heidense panteïsme, waar alles eintlik God is, waar die mens ook die goddelikheid bereik deur ontwikkeling langs die spore geteken deur hierdie leer. God is nie meer bo en absoluut anders as enigiets in die skepping nie, maar God ontspring eintlik binne die skepping en is eenswesens daarmee. Tegelyk word van Christus niks meer as 'n demoon gemaak nie, 'n Planeetgees en van Jesus word niks anders weer gemaak as 'n tydelike inwoningsplek vir die gees van Christus nie. Die kruis is nie die oord van Plekbekledende lyde van die Verlosser nie, maar beeld van ydele spekulاسie oor mens en dier en plant. Waarlik, hierdie saamflansing van heidense denkbeelde kan alleen onsinniges bekoor: dit is absoluut onwetenskaplik, oneties, en afgodsdienstig.

6. DIE VRYMESSELARY.

a. Inleiding.

Nog altyd bly die Vrymesselary bedrywig om die leidende figure in die verskillende lewensterreine te betrek binne hierdie Beweging. Vooruitstrewende jongmanne wat heel waarskynlik in die volgende tiental jare tot vooraanstaande posisies verhef sal word, wat toonaangewende lede van die maatskappy sal word, wat dus in staat gestel sal word om finansiell en administratief invloed ten goede uit te oefen, ook ten gunste van lede van hierdie Beweging, word tydig binne die invloedssfeer betrek.

In die verlede het ons in Suid-Afrika net volksvreemde loges gehad: Skotse of Hollandse. Nou moet ons jongmanne weet dat daar ook een of meer suiwer Afrikaanse loges is. Ons hoor van Seuns van Suid-Afrika en van 'n Springbok-loge. Die verskil met die volksvreemde Skotse of Hollandse is nul. Alle Vrymesselaarsloges werk presies onder dieselfde grondwet en is internasionaal. Daar bestaan werklik nie soiets as 'n nasionale loge nie. Uiteraard kan dit maar net die kenmerk hê dat daar Afrikaans gepraat word, maar meer nie.

Daar bestaan natuurlik vandag verskillende sulke internasionale organisasies. Hoewel daar geen verband tussen hulle en die Vrymesselary bestaan nie, word daar tog dikwels verband gesoek. Ons noem bv. die bekende Rotariërbeweging, wat ook deesdae besonder aktief is in die inskakeling van lede, veral uit Afrikanergeledere op die platteland. By ondersoek kon daar geen verband tussen die Rotariërs en die Vrymesselary gevind word nie. Ook is dit miskien te veel beweer om die Rotariërs die skool vir aanstaande Vrymesselaars of die jaggebied waaruit vrymesselaars getrek word, te noem. Tog bly dit eienaardig dat vooraanstaande vrymesselaars ook vooraanstaande rotariërs is.

Ook plaas die internasionaliteit van hierdie bewegings 'n mens in die moeilikheid. Dit bring wel sy voordele mee en dit gee by 'n besoek aan die Buiteland oombliklik kontak met persone wat tog vreemdelinge eintlik is. Dit gee ook geleentheid om dienstig te wees. Daar word beweer dat elke mens tog wel tegelyk nasionale en internasionale mens kan wees. As die nadruk eers op die nasionale val, kan dit in orde wees. Dit val m.i. egter te betwyfel of die in wese internasionale persoon ook 'n volbloed nasionale mens kan wees.

Die vraag moet tog gevra word: waarom is lidmaatskap aan die Vrymesselary nog altyd populêr, aangesien daar tog 'n redelike groot uitgaaf daaraan verbonde is?

Elke mens is skynbaar aangetrokke tot die geheimsinnige, tot die vertrouensvolle. Niks word buite eintlik verneem van wat in die digte vergaderlokale van die Vrymesselaars beraad word nie. Wilde bewerings word gemaak. Voorts is lidmaatskap nie vry nie maar 'n strenge keuring word toegepas en dit alleen op voorstel *van* bestaande lede. Op een of ander manier word daarin geslaag om 'n sprokiesagtige atmosfeer rondom hierdie organisasie heen te weef en dit só te behou, dat selfs volwassenes geneig is om alles te glo.

Dat dit 'n baie groot wêreldorganisasie is, kan nie betwyfel word nie. Dat hierdie broederskap vir sy lede werklik ook veel goeds doen, moet erken word. Hulle noem hulleself die mees sedelike gemeenskap. Dit is egter geen organisasie vir algemene volksdiens of naastediens nie. Alles word toegespits op sy eie lede. Vir hulle armes word gesorg en vir die studie van hulle kinders word baie geoffer. Gedurig word uitgesien om vooraanstaande posisies te bekom vir hul eie lede, want op die wyse word so 'n persoon in staat gestel om weer vir sy ander broeders veel te doen.

Nou is daar seer seker nie veel eties in so 'n optrede nie. Daar is selfs veel selfsugtigs in. Ons moet ook noem dat daar veelvuldige en wilde besware inkom teen so 'n geheime beweging. Veel, miskien gans oordrewe, word toegeskryf aan Vrymesselaarsoptrede. Daar is al selfs beweer dat die regbank hom laat beïnvloed as 'n lid van hierdie Beweging teregstaan voor 'n regbank waarop 'n vrymesselaar plaasneem. So 'n bewering moet van alle grond ontbloot wees, maar dit toon net wat alles beweer kan word. Soms word selfs, ook in geskifte, die dood van persone toegeskryf aan 'n beweerde optrede op bevel van hierdie organisasie. Sodanige grillige bewerings het nie die minste grond nie en dien maar alleen om 'n waarskuwing te wees vir so 'n geheime beweging om uiters versigtig te wees. Die praktyk van die Vrymesselaars is nie onbesproke nie. Regerings van sekere lande het al in die verlede teen hierdie Beweging opgetree en lidmaatskap daarvan belet. Daar was dus krisisdade en tog het hulle bly voortbestaan.

In Suid-Afrika word lidmaatskap nogal geheim gehou. In die V.S.A. word met die simbole wat om die liggaam gehang word in die strate van groot stede gepronk.

Die optrede van verskillende kerke is nie dieselfde nie. Die Katolieke kerk belet toetrede aan hulle lidmate. Die Gereformeerde kerk doen dieselfde. Met die kerklike tug word teen lidmate opgetree wat aan die Vrymesselary behoort. Die eis word gestel dat hulle moet bedank as lede van die Vrymesselary. Dit kan wel gebeur en is al oor en oor bewys, niteenstaande die slagwoord: Eenmaal 'n vrymesselaar, altyd 'n vrymesselaar. Van ons ander Afrikaanse kerke het besluit dat lede van hierdie Beweging nie tot die ampte verkiesbaar is nie.

b. Die geskiedenis.

Die Vrymesselary beweer self dat sy geskiedenis teruggaan na die deinsige verlede. By die intrede tot die loge vertel die Meester aan die persoon dat die Vrymesselary ouer is as die "Golden Fleece", bekende legende uit die tydperk van Odusseus en ouer is as die Romeinse arend, daterend uit die tydperk van Caesar. Die bewering is dat die gebruike ooreenkoms vertoon met die oud-Egiptiese tekens en simbole. Verskillende geskiedskrywers wil nog verder terug. Daar word beweer dat Salomo die eerste stigter was en Oliver spreek selfs van die bestaan van die Vrymesselary voor die skepping van die wêreld.

Duidelik is egter dat die Vrymesselary van verskillende gedeeltes uit die Bybel gebruik maak om sy saak te steun. Hy beweer dat die teken by Rafidim nl. Moses met sy hande omhoog, gestut deur Aaron en Hur, 'n Vrymesselaarsteken is wat daar gegee is. Vandaar dat Israel telkens oorwin het as die hande omhoog gehou word. Op so 'n wyse word die Goddelike van

hierdie teken uitgesuiwer.

Die werklike Vrymesselaarsgeskiedenis is prosaïes in vergelyking met hierdie oudheidsrelaas. Dit het ontstaan uit manne van die messelaars-ambag wat altyd saamgewerk, in dieselfde omgewing gewoon het, en hul eie belange wou behartig deur 'n organisasie of gilde. Dit was niks anders as 'n vakbond nie. Vroeër was aan sodanige ambagte altyd iets spesiaals verbonde. Die haarkappers hang bv. vandag nog 'n kleurryke bord uit, wat vroeër 'n simbool was. Sulke barbierswinkels was plekke waar die publiek, terwyl hulle wag, die politieke vraagstukke van die land bespreek het. Hulle was dus, benewens haarkapperswinkels, ook parlamentshuise in die klein.

Die messelaar is die man van die daad; om hom is iets geheimsinnigs. Hy lyk ru en vuil — en tog is hy 'n kunstenaar. Sy werk verg eerlikheid, behendigheid, belyning. Om sy skone kuns te beskerm, eerlikheid aan te kweek en sy instrumente te sien as sedelike eise, het die messelaars 'n gilde gevorm. Hieruit is die loge gebore.

Van Niekerk (Vrymesselary p. 73 vv.) spreek van die opkoms van hedendaagse Vrymesselary in georganiseerde vorm sinds 1717 toe die eerste Grootloge in Londen gestig is. Eintlik het toe baie Vrymesselaarsstroompies saamgesmelt. Tog was daar voortdurende verdeeldheid en versplintering. In 1813 is die geskille bygelê en "is dit vir die Vrymesselary moontlik gemaak om 'n wêreldorganisasie te word met wêreldwye invloed." (a.w. p. 81).

c. Die leer.

(i) Geheimhouding en eedswering.

Die Vrymesselary is 'n broederskap onder manspersone van manlike leeftyd en van gesonde verstand. Geen verminkte persoon na die liggaam en geen man met gebrekkige verstand mag ooit daarin voorgestel word nie. Die broederskap word dus nie met almal gedeel nie en hulle wens is ook nie om dit uit te brei tot 'n groot getal nie.

Sekere uitgesoekte persone, mense wat self die aandag van die omgewing en publiek op hulle vestig deur hulle goeie en besadigde optrede, deur hulle leierskwaliteite en dan wel in soveel ampte en betrekkinge as enigsins moontlik, word genader deur 'n komitee. Hierdie komitee bestaan uit persone wat alreeds ampte beklee in die plaaslike loge. Aan die wat genader word, word slegs die minimum meegedeel, eintlik net van al die voordele wat dit vir 'n lid meebring.

Word so 'n persoon deur die lede van die plaaslike loge goedgekeur en deur die beweging aanvaar, volg die instelling. Die hoofsaak by hierdie seremonie is die nadruk wat val op geheimhouding.

Dit is tog darem eienaardig dat iemand moet sweer dat hy iets geheim sal hou nog voordat hy weet wat dit is wat geheim gehou moet word. Om die waarheid te sê, as aan die kandidaat wat ingestel moet word, vooraf gesê moes word wat dit is wat geheim moet bly, sou die vrymesselaars ook iets moet uitdink wat dit sal wees. Uit hulle eie "Blue Lodge" kan 'n mens niks wys word nie en uit ander boeke wat oor hulle gepubliseer is, word slegs op die geheimhouding gewys, sonder om te sê wat dit is wat geheim moet bly. Ek sou dus ook met ander skrywers saamstem wat beweer dat daar slegs één geheim is en dit is dat daar geen geheim is nie.

Nogtans word daar veel gedoen om geheimhouding te bewaar. Die plek waar die loge byeenkom word deur die lede sorgvuldig beskerm. By die deure, by die vensters, deur die gee van hul geheime tekens word ook die wat binnekom getoets, meer as een keer. Almal wat die

vergadering bywoon moet sekerlik vrymesselaars wees en wat daar geskied mag nie afgeluister word nie. Elkeen van die ampsdraers het sy aangewese plek en elke graad vergader op 'n eie vasgestelde tyd.

As die nuweling sy intrede doen in die Vrymesselary word hy in 'n meewarige toestand binnegelei, want hy is 'n soeker na lig. Sy kleding is maar armlik en nog boonop word kaalheid oral vertoon aan sy liggaam. As aan hom gevra word waarna hy die meeste verlang, is hy geleer om te antwoord: lig.

As hy binne is word vir hom gebid deur die meester van die loge. God word aangeroep as die Groot Argitek van die Univers. Aan die kandidaat word gevra: op wie vertrou jy? Hy moet dus eers belydenis doen. Luister maar wat hy sê: u hoor nie Christus se Naam nie. Ook hoor u nie die Naam van God nie. Hy antwoord dat hy op 'n godheid vertrou, die godheid waarmee die Jood, die Mohammedaan en die Christen vrede kan hê.

Nou volg vir die Christen 'n weersinwekkende seremonie, die van eedswering. Die kandidaat sweer om alles altyd en in alle omstandighede geheim te hou. Op 'n soort altaar lê die oop Bybel en bo-op die Bybel lê die winkelhaak en passer. Met sy linkerhand onder die Bybel en die regterhand op die winkelhaak en passer sweer die kandidaat in woorde só gruwelik dat elke mens daarvan ril. Al die sogenaamde geheime sal deur die kandidaat bewaar word en aan niemand openbaar word nie. Indien die eed verbreek word sal die straf wees dat sy keel afgesny sal word van oor tot oor, sy tong sal uitgeskeur word en aan die seestrand begrawe word.

By die ander grade word telkens die onderskeie eed-formules herhaal.

Ons wil hieroor twee opmerkings maak. Die eerste betref die ligsinnige wyse waarop hier van die eed gebruik gemaak word. As die gruwelike bewoording by vrymesselaars genoem word, is die antwoord dat ons hier te doen het met 'n aloue gebruik, 'n tradisie, maar elke woord het nou nie meer die krag soos in die ou vorm weergegee nie. So word die eed 'n blote formaliteit en die Naam van God word aangeroep vir die skyn. Ons konklusie moet wees dat dit óf 'n toneelspelery is óf dat heidense gebruike hier burgerreg verkry. Ons sou die nadruk op die laaste lê, want ook as die eerste die geval is, sou so 'n misbruik van Gods Naam tog ook al laster wees.

Ons tweede opmerking geld die geheimhouding as sodanig. Dit kan 'n gevaarlike toestand meebring as 'n burger van 'n staat aan so 'n beweging behoort en die staat mag nie weet wat daar aan die gang is nie. Selfs as die staat rekenskap eis, kan hy sy burger se woord nie neem nie, want die vrymesselaar het gesweer om nimmer iets te openbaar nie. En as daar nou 'n ondersoek na die vrymesselary in die hof gedoen word? Gaan die gedagvaarde vrymesselaar dan onder eed staan en weier om iets te openbaar of, nog gruweliker, die onwaarheid vertel?

Ook waar dit die kerk geld, bring geheimhouding sy probleme mee. Die kerk het die reg om van sy lidmaat verantwoording te eis, ook oor godsdienstige of halfgodsdienstige bewegings waaraan sy lidmaat behoort.

Geheimhouding is op sigself nie 'n sondige verskynsel nie, maar geheimhouding het wel seker sy perke. As daardeur die kwaad bedek word en die waarheid gesluit word, word die persoon een wat deel het aan die kwaad wat hy bedek. Daarom moet ons geen gemeenskap hê aan die werke van die duisternis nie. Teenoor die duisternis wat alles oordek, staan die lig wat alles openbaar.

(ii) Hulle Godsbegrip.

Herman Bavinck. het al geskryf dat elke mens se lewe en wetenskap bepaal word deur sy

opvatting omtrent God. Hy het geleerdes uitgedaag om voorin hul wetenskaplike werke, op die eerste bladsy daarvan, duidelik hul opvatting te gee oor God, wie God vir hulle is en watter plek God in hul lewens inneem — en dan het Bavinck gesê sal julle my die moeite bespaar om die hele boek deur te lees, want ek sal presies weet wat jou wetenskaplike standpunt sal wees. Sê my wie jou God is en ek sal jou sê wie jy is. Ek sal presies aan jou kan sê hoe jou gedrag teenoor jou medemens sal wees, jou lewe in die staat en jou status in jou kerk sal oombliklik duidelik wees.

As ons uit die Vrymesselary duidelikheid wil verkry oor hulle opvatting omtrent God, moet ons eers sien welke *name* hulle aan God gee en in die tweede plek onthou dat ons hier 'n vereniging het wat die Ooste en die Weste saam wil verbind. Nou het die Ooste en die Weste nie dieselfde godsdienste nie en dien nie dieselfde gode nie. Vandaar dat ons moet ondersoek welke Godsbegrip daar nou gehuldig kan word wat albei bevredig.

Wat die Name betref: ons vind hier 'n algemene benaming vir God nl.: Die *groot argitek van die heelal*. Wat 'n niksseggende naam, wat meer 'n taak beskryf as wat dit die wese weergee. Kan so 'n God werklik aanbid word? Dit tog nie. 'n Argitek se werk kan bewonder word, sy beplanning geloof word, maar dit is só eensydig.

Bowendien is hierdie naam glad nie so onskuldig as wat dit miskien voorkom nie. Is God dan net die Argitek van die heelal? Hy is tog werklik die Skepper en wat meer is: Hy is ook die Onderhouer. Maar God is altyd nog meer: Hy is ook die getroue Verbondsgod en die Vader deur Jesus Christus van al sy kinders. God is voortdurend met ons deur sy genade, majesteit en Gees. Hier word juis die warmte van 'n egte geloofsbelydenis gemis. Dit is ook moedswillig gedoen, want al die volke het wel gode. Die Oosterse volke en die Westerse huldig elkeen nog 'n God in een of ander vorm. Daar is geen volk wat Godloos is nie. Daarom vind die Vrymesselary dit paslik om so 'n God te bely, net om almal saam te snoer. Almal bely nie Christus nie en ook nie 'n God wat 'n Vader is nie. Almal bely nie die verlossing deur die kruisverdienste nie. Vandaar dat daar 'n nuwe godsdienst sy verskyning maak. God is die Argitek. Sodra as ons spreek dat God ook Skepper is, kom daar beswaar. Daarom: net die algemene plan kom van God.

Ons het hier 'n heidense Godsbegrip waarin God uit die skepping volkome uitgeskakel word en net sowel glad nie bely hoof te word nie.

Ons wil nog verder gaan om die heidense godsbegrip aan te toon. Die Vrymesselary beweer dal net soos die boumeester die plan van die argitek neem en nou die gebou optrek, so neem die meestersvrymesselaar die plan uit Gods hand en die Vrymesselary is nou die eintlike skeppers. Hulle messel aan die gebou van die heelal.

Maar hierdie naam: Argitek van die heelal is nie die werklike Naam van God nie. Die ware naam moet deur hulle gesoek word totdat eintlik in die gevorderde graad van Royal Arch die ware Naam van God bekend word, nl.: *Jaobulon*. Daar het ons die werklike naakte heidendom in hierdie onbekende naam. Dit is 'n samestelling uit heidense gode, vermeng ook met wat in die Hebreeus die Naam van die God van die Skrifte is. Ons sien hier die name *Jahweh*, *Baäl* en *On*. Hierdie laaste is die bekende sonnagod van die Egiptenaars.

Merk u dat hierdie godheid nie uit die Skrif tot ons kom nie, maar deur Vrymesselary aan ons geopenbaar word?

Ons het nou hier enkele feite neergeskryf en miskien is dit vir u nie verskriklike feite nie. In der waarheid is dit seker die vernaamste rede waarom die Gereformeerde Kerk besluit het dat sy lidmate nie aan hierdie Beweging mag behoort nie. As die God van die Skrifte nie van harte bely word nie, maar 'n ander godheid in sy enige plek gestel word, is dit tog werklik soos wanneer Israel by Dan en Bethel afgodstempels oprig en dan nog darem ook in die

tempel vir God rook laat opgaan. Dit is mos juis die gruwel van alle afgodery dat hy God met afgode gelykstel. God is nie meer enig nie, maar die eerste gebod word oortree: Naas God is daar ander gode.

Hierdie Godsbegrip word verder vervals as ons let op die plek wat aan Jesus Christus gegee word in hierdie Beweging.

As enigiemand teenoor 'n Vrymesselaar beweer dat Christus nie in hulle Beweging genoem of erken word nie, sal hy dadelik die teëwerping hoor dat dit onwaar is. Christus se Naam word wel genoem. Laat u egter nie hiermee afskrik nie. Christus word hier nie aanbid as Verlosser en Saligmaker nie. Ons sonde word ons nie vrygeskeld om Christus wil nie. U kon dit mos self al vermoed het, want dit is mos net die Christendom wat Christus as Middelaar en Borg bely. Die Vrymesselaarsgodsdienst wat ook die Jood insluit kan tog nie van Christus spreek soos ons nie.

Daar is één oplossing: Christus se Naam, so sê hulle, gee uitdrukking aan 'n gedagte: 'n gedagte van opoffering, van deursettingsvermoë, van toewyding. Christus is eintlik ook Vrymesselaar, soos Salomo ook een was. Christus word ook gelykgestel met Sokrates, Plato, Buddha of ander groot figure.

Die Vrymesselary het geen behoefte aan verlossing nie. Dit is 'n sterk humanistiese Beweging wat geloof heg aan die gedagte dat die mens homself moet verlos. Daarom moet die Vrymesselaar al die grade probeer passeer, want dan vorder hy op die pad van verlossing, van verbetering. Die Vrymesselary wil nie op blinde geloof rus nie — so sê hulle — maar op gesonde verstand.

Hiermee wil ons afsluit en het seker reg om u ernstige aandag te vra vir wat meegedeel is. Vrymesselary in welke vorm ook, al is hy Afrikaans of Hollands of Engels, is sondig in sy wese. Ouers moet hulle kinders waarsku teen hierdie goddelose Beweging wat moet bots teen elke belydenis.

(iii) Die Bybel.

Wanneer Vrymesselaars vergader en die altaar staan in die middel van die loge, lê daarop die drie groot simbole van hierdie broederskap, die Bybel, die winkelhaak en die passer. As 'n kandidaat ingesweer word, moet hy sy linkerhand op die Bybel lê en die regter op die ander twee simbole. Hierdie feit dat die Bybel naas ander simbole dieselfde plek verkry, spreek al boekdele. Hier is geen sprake van voorrang nie. Hier is Gods Woord langs en naas die ander.

Ons moet nog verder gaan om dit aan te toon, en ek wil u aandag vra vir 'n paar seremonies waarin die Bybel se plek baie duidelik na vore kom.

As 'n kandidaat ingestel word, word aan hom gesê dat die drie groot ligte nl. die Bybel, die winkelhaak en passer in die duisternis sal bly as hulle nie verlig word deur die drie kleinere ligte nl. die son, maan en die meester van die loge.

Is dit nou vir u duidelik dat die Bybel nie die bron is waaruit geput word nie? Dit is nie die lamp voor ons voet en die lig op ons pad nie. Dit moet eintlik van elders af lig ontvang anders bly dit self ook in die donkerheid. Daar is dus ander ligte wat baie meer noodsaaklik is as die Bybel. Onder hierdie ligte beklee die meester onder die Vrymesselaars 'n baie vername plek. Hy het al sover gestyg in die Vrymesselaarskuns dat hy lig in homself het.

Baie dinge word nou vir 'n mens duideliker as jy dit in aanmerking neem. Vir ons as Christene is die Naam van Jesus Christus 'n enige Naam. Hy is ons Son. Hy is die blink Môrester. Vir die Vrymesselaars is Hy dit nie. Ons kan dit bewys. By die opening van die samekomste word 2 Thess. 3:6-17 gelees. In die Vrymesselaarsboek staan: "Ons beveel julle,

broeders, dat julle jul onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel". In die Bybel staan: "Ons beveel julle, broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus..." Ook in vers 12 word die Naam van onse Here Jesus Christus uitgelaat en vers 18 word ook nie ingesluit by die hoofstuk wat gelees moet word nie, om dieselfde klaarblyklike redes.

Daar is ook ander skrifgedeeltes wat voorgelees word, soos bv. 1 Petrus 2:1-17. Ook hier word die Naam van Jesus Christus in vers 5 uitgelaat as dit voorgelees word.

Dit word nou vir ons duidelik dat nie almal wat die Bybel open en selfs daaruit lees skrifgelowiges is nie. Intendeel, die lig van Vrymesselary kom nie uit die Skrif nie en ook nie uit die Bron van alle lig nie. Ons het hier die verfoeilike leer van die *inwendige lig*. Die lig kom nie van bo of van buite die mens nie, maar vanuit sy eie binneste. Die mens moet net op die regte manier soek, deur die regte middels gehelp word, soos wat die Vrymesselary aanbeveel, dan sal hulle 'n veilige geleide hê op hulle weg deur die lewe. Hulle beweer ook dat hulle die lig ontvang vanuit hul verstand en uit die natuur.

As mense nou hierdie inwendige lig bely, het hulle geen openbaring nodig om hulle te lei nie. Die Bybel word nou gedegradeer tot 'n boek naas ander boeke. Daar is niks heilig aan hierdie Woord nie. Dit is nie God wat spreek nie.

As so die Bybel die Christendom ontnem word, is ons nie maar net armer nie, maar ons is sonder Gods wil, ken God nie en kan ook God nie ken nie. Kan u u voorstel wat sal gebeur as die Bybel weggeneem word? Die kerke sal moet sluit. Die bron waaruit ons samelewing geput het en bly put, is weg. Alles word dan twyfelagtig gestel. Ons sal dan 'n huis wees wat op sand gebou is — of nee: ons sal glad geen huis hê nie.

Daar moet nog 'n baie ernstige saak aangeroer word om aan te toon dat die kerke hierdie beweging nie maar so kan laat voortgaan nie. Dieselfde as wat ons aangetref het toe ons oor die Godsbegrip van die Vrymesselary gespreek het, moet ook weer hier onthou word. Dit is nie almal Christene wat in hierdie broederskap verenig word nie. Die Vrymesselaars beweer dat hulle geen suiwere grond ken waarom enige welgeskape en normale mens nie aan hierdie genootskap kan behoort nie. Jode, Sjinese, Turke — almal word hier saamverbind. Maar hulle almal het nie dieselfde openbaringsboek nie. Hier lê voor ons weer die droewige verhaal. Die Bybel, die Koran en die Veda word deur die verskillende volke, elkeen sy eie, aanvaar as openbaringsboek. Die Vrymesselary sal in ons midde die Bybel gebruik, elders sal egter die Koran of die Veda presies dieselfde plek inneem en dieselfde funksie vervul.

Om die waarheid te sê, die Vrymesselary sê dat hulle eintlik met die Bybel as sodanig niks te doen het nie. Dit word ook nie op die Bybel gegrond nie. Ander godsdienste se heilige boeke is heeltemal gelykwaardig met die Bybel.

Ons konklusie is dus: die Bybel is vir die Vrymesselary maar een van baie sogenaamde heilige Boeke. Die feit dat daar baie heilige Boeke is, is slegs 'n bewys dat die wêreld behoefte het aan so iets as 'n broederskap wat hoër, breër en dieper saambind as wat elke groep saamverbonde is in sy eie geloof. Die waarhede van die Bybel word ook nie aanvaar en bely nie. Intendeel die natuur en ons verstand leer ons dat daar baie dinge is wat in die Bybel genoem word, wat ons nie kan aanvaar nie, sê die vrymesselaar.

Hoe kan 'n mens nou 'n skrifgelowige wees en tegelyk 'n Vrymesselaar? Hoe kan 'n mens aan enige een van ons Christelike kerke behoort en ook aan die Vrymesselaars?

Die Rooms-Katolieke Kerk se lidmate mag nie aan hierdie Beweging behoort nie. Dit word belet, omdat die kerk oordeel dat ons hier 'n kerk-ondermynende Beweging het, onversoenbaar met dit wat die kerk as sy leerstelling aanvaar het.

Ons Protestantse kerke heul nog met die saak. Gelukkig het ons kerk 'n suiwer geluid laat

hoor. Geen lid van die Vrymesselary mag aan die Gereformeerde kerk behoort nie. Liewer moet gesê word dat geeneen waar ons bewus van is nie, want lidmaatskap word hier nog vertrouelik gehou. Die kerk moet om sy lewe ontwil die tug ter hand neem.

Veral is dit nodig nou dat hierdie Beweging ook nasionaal gekleurde sy verskyning maak. Mag ons jongmense, jong vooruitstrewende manne waarsku. U het hier 'n Beweging wat nie groei uit die wortel Jesus Christus nie.

(iv) Godsdienst?

Uit die geskiedenis van die Vrymesselary blyk al een en ander in verband met die vraag of ons hier te doen het met 'n godsdienst al dan nie. Ons moet wel verstaan dat dit hier nie gaan oor die vraag: Het die Vrymesselary 'n godsdienst en welke vorm van godsdienst word hier gehou nie? Ons wil antwoord gee op die vraag: Is die Vrymesselary 'n godsdienst en welke vorm van godsdienst is dit?

Hierdie beweging ontstaan in 'n tyd toe daar in die Engelse kerklike lewe 'n gees van vervlakking geheers het.

Die Vrymesselary is 'n kind van die Engelse Verligting van die vroeë agttiende eeu. Godsdienst is toe beskou as 'n verskynsel in die menslike samelewing wat nuttig kan wees. Daar is eintlik nie verskille tussen die verskillende godsdienste nie. Die een is net verder ontwikkel as die ander.

Al die godsdienste kan langs mekaar staan en bestaan. Godsdienste behoort mekaar nie te opponeer nie, behoort nie die verskille tussen mekaar te beklemtoon nie. Daar behoort eintlik 'n algemene godsdienst te kom wat die beste beginsels uit elke godsdienst sal versamel en dan iets sal aanbied waarmee almal akkoord kan gaan. Hierdie godsdienst moet dan vry wees van dogmas en leerstellinge, want dit is juis hierdie geloofsbelydenisstukke wat die verskille tussen die godsdienste bring. Skakel hulle uit en dan sal ons vrede hê tussen alle godsdienste.

Vanself te begryp: die nuwe beweging, nl. die Vrymesselary met sy nuwe godsdienstige resep, het sterk aanhang verkry by die ongelowiges en halfgelowiges, by humaniste en vrysinniges, by liberaliste en onkerklikes. Wie dit teen die kerk gehad het, het heil by die Vrymesselary gesoek en ook bevrediging.

Niemand kan dus twyfel nie dat ons hier met 'n godsdienst te doen het. Dit is nie net 'n organisasie wat godsdienstig gekleurde is nie.

Die Vrymesselary gee voor dat hy 'n godsdienst is. Hy het 'n eie hoëpriester, 'n eie ritueel of prosedure, 'n eie verlossingsleer, 'n eie sedeleer. Dit het 'n tempel en 'n altaar. Hy laat gebede doen en tree op by begrafnisse, wat op besondere wyse gehou word.

Om die waarheid te sê: die Vrymesselary ontken nie dat dit 'n godsdienst is nie. Een van hulle skrywers sê uitdruklik dat Vrymesselary 'n tak is aan die boom van godsdienste. Hier het ons 'n sekere God wat aanbid word op 'n sekere wyse, half leunende op die Bybel, maar volkome rustende op die menslik uitgedinkte winkelhaak en passer. Hier word selfs gesprek van 'n wedergeboorte, as iemand binne die organisasie tot meer lig kom. As iemand van sy lede sterf word hy oorgeplaas na die Grand Lodge (die hemel), en dit net omdat hy 'n goeie vrymesselaar is.

U sal dus saamstem dat hier 'n ander verlossingsleer is as die wat die Christendom besit. Hier is geen sprake van sonde wat 'n algehele verdorwenheid gebring het nie. Dit is alles 'n pragtige menslike voorneme om goed te doen en niks anders as mensverheerliking nie.

Het ons dan hier nog 'n godsdienst, net nog een by al die ander?

Die antwoord is: Nee.

Die Vrymesselary beoog 'n wêreldgodsdienst wat die hele mensheid' sal omvat en saambind. Een van hulle skrywers stel dit onomwonde: Soos daar 'n natuurreg bestaan waaruit alle positiewe reg ontspring, so bestaan daar 'n wêreldgodsdienst wat alle afsonderlike godsdienste van die aardbol insluit — en dit is die wêreldgodsdienst wat ons Vrymesselaars bely.

Met hierdie standpunt stel hulle hulself teen elke kerk. Hulle staan gekant teen die Roomse kerk omdat hierdie kerk elke vorm van vrymesselary belet. Die Vrymesselary is ook teen elke kerk wat nie sy deure oopmaak vir elkeen nie, maar juis 'n toets van Skrif en belydenis aanlê. Hoe meer leerstellinge in 'n kerk, hoe skerper kom hy in konflik teen die Vrymesselaars.

Daarom is die Vrymesselary 'n versameling van mense wat die mees uiteenlopende menings huldig oor die verskillende godsdienste. Dit kan ook moeilik anders, want ons moet onthou dat hier kom die Ooste en die Weste saam. Hier vergader die Christen saam met die Jood en die Mohammedaan. Hulle belydenisse kan onmoontlik dieselfde wees. Nou wil die Vrymesselary die kardinale grondbeginsels wat sogenaamd die fondamentstene van alle godsdienste is, versamel en bewaar.

Hier gaan dit nou werklik nie meer om waarheid en suiwerheid nie. Dit gaan om almal te bevredig: die heiden, die afgodsdienaar en die Christen. Hulle moet nou almal in vrede met mekaar lewe. Hulle behoort nou ook aan 'n godsdienst wat die idee van broederskap beklemtoon.

Die modernis en die ongodsdienstige sal dit hartlik verwelkom, want hulle het niks om prys te gee nie. Dit is weer net die Christen wat beginsels en belydenisstukke het. Hy sal hulle almal moet opoffer, alles moet prysgee.

Arme Christendom! As al sy beginsels hom ontnem is ter wille van vrede op godsdienstig gebied, sal hy daar kaal, arm, jammerlik uitsien.

Daarom moet die Christendom hierdie beweging met sy idee van harte beveg. Die Christendom is in sy wese gekant teen alle vorme van gelykskakeling. Die Christendom leer dat elke mens gered word deur genade, deur geloof in die verdienste van Christus.

Al die ander godsdienste se redding geskied deur menslike inspanning, menslike prestasie. Vandaar dat beweer kan word dat die ander godsdienste uiters brokstuk-waarhede kan hê, maar dat die Christendom alleen die volle waarheid bely, omdat hy Christus bely as die waarheid.

GERAADPLEEGDE WERKE

- BAKER, A. W.: Freemasonry one of the antichrists.
- BAKER EDDY, Mary: Sciencce and health.
- BAKKER, H.: Stroomingen en Sekten van onzen tijd,
- BAVINCK, H.: Gereformeerde Dogmatiek.
- BUCHMAN FRANK, N. D.: Remaking the World.
- BUFFINGA, Ds. N. Op Occult Gebied. Beproeft de Geesten.
- Belydenisskrifte van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika.
- CAI.VYN, J.: Institutie (vertaling van Sizoo).
- CORLETT e.a.: 1952 Manual, Church of the Nazarene.
- De GRAAF, S. G.: Verbondsgeschiedenis.
- DF GROOT, Dr. D. J.: De Wedergeboorte.
- DELLEMAN, Th.: Tussen Kerk en Tegenkerk.
- DU TOIT, J. D.: Spiritisme. Het Methodisme.
- ELZINGA, Dr. M. J.: Geloof en Geneeskunde.
- HOFMEYR BREMER: Hoe om te luister.
- HOWARD, P.: A Renaissance that unites East and West.
- HUTTEN KURT: Seher, Grübler, Enthusiasten. Geloof en Sekte.
- KOK, Ds. A. B. W. M.: Verleidende Geesten. Waarheid en Dwaling.
- KONFIRMASIE: The New Apostolic Church (Africa).
- KOOLE, Dr. J. L.: De Boodschap der Genezing.
- KRAAN, Dr. E. D.: De Buchman Beweging.
- KUYPER, A.: E Voto Dordraceno.
- KROGER, Ds. J. C.: Daar staan óók geskrywe,
- MEAD FRANK, S.: Handbook of Denominations.
- MÖLLER, Dr. F. P.: Ons Pinkstererfenis.
- MÜLLER, Dr. Jac. J.: Die Christelike Sektewese.
- NOLLE, Dr. F. A.: Gebedsgenezing en masse.
- Nuwe Statute 1946 en Akte van oprigting van die Apostoliese Geloofsending.
- RUSSELL, C. T.: Skrifstudies.
- RUTHERFORD, J. F.: Vindication.
Jehovah.
Light.
- THORNHILL ALAN: The significance of the life of Frank Buchman.
- VAN BAALEN, J. K.: The Chaos of Cults.

VAN NIEKERK, F. N.: Die Russelliete.
Vrymesselary.
Versamelwerke: Waarheid en Dwaling.
De Heilige Geest.

VISSER, Ds. P.: Hedendaagse Secten.

WILEY, H. Orton: Introduction to Christian Theology.

WOELDERINK, Dr. J. G.: De Gevaren der Doopersche Geestesstroming.

ZWAAL, F. C.: De Dwaalleer der z.g. Jehovah-getuigen.